

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns  
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 61 | Volume 61 | **JUNIE 2021**  
Nommer 2 | Number 2 | **JUNE 2021**





**Tydskrif vir Geesteswetenskappe**  
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**  
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**  
**Journal of Humanities**

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751  
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

---

**LW Hiemstra Trust**

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---



**2**

Uitgewer/Publisher  
**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**  
**The South African Academy for Science and Arts**  
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574  
Privaat sak/Private bag X11  
Sunnyside 0132  
Suid-Afrika/South Africa  
Junie/June 2021



# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

## Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

## Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

## Journal of Humanities

### **HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:**

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

### **REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE**

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth)/(Nelson Mandela University, Port Elizabeth)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

### **REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan, Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cillers) van den Berg, Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL** (*vervolg*)

- L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/ Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)  
AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)  
Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsopvoedings/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)  
MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

**REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL**

- Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)  
E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)  
Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)  
WL (Willie) van der Merwe – Godsdienstfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)  
Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)  
Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)  
Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaaliks in Maart, Junie, September en Desember.

*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2021 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**

**Subscription fees for 2021 in South Africa (VAT and postage included):**

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R400,00 per jaargang/volume

*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to:**

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**  
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**  
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**  
**Journal of Humanities**

*Jaargang 61 Nommer 2, Junie 2021 / Volume 61 Number 2, June 2021*

## **Inhoudsopgawe**

### **NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES**

---

**JENNI LAUWRENS**

Behou kontak! Beliggaamde persepsie, aanraking en digitale kommunikasie oor 'n afstand /  
*Keep in touch! Embodied perception, touch and remote digital communication* ..... 391

**ELSABÉ KLOPPERS**

'n Lied vir donker tye (*Wer nur den lieben Gott lässt walten* – Wie maar op God wil werp sy  
sorge) / *A hymn for dark times* (*Wer nur den lieben Gott lässt walten – If thou but suffer*  
*God to guide thee*) ..... 412

**JOHANN TEMPELHOFF**

Die Antroposeen en historiese bewussyn / *The Anthropocene and historical consciousness* .... 429

**DFM (DANIE) STRAUSS**

Wysgerige kanttekeninge oor enkele aspekte van die lewe en die dood / *Philosophical notes*  
*on some aspects of life and death* ..... 452

**STEPHANUS JOUBERT EN JANNIE ROSSOUW**

Wat kom ná Suid-Afrika se fiskale afgrond? / *What comes after South Africa's fiscal cliff?* ..... 471

**CASPER LÖTTER**

'n Chinese padkaart vir die hervestiging van vrygelate gevangenes: 'n Gevallestudie /  
*A Chinese road map to offender re-entry: A case study* ..... 490

**GERRIT SCHUTTE**

De Kaapse kopers van de *Reis naar Syrië en Palestina in 1851 en 1852* (1854) van CWM  
van de Velde / *The buyers at the Cape of Reis naar Syrië en Palestina in 1851 en 1852*  
*(1854) by CWM van de Velde* ..... 507

**BURGERT SENEKAL**

Die eerste 40 jaar van Orania / *The first 40 years of Orania* ..... 526

**ELIZE DU PLESSIS EN GERT VAN DER WESTHUIZEN**

Onderwyserkennis van assessering – implikasies vir die opleiding van onderwysers /  
*Teacher knowledge of assessment – implications for teacher education* ..... 551

**PHELIA COCKRELL EN MELANIE MOEN**

Die verband tussen ouerskapspraktyk en die aggressiewe gedrag van leerlinge met matige  
intellektuele disfunksie / *The link between parental practices and the aggressive behaviour*  
*of learners with moderate intellectual dysfunction* ..... 568

**RONÉ WIERENGA EN ADRI BREED**

’n Diachroniese benadering tot die ontwikkeling van die progressiewe perifrastiese konstruksies in Afrikaans en Nederlands: ’n Korpusondersoek / *A diachronic approach to the development of the progressive periphrastic constructions in Afrikaans and Dutch: A corpus study* ..... 588

**TAALRUBRIEK**

---

**TOM MCLACHLAN**

Idiomatiese Afrikaans en skryfwyses ..... 620

**GEDIGTE/POEMS**

---

**HENNIE PIETERSE** ..... 623

**PIETER VERSTER EN PIETER LAFRAS VERSTER** ..... 625

**BOEKBESPREKING/BOOK REVIEW**

---

**ANTON EHLERS**

*The Opportunist. The political life of Oswald Pirow, 1915–1959* deur FA Mouton ..... 626

**AANKONDIGING**

---

**MARINUS SCHOEMAN**

Internasionale medewerker van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* in Nederland vereer ..... 631

# Behou kontak! Beliggaamde persepsie, aanraking en digitale kommunikasie oor 'n afstand

*Keep in touch! Embodied perception, touch and remote digital communication*

**JENNI LAUWRENS**

Visuele Kultuurstudies

Universiteit van Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: Jenni.lauwrens@up.ac.za



Jenni Lauwrens

**JENNI LAUWRENS** behaal in 2015 'n PhD in Kunsgeskiedenis en Beeldstudies aan die Universiteit van die Vrystaat (UFS). Sy is senior lektor in Visuele Kunste in die Skool van die Kunste aan die Universiteit van Pretoria (UP) en doseer Visuele Kultuurstudies op voor- en nagraadse vlak. Jenni is sedert 2015 op die redaksie van *De Arte* en is in 2021 as voorsitter van die redaksie verkies.

Jenni se navorsing fokus op die kruising tussen visuele kultuurstudies en sensoriese studies. Sy stel belang in hoe menslike sintuie gewerf, uitgevoer en ervaar word deur interaksie met kuns, visuele kultuur en digitale tegnologieë. Jenni publiseer artikels in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse sowel as internasionale tydskrifte en bied voorleggings aan by konferensies in Suid-Afrika, Australië, die Verenigde Koninkryk (VK), en Denemarke. In 2010 is sy uitgenooi om 'n referaat aan te bied by die School of the Art Institute, Chicago (SAIC). Haar jongste publikasies sluit die volgende referate in: "Hearing the pain of others: An exploration of empathy and voice in *This Song is For ... and Love Story*" (2020) in *Image & Text*; "Seeing touch and touching sight: A reflection on the tactility of vision" (2019) in *Senses and Society*;

**JENNI LAUWRENS** obtained a PhD in Art History and Image Studies (2015) from the University of the Free State (UFS). She is a senior lecturer in Visual Arts in the School of the Arts at the University of Pretoria (UP) and lectures Visual Culture Studies on both undergraduate and postgraduate levels. Jenni has been on the editorial board of *De Arte* since 2015 and was elected Chairperson of the board in 2021.

Jenni's research focuses on the intersection of visual culture studies and sensory studies. She is interested in how the human senses are solicited, performed and experienced in encounters with art, visual culture and digital technologies. Jenni has published articles in a variety of South African and international journals and has presented papers at conferences in South Africa, Australia, UK, and Denmark. In 2010 she was invited to present a paper at the School of the Art Institute, Chicago (SAIC). Her most recent publications include an article entitled "Hearing the pain of others: An exploration of empathy and voice in *This Song is For ... and Love Story*" (2020) in *Image & Text*; "Seeing touch and touching sight: A reflection on the tactility of vision" (2019) in *Senses and Society*; "Touch as an aesthetic experience"

**Datums:**

Ontvang: 2020-08-19

Goedgekeur: 2021-02-24

Gepubliseer: Junie 2021

en “Touch as an aesthetic experience” (2019) in *Journal of Visual Art Practice*. In 2018 publiseer sy ’n hoofstuk met die titel “Digital humanities meets sensory ethnography: Using digital resources to understand multisensory experiences in a public place” in *Voices from the South: Digital Arts and Humanities*, (red. Amanda du Preez).

(2019) in *Journal of Visual Art Practice*. In 2018 she published a chapter entitled “Digital humanities meets sensory ethnography: Using digital resources to understand multisensory experiences in a public place” in *Voices from the South: Digital Arts and Humanities*, edited by Amanda du Preez.

## ABSTRACT

### ***Keep in touch! Embodied perception, touch and remote digital communication***

*When COVID-19 rapidly spread across the globe in 2020, and people were either encouraged or forced to self-isolate and stay at home, for many, the only way to “keep in touch” with family, friends, peers and colleagues was via virtual environments. The use of digital platforms such as Skype, WhatsApp, Google Meets, Zoom, House Party, and Microsoft Teams, among others, quickly became the only way in which to “reach out” to others. As the physical boundaries of touch were being redrawn and aggressively (re)policed in public spaces, and, as “keeping in contact” with loved ones and colleagues was increasingly operationalised through digital technologies, traffic on the digital superhighway increased significantly. Although many people had already travelled on that road in the past, activities usually conducted in face-to-face environments quickly migrated to the digital realm. At the same time, through strategic advertising campaigns, many mobile network companies in South Africa promised that their networks provided opportunities for seamlessly sustaining both leisure and work activities online by using catchphrases that highlighted “being together” and “staying connected” while on the Internet. Thus, through strategic marketing strategies, togetherness and connection were quickly presented as the basis of a new form of “keeping in touch” with others. With reference to theorists on touch and digital communication, as well as visual examples of advertisements, prototypes and artworks, in this article I investigate the following questions that arise from this situation. What forms of touch are afforded by digital communication technologies? How is our embodied experience of sociality being transformed by digital networked communication? To what extent might the digital screen be considered an interface for embodied interaction? In short, this article explores how embodied perception and touch are presented, performed and experienced in remote digital environments, and draws some conclusions about the future of touch in the digital landscape.*

*While it is certainly not a novel observation that digital technologies assist in establishing and maintaining intimate social relationships at a physical distance, it does appear that this situation has been accelerated by the social impact of the pandemic. Carlos Velasco and Marianna Obrist (2020) argue that “the pandemic appears to be changing the game entirely”. While many people had never imagined going online to attend a funeral, a birthday party, an exhibition opening, or to take a game drive, these, and many other social activities, have become part of what is widely being referred to in the media as “the new normal”. Despite the inequalities inherent in the digital communication economy, especially in developing countries such as South Africa, the increased digitisation of human experience and the seamless integration of offline and digital worlds into “a sort of mixed reality” (Velasco & Obrist 2020) appears to have taken place.*

*In her analysis of haptic modes of visuality, Martine Beugnet (2013) calls for an interrogation of what embodied perception means in light of the rise of new technologies. This interrogation is needed at a time when we are experiencing a material and technological crisis of the flesh and different – often polarised – opinions regarding the possibility of embodied experience within the realm of the digital. This is because the digital is often regarded as entirely immaterial (see Coleman 2007). Revisiting embodied perception is thus an important extension of these debates as is the question of whether or not digital communication technologies satisfy our human desire for connection. In this article, therefore, critical theories on digitality are discussed in relation to a selection of advertisements, prototypes, images on social media platforms and artworks to show that, while touch has been actively sought out in digital environments, for many it remains an elusive experience.*

*I begin by exploring the significance and boundaries of touch in social life. I immediately try to put my finger on the significance of touch for being human, and briefly demonstrate the cultural construction of acceptable (and unacceptable) forms (and sites) of touch. I show that while the boundaries of touch have been strictly redrawn owing to the global COVID-19 pandemic, our tactile senses have never been free from some or other form of ideological policing. That touch is multiple or “manifold,” as Mark Paterson (2007:3) puts it, assists in giving shape to the discussions that follow. Thereafter, I reflect on Edward Casey’s (2013) and Sherry Turkle’s (2015) ruminations on how technologically mediated conversations impede deep dialogical engagements with others, ultimately leading to an inability, or reduced capacity, for empathy. The work of two South African artists, Jenna Burchell and Magdel Fourie (now Van Rooyen), who have reflected on this very dilemma powerfully and insightfully illustrate these arguments. Their works hint at the promise, but ultimate failure, of remote digital communication technologies to facilitate a deep or intimate feeling of presence between families or loved ones in online communication.*

*In the next section, I track the history of developments in haptic technologies which have attempted to facilitate the sense of “presence” or “copresence” in digital environments. Thereafter, I extend this discussion into the present-day to trace more recent attempts at addressing the lack of touch in digital communication. I discuss the Heartbits app, the Kissenger device and the various prototypes that have emerged from the IN-TOUCH project at University College London (UCL). Finally, I try to grasp what the future of touch might hold in digital environments, based on insights drawn from a recent artwork entitled Towards Telepathy (2017) produced by the South African artist, Katherine Bull and the French artist, Emmanuel de Montbron. These artists explore connection between individuals through the mode of “haptic visuality” as formulated by Laura Marks (2000).*

**KEYWORDS:** interoceptive touch, exteroceptive touch, digital communication technologies, embodied experience, haptic technologies, presence, telepresence, copresence, haptic visuality

**TREFWOORDE:** interoseptiewe aanraking, eksteroseptiewe aanraking, digitale kommunikasietegnologieë, beliggaamde ervaring, haptiese tegnologieë, teenwoordigheid, teleteenwoordigheid, medeteenwoordigheid, haptiese visualiteit

## OPSOMMING

As gevolg van die vinnige verspreiding van die nuwe koronavirus en die COVID-19-pandemie is die fisiese grense van aanraking in 2020 verskuif en aggressief in openbare ruimtes (her) polisieer. Gevolglik word “om kontak te behou” met geliefdes en kollegas toenemend deur middel van digitale tegnologieë bedryf. Deur strategiese reklameveldtogte belowe verskeie mobielenetwerkmaatskappye dat hulle netwerke geleenthede bied vir naatlose aanlyn voortsetting van sowel ontspanning as werkbedrywighede. Hulle slagspreuke beklemtoon dat “samesyn/saamwees” en “kontak behou” voortgesit kan word terwyl jy op die internet is, en samesyn en verbinding is vinnig voorgehou as die grondslag van ’n nuwe wyse van kontak behou met ander mense. In hierdie artikel ondersoek ek, aan die hand van kritiese teorieë oor digitaliteit in verhouding met advertensies, prototipes, beeldmateriaal op sosialemediaplatforms en kunswerke, spesifieke kwessies wat uit hierdie situasie voortspruit. Daardeur verken hierdie artikel die manier waarop beliggaamde persepsie en aanraking in afstand- digitale omgewings voorgehou, uitgevoer en ervaar word, en illustreer hoe die belofte van digitale aanraking nie heeltemal buite ons bereik is nie.

## INLEIDING

Toe COVID-19 in 2020 vinnig wêreldwyd versprei het en mense óf aangemoedig óf gedwing is om hulself af te sonder en tuis te bly, was dit vir baie mense slegs moontlik om kontak met familie, vriende, portuurgenote en kollegas te behou deur middel van virtuele ruimtes. Die gebruik van digitale platforms soos Skype, WhatsApp, Google Meets, Zoom, House Party en Microsoft Teams, en dies meer, het vinnig die enigste manier geword om na ander “uit te reik”. Namate die fisiese grense van aanraking<sup>1</sup> verskuif en aggressief in openbare ruimtes (her) polisieer is, en terwyl maniere om met geliefdes en kollegas in kontak te bly toenemend deur digitale tegnologieë bedryf word, het verkeer op die digitale supersnelweg beduidend toegeneem.<sup>2</sup> Ofskoon baie mense in die verlede al hierdie weg bewandel het, het aktiwiteite wat gewoonlik van aangesig tot aangesig geskied het, gou na die digitale ruimte verskuif. Deur middel van strategiese reklameveldtogte belowe baie mobielenetwerkmaatskappye terselfdertyd dat hulle netwerke geleenthede bied vir naatlose voortsetting aanlyn van sowel ontspanning as werkbedrywighede deur slagspreuke te gebruik wat “saamwees” en “kontak behou” oor die internet beklemtoon. Op hierdie wyse is saamwees en verbinding gou deur middel van doelgerigte bemarkingstrategieë voorgehou as die grondslag van ’n nuwe vorm van “kontak behou” met ander mense. In hierdie artikel ondersoek ek die volgende vrae wat uit hierdie situasie voortspruit: Watter vorme van aanraking word deur digitale kommunikasie-tegnologieë moontlik gemaak? Hoe word ons beliggaamde belewing van sosialiteit deur digitale netwerkkommunikasie verander? In welke mate kan die digitale skerm as ’n koppelvlak vir beliggaamde wisselwerking beskou word? Kort gestel, verken hierdie artikel hoe beliggaamde persepsie en aanraking in afstand- digitale omgewings voorgehou, uitgevoer en

<sup>1</sup> In hierdie artikel verwys “kontak” na saamwees en verbinding met ander in die werklikheid sowel as in digitale ruimtes. Dit sluit nie noodwendig fisiese kontak in nie. “Aanraking” verwys meer spesifiek na fisiese aanraking met ander maar sluit ook die emosionele en affektiewe in. Die verskillende vorme van aanraking word later in die artikel meer deeglik bespreek. Beide tasbaarheid (“tactility”) en tasbaar (“tactile”) verwys hier na die vermoë om aangeraak te word asook ’n persoon se reaksie op stimulering van die tassintuig.

<sup>2</sup> Reeds teen die middel van April 2020 het mobielenetwerkmaatskappye in Suid-Afrika toenames van tussen 30% en 40% in dataverbruik aangeteken (Dludla 2020).

ervaar word, en maak enkele gevolgtrekkings oor die toekoms van aanraking in die digitale landskap.

Hoewel dit nie 'n nuwe waarneming is dat digitale tegnologieë die vestiging en handhawing van intieme sosiale verhoudings op 'n fisiese afstand aanhelp nie, blyk dit tog dat hierdie situasie versnel word deur die sosiale impak van die pandemie. Carlos Velasco en Marianna Obrist (2020) voer aan dat “the pandemic appears to be changing the game entirely”. Ofskoon baie mense nooit daaraan sou kon dink om 'n begrafnis, 'n verjaarsdagpartytjie of die opening van 'n uitstalling aanlyn by te woon of om 'n wildrit so te onderneem nie, het hierdie sosiale aktiwiteite, en baie ander, deel geword van wat wyd in die media “die nuwe normaal” genoem word.<sup>3</sup> Ondanks die ongelykhede inherent in die digitale kommunikasie-ekonomie, veral in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika, wil dit voorkom of die verhoogde digitalisering van menslike ervaring en die naatlose integrasie van aanlyn en digitale wêreld tot 'n tipe gemengde realiteit bygedra het (Velasco & Obrist 2020).<sup>4</sup>

In haar ontleding van haptiese modusse van visualiteit vra Martine Beugnet (2013) vir 'n ondersoek na wat beliggaamde persepsie beteken in die lig van die koms van nuwe tegnologieë.<sup>5</sup> Die ondersoek is nodig in 'n tyd wanneer ons 'n materiële en tegnologiese krisis van die vlees belewe, asook verskillende – dikwels gepolariseerde – menings oor die moontlikheid van beliggaamde ervaring op digitale gebied. Die rede is dat die digitale dikwels as heeltemal immaterieel beskou word.<sup>6</sup> Herbesinning oor beliggaamde persepsie is dus 'n belangrike uitbreiding van hierdie debatte en ook van die vraag of digitale kommunikasietegnologieë ons menslike behoefte aan verbinding bevredig. In hierdie artikel word teorieë oor digitisering krities bespreek met verwysing na 'n versameling advertensies, prototipes, beeldmateriaal op sosialemediaplatforms en kunswerke, om te toon dat hoewel aanraking daadwerklik nagestreef word in digitale omgewings, dit vir baie 'n ontwykende ervaring bly.

Ek begin deur die betekenis en grense van aanraking in die sosiale lewe te verken. Bondigheidshalwe bespreek ek nie die groeiende belangstelling in sensoriese navorsing in visuele kultuurstudies nie, asook nie in ander dissiplines in die geesteswetenskappe oor die algemeen nie. Die impak van sensoriese navorsing in hierdie dissiplines geniet elders aandag (sien onder andere Lauwrens (2012); (Howes 2013)). Ek poog eerder om onmiddellik my vinger te plaas op die belang van aanraking vir die mens, en ek dui kortliks die kulturele

<sup>3</sup> Sien Bryan Keogh (2020) se opsomming van hoe “die nuwe normaal” dalk kan lyk.

<sup>4</sup> Volgens Velasco en Obrist (2020) verwys gemengde realiteit na die naatlose integrasie van aanlyn en digitale wêreld. Gemengde realiteit verwys dus na die gebruik van digitale tegnologieë soos selfone en rekenaars wat toegang gee tot die internet, in alledaagse aktiwiteite. Gemengde realiteit is anders as “aangevulde realiteit” (“augmented reality”) wat verwys na die gebruik van rekenaar gegenereerde inligting (soos visualiserings) wat bo op die werklikheid geplaas word, en die werklikheid aanvul. Aangevulde realiteit word beskou as 'n variasie van virtuele realiteit (“virtual reality”). Virtuele realiteit verwys na die tegnologie wat amper werklike en/of geloofwaardige ervarings op 'n sintetiese of virtuele manier skep (Furht 2008:35).

<sup>5</sup> Die term “hapties” is afkomstig van die Griekse *haptēsthai*, wat beteken vanaf, met betrekking tot, of wat verband hou met die tassintuig of tasbaarheid (Paterson 2007:4). Paterson (2007:4) voer aan dat “hapties” ook die somatiese sintuie van proprioëpsie, kinestessie en die vestibulêre sintuig omvat. “Haptiese tegnologieë” verwys na media wat die tassintuig bemiddel en aktiveer. Die filmteoritikus, Laura Marks (2002) gebruik die konsep “haptiese visualiteit” om te verwys na die maniere waardeur visuele beelde die tassintuig in die waarnemer oproep. Haptiese beelde veroorsaak dus dat die oë as tasorgane (“organs of touch”) funksioneer.

<sup>6</sup> Sien Maria Coleman (2007) se bespreking van teen-liggaamlike neigings in die konseptualisering van die tegnologiese omgewing van genetwerkte rekenaars.

konstruksie van aanvaarbare (en onaanvaarbare) vorme en (plekke) van aanraking aan. Ek stel dat hoewel die grense van aanraking grondig verskuif is as gevolg van die wêreldwye COVID-19-pandemie, ons tassinuie (“tactile senses”) nog nooit vry van die een of ander vorm van ideologiese polisiëring was nie. Dat aanraking meervoudig of “menigvuldig” is soos Mark Paterson (2007:3) dit stel, help om vorm te gee aan hierdie besprekings asook dié wat daarop volg. Ek besin dan oor Edward Casey (2013) en Sherry Turkle (2015) se bepeinsinge oor hoe tegnologie gebaseerde gesprekke tot nadeel strek van diep dialogiese betrokkenheid by ander mense, wat uiteindelik lei tot ’n onvermoë, of verminderde vermoë, tot empatie. Die werk van twee Suid-Afrikaanse kunstenaars, Jeanna Burchell en Magdel Fourie (nou Van Rooyen), wat oor hierdie einste dilemma nagedink het, belig hierdie argumente op kragtige en insigryke wyse. Hul kunswerke wys na die belofte, maar uiteindelijke mislukking van afstandkommunikasietegnologieë om ’n diep of intieme gevoel van teenwoordigheid te fasiliteer tussen familielede of geliefdes in aanlyn kommunikasie.

In die volgende afdeling kyk ek na ontwikkelings in haptiese tegnologieë waar daar probeer is om die gevoel van “teenwoordigheid” of “medeteenwoordigheid” in digitale omgewings te fasiliteer. Ek bespreek die Heartbits-toepassing, die Kissenger-toestel en die verskillende prototipes wat uit die IN-TOUCH-projek by University College London (UCL) voortgespruit het. Daarna brei ek hierdie bespreking tot die huidige uit om te let op meer onlangse pogings om die gebrek aan aanraking in digitale kommunikasie die hoof te bied. Laastens poog ek om te begryp wat die toekoms van aanraking in digitale omgewings kan inhou, gegrond op insigte verkry na aanleiding van ’n onlangse kunswerk getitel *Towards Telepathy* (2017) deur die Suid-Afrikaanse kunstenaar, Katherine Bull en die Franse kunstenaar Emmanuel de Montbron. In hierdie werk ondersoek die kunstenaars verbinding tussen individue deur die modus van “haptiese visualiteit” soos deur Laura Marks (2000) geformuleer.

## DIE BETEKENIS EN GRENSE VAN AANRAKING

Aanraking is nie net sentraal tot hoe ons die wêreld om ons verstaan nie, maar dit is die kern van menswees. In Westerse samelewings is die verhaal van koning Midas die oermite van aanraking. Nadat hy lank begeer het dat alles waaraan hy raak in goud moes verander, het Midas – toe Dionisius dit vir hom moontlik maak – gou besef dat sy wens ’n vloek eerder as ’n seën is. Omdat hy sy aanraking nie kon beperk tot die dinge wat hy in goud wou laat verander nie, en omdat menslike wisselwerking met die wêreld fundamenteel tasbaar (“tactile”) is, het alles om hom gou, en tot sy skok, in goud verander, insluitende voedsel, ’n roos en sy dogter. Die treffende boodskap van hierdie mite is dat menswees beteken dat ons altyd reeds iets aanraak, hetsy vrywillig al dan nie.

Hoewel aanraking ’n kernaspek van menswees is, word die grense van wat as aanvaarbare en onaanvaarbare aanraking beskou word, in algemene sosiokulturele praktyke deurlopend herbeding ooreenkomstig ons waardes, oortuigings en houdings.<sup>7</sup> Byvoorbeeld, ons gebruik geritualiseerde vorme van aanraking wanneer ons ander mense groet, medelye betoon of bande tussen onself en ander mense vorm. Aanraking is egter kompleks en ook riskant, want dit behels sowel omhelsing as in die rug steek, sowel heling as handgemeengevegte, soos Constance

<sup>7</sup> In 2020 het Wellcome Collection ’n nuwe studie begin waarin mense se houdings teenoor aanraking in verskillende kontekste verken word. Met *The Touch Test* as titel samel die aanlyn vraelys inligting in oor die ooreenkomste en verskille in respondente se persepsies van aanraking (Wellcome Collection 2020).

Classen (2005:2-3) opmerk. Voorts word die grense daarvan op verskillende historiese momente in privaat en openbare ruimtes verskillend gekonfigureer (sien Classen 2012). Omdat dit “the deepest sense” is (soos die titel van Classen 2012 se boek aandui), strek die kulturele betekenis van aanraking tot ver in die verlede en bly dit lewend in moderne sosiale praktyke. Dit sou dus onakkuraat wees om te kenne te gee dat aanraking nie gereguleer en gepolisieer was voordat COVID-19 ons aanraakskap binnegedring het nie.<sup>8</sup> Maar hierdie grense, of kultureel aanvaarde plekke van aanraking, word voortdurend betwis en herbeding. Byvoorbeeld, wat kultureel beskou word as aanvaarbare en onaanvaarbare volwassene-kind-aanraking – soos waar en wanneer borsvoeding, of om by ’n mens se kind te slaap, gekondoneer word – hang van verskillende ideologiese posisies af (sien Halley 2009). Insgelyks is dit so dat kultureel aanvaarde menings oor manlike en vroulike identiteite toon dat aanraking ten diepste gendergebaseer is (sien Classen 2005:3). Ons idees oor aanraking is geensins natuurlik nie en is diep ingebed in “a historical, power-laden context” (Halley 2009:165). Of aanraking sosiaal aanvaarbaar is of nie, word ook bepaal deur die talle variëteite van aanraking wat verrig kan word, van teer en warm tot aggressief en gewelddadig. Aanraking – wat kernbelangrik is vir beliggaamde bestaan – is dus veelkantig en vatbaar vir uiteenlopende vertolkings.<sup>9</sup>

Om dinge nog verder te kompliseer, is aanraking nie tot ’n enkele orgaan in die liggaam beperk nie. Mark Paterson (2007) identifiseer twee vorme van aanraking: eksteroseptief en interoseptief. Eksteroseptiewe (of kutane) aanraking word op die veloppervlak gevoel. Hierdie vorm van aanraking is direk en raak die sensasies wat ons ervaar in ons alledaagse beliggaamde “taktiel-ruimtelike” belewenisse (Paterson 2007:2). Omdat eksteroseptiewe aanraking steeds meer gereguleer word in openbare ruimtes as gevolg van COVID-19, kan gesê word dat baie mense toenemend agterdogtig raak oor fisiese aanraking en dit doen slegs as dit gepaardgaan met handreiniger, ontsmettingsmiddels of deeglike handewas, soos deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) aanbeveel word.<sup>10</sup> Maar aanraking behels meer as slegs die fisiologiese funksies wat ons in staat stel om druk, temperatuur, pyn en beweging te ervaar (of ’n virus op te doen). Afgesien van eksteroseptiewe aanraking, identifiseer Paterson (2007:15) ook diep of interoseptiewe aanraking. Omdat dit inwaarts gerig is, is dit moeiliker om hierdie vorm van aanraking te beskryf as onmiddellike, kutane aanraking, wat op blote gevoel neerkom. Interoseptiewe aanraking sluit ook die affektiewe en emosionele in en neig na die metaforiese. Soos Paterson (2007:1) verduidelik, is aanraking dan ook “a sense of communication. It is receptive, expressive, can communicate empathy. It can bring distant objects and people into proximity”.

Terwyl ons gevoel van eksteroseptiewe aanraking in openbare ruimtes beperk word as gevolg van die wêreldwye pandemie, is digitale kommunikasietegnologieë gou voorgelou as

---

<sup>8</sup> Aanraakskap (“touchscape”) is ’n term wat ek leen by Ian Borer (2013), wat dit gebruik om die maniere te beskryf hoe mense ’n stad aanvoel en verstaan op grond van hulle liggaamlike betrokkenheid en beweging daarin.

<sup>9</sup> Tydens die COVID-19-pandemie is ’n elmboogstamp dikwels gebruik omdat dit na bewering ’n veiliger alternatief vir ’n handdruk bied.

<sup>10</sup> In ’n tussentydse aanbeveling wat op 1 April 2020 gepubliseer is, het die WGO verklaar dat die COVID-19-virus deur respiratoriese druppeltjies of direkte kontak oorgedra word. Die dokument meld dat kontakoordrag plaasvind deur die slymvliese van die mond, neus of oë wanneer met besoedelde hande daaraan gevat word. Die WGO het die gebruik van alkoholgebaseerde handsmeermiddels en gereelde was van hande met water en seep aanbeveel. Sodoende het die hande – een van die instrumente van kutane aanraking – gou die instrumente van moontlike besoedeling en infeksie geword (Wêreldgesondheidsorganisasie 2020). Ander vorme van aanraking (omhelsing, die uitdeel van drukkie en soengroet) is ook deur COVID-19 beperk.

die ideale manier om “kontak te behou”. In Suid-Afrika het Vodacom se advertensie met die titel *Vodacom Together | #StayConnected*, wat in April 2020 uitgereik is, die idee van ’n stabiele internetverbinding gekoppel aan “byeenkom” om “te leer,” “te vier,” “te beweeg,” “kos te maak,” “te ontspan,” “te werk” en “te speel.”<sup>11</sup> Onderwyl die populêre Beatles-treffer van 1969 *Come Together* in die agtergrond speel, sien die gehoor onder meer beelde van ’n onderwyser wat vir ’n kind lees, ’n kleuter wat vermoedelik haar eerste tree gee, ’n jong meisie wat verjaarsdagkersies op ’n koek doodblaas en ’n vrou wat joga doen, en al hierdie aktiwiteite geskied voor ’n rekenaar- of selfoonskerm waarop ons ander mense sien wat meesal glimlag in reaksie daarop. ’n Vodacom-data-intekening is dus veronderstel om Suid-Afrikaners in staat te stel om “in verbinding te bly” en “bymekaar te bly”. Dit is die dieper, metaforiese – of interoseptiewe – vorm van aanraking wat in hierdie advertensie deur Vodacom voorgestaan word, want blykbaar “even when we can’t be close, we can be together” (*Vodacom Together | #StayConnected*).

Ander mobilienetwerkmaatskappye gebruik ook aanraking in hierdie metaforiese sin om tot hulle teikengehore te spreek. Byvoorbeeld, Telkom bied aan kliënte “smart ways to learn and connect with your family” (Telkom 2020),<sup>12</sup> en ’n onlangse YouTube-advertensie beweer “even when we are apart, there are a million things we can do together” (Billir 2020).<sup>13</sup> Hierdie YouTube-advertensie voer ook aan dat “togetherness is the superpower of our species” (Billir 2020). Om aanlyn te wees, is die grondslag van hierdie vorme van verbinding en “saamwees”. Verbinding – of ervaring van die gevoel van aanraking in sy interoseptiewe vorm – in die digitale sfeer bly egter, altans in ’n groot mate, ’n metaforiese droom eerder as ’n werklikheid. Soos ek in die volgende afdeling sal aandui, bied die supersnelweg van digitale kommunikasie vir sommige kritici en kunstenaars bloot die illusie van verbinding, en, paradoksaal, in hierdie situasies bly saamwees meesal buite bereik.

## BUITE VOELING

Edward Casey (2013:175) merk op dat, met die eerste oogopslag, digitale kommunikasie, en veral mobiele tegnologieë, aan mense kommunikasie bied wat nie belemmer word deur die drade, proppe en ander toebehore wat ons aan bepaalde plekke bind nie. Dit beteken egter dat “there are fundamental features of embodied existence that suffer neglect in a wireless world ...” (Casey 2013:175). Byvoorbeeld, ons ervarings van onself, ander mense asook die omgewings rondom ons word ten diepste geraak wanneer ons mobiele tegnologieë gebruik om “bymekaar te wees”. As ons op dieselfde plek as iemand anders is, stel dit ons in staat om die nuanses van hulle gesigsuitdrukings en hulle liggaamsuitdrukings te ervaar en te lees. Dit alles is aspekte wat die *teenwoordigheid* van iemand anders uitmaak. Om in die teenwoordigheid van iemand anders te wees, so argumenteer Casey (2013:175), lei tot ingewikkelde en diep dialoog wat nie andersins ervaar kan word nie. Voorts sê Casey (2013:175) dat selfs in situasies waar ons die ander persoon se gesigs- en liggaamsuitdrukings op ’n skerm kan sien, die verskeidenheid van dialogiese interaksies wat in sulke situasies moontlik is, beperk is. Die gebrek aan beliggamde teenwoordigheid wanneer mense in ’n videokonferensie gesels, beperk die subtiele tekens wat met interaksie van aangesig tot aangesig

<sup>11</sup> Die advertensie kan besigtig word by: <https://www.youtube.com/watch?v=HLRmNwseqT8>

<sup>12</sup> Die advertensie kan besigtig word by: <https://www.youtube.com/watch?v=E73fLy6HKv4>

<sup>13</sup> Die advertensie kan besigtig word by: <https://digitalagencynetwork.com/memorable-stay-home-ad-campaigns-by-brands-for-covid-19/>

gepaardgaan (Casey 2013:175). Hierdie aanduidings kan die volgende insluit: “breathing and speech patterns, skin tones, nervous energy, placidity, and so forth ...” (Casey 2013:175). Dit sluit ook stiltes in, of wat gekommunikeer word wanneer daar niks gesê word nie. Om kontak te behou deur middel van selfone en ander afstandskommunikasietoestelle is ’n ervaring wat Casey as gebrekkig beleef, omdat die *teenwoordigheid* van die ander persoon ontbreek. In hierdie sin dan, en volgens Casey se benadering tot die aangeleentheid, kan ons nie Paterson (2007) se interoseptiewe vorm van aanraking ervaar wanneer ons met behulp van digitale toestelle met ander mense kommunikeer nie. Eenvoudig gestel, ons is “buite voeling” met ander mense.

Sherry Turkle (2015:10-11) reken ook dat wanneer kinders teksboodskappe op ’n selfoon gebruik in plaas van gesprekvoering van aangesig tot aangesig, hulle nie sosiale vaardighede soos luister, onderhandel en om empatie met ander mense te hê aanleer nie, en ook nie die vreugde beleef wat ondervind word as iemand anders jou verstaan nie. Kinders wat in ’n staat van deurlopende afleiding lewe, leer ’n verskeidenheid nuwe vaardighede aan, soos “phubbing” – die vermoë om met iemand in wie se fisiese teenwoordigheid mens is, oogkontak te behou terwyl jy met iemand anders op jou selfoon teksboodskappe uitruil. Turkle (2015:17) stel dit treffend: “I saw that computers offer the illusion of companionship without the demands of friendship, and then, as the programs got really good, the illusion of friendship without the demands of intimacy.” Soos Casey beskou Turkle (2015:19) ook ontmoetings van aangesig tot aangesig met ander persone as die situasie waar gesprekvoering aangeleer word. Dit is deur hierdie ontmoetings, wanneer ons ten volle teenwoordig is by ander mense, dat ons kwesbaarheid ondervind omdat ons nie kan redigeer wat ons geskryf het nie; aanlyn kan ons eindeloos ’n bepaalde weergawe van onself voorhou. Voorts ontdek ons onself, want ons luister nie net na ander mense nie maar ook na onself in oop gesprekke. Volgens Turkle (2015:13,21), in plaas daarvan dat gesprekvoering die “talking cure” is danksy ons nuwe altyd aanlyn tegnologieë, *word ons* “cured of talking” en gaan ons ’n krisis van empatie binne.

Turkle (2015:24) is veral besorg daaroor dat sosialemediategnologieë aanleiding gee tot ’n onvermoë om jou met iemand anders se gevoelens te vereenselwig. Hoewel tegnologie dit vir ons moontlik maak om in mekaar se lewens teenwoordig te wees wanneer dit in die werklikheid onmoontlik sou wees, bevind Turkle (2015:26) dat ons desondanks eensamer as voorheen is en dat ons kinders minder empaties is as wat hulle behoort te wees vir hulle ouderdom. Soos die titel van haar boek *Reclaim conversation* aandui, is Turkle (2015:29-30) van mening dat ons die vaardighede van aandagtige praat en luister moet terugeis.<sup>14</sup> Met ander woorde, Turkle en Casey is dit eens dat om teenwoordig te wees vir ander mense in ’n aanlyn omgewing, iets heeltemal anders is as om in die werklikheid in die *teenwoordigheid* van iemand anders te wees. As ’n digitale koppelvlak omvorm die digitale skerm ons beliggende ervaring van sosialiteit grondliggend. Wanneer die liggaamlike self deur ’n virtuele self vervang word, word die ander persoon se werklike omgewing (“ambience” – Casey (2013:176)) wesenlik verander.

---

<sup>14</sup> Hierdie argument mag ook relevant wees met betrekking tot situasies waar mense na video’s op sosialemediaplatforms kyk, waar, al sien ons iemand se gesigsuitdrukings, die uitbeelding gewoonlik geredigeer is met die verwagting dat die video wyd versprei sal word. Selfs private stembodskappe op WhatsApp, video-bodskappe en video-oproep is nie heeltemal dieselfde as in-persoon-dialoog nie. Volgens Turkle (2015:251) “we underestimate how much we learn and read and take in of each other’s breathing and body language and presence in a space .... Technology filters things out .... Breathing the same air matters.”

Die belofte, maar uiteindelijke mislukking, van afstandkommunikasietegnologieë om 'n diep gevoel van teenwoordigheid te fasiliteer van diegene wat fisies of geografies ver weg is, is die fokus van die Suid-Afrikaanse kunstenaar Jenna Burchell se werke *Family Portrait* (2007) en *Muted Btwn Us* (2009).

*Family Portrait* is 'n voorstelling van die kunstenaar se familie, wat oor die aarde versprei is (Figuur 1). Die installasie bestaan uit twee stoele waarvan die pote aan lendelam stelte vasgemaak is. Op elke stoel is daar 'n telefoon in plaas van 'n persoon, wat in elk geval sou sukkel om nie van hierdie hoë sitplekke af te val nie. Werklike liggame kan klaarblyklik nie maklik deel van hierdie portretopset wees nie. Nog 'n telefoon hang teen die muur in 'n raam. Aan die een kant word die installasie deur 'n massiewe raam omring, en die gehoor word versoek om in te stap en die telefone te beantwoord. Wanneer die raam betree word, lui 'n



**Figuur 1:** Jenna Burchell, *Family Portrait*, 2007. Interaktiewe klankinstallasie. 3 500 mm (b) x 5 000 mm (d) x 3 000 mm (h). Stelte, tou, postkoloniale stoele, raam, telefone, aangepaste kringbaan. Met vergunning van die kunstenaar. Kopiereg Jenna Burchell.

telefoon en wanneer dit beantwoord word, word 'n opgeneemde stem gehoor. Wanneer die gehoorstuk neergesit word, begin 'n ander telefoon onmiddellik lui. Die stemme speel lukraak en druk 'n verskeidenheid emosies uit, wat wissel van frustrasie en radeloosheid tot woede terwyl hulle sukkel om met die deelnemer te kommunikeer. Tog maak die deelname van die gehoor 'n wesenlike bydrae tot die werk, want hulle beliggaamde aanraking is die enigste manier vir die “netwerk” om te “begin”. Dus lig die gehoor se deelname die teenwoordigheid en eksteroseptiewe aanraking van die mens uit, wat ook tot die boodskap van die kunswerk bydra.

Die telefone sinspeel op die verskillende kommunikasietegnologieë – insluitende digitale netwerke – wat families en vriende in kontak met mekaar hou dwarsoor die wêreld (Burchell). Dit is egter duidelik dat, soos Casey en Turkle, Burchell van mening is dat effektiewe kommunikasie oor hierdie netwerke beperk is. Die strak atmosfeer wat deur die skoon, wit kamer geskep word, dra by tot die gevoel dat kommunikasie tussen die lede van hierdie verspreide en afsydige familie nie juis warm en bevredigend is nie.



**Figuur 2:** Jenna Burchell, *Muted Btwn Us*, 2009. Stelte, tou, postkoloniale stoele, raam, staander, televisie, video. 2 000 mm x 2 000 mm x 2 000 mm. Met vergunning van die kunstenaar. Kopiereg Jenna Burchell.

Die tema van probleme met kommunikasie, en meer spesifiek die “decay of ... conversation between two individuals crossed over a hyper-real space such as the cell phone, internet, skype etc” (Burchell) word voortgesit in *Muted Btwn Us* (2009) (Figuur 2). Die hoë ongebalanseerde stoele verskyn weer in hierdie werk, maar die telefone is vervang deur twee televisiestelle wat wit geverf is. Elke televisie speel ’n video wat bestaan uit ’n verloreinpatroon, wit geruis, afgewissel met kort stukkie waar mens ’n mond op die een skerm en ’n oog op die ander een kan sien. Die mond probeer praat en die oog toon subtiele emosionele uitdrukkings, maar daar is niks wat bevestig dat die een regstreeks op die ander reageer of in wisselwerking met die ander is nie. Hoewel die video’s ongeveer ’n minuut lank speel, verskil hulle in lengte. Fyn tydsberekening van die video’s sorg daarvoor dat hulle een keer per uur met mekaar gesinchroniseer is (Burchell). In nie een van die kunswerke kan ons die ander persoon se gesigs- en liggaamsuitdrukkings sien nie; die diepte van sinvolle dialogiese interaksie is dus beperk (Casey 2013:175). Die liggaamlike teenwoordigheid van diegene wat in die werke kommunikeer, word vervang deur die prominensie van hulle afwesigheid, en dit beperk die terrein (“ambiance”) en moontlikheid van empatiese betrokkenheid deur middel van gesprekke van aangesig tot aangesig. Die uitruil van subtiele tekens wat met direkte kommunikasie gepaardgaan, word heeltemal uitgeskakel (Casey 2013:175).

In ’n poging om die teenwoordigheid van haar geografies verwyderde vader tasbaar te maak in *Concrete Conversations* (2010), verander Magdel Fourie (nou Van Rooyen) die klankgolfopname van hulle Skype-gesprek in fisiese vorm (Figuur 3). Stukke Perspex, presies gesny tot die lengte van die ooreenstemmende klankgolf en langs mekaar geplaas, skep ’n argitektoniese vorm wat ’n skadu teen die muur daar agter werp wat aan ’n stadskap herinner. Langs mekaar geplaas, en vanuit ’n hoek gesien, skep die skadu’s van die twee stadskappe (wat die stede voorstel waar die kunstenaar en haar vader woon) ’n oorvleueling wat moontlik



**Figuur 3:** Magdel Fourie (nou Van Rooyen), *Concrete Conversations*, 2010. Perspex, 250 mm x 1 200 mm x 180 mm. Met vergunning van die kunstenaar.

dui op hulle saamwees deur die kommunikasiemedium. Maar die skadu en die oorvleueling van die vorms bly kortstondig, en gevolglik word die verbinding tussen vader en dogter nie gewaarborg nie. Insgelyks kan die deursigtige Perspex net 'n sinspeling wees op die oorblyfsels van 'n gesprek, 'n vlugtige herinnering aan wat vroeër 'n tasbare verhouding was. Dit gee ook 'n aanduiding van die gesukkel om verbind te word deur afstandkommunikasietegnologieë, waar stabiele verbindings dikwels dermate onderbreek word dat gesprekke op digitale platforms dikwels deur gebroke sinne en onderbroke gesprekvoering gekenmerk word. Fourie (nou Van Rooyen) se uitbeelding van die mislukte poging tot volledige “replac[ing] [of] the concrete other” (Casey 2013:176) en om die ontasbare herinnering aan 'n digitale afstandgesprek tasbaar te maak, is net nog 'n voorbeeld van die skynbare onvermoë van afstand- digitale kommunikasietegnologieë om bevredigende ervarings van saamwees in die teenwoordigheid van liggaamlik aanwesige ander persone moontlik te maak. In plaas daarvan, soos Turkle (2015:24) beaam, lei digitale kommunikasietegnologieë tot 'n verlies van ons vermoë om met iemand anders empatie te hê.

### **HANDE VASHOU OOR DIE INTERNET: TELETEENWOORDIGHEID, MEDE-TEENWOORDIGHEID EN DIE BELOFTE VAN DIGITALE AANRAKING**

Die voorbeelde wat in die vorige afdeling bespreek is, beklemtoon die verlies van nabye kontak in digitale omgewings of die gevoel van “buite voeling” te wees met ander mense. In die lig van hierdie bespreking is dit goed om daarop te let dat die woord “digitaal” afgelei is van die Latynse *digitalis*, wat “van die vinger” of “'n vingerbreedte” beteken (Paulsen 2017:121). Paradoksaal genoeg is die digitale ruimte dus vanuit die staanspoor (dalk ietwat idealisties) beskou as sou dit in verband staan met tasbaarheid (“tactility”) en dus direk met die liggaam. In die geskiedenis van robotika is die term “teleteenwoordigheid” gemunt om te verwys na “the sense of presence at a distance” (Paterson 2007:127). Teleteenwoordigheid is in 1980 gemunt deur die medestigter van MIT se Artificial Intelligence Laboratory, Marvin Minsky, en dui op die rekenaar se vermoë om die fisiese gevoel van aanraking vir “teleoperateurs” te herskep deur middel van terugvoeraktueerders (“feedback actuators”) (Minsky 1980) of forseerterugvoertoestelle (“force-feedback devices”) (Paterson 2007:131). Teleteenwoordigheid maak dus 'n werklike ervaring van “in aanraking wees” moontlik, eerder as 'n metaforiese ervaring, met rekenaars wat gebruik word om “feel into feel” te vertaal deur middel van haptiese sensors (Minsky 1980).

Kris Paulsen (2017:7) verduidelik dat “touch is the primary sense that distinguishes telepresence from simple telecommunication.” Om “teleteenwoordig” te wees vir 'n ander plek of persoon, in die sin waarin Minsky (1980) die term gebruik, moet 'n mens in staat wees om fisies met die verwyderde omgewing te skakel, en dit selfs te verander. In 1993 het die kunstenaaringenieurs Ken Goldberg en Richard Wallace 'n toestel bekend as *Data Dentata*, of die Datamitt (datahandskoen), op die SIGGRAPH-konferensie bekend gestel. Hierdie handskoen was 'n buis met 'n rubberbal binne en is bedek met metaaldrade wat raaksensors en haptiese aktueerders bevat het wat gebruikers in staat gestel het om “hande oor die internet vas te hou” (Paulsen 2017:123). Gebruiker 1 het sy hand oor die rubberbal in sy handskoen geplaas. As 'n ander gebruiker (Gebruiker 2), by 'n ander rekenaar, die bal in haar Datamitt druk, is die sensors in die Datamitt van Gebruiker 1 gesneller en het dit 'n sagte drukkie op sy hand gegee. Sodoende het 'n modem die medium vir fisiese kontak geword en kon albei gebruikers die gebaar telekineties herhaal en letterlik hande vashou oor die internet.

Daar moet egter nie vergeet word nie dat hoewel Minsky se begrip van teleteenwoordigheid op aanraking berus, hy nie teleteenwoordigheid noodwendig as 'n *beliggaamde* ervaring beskou het nie. In sy *Society of the mind* (1986) vra Minsky wat die mens is en hoe *dit* werk. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die agense wat die menslike verstand uitmaak soos komponente van 'n rekenaarprogram is. Minsky stel hom voor dat as elke breinsel wat die verstand uitmaak deur 'n rekenaarskyfie vervang word, hoewel onprakties, daardie masjien vir alle praktiese doeleindes dieselfde as 'n mens sal wees. In hierdie transhumanistiese hipotetiese droom kan 'n bewuste verstand na 'n niemenslike entiteit oorgeplaas word en sodoende die biologiese liggaam te bowe kom. Soos Jean Baudrillard (1988) en Hans Moravec (1988), volg Minsky se transhumanistiese begrip van tegnologie die liberale humanistiese idee dat tegnologie dit moontlik maak dat die verstand bevry kan word van die liggaam, wat weggedoen kan (en moet) word.

Die term “teleteenwoordigheid” is later aangepas deur Kim *et al.* (2004:335), wat reken dat “medeteenwoordigheid” die gevoel is om by iemand anders te wees, al is dit deur 'n rekenaarkoppelvlak. Medeteenwoordigheid sou dan ook beskryf kon word as “mediated social touch” of 'n “sense of presence of a distant other” (Haans & Ijsselstein 2006:149,153). Die doel van haptiese tegnologieë is om hierdie gevoel van medeteenwoordigheid te versterk. In militêre opleiding en chirurgiese nabootsing word haptiese tegnologieë, wat aanraakervarings oor 'n afstand bemiddel, al sedert die 1950's ontwikkel (Paterson 2007:130).<sup>15</sup> Haptiese tegnologieë, van bruikbare handskoene tot handbeheerde toestelle, werk op die vlak van die vinger, hand, arm en hele liggaam. Hulle het dan ook gewild geword in rekreasieruimtes soos internetseks en videospelletjies, en is 'n snel groeiende eienskap van multimediaontwerp en -navorsing. Die hoofdoel van sulke haptiese tegnologieë is om 'n gevoel van teenwoordigheid – 'n gevoel van aanraking – te skep wat by virtuele aktiwiteite ontbreek.

David Parisi (2018:9) volg 'n meer skeptiese benadering tot hoe aanraking voorgehou word as “ontbrekend” in die digitale ruimte. Hy voer aan dat bemarkers wat vir digitale tegnologiemaatskappye werk, soos Nintendo, Apple, Hewlett-Packard en Immersion Corporation, in die 21ste eeu die persepsie geskep het dat digitale aanraakkoppelvlakke oor unieke eienskappe beskik om as teenvoeter te dien vir die gevoel van aanraking wat na bewering vergeet, agtergelaat en gemarginaliseer is deur 'n mediakoppelvlakskema wat oorafhanklik is van oudiovisuele tegnologieë (Parisi 2018:9). Advertensies met die slagspreuke “Touching is Good”, “Touching is Believing” en “Touch the Future” het die persepsie geskep dat die kulturele sensorium in 'n krisis verkeer het (Parisi 2018:9). Hierdie persepsie het gelei tot die fabrisering van 'n begeerte na herverbinding met die verlore gevoel van aanraking deur middel van digitale koppelvlakke. Die konstruksie van 'n haptiese subjek is dus ten nouste verweef met 'n bemarkingstrategie van 'n florerende besigheid wat fokus op “communicating tactile sensations through mobile touchscreens [thereby] providing fresh infusions of capital into the computer haptics project” (Parisi 2018:10). Hoewel hulle doelwitte nie die verkoop van raakskermtostelle as sodanig is nie, kan hierdie kritiek ingebring word teen die mobiele diensverskaffers wat ek hier bo bespreek het, wie se hoofdoel tans is om kliënte te lok wat “verbinding” wil hê deur munt te slaan uit die gebrek daaraan in ons aflyn werklikhede as gevolg van fisiese afstand en afsondering. Parisi (2018:3) merk egter ook op dat sulke advertensies bloot 'n soeke belowe na 'n ontwykende Heilige Graal van aanraakkoppelvlakke, waarna slegs sydelings verwys word in die ontwerpe wat hy noem. Die vraag of Parisi korrek is dat die klem in


<sup>15</sup> Vir 'n kort oorsig van die ingenieurswerk en ontwikkeling van haptiese tegnologieë in die VSA, sien Paterson (2007:130-131).

bemarkingsveldtogte op 'n sogenaamde “beweerde” gebrek aan aanraking in die digitale ruimte tot 'n haptiese subjek lei, kan nie hier beantwoord word nie. Ek kan net weer meld dat Casey en Turkle, asook Burchell, Fourie (nou Van Rooyen) en andere (wat hier onder bespreek word) hulle argumente – en hulle kreatiewe produksies – baseer op 'n diep gesetelde gevoel van gebrek aan medeteenwoordigheid in digitale kommunikasie-omgewings.

## OP SOEK NA DIE HEILIGE GRAAL VAN AANRAKING

In hierdie afdeling bespreek ek kortliks drie voorbeelde uit die digitale kultuur wat die gevoel van 'n gebrek aan tasbaarheid in die digitale ruimte bevestig en toon dat werklike taktiele betrokkenheid daadwerklik nagestreef word in aanlyn omgewings. Met ander woorde, ongeag of verbruikerskapitalisme die konstruksie van haptiese subjekte uitgedink het, en ondanks die belofte van digitale aanraking wat haptiese tegnologieë inhou, blyk dit wel dat mense afgesonder voel wanneer hulle aanlyn met ander mense kommunikeer. Hierdie gebrek aan verbinding word bevestig en beskryf deur Jewitt *et al.* (2019:19) as “a sensorial paucity, and the desire for more felt digital experiences that reconfigure, in particular, the place of touch”.

Byvoorbeeld, die Brasiliaanse argitek en ontwerper Guto Requena het 'n app genaamd Heartbits ontwikkel wat data wat van 'n persoon se hartklop ingesamel is, omskep in klanke wat aan geliefdes gestuur kan word (Figuur 4a-d). Die ontwerper verduidelik dat “what connects all of our projects is the desire to investigate new forms of design and digital technologies that can stimulate emotions, empathy and the sense of collectiveness” (Requena soos aangehaal in Design Indaba 2020). Die app neem jou hartklop op terwyl jy jou wysvinger op jou selfoon se kamera hou. 'n Visualisering van jou hartklop word op die skerm gesien terwyl die opname in 'n sirkelvormige beeld omgeskakel word (met die opsie om uit vier verskillende kleurontwerpe te kies), wat saamtrek en uitsit volgens die ritme van jou hart. Terwyl die sender 'n boodskap tik, “voel” hy die opname van sy eie hartklop terwyl dit saggies deur die foon vibreer. Hierdie kort video van 15 sekondes van jou hartklop kan dan saam met 'n boodskap op verskeie sosialemediaplatforms gedeel word. Die ontvanger sien, hoor en voel die sender se hartklop.



**Figuur 4:** Heartbits-app: a) die beginskerm; b) instruksies; c) die app neem 'n hartklop waar; d) die aansporing om 'n boodskap by te voeg. Skermkote deur die skrywer.

Mens sou kon sê dat die app deur middel van beeld, klank en eksteroseptiewe aanraking (die vibrasie) poog om die interoseptiewe aanraking weer te gee wat na bewering in digitale kommunikasie ontbreek.

Op soortgelyke wyse gebruik Kiss Messenger of “Kissenger” aanraking van die vel (“cutaneous touch”) om ’n intieme ervaring tussen geliefdes te skep. Kissenger word deur die ontwerpers van hierdie prototipe beskryf as ’n toestel wat ons sosiale behoefte om verbonde te voel, bevredig in die lig van die ontoereikendheid van huidige tegnologieë om uitdrukkings van intimiteit te ondersteun, en dit stel mense in staat om meer verbonde te voel deur ’n intydse soen na te boots (Samani *et al.* 2012:48). Hierdie aanhegsel vir jou foon behels ’n sagte ovaalvormige silikoonkussing met hoogs sensitiewe druksensors en aktueerders wat die druk van verskillende dele van jou lippe meet terwyl jy dit soen.<sup>16</sup> Kissenger dra die data dan oor na jou foon, wat op sy beurt die sensasie van jou soen oor die internet sein na iemand anders met dieselfde toestel. In plaas daarvan om vir jou maat ’n soentjie te blaas tydens ’n videogesprek, kan jy dus vir hom of haar ’n soen op die lippe of wang gee.

Nog ’n projek waar taktiele ervarings in digitale kommunikasie ontwikkel word, is deel van die IN-TOUCH-projek onder leiding van prof. Carey Jewitt by University College London (UCL) se Knowledge Lab. Die navorsers het leerlingberoepsliu in die ontwerp van toekomstige digitale kommunikasie versoek om ’n prototipe te bou vir ’n toestel, stelsel of omgewing vir persoonlike afstandkommunikasie deur aanraking (Jewitt *et al.* 2019:8). Hierdie “spekulatiewe” (Jewitt *et al.* 2019:6) navorsing gebruik ’n vinnige prototiperingsbenadering, waar die deelnemers 10 voorwerpe ontwerp het wat wissel van ’n haptiese stoel tot ’n tasbare emotikon, en van ’n gemoedsbal tot ’n aanraakkappie. Die ontwerpers het ’n verskeidenheid materiaal van verskillende teksture gebruik wat ’n bepaalde respons op aanraking by die gebruiker stimuleer. Jewitt *et al.* (2019:12) meld dat die deelnemers in hulle gesprekke “consistently commented on the ‘lack’, the ‘not enough-ness’ of digital remote communication, notably in relation to the absence of touch”. Die prototipes wat hulle ontwerp het, was dus ’n poging tot die skepping van “a ‘tactile and sensory’ interface designed to respond to users who feel ‘disconnected’ via the distancing emotionally stripped out technologies” (Jewitt *et al.* 2019:15). Hierdie skrywers (Jewitt *et al.* (2019:17)) se navorsing toon die wesenlike verskille tussen menslike aanraking en masjietaanraking, “with the former valued as soft, warm, flexible and reactive, and the later (sic) devalued as the opposite”. Ten spyte van hulle kwellings oor die potensiaal van digitale aanraking om onvanpas, vals of onopreg te wees, en die moontlikheid dat dit maklik kan lei tot “disillusion and disconnection,” het die deelnemers oor die algemeen digitale aanraking beskou “as having potential to support new forms of connection and attachment, including changing boundaries between bodies, shareable touch-experiences, and more porous fluid boundaries between technology and the body” (Jewitt *et al.* 2019:18). Hulle (Jewitt *et al.* (2019:18)) bespiegel dus dat digitale aanraking – van die tipe wat die deelnemers ontwerp het – potensieel kan lei tot ’n gevoel van medeteenwoordigheid in digitale kommunikasie. Hulle navorsing dui op ’n desperate soeke na maniere om aanraking weer te bewerkstellig in ’n ruimte wat gesien word as gebrekkig in sowel teenwoordigheid as “ambiance” soos beskryf deur Casey, en ’n begeerte om situasies te bevorder waar empatie beoefen of (weer) geleer kan word in die digitale sfeer.

---

<sup>16</sup> Die toestel het al baie aanpassings ondergaan. Sien Samani *et al.* (2012) vir ’n bespreking van die eerste prototipe, ’n ovaalvormige voorwerp wat soos ’n volstruiseier lyk, met prominente lippe.

## HAPTIESE VISUALITEIT EN DIE GEHEUE VAN AANRAKING

Die drie voorbeelde wat ek hier bo bespreek het, het haptiese tegnologieë gebruik om eksteroseptiewe aanraakervarings in afstand- digitale kommunikasie te genereer, maar die volgende twee voorbeelde gebruik 'n kombinasie van beeld, klank, beweging en teks om sowel eksteroseptiewe as interoseptiewe aanraking te aktiveer. Met ander woorde, in plaas van letterlik in aanraking met iemand aan die ander kant van 'n digitale toestel te voel, ontlok hierdie voorbeelde diep gevoelde taktiele ervarings deur ander middele as die vel. Hoewel dit steeds die soeke na die Heilige Graal van aanraking in die digitale sfeer versinnebeeld, is die metodes wat hier gebruik word anders en dalk meer doeltreffend.

Autonomous Sensory Meridian Response (ASMR)-video's word al hoe gewilder op Instagram en YouTube. ASMR-video's toon bewegende beelde van aanraking en tekstuur gepaard met evokatiewe klanke. Seep wat gekraak word, verf wat gemeng word en naels wat op 'n harde oppervlak tik, is alles gewilde onderwerpmateriaal. Die bewegende beelde, en/of die klanke wat daarmee gepaardgaan, ontlok prikkelende, byna statiese sensasies, spesifiek oor die skedel en agter die nek, by diegene wat in staat is om dit te ervaar (Barrat *et al.* (2015:1)). Hierdie euforiese sensasies gaan gewoonlik gepaard met intense gevoelens van ontspanning. Vanuit 'n estetiese perspektief toon ASMR-video's op Instagram gewoonlik naby-opnames, gebruik prominente lyne en toon weinig diepte, met anonieme liggaamsdele wat dikwels langs treffende en kleurrike patrone verskyn. Met verdere visuele erkenning aan die gevoel van aanraking sluit baie van hierdie video's spesifiek hande in. Die opwekkende beelde op die skerm, tesame met uitgebeelde hande, boots die sensuele spore van aanraking na. Jennifer O'Meara (2019:241) redeneer soos volg:

In these ways, hand-focused ASMR videos can be viewed as an alternative to various prototypes developed by hardware companies and computer scientists with a view to providing touchscreens with the sense of tactile variability and satisfaction they currently lack.

Deur hipnotiese en opwekkende beelde te toon wat aanraking ontlok, bied ASMR-video's 'n vorm van kyk wat "haptiese visualiteit" genoem word (sien Marks 2000). Laura Marks (2000:xi) gebruik hierdie term om die aandag te vestig op 'n taktiele manier van kyk na beelde wat die waarnemer met die beeld verbind. Haptiese beelde aktiveer die geheue van aanraking (asook die ander sintuie) en vind dus aanklank by die gehore se beliggamde kennis. Volgens Marks (2000:2) nooi haptiese beelde die kyker uit om op die beeld te reageer op 'n intieme, beliggamde wyse, en fasiliteer dus ook die ervaring van ander sensoriese indrukke.

Ofskoon Marks se argumente op film fokus, reken ek dat haptiese visualiteit 'n belowende manier kan wees om met ander mense in digitale omgewings te verbind. Dit is beslis nuttiger as die pogings wat hier bo beskryf is: die Heartbits-toepassing, die Kissenger-toestel en, na my mening, selfs die "spekulatiewe" haptiese prototipes wat deur Jewitt *et al.* (2019) verken word. My argument kan toegelig word deur 'n noukeurige ontleding van 'n kollaboratiewe kunswerk deur die Suid-Afrikaanse kunstenaar Katherine Bull en die Franse kunstenaar Emmanuel de Montbron, getitel *Towards Telepathy* (2017) (Figuur 5). Na my mening gebruik hierdie werk haptiese visualiteit om die kunstenaars met sowel mekaar as die gehoor te verbind.

Die kunswerk is 'n tweekanaalvideo wat 3 minute en 30 sekondes lank speel. Die twee kunstenaars, die een in Kaapstad en die ander in Parys, het in die loop van 'n paar maande 'n langafstand-"gesprek" gevoer. Die gesprek het met behulp van twee modusse plaasgevind: video en teks. Die kunstenaars het met hulle selfone elke dag video's van hulle daaglikse lewe



**Figuur 5:** Katherine Bull en Emmanuel de Montbron. Filmstill uit *Towards Telepathy*. 2017 Met vergunning van die kunstenaars.

gemaak. Hulle het dan 'n kort – een tot twee sekondes – greep van die video aan mekaar gestuur deur hulle gedeelde blog. Die ander kunstenaar het gereageer deur 'n video te maak en 'n kort greep op die blog te laai. Terselfdertyd het hulle 'n droomjoernaal gehou en uittreksels uit die joernaal – skriftelike relase van hulle drome – op die blog geplaas. Aan die einde van die “gesprek” het die kunstenaars al die inhoud gedeel wat hulle deur hulle video's en droomjoernale versamel het. Daarna het elke kunstenaar onafhanklik 'n collage gemaak gebaseer op al die materiaal wat hulle saam byeengebring het, sodat 'n parallelle dialoog deur beelde en teks getoon is. Die twee video's is langs mekaar geplaas om die uiteindelijke tweekanaal-videokunswerk te vorm wat in die Gallery Momo vertoon is as deel van die uitstalling *Closer than Ever* met Michaela Limberis (Art Meets TV 2017) as kurator.<sup>17</sup>

Dit is interessant om daarop te let dat die video's wat hulle vir mekaar gestuur het, net vlugtige beweging en fragmente van daaglikse ervarings getoon het, wat soms onduidelik was. Hierdie aangrypende beelde verteenwoordig in 'n mate die beweerde “unrepresentable” gevoel van aanraking deur hulle “visceral effects” (Marks 2000:xvii), wat die teenwoordigheid van die een kunstenaar na die ander oorplaas. Die taktiele geheue van teenwoordigheid word deur die visuele beeld oorgedra. Mens sou kon sê dat al die voorbeelde wat ek in hierdie afdeling bespreek het, optree as voertuie wat herinneringe aan vorige ervarings met ander mense ontlok. Hoewel hulle nooit vir die teenwoordigheid van iemand anders kan vergoed nie, kan hulle dus beskou word as kanale vir die skepping van 'n gevoel van medeteenwoordigheid, selfs al is hierdie ervaring altyd flikkerend en van verbygaande aard, eerder as konkreet of tasbaar. *Towards Telepathy*, treffer en dalk meer effektief, dui egter daarop, strydig met Casey en Turkle, dat beliggamde verbinding moontlik kan wees – al is dit net in die verbeelding – in die ruimte van digitale kommunikasie. Want in hierdie werk is dit juis die selfoon wat die kunstenaars “nader as ooit” en tot in mekaar se daaglikse lewens en droomwêreld gebring het.

In 2020 het Limberis gevra dat die kunstenaars besin oor hulle vorige langafstandsamewerking in die lig van die COVID-19-pandemie. Sy het hulle in die besonder versoek om na te dink oor wat dit beteken om te “verbind” deur van digitale tegnologie gebruik te maak. In die besinning, *Closer than Ever (Again)* (2020), lewer Bull kommentaar op hulle keuse van die gebruik van 'n selfoon, wat sy beskryf as 'n “kind of prosthetic extension of us,” maar in hierdie geval, “using it a bit differently to communicate through fragments of ... video” (Art Meets TV 2020). De Montbron voeg by dat hy gedurig aan die projek gedink het omdat hulle hulle omgewings moes verfilm (Art Meets TV 2020). In reaksie merk Bull op dat “the other

<sup>17</sup> Die video is beskikbaar by <https://www.youtube.com/watch?v=kYpxL4swgnA>

person becomes present as well with your (sic) all day, and at night sometimes when you're dreaming as well ..." (Art Meets TV 2020). Deur digitale kommunikasietegnologieë het die kunswerk sodoende 'n soort medeteenwoordigheid, of interoseptiewe aanraking, tussen hierdie twee kunstenaars teweeg gebring wat, hoewel werklike aanraking heeltemal vermy is, tog 'n baie diep en sinvolle modus van interaksie aangemoedig het.

## TEN SLOTTE

In hierdie artikel het ek nie aandag aan die verskillende modusse van werklike, of eksteroseptiewe, vorme van aanraking, wat deur raakskerms, selfone en ander mobiele toestelle moontlik gemaak word, gegee nie. Ook kon ek nie die maniere dek hoe mobiele toestelle self 'n integrale deel van ons daaglikse roetine en ons saamwees-met-andere geword het nie. Dit is beslis aspekte wat relevansie sal hê by 'n beskouing van beliggaming en digitale kommunikasietegnologieë. Maar dit is roetes wat reeds deur andere gevolg is en vir my van minder belang was om hierdie bepaalde argument te stel (sien Cooley 2004; Verhoeff *et al.* 2017). Bondigheidshalwe het ek hierdie bespreking beperk tot 'n beskouing van die maniere hoe sowel 'n gebrek aan as 'n belofte van aanraking voorgelou, uitgevoer en ervaar word in verskeie voorbeelde uit die visuele en digitale kultuur wat poog om taktiese tekortkominge in afstand- digitale kommunikasie te beklemtoon of te oorkom.

Die skerm, soos Paulsen (2017:16) opmerk, "is where we all now increasingly live, act, fight, love, and touch." Soos ek deurgaans aangevoer het, hou mobiele digitale kommunikasietegnologieë die belofte van deurlopende verbinding en aanraking in, selfs al is mense fisies ver van mekaar. Mense gebruik 'n mengsel van tegnologieë om met mekaar in aanraking te bly en om te skep wat Jewitt *et al.* (2019:4) bestempel as "different senses of 'co-presence' across relationships". Soos deur die voorafgaande argumente duidelik gemaak is, speel die visuele beeld 'n kragtige rol in die oordra van aanraking en gevoel in ons daaglikse gebruik van die digitale. 'n Fokus op haptiese beelde en outentieke daaglikse materiaal in plaas van netwerke en hutsmerke op sosiale media, mag dalk lei tot 'n meer verbindende (digitale) samelewing. Die toekoms van aanraking in die digitale landskap sal afhang van ons vermoë om ons herinneringe van aanraking verbeeldingryk te rekonstrueer. Vir sommige sal dit 'n moeilike taak wees, maar vir diegene wat daadwerklik die teenwoordigheid van andere in die digitale sfeer soek, kan die skepping van medeteenwoordigheid met iemand anders 'n diep lonende, ofskoon tydrowende, reis wees. Die sukses daarvan sal natuurlik afhang van hoeveel tyd en moeite ons bereid is om daarin te steek.

## ERKENNING

Die outeur erken hiermee steun van die Universiteit van Pretoria se Research and Development Programme (RDP). Alle standpunte, gevolgtrekkings en voorstelle wat gemaak word, is dié van die outeur en die UP/RDP aanvaar geen verantwoordelikheid daarvoor nie.

## BIBLIOGRAFIE

- Art Meets TV. 2017. Towards Telepathy | Katherine Bull & Emmanuel De Montbron. Closer than Ever, <https://www.youtube.com/watch?v=kYpxL4swgnA> [10 Augustus 2020].
- Art Meets TV. 2020. Closer than Ever (Again) – Katherine Bull & Emmanuel de Montbron, <https://www.youtube.com/watch?v=TIFm4cNr4pc> [10 Augustus 2020].

- Barrat, EL & Davis, NJ. 2015. Autonomous sensory meridian response (ASMR): A flow-like mental state. *PeerJ*, 3:e851. <https://doi.org/10.7717/peerj.851> [10 Augustus 2020].
- Baudrillard, J. 1988. *The ecstasy of communication*. Vertaal deur Schutze & Schutze. New York: Semiotext(e).
- Beugnet, M. 2013. Tactile visions: From embodied love to encoded love. In Papenburg & Zarzycka (eds). *Carnal aesthetics: Transgressive imagery and feminist politics*. London: I.B. Taurus, pp.175-197.
- Billir, G. 2020. Memorable Stay Home Ad Campaigns by Brands for COVID-19. *Digital Agency Network*, <https://digitalagencynetwork.com/memorable-stay-home-ad-campaigns-by-brands-for-covid-19/> [10 Augustus 2020].
- Borer, MI. 2013. Being in the city: The sociology of urban experiences. *Sociology Compass*, 7(11):965-983.
- Bull, K. 2017. Towards Telepathy, <http://www.katherinebull.co.za/blog/2017/03/02/towards-telepathy/> [10 Augustus 2020].
- Burchell, Jenna. n.d. Muted btwn us, <https://www.art.co.za/jennaburchell/muted.php> [10 Augustus 2020].
- Carman, A. 2016. The Kissenger simulates kissing your long-distance lover. *The Verge*, <https://www.theverge.com/circuitbreaker/2016/12/28/14105688/kissenger-message-kiss-app-device-abroad> [10 Augustus 2020].
- Casey, ES. 2013. Going wireless. Disengaging the ethical life. In Wilken & Goggin (eds). *Mobile technology and place*. New York: Routledge, pp.175-180.
- Classen, C. 2005. *The book of touch*. Oxford: Berg.
- Classen, C. 2012. *The deepest sense: A cultural history of touch*. Urbana: University of Illinois.
- Coleman, M. 2007. Reappraising the disappearing body and the disembodied eye through multisensory art. *Crossings: eJournal of Art and Technology*, 5(1), <https://crossings.tcd.ie/issues/5.1/Coleman/> [10 Augustus 2020].
- Cooley, HR. 2004. Its all about the fit: The hand, the mobile screenic device and tactile vision. *Journal of Visual Culture*, 3(2):133-155.
- Design Indaba. 2020. Turning data collected from your heartbeat into messages for your loved ones. Crossing the borders between biology and code to create digital art, <https://www.designindaba.com/articles/creative-work/turning-data-collected-your-heartbeat-messages-your-loved-ones> [10 Augustus 2020].
- Dludla, N. 2020. UPDATE 1-South Africa's Vodacom sees 40% jump in data usage as people stay at home. *Reuters*, <https://uk.reuters.com/article/health-coronavirus-safrica-vodacom-grp/update-1-south-africas-vodacom-sees-40-jump-in-data-usage-as-people-stay-at-home-idUKL5N2C432L> [10 Augustus 2020].
- Fourie (nou Van Rooyen), M. 2011. *WayStation. Something pauses*. Katalogus. Ongepubliseer.
- Furht, B. (ed.). *Encyclopedia of Multimedia*. Boston, MA: Springer.
- Haans, A & Ijsselsteijn, W. 2006. Mediated social touch: A review of current research and future directions. *Virtual Reality*, 9:149-159.
- Halley, JO. 2009. *Boundaries of touch. Parenting and adult-child intimacy*. Urbana: University of Illinois Press.
- Howes, D. 2013. The expanding field of sensory studies. *Sensory Studies*, <http://www.sensorystudies.org/sensorial-investigations/the-expanding-field-of-sensory-studies/> [10 Augustus 2020].
- Jewitt, C, Mackley, KL & Price, S. 2019. Digital touch for remote personal communication: An emergent sociotechnical imaginary. *New Media & Society*, <https://doi.org/10.1177/1461444819894304> [10 Augustus 2020].
- Keogh, B. 2020. Coronavirus weekly: balancing a 'new normal' while keeping COVID-19 in check. *The Conversation*, <https://theconversation.com/coronavirus-weekly-balancing-a-new-normal-while-keeping-covid-19-in-check-138577> [10 Augustus 2020].
- Kim, J, Kim, H, Tay, BK, Muniyandi, M & Srinivasan, MM. 2004. Transatlantic touch: A study of haptic collaboration over long distance. *Presence: Teleoperators and Virtual Environments*, 13(3):328-337.
- Lauwrens, J. 2012. Welcome to the revolution. *Journal of Art Historiography*, 7:1-17.
- Marks, LU. 2000. *The skin of the film: Intercultural cinema, embodiment, and the senses*. Durham: Duke University Press.

- Minsky, M. n.d. Telepresence. Oorspronklik in Omni Magazine gepubliseer, 1980. <http://web.media.mit.edu/~minsky/papers/Telepresence.html>. [10 Augustus 2020].
- Minsky, Marvin. 1986. *Society of the mind*. New York: Simon & Schuster.
- Moravec, H. 1988. *Mind children: The future of robot and human intelligence*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- O'Meara, J. 2019. Touchscreens, tactility, and material traces: From avant-garde artists to Instagram ASMRtists. *NECSUS: European Journal of Media Studies*, 8(2):235-262.
- Parisi, D. 2018. *Archaeologies of touch: Interfacing with haptics from electricity to computing*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Paterson, M. 2007. *The senses of touch: Haptics, affects and technologies*. Oxford: Berg.
- Paulsen, K. 2017. *Here/There: Telepresence, touch and art at the interface*. Cambridge, MA: The MIT Press.
- Samani, HA, Parsani, R, Rodriquez, LT, Saadatian, E, Dissanayake, KH & Cheok, AD. 2012. Kissenger: Design of a kiss transmission device. *DIS*, 11-15(Junie):48-57.
- Telkom. 2020. Unlimited WiFi on Telkom DSL, <https://www.youtube.com/watch?v=E73fLy6HKv4> [10 Augustus 2020].
- Turkle, S. 2015. *Reclaiming conversation*. New York: Penguin.
- Velasco, C & Obrist, M. 2020. Life after corona and the digitization of human experiences. *BI Business Review*. <https://www.bi.edu/research/business-review/articles/2020/04/life-after-corona-and-the-rapid-digitisation-of-human-experiences/> [10 Augustus 2020].
- Verhoeff, N, Cooley, HR & Zwicker, H. 2017. Urban cartographies: Mapping mobility and presence. *Television & New Media*, 18(4):298-304.
- Vodacom SA. 2020. Vodacom Together | #StayConnected. <https://www.youtube.com/watch?v=HLRmNwseqT8> [10 Augustus 2020].
- Wellcome Collection. 2020. Wellcome Collection and BBC Radio 4 to explore the nation's attitudes towards touch. <https://wellcomecollection.org/pages/XiW7tRQAACQA9k4C> [10 Augustus 2020].
- World Health Organization. 2020. Interim recommendation 1 April 2020. <https://www.who.int/docs/default-source/inaugural-who-partners-forum/who-interim-recommendation-on-obligatory-hand-hygiene-against-transmission-of-covid-19.pdf> [10 Augustus 2020].

# 'n Lied vir donker tye (*Wer nur den lieben Gott lässt walten – Wie maar op God wil werp sy sorge*)

*A hymn for dark times (Wer nur den lieben Gott lässt walten – If thou but suffer God to guide thee)*

**ELSABÉ KLOPPERS**

Departement Filosofie, Praktiese en Sistematiese Teologie

Universiteit van Suid-Afrika

Suid-Afrika

E-pos: elsabekloppers@gmail.com



Elsabé Kloppers

**ELSABÉ KLOPPERS** (DTh, DMus, BAHons Filosofie) is professor in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Haar navorsing is interdisiplinêr van aard en lê op die terrein van liturgiese studies, homiletiek, himnologie, die kerklied en identiteit, die kerklied in die openbare sfeer, en musiek en geleefde religie. Sy is deur die NNS as 'n C2-navorsers gegradeer. Naas voordragte by konferensies en gaslesings aan universiteite in die buiteland, was sy 'n gereelde aanbieder by die Somerskool vir Musiek en Religie, 'n projek van die *Hochschule für Kirchenmusik*, Heidelberg, en die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Heidelberg, Duitsland. Sy is lid van verskeie vakverenigings en dien tans in die uitvoerende komitee van twee internasionale vakverenigings. Voorheen was sy die koördineerder van die Instituut vir Musieknavorsing by die Nasionale Navorsingstigting (NNS) en hoof van die Konservatorium vir Kerkmusiek. Sy het in die verskillende komitees vir die huidige amptelike gesangboek in Afrikaans, die *Liedboek van die Kerk* (2001), gedien en het 'n wesenlike bydrae ten opsigte van ekumeniese liedtekste en vertalings gelewer.

**ELSABÉ KLOPPERS** (DTh, DMus, BAHons Philosophy) is a professor in Practical Theology at the University of South Africa (Unisa). Her research is of an interdisciplinary nature and lies in the fields of Liturgical Studies, Homiletics, Hymnology, the hymn and national identity, sacred singing in public domain, and lived religion. She holds a C2-rating at the National Research Foundation (NRF). Apart from papers at conferences and guest lectures at universities abroad, she has also been a regular presenter at the Summer School on Music and Religion, a joint project of the *Hochschule für Kirchenmusik*, Heidelberg and the Faculty of Theology at the University of Heidelberg, Germany. She is a member of various scholarly societies and currently serves on the executive committee of two international societies. Previously, she was the coordinator of the Institute for Music Research at the NRF and the head of the Conservatory for Church Music. She served on the various committees for the official hymnal in Afrikaans, *Liedboek van die Kerk* (2001), and made a substantial contribution with regard to ecumenical texts and translations.

**Datums:**

Ontvang: 2020-09-28

Goedgekeur: 2021-03-19

Gepubliseer: Junie 2021

**ABSTRACT*****A hymn for dark times (Wer nur den lieben Gott lässt walten – If thou but suffer God to guide thee)***

*Covid-19 has caused suffering on many levels and there is no doubt that the consequences will be felt for years to come. During the pandemic, people were also reminded that, throughout history, people have been subjected to immense suffering. The First World War (1914–1918) ended just over a hundred years ago. In this devastating war that “had to prevent all further wars”, 22 million people died. In the year it ended, the Spanish Flu broke out and another 50 million people died. Perspectives on past events that adversely affected the lives of people might help people to interpret their own situation and see the present in a different perspective. One could ask: what sustains people in difficult times? What gives them courage? What gives them resilience and helps them through lockdowns? In this article, it is argued that faith, lived religion and rituals can give people new perspectives and that hymns, that is, songs of faith, play a significant role. A hymn of German origin, Wer nur den lieben Gott lässt walten, is presented as an example. The background to the origin of the text is given, whereafter the original German text and the Afrikaans translation, as well as the revised versions of the translation, are discussed critically. A further discussion of the reception history of the hymn follows, showing its use during war and in two films, and how it could function as an illustration of lived religion.*

*The writer of the hymn text, Georg Neumark (1621–1681), was born during a devastating war in Germany that lasted thirty years. In his early twenties, he travelled to Königsberg to study law, but was robbed of all his earthly possessions by highway robbers mugging the mail coach. He interpreted his difficult existential circumstances from the perspective of lived religion and wrote a hymn of comfort, a “Trostlied”, Wer nur den lieben Gott lässt walten, encouraging himself and others by saying that one should let God be in control of one’s life and that one could trust God. The text contains striking alliteration and assonance that lend a poetic quality to it. It is accompanied by a touching melody that Neumark composed for the text – the only melody written by Neumark that is known. The text with seven stanzas was first published in Neumark’s song collection Fortgepflanzter Musikalisch-Poetischer Lustwald (Jena, 1657) and has been translated into several languages. The English translation entitled If thou but suffer God to guide thee was done by Catherine Winkworth (1855, 1863). In 1931, GBA Gerdener translated it into Afrikaans. Six of the seven stanzas were retained in the first official hymnal in Afrikaans, Psalm- en Gesangboek (1944). The text was amended and drastically shortened to three stanzas for the second official hymnal, the Psalm- en Gesangboek (1978). More radical changes were made for the version published in the third and current official hymnal, Liedboek van die Kerk (2001). The original Afrikaans translation relied heavily on a Dutch translation by Abraham Rutgers (Liedboek voor de Kerken 1994:429). It reflected certain problems in the Dutch translation, but stayed true to the original German text. When the Afrikaans text was revised at various stages, however, the original German text and the texts on which the original was based, were not considered sufficiently. Significant features of the original text thus got lost, especially in the latest version in Afrikaans. It is argued, however, that certain aspects of the current text, coupled with aspects of the old text in Afrikaans that are still alive in the hymnic memory of people, and carried by the very fitting melody, could still sustain people in difficult times.*

*The reception history of the hymn in contexts where the original text plays a strong role and also where translations close to the original are used, shows its use on various levels as part of the lived faith or lived religion of people. Besides being a source of comfort to civilian*

*Germans during World War I, the German version was also used for militaristic and patriotic purposes during the war. It plays a prominent role in two films – Babette’s Feast (1987), a Danish film, and Vaya con Dios (2002), a German film. The films illustrate that God’s voice can be heard in songs of faith and that this hymn can open up broader perspectives, and give people a voice in difficult circumstances. In the films, the hymn expresses gratitude, love, community and trust. The hymn can remind people that God is present in dark days and in suffering and can give hope. It can remind people of God’s love and indicate the path they need to follow. The performative power unleashed when singing the hymn, can transform people. It is argued that when the hymn is sung, space can open up and people be freed from their confinement, their lockdown and their shelters. They can sing, pray and follow God’s way – and in doing so, also comfort and support others.*

**KEYWORDS:** lived religion, hymns, religious songs, history of origin, reception history, translations, collective hymnic memory, freedom, hope, trust, music in films, *Babette’s Feast*, *Vaya con Dios*.

**TREFWOORDE:** Geleefde religie, gesange, liedere, geloofsliedere, ontstaansgeskiedenis, vertalings, resepsiesgeskiedenis, kollektiewe himniese geheue, vryheid, hoop, vertrou, musiek in films, *Babette’s Feast*, *Vaya con Dios*.

### OPSOMMING

Die Covid-19-pandemie het groot lyding veroorsaak en die einde is nog nie in sig nie. Wat help mense in swaar tye, tydens die “lockdowns” van die lewe? *Wer nur den lieben Gott lässt walten* van Georg Neumark (1621–1681) dien as voorbeeld van ’n lied wat mense in die konteks van geleefde geloof kan bemoedig. Die lied het neerslag gevind in baie Duitse gesangboeke en vertalings daarvan is in gesangboeke oor die wêreld opgeneem. In orrelvoorspele, kantates en ander musiekwerke word dit tot klank gebring. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het dit mense in Duitsland getroos, maar is ook vir militaristiese en patriotiese doeleindes gebruik. Die lied speel ’n prominente rol in twee films: *Babette’s Feast* (1987) en *Vaya con Dios* (2002). In beide films word getoon hoe die lied mense in die uitlewing van hul geloof ’n stem gee en hoe hulle God se stem daarin hoor. In die artikel kry die agtergrond van die lied en die oorspronklike Duitse teks aandag. Daarna word die vertaling in Afrikaans en die wysigings aan die teks krities bespreek. Ses van die sewe strofes van GBA Gerdener se vertaling in Afrikaans (1931) is opgeneem in die *Psalm- en Gesangboek* (1944). Vir die *Psalm- en Gesangboek* (1978) is die teks drasties verkort tot drie strofes. Veranderinge in die weergawe vir die *Liedboek van die Kerk* (2001) het die band met die oorspronklike teks verder verbreek. In samehang met die treffende melodie (en met aspekte van die ouer weergawe wat nog in mense se himniese geheues lewend is), kan die lied mense steeds bemoedig en hulle aan God se teenwoordigheid herinner. Die resepsiesgeskiedenis dui op die voortgaande werking van die lied in verskillende kontekste van geleefde religie.

### 1. INLEIDING: DIE COVID-19-PANDEMIE

Covid-19 het mense se lewens ingrypend beïnvloed. Sonder twyfel gaan die nagevolge in die jare wat kom nog sterk gevoel word. Die pandemie het mense egter ook daaraan herinner dat mense deur die geskiedenis heen aan geweldige lyding onderworpe was. Die Eerste Wêreldoorlog (1914–1918) is net meer as honderd jaar gelede beëindig. In hierdie vernietigende oorlog “wat alle verdere oorloë moes voorkom”, het 22 miljoen mense gesterf. In die jaar waarin die oorlog beëindig is, het die Spaanse Griep uitbreek en ’n verdere 50 miljoen mense het gesterf.

'n Terugblik op gebeure wat lewens ontwig het, kan mense help om die hede te interpreteer en 'n nuwe perspektief daarop te kry. So kan gevra word: wat dra mense deur sulke tye? Wat gee hulle moed? Wat laat hul ontstaan? In hierdie artikel word aangetoon dat geloof en geleefde religie mense hoop kan gee en dat die geloofslid 'n wesenlike rol hierin kan speel. Die ontstaansgeskiedenis en die teks van die lied *Wer nur den lieben Gott lässt walten* kry eers aandag. Daarna volg 'n kritiese bespreking van die vertaling in Afrikaans en die wysigings wat met verloop van tyd in die teks aangebring is. Probleme wat op die vlak lê van teologiese vulling, afwykings in die inhoud en struktuur van die oorspronklike teks, swak woord-toon-verhoudings, en woordklank binne die breër klankverband van strofes wat geïgnoreer is, word aangetoon. Vanuit die perspektief van refleksie op geleefde religie (Weyel 2014:153–156) word die resepsiesgeskiedenis van die lied ondersoek en getoon hoe dit mense in verskillende situasies 'n stem kan gee, 'n wyer perspektief kan bied, transformasie kan bewerk en mense op 'n “nuwe weg” kan stuur. Dit toon hoe (te midde van swaarkry en donkerte) gevoelens van geborgenheid en geloof die katartiese werking van 'n nuwe oriëntering kan inhou (Roth 2013:393).

## 2. GEORG NEUMARK (1621–1681) – DIE ONTSTAAN VAN DIE TEKS

In moeilike tye help dit om te vra hoe mense in die verlede in soortgelyke omstandighede staande gebly het. Iemand wie se lewe as voorbeeld kan dien, is dié van Georg Neumark (1621–1681). Hy het oorlog, verlies en lyding geken en het 'n lied geskryf wat mense oor bykans 400 jaar bemoedig het. Hy word gebore te midde van 'n oorlog in Duitsland wat dertig jaar sou duur. Skaars twintig jaar oud, reis hy in 1641 na Königsberg om regs wetenskap te gaan studeer. Onderweg word die poskoets waarin hy reis deur rowers oorval en word hy van al sy aardse besittings beroof. Net die klere aan sy lyf en twee boeke wat vir die rowers waardeloos lyk, hou hy oor: sy gebedeboek en sy stamboek (Walter 2013:45). Vanweë die oorlog kon hy nie na sy tuisstad in Thüringen terugkeer nie. Sy lewe was uitsigloos. Uiteindelik vind hy 'n heenkome as onderwyser in die stad Kiel waar hy ook sy voorliefde vir musiek kon ervaar (Trunz 1986). Hy interpreteer die negatiewe sowel as positiewe gebeure in sy lewe vanuit sy perspektief van geleefde religie of geleefde geloof en sien daarin God se hand wat hom dra en staande hou. Dankbaar oor die seën “uit die hemel” (soos hy dit interpreteer), skryf hy 'n liedteks in 1641 waarin hy sê dat hulle wat toelaat dat God hul lewens rig/bestuur (“lässt walten/verwalten”) en wat op God hoop, op 'n wonderbaarlike manier in nood en hartseer (treurigheid) beskerm en staande gehou word. Die eerste strofe van die lied eindig met die versekering: “Wie op die hoogste God vertrou, het séker nie op sand gebou”. In dele van Duitsland sterf tot 70 persent van die bevolking in die oorlogsjare van 1618 tot 1648. Die vraag is: Het so 'n lied in sulke tragiese omstandighede tog draagkrag?

## 3. DIE DUITSE TEKS EN MELODIE

Die teks het in Neumark se liedbundel *Fortgepflanzter Musikalisch-Poetischer Lustwald* (Jena, 1657) tesame met 'n melodie wat hy self gekomponeer het, verskyn (Jahn 2016:63–65).<sup>1</sup> Sover bekend is dit die enigste melodie wat hy gekomponeer het. In die opskrif beskryf hy hierdie lied van sewe strofes as 'n trooslied, met die volgende inskripsie onder die opskrif: “Dat God elkeen op sy tyd wil versorg. Volgens die spreuk ‘Werp jou sorg op die Here en hy sal jou goed versorg’ uit Psalm 55,23.”

<sup>1</sup> Die oorspronklike teks en melodie is beskikbaar by: [http://www.liederlexikon.de/lieder/wer\\_nur\\_den\\_lieben\\_gott\\_laesst\\_walten/editiona](http://www.liederlexikon.de/lieder/wer_nur_den_lieben_gott_laesst_walten/editiona).

Die lied het gou gewild geword en omdat dit by die huis, in die kerk, die skool en op enige openbare plek gesing is, het dit mettertyd die status van ’n geestelike volkslied verwerf (Marti 2012:229). Die inhoud is eenvoudig: dit handel oor die mens se vertroue op God, wat meebring dat mense wie se religieuse en spirituele vorming verskil, hul almal met die teks kan vereenselwig. Die beeld van God is oop: geen Christologie of Triniteit word gereflekteer nie – daar is dus niks daarin wat as spesifiek christelik beskryf kan word nie – daarom dat dit selfs in ’n Joodse gesangboek opgeneem is (Martini & Marti 2004:210). Die taalgebruik is konkreet en spreek van persoonlike ervaring, maar is algemeen genoeg om ruimte te bied vir ’n diversiteit van belewenisse. Die alliterasie en assonansie verleen ’n poëtiese kwaliteit aan die lied. Die teks vertoon ’n sterk struktuur: die eerste strofe stel ’n tese en die laaste kom tot ’n konklusie (*conclusio*). Die middelstrofes bevat konkretiserings en bou op na die slotstrofe (Martini & Marti 2004:211).

Die digter skryf grootliks vanuit die perspektief van die eerste-persoon-meervoud – die “ons-perspektief” of ’n “ekkklesiale Wir” (Kunz 2016:246). In die eerste strofe stel die digter dat hulle wat op God vertrou, seker kan wees dat God hulle sal versorg, maar in die tweede strofe vra hy: Wat help die sware sorge, wat help dit dat “ons” elke môre kla en sug oor ons leed? Dit kan niks verander nie en maak “ons kruis” net swaarder en “ons leed” net meer. Verwysings na Psalm 73 figureer sterk in hierdie strofe. Die Afrikaanse vertaling van Gerdener (1931) in *Psalms en Gesange* (1944) sluit nou by die Duitse teks aan en stel dit baie konkreet:

2. Wat baat swaarmoedigheid en vrese, wat baat ons sugte, wee en ag?  
Die mens word tog geen beter wese, al kerm hy ook die hele dag.  
Die las van jammer wat ons dra, druk al hoe meer, hoe meer ons kla.

In strofe 3 word dit duidelik gestel dat dit beter is om stil te word en na binne tevrede te wees. Die genadige en alwetende God wat ons uitgekies het, beskik oor ons lewens en weet wat ons nodig het. God ken ook die ure van vreugde en weet wanneer dit nuttig is (strofe 4). Strofes 2 tot 4 verklaar God se teenwoordigheid met vaste vertroue en sekerheid. Dié perspektief is al gekritiseer omdat dit God se genade te ongekompliceerd sou voorstel. Strofe 5 bring egter ’n nuwe perspektief: daar is tye wat ’n mens voel God is net in ander se lewens teenwoordig. Die digter beklemtoon dat ’n mens te midde van die swaarkry egter nie moet dink dat God jou verlaat het nie. Herkenbare geluk staan nie in korrelasie met goddelike toewending nie – net so min as wat ongeluk ’n teken is dat God nié teenwoordig is nie (Marti 2012:229). Die digter beklemtoon: God is te midde van duisternis in mense se lewens teenwoordig.

Strofe 6 ontleen motiewe aan die “Magnificat” (die Lofsang van Maria) en Psalm 113: God maak die rykes klein en arm, en die armes groot en ryk. God is die wonderdoener wat mense oprig en verhef maar hulle ook uit hul bevoorregte posisie in die ongeluk kan stort. Dié twee strofes vertroos dié wat ly, maar is ook ’n waarskuwing vir dié wat hul mag misbruik – die rykes, die staatsleiers en ook die kerkleiers:

6. Es sind ja Gott sehr leichte Sachen *I* und ist dem Höchsten alles gleich:  
den Reichen klein und arm zu machen, *I* den Armen aber groß und reich.  
Gott ist der rechte Wundermann, *I* der bald erhöhn, bald stürzen kann.

Walter (2013:46) wys daarop dat die lied al dikwels gekritiseer is omdat dit te veel aan die noodlot sou oorlaat – te veel “schicksalsergeben” sou wees. Die liedmaker, Wolf Biermann, verdedig egter die lied wat hy deur Johann Sebastian Bach se gebruik daarvan in die kerkkantate “Ich hatte viel Bekümmernis” (BWV 21) leer ken het. Dit troos hom in moeilike tye: “Ek is dikwels te treurig. Daar is tye wat ek nie (die) treurigheid het nie, maar die treurigheid my

het. Wie hink, soek 'n kruk. En my siel se kruk vind ek in Bach se kantate: *Wir machen unser Kreuz und Leid / Nur größer durch die Traurigkeit* (Biermann, in Walter 2013:45).

Frank (2019) verwys ook na hierdie gesang as hy misbruike in die Katolieke Kerk kritiseer. Hy meen die gelatenheid wat dit uitstraal kan kerkleiers sus – dat hulle met gevoude hande bly sit, terwyl hulle iets daadwerkliks behoort te doen. In reaksie op hierdie kritiek wys Mawick (2019) daarop dat die sewe strofes van dié lied juis wys op die pad wat in die Kerk (en verder) nodig is. Mawick haal strofes 5 en 6 aan wat in dié situasie toepaslik is en wat mense daaraan herinner dat God onwrikbaar magtige mense van hul trone kan stoot. Mawick meen dat Frank in sy verwysing na dié lied (en met sy kritiek van die “sussende effek” wat dit sou hê), die geheelboodschap van die teks nie genoegsaam in ag neem nie. (Hy meen verder Frank moes in genoemde verband eerder na 'n tipiese “Institutionsvergolder”, 'n goedprater van institusies, soos die lied “Ein Haus voll Glorie schauet”, verwys het.)

Die opgewekte toon van die laaste strofe (strofe 7) spreek van vertroue. Die eerste reël is 'n samevatting van die lied se inhoud: “Sing, bid en gaan op God se weë.” In “God se weë” kan iets van die “navolging van Christus” gehoor word. Die ontlening aan die Bergpredikasie oor die wyse man wat sy huis op die rots en nie op sand bou nie (Matt. 7,24) in die eerste strofe, en die verwysing na “God se weë” in die laaste strofe, vorm 'n raam wat in geheel met die Christelike tradisie van die Nuwe Testament geïntegreer is.

Die teks bevat sterk beelde wat tipies is van die Barok. Oor die tyd heen is hierdie beelde in talle hersienings verskraal. In die vroeë 19de eeu is die teks volgens die religieuse en estetiese vereistes van die tyd aangepas. Veral gedurende die *Aufklärung* of Verligting is tekste ingrypend gewysig. Die suiwering of “gelykmaking” van die taal en die beelde in dié gesang, val op in 'n Berlynse gesangboek uit 1829. In strofe 3 is 'n verwysing na Christus aangebring (Fischer 2007/2012). Dit is gedoen omdat dit vir die Piëtiste problematies was dat daar geen eksplisiete Christologie in die lied is en dat Christus nie in die lied genoem word nie. Hulle het dus die derde strofe in hulle gesangboek gewysig om so te lui: “Gott, der in Christo uns erwählt, weiß auch am besten, was uns fehlt” (God, wat in Christus ons uitverkies het, weet ook die beste wat ons ontbreek). Die wyse waarop Christus in essensie en deur verwysings in die lied teenwoordig is, was vir hulle nie genoeg nie. Hulle het ook nie besef dat Jesus se oproep in die Bergpredikasie, “Bekommer julle nie, maak julle nie besorg oor die dag van môre nie!” die rede vir die retoriese vrae in die tweede strofe is nie: “Wat help dit om besorg te wees?” en die vrae wat verder in die strofe volg.

Die teks beskik oor 'n bepaalde ritme met 'n soort golfbeweging van sterk en swak aksentuering (Marti 2012:230). Die melodie dra die teks treffend, danksy 'n noue ooreenkoms tussen die woordaksent en die klem in die musiek. Die aanvang in die mineurtoonard reflekteer iets soekends, iets van die weerloosheid en verwondbaarheid van mense, veral ook ten opsigte van die geloof. Dit is in “Bar-vorm” (AAB). Dit begin met 'n opwaartse beweging, as't ware soekend na God, gevolg deur 'n huiwerende afwaartse beweging. Weer opwaarts, en weer huiwerend afwaarts. In die B-deel, die “Abgesang”, verander die melodie na die majeurtoonard en stu stapsgewys en met sekerheid opwaarts tot by die woord “Allerhöchsten”, op die hoogste noot: “wie op die hoogste (hoë) God vertrou...”<sup>2</sup> waarna dit terugkeer na die mineur en afwaarts beweeg om op die grondtoon tog die sekerheid van die vaste grond te laat klink: “het seker

<sup>2</sup> In die AGB van 1978 is “hoë God” van die eerste vertaling weggeneem en die voorlaaste frase verander na “Wie kinderlik op God vertrou”. Dit beteken die lettergreep “-lik” val op die hoogste noot in die melodie – en boonop op 'n lang noot. Vanweë die posisie in die melodie, kry “lik” dus die sterkste klem in die melodie.

nie op sand gebou”.<sup>3</sup> Ondanks hierdie sekerheid, begin elke strofe wat volg, weer met die opwaartse beweging in die mineurtoonard, as’t ware soekend na God. Dit herinner die sanger van die lied daaraan dat geloof nie iets is wat mens eenmaal besit en waarvan enige mens seker kan wees nie – ’n mens begin telkens weer vóór.

#### 4. DIE RESEPSIEGESKIEDENIS VAN DIE LIED

##### 4.1 Die vertaling en verwerkings van die teks in Afrikaans

In talle gesangboeke is die Duitse teks verkort tot drie strofes. Dit het ook in baie vertalings gebeur omdat die opstapeling van beelde vertaling bemoeilik. In die *Afrikaanse Psalm- en Gesangboek* (1944) (vertaling van GBA Gerdener – 1931) is ses van die sewe strofes opgeneem (strofe 4 van die oorspronklike is weggelaat). In die *Psalm- en Gesangboek* (1978) en *Liedboek van die Kerk* (2001), die amptelike bundels van die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk, is drie strofes in vertaalde vorm opgeneem (strofes 1, 3 en 7 van die oorspronklike teks). Volgens Cillié (1982:104) het daar met die vertalings en hersienings “tog nog iets” van Neumark se oorspronklike oorgebly. Hy formuleer dus heel tentatief.

##### Strofe 1

**Ekumeniese weergawe in** / **Ges 17 in Psalms en Gesange (1944)**  
*Evangelisches Gesangbuch 1993:369*

1. Wer nur den lieben Gott lässt walten	/	Wie maar op God wil werp sy sorg
und hoffet auf ihn allezeit,	/	en op Hom bou in bang’ gevaar,
den wird er wunderbar erhalten	/	is by Hom veilig en geborge,
in aller Not und Traurigkeit.	/	die red hy godd’lik wonderbaar;
Wer Gott, dem Allerhöchsten, traut,	/	wie op die hoë God vertrou,
der hat auf keinen Sand gebaut.	/	het seker nie op sand gebou.

<b>Ges 39 in Psalms en Gesange (1978)</b>	/	<b>Liedboek van die Kerk 575</b>
Wie op die Heer vertrou in lyding	/	Wie op die Heer vertrou in lyding
en op Hom <b>bou ook</b> in gevaar,	/	en op Hom <b>steun, selfs</b> in gevaar,
is <b>by Hom</b> seker van bevryding	/	is <b>deur</b> Hom seker van bevryding
en van sy redding <b>wonderbaar</b> –	/	en van sy redding: <b>ewig, waar.</b>
wie op die Here God vertrou,	/	Wie op die Here God vertrou,
het séker nie op sand gebou.	/	het séker nie op sand gebou.

Die ou Duitse werkwoord “walten” maak ’n direkte vertaling van die aanvangsreël moeilik. Die vertaling van Abraham Rutgers (1751–1809) in Nederlands (*Liedboek* 1973/1994:429) bied ’n mooi oplossing: “Wie maar de goede God laat zorgen ... is bij Hem veilig en geborgen”. In Afrikaans kon dit nie só oorgeneem word nie, want ’n lettergreep sou ontbreek by “laat sorg”. Gerdener se vertaling uit die Nederlands (1931), opgeneem in die AGB van 1944, is egter geslaagd (ten spyte van die eksklusiewe manlike voornaamwoord): “Wie maar op God wil werp sy sorg en op Hom bou in bang’ gevaar, is by Hom veilig en geborge, die red hy

<sup>3</sup> Vanweë die fokus van dié artikel word ’n meer gedetailleerde analise van die melodie, die harmoniese inkleding daarvan, asook die opname van die melodie in gesangboeke met die verskillende weergawes daarvan by verskillende vertalings, nie hier bespreek nie. Marti (1987/88; 2004; 2012) se besprekings in dié verband is insiggewend.

godd'lik wonderbaar." Om jou "sorge op God te werp" is waarskynlik as argaïes beskou, daarom is dit verander vir die AGB-weergawe van 1978. Die 1978-teks is egter 'n verwatering: die aanvangsreël van die eerste en die tweede strofe stem deur die wysiging só ooreen dat daar bykans geen sprake van progressie is nie. Die kunstige opbou van die oorspronklike Duitse teks sowel as dié van die Nederlandse en Afrikaanse vertalings het daarmee verlore gegaan. 'n Rympaar wat die onderliggende aard van dié lied volmaak dra, naamlik hul "sorge" en "geborge", het daarmee ook verlore gegaan. Die eerste strofe, met die woord "geborge",<sup>4</sup> is in die geloofsraamwerk en himniese geheue van mense vasgelê met die troostende krag wat daarin opgesluit is. Met die nuwe *Afrikaanse Psalm- en Gesangboek* (1978) moes die sangers van die lied egter afskeid neem van die treffende frase en aanpas by "lyding" en "bevryding" – 'n clichéagtige verwoording naas "lyding" en "leiding", wat reeds in strofe 2 aanwesig was.

Vir die *Liedboek van die Kerk* (2001) is verdere veranderings aangebring waarmee die lied se wese aangetas is. In die oorspronklike Duitse teks is die beeld van die huis wat nié op sand gebou is nie, baie treffend. Die beeld het in die vroeë Afrikaanse weergawes behoue gebly, maar is sonder 'n duidelike teologiese of literêre rede in die verwerking vir die *Liedboek van die Kerk* (2001) weggelaat: "bou" is vervang met "steun". Daarmee het 'n sleutelbegrip verlore gegaan. Waar die woorde "bou" en "ook" klankryke woorde is wat goed sing, is dit vervang met "steun" en "selfs", wat 'n aaneenryging van die s-klank veroorsaak, wat nié goed sing nie. Die inherente klank kon nie die grond vir 'n keuse vir dié woorde wees nie, omdat die eu-klank van "steun" en die e-klank van "selfs", nêrens anders in die strofe voorkom nie. Verder het die allitererende b-klank in "bou" (reël 2) en "by" (reël 3) in twee opvolgende reëls, tot 'n bepaalde musikaliteit bygedra. Waarom "by Hom" (in reël 3) vervang is met "deur Hom", is ook nie duidelik nie. Sou dit dalk ook 'n (misplaaste) "Christologiese vulling" wees? In dié lied gaan dit juis om die vertroosting wat die nabyheid van God gee. Die idee van nabyheid is egter met 'n dogmatiese en afstandelike "deur God" vervang.

Die woord "wonderbaar" is 'n direkte oornam uit die Duitse teks: "den wird er wunderbar erhalten". Die klankryke woord "wonder" – wat die o-klank in die woorde "Hom", "op" en "God" opneem, is vervang met "ewig" – 'n woord wat op die gutterale "-ig" eindig en wat oor geen musikale resonans beskik nie. Dié wysigings is eweneens onbegryplik.

### Strofe 2 (in die oorspronklike Duitse teks is dit strofe 3)

Man halte nur ein wenig stille und sei doch in sich selbst vergnügt,  
wie unser Gottes Gnadenwille, wie sein Allwissenheit es fügt;  
Gott, der uns sich hat auserwählt, der weiß auch sehr wohl, was uns fehlt.

*Psalms en Gesange* (Ges 17 1944;  
Ges 39 1978)

2. Wag op die troue Heer in lyding,  
en swyg voor God ootmoedig, stil.  
Sy raad verseker wyse leiding;  
dis goed en heilig, soos Hy wil.  
Vertrou gerus dié wyse raad (1944);  
Vertrou gerus op God se raad (1978);  
Hy weet wat ons die meeste baat.

/ *Liedboek van die Kerk* 575

Bly op die Heer vertrou in lyding  
en wees voor Hom ootmoedig stil.  
Maak op Hom staat vir hulp en leiding;  
soek biddend na sy sin en wil.  
Wie op die Here God vertrou,  
het séker nie op sand gebou.

<sup>4</sup> In 2004 is 'n opname in Duitsland gedoen om te bepaal wat vir mense die mooiste woord in die Duitse taal is. Uit meer as 20 000 voorstelle, het "Geborgenheit" naas "Habseligkeiten" die tweede plek behaal.

Die 1944- en 1978-weergawes van strofe 2 sluit inhoudelik nou aan by die oorspronklike Duitse strofe 3. Daar is twee imperatiewe: “wag” en “swyg” (reëls 1 en 2). In reël 3 word die rede gegee waarom ’n mens moet wag en swyg – en moet luister: omdat God se raad wyse leiding verseker. Wat God wil hê, is goed en heilig. In die *Liedboek*-weergawe word egter in elke reël, van 1 tot 4, ’n imperatief gegee. Dus vier imperatiewe ná mekaar (en twee meer in die strofe wat volg) sonder ’n indikatief – sonder die rede waarom dit gedoen moet word, en boonop met dié clichématige verwoording van die imperatief in reël 3: “Maak op Hom staat” (vir hulp en leiding). Hoe lofwaardig ook al die sake wat in dié imperatiewe vereis word, die moraliserende opstapeling is storend. Die liedmaker Wolf Biermann haal die slotreëls van die oorspronklike strofe 2 aan (“ons maak ons las en leed net groter deur ons treurigheid”) en wys ook op die irriterende, “alewige, aanmatigende *jy behoort*” (“Du sollst!”) in baie kerkliedere:

Wir machen unser Kreuz und Leid

Nur größer durch die Traurigkeit ...

Hierdie twee reëls tref my soos ’n weerligstraal, dit ruk my, en deurstraal my wese.

Wir machen unser Kreuz und Leid

Nur größer durch die Traurigkeit ...

Nicht dieses ewig anmaßende Du sollst! Nee, ek geniet elke vertrouensvolle letter wat in dié reëls gesing word, soos die heling van ’n siekte in my gemoed.

(Biermann, in Walter 2013:44, my vertaling)

Die frase “Vertrou gerus op God se raad” in die voorlaaste reël in die 1978-weergawe pla. “Vertrou gerus dié wyse raad” in die weergawe van 1944 is beter. Die twee slotreëls van strofe 1, wat in die *Liedboek*-weergawe ook in strofe 2 herhaal word en as refrein in al die strofes dien, is miskien ’n goeie oplossing. Hier kan dus sterker gevra word waarom “bou” in die eerste strofe in die *Liedboek*-weergawe vervang is met “steun”.

**Strofe 3 (Strofe 7 in EG 369)**

7. Sing, bet und geh auf Gottes Wegen,  
verricht das Deine nur getreu  
und trau des Himmels reichem Segen,  
so wird er bei dir werden neu;  
denn welcher seine Zuversicht  
auf Gott setzt, den verlässt er nicht.

***Sionsgesange* 300 (1948/9),<sup>5</sup> str 6**

Wees bly in God; volg Jesus spore,  
en neem jou plig getrou in ag!  
Dan word uit alles heil gebore,  
wanneer jy biddend daarop wag.  
Wie op die hoë God vertrou,  
die het voorwaar op Rots gebou!<sup>6</sup>

***Psalms en Gesange (Ges 39 1978)* /**

**3. Rig vrolik op Gods weg jou skrede**

en neem jou plig getrou in ag;  
Hy hoor ons *smeek- en dankgebede*  
en seën hul wat biddend wag.  
Wie kinderlik op God vertrou  
het séker nie op sand gebou.

***Liedboek van die Kerk* 575**

*Leef daaglik dankbaar en tevrede*  
en bly op God se wil bedag:  
Hy hoor ons *dank- en smeekgebede*  
en seën ons as ons biddend wag.  
Wie op die Here God vertrou,  
het séker nie op sand gebou.

<sup>5</sup> Vir die eerste uitgawe van *Sionsgesange* het Pastor E Hartwig die vertaling van Gerdener oorge-  
neem en aangepas.

<sup>6</sup> Strofe 1 in die Engelse vertaling van Catherine Winkworth eindig ook met die positiewe stelling:  
“for those who trust God’s changeless love / build on the rock that will not move”.

Die fokus in die slotstrofe en waarop die lied in die geheel afgestem is, is dat 'n mens moet sing en bid, en God met vertroue moet volg – dus “op God se weë moet gaan”. Daarmee saam die etiese perspektief: dat jy jou deel moet doen. Volgens die weergawe in *Sionsgesange* (1948/9) moet ons in Jesus se voetspore volg – dus 'n Christologiese perspektief wat eksplisiet ingebring is.

In al vier gepubliseerde Afrikaanse weergawes het die imperatiewe “sing!” en “bid!” verlore gegaan omdat die Nederlandse vertaling van Abraham Rutgers (1751–1809) gewoon gevolg is: “Treed vrolijk voort op 's Heren wege, neem zijn gebod getrouw in acht”. Dit is 'n wesenlike verlies wat ontstaan het omdat 'n ouer vertaling klakkeloos nagevolg is. In die huidige weergawe in die *Liedboek van die Kerk* is daar 'n verdere verlies: die begrip “volg/navolging” sowel as “God se weg”, asook “en doen getrou jou deel!” het verlore gegaan. Die verwysing na “plig” (“verricht das Deine nur getreu”, strofe 7, reël 2) “ontgrens” die individuele ervaring – dit verruim die persoonlike ervaring van God se betroubare versorging tot 'n opdrag om ook ander te ondersteun (Henkys 2001:233). Volgens die huidige *Liedboek*-weergawe moet die hoorder daagliks dankbaar en tevrede leef en op God se wil *bedag* bly. Daar is geen etiese imperatief, geen opdrag dat die hoorder ook iets moet doen, soos in die oorspronklike teks nie. Die band met die oorspronklike teks is verbreek. Die teks se fokus het verlore gegaan en dit het geen klimaks nie.

Verdere probleme is “smeeke- en dankgebede” in die 1978-weergawe wat in die *Liedboek*-weergawe van 2001 “dank- en smeekegebede” geword het. Die rede daarvoor is ook nie duidelik nie. Die omgekeerde volgorde is teologies gesproke 'n verwatering, want al is dankbaarheid nie alleen van die momentele situasie afhanklik nie, is ons dankgebede tog inniger nadat ons smeekegebede verhoor is. Die lof en dank aan God gebeur nie vanself nie – daar is 'n rede daarvoor (Lohfink 2010:83). Dankgebede is nie 'n vlugtige bysaak voordat die biddende persone opnuut die toevlug tot smeekegebede neem nie.

Die formulering in reël 4 in die 1978-weergawe bevat verder die betreklike voornaamwoord “wat”: “en seën hul *wat* biddend wag”. In die huidige *Liedboek*-weergawe is 'n voorwaarde ingebou: “[Hy] seën ons *as* ons biddend wag”. Teologies is dit 'n verskraling: net *as* ons biddend wag, ontvang ons God se seën. Tekstueel en musikaal is die frase ook 'n verwatering. 'n Ernstige woordtoonprobleem is deur die wysiging teweeg gebring aangesien “as” op die lang noot as “aas” gesing word. Met die sametrekking van “seën” tot “seen”, het die klankverband met die oorspronklike teks se “Segen” op twee lettergrepe verlore gegaan (al staan dit op 'n ander plek in die strofe). Die tweede lettergreep van “se-ën” wat assonansie bewerk het met “*bid-*” en “*-dend*” van “biddend” en die rym en alliterasie van “wat” en “wag” (hul *wat* biddend *wag*), het ook verlore gegaan.

'n Voorstel vir 'n slotstrofe wat die essensiële aspekte van die oorspronklike teks in ag neem én wat die fokus van die lied dra, sou iets soos die volgende kon wees (let op die Oxford-komma ná “bid”). Die laaste frase (word stewig in Gods hand gehou) kan gesien word as die positiewe formulering van “hulle kan weet dat God hul nie sal verlaat nie” – “den verlässt er nicht”. Dié frase is dus nader aan die oorspronklike teks as die blote herhaling van die slotreël van strofe 1 (“nie op sand gebou”). Die frase “Gods hand” kan as argaïes gesien word, maar myns insiens hinder dit nie in dié ou lied nie:

Sing, bid, en gaan op God se weë, en doen getrou wat God ver wag;  
ontvang die Heer se ryke seën, en word vernuwe dag na dag;  
Wie op die Here God vertrou, word stewig in Gods hand gehou.

Die voorafgaande probleme word aangetref op die vlak van inhoud, teologiese begrip, afwyking van die oorspronklike teks, swak woord-toon-verhoudings, woordklank binne die breër klankverband van ’n strofe en die gepaardgaande musikaliteit of gebrek aan musikaliteit.<sup>7</sup> Die probleme in die huidige weergawe – en veral die gebrek aan musikaliteit – kan veroorsaak dat die lied in die keel bly steek. Deur bloot by bestaande vertalings aan te sluit en afwykings van die oorspronklike teks klakkeloos na te volg, kan wesenlike verliese tot gevolg hê, soos in die eerste reël van die slotstrofe gebeur het. Om arbitrêr te verander sonder om die oorspronklike teks en die tekste wat aan die oorspronklike teks ten grondslag lê, of sonder om bestaande vertalings in ag te neem, kan ook ingrypende verliese tot gevolg hê. Die probleme vererger wanneer die resepsiegeskiedenis en “Wirkungsgeschichte” van ’n lied geïgnoreer word. ’n Lied wat gevloei het, kan begin stamp en die eie stem verloor as dit “eietyds” gemaak word. Herder (1783) argumenteer dat ’n gesang van die hart nie dieselfde kan bly as elke vreemde(!) hand na willekeur daaraan verander nie, net so min as wat ons gesigte dieselfde sou bly as elkeen wat verbykom, daaraan sou ruk, pluk, sny en na eie smaak sou verander (Herder, Voorwoord van die *Weimar Gesangboek*, 1783). Mense se kollektiewe himniese en spirituele geheue kan deur ’n bewerking aangetas word. Deur ingrype aan ’n lied kan diegene wat dit eens graag gesing het, daarvan vervreemd raak (selfs al sou hul nie bewus wees van die onderliggende redes vir die vervreemding nie). Ondanks die verliese, het hierdie lied egter steeds ’n inherente krag. Gekoppel aan dit wat in die himniese geheue van mense behoue gebly het, en verbind met die baie treffende melodie, kan dit steeds ’n rol speel in mense se geleefde religie en daartoe bydra om mense in moeilike tye te troos en te bemoedig.

## 4.2 Opname in gesangboeke en gebruik in ander werke

Reeds aan die einde van die 17de eeu is die lied in musikale toewydingsboeke en kerklike gesangboeke opgeneem. Vanaf 1672 verskyn dit in *Praxis Pietatis Melica*, ’n gesangboek wat oorspronklik in 1647 deur Johann Crüger saamgestel is, en wat tot in 1737 ongeveer 50 uitgawes sou beleef. Dit was dus een van die Protestantse Kerk se invloedrykste gesangboeke van dié tyd. Die gesang is benewens die *Geistreiches Gesangbuch* van Johann Anastasius Freylinghausen (1704) ook in talle ander Duitse gesangboeke opgeneem. Dit is in vele tale vertaal en oor die wêreld in gesangboeke opgeneem. Die vertaling van Catherine Winkworth (1827–1878) *If thou but suffer God to guide thee* (1855, 1863) (drie strofes) is gewild in die wêreld van die Engelse kerklied.

Oor die tyd heen is vele melodieë vir die Duitse teks geskryf, maar nie een kon die oorspronklike melodie van Neumark in gewildheid oortref nie. Sy melodie word ook vir vele ander liedtekste gebruik (soos ook in die *Liedboek van die Kerk* 2001) en het ’n sleutelmelodie

<sup>7</sup> Daar moet beklemtoon word dat die meeste van hierdie aspekte in eietydse religieuse liedere geen aandag kry nie. Baie liedmakers wat produseer, het nog nooit van hierdie aspekte gehoor nie. Waar dit in ’n ou lied wel treffend aanwesig is, en waar so ’n lied en ’n vertaling daarvan reeds ’n lang resepsiegeskiedenis agter die rug het, behoort dié eienskappe wel gerespekteer te word. Vanuit ’n outo-etnografiese perspektief (kyk Ellis & Bochner 2000) kan ek getuig dat dit dikwels moeilik is om ’n kommissie wat ’n teks onder die loep neem van die noodsaak van hierdie aspekte te oortuig. Dikwels het die meerderheid van die lede (wat uit verskillende vakgebiede kom) nie so ’n fyn antenna vir byvoorbeeld woordklank nie. Daar is ook nie die tyd beskikbaar vir so ’n gedetailleerde en diepgaande bespreking nie. In ’n artikel soos dié word die lesers uitgenooi om hulle intensief met die teks en die musiek en die verband tussen die twee te bemoei, en te oordeel of die kritiek geregtig is en motiverings vir die teendeel te gee. So word die moontlikheid vir gesprek oor ’n belangrike saak ook oopgehou.

in die Protestantse geloofsliedereskate geword. Dit vorm die basis vir vele orrelvoorspele, onder andere dié van Georg Philipp Telemann (1681–1767) (TWV 1:1593), Johann Sebastian Bach (1685–1750) (BWV 21, BWV 88, BWV 93, asook BWV 197) en Johannes Brahms (1833–1897). Verder is daar kantates van onder meer Felix Mendelssohn Bartholdy (1809–1847) uit 1829 en Bach se kantate BWV 21, soos reeds genoem. Verskeie Suid-Afrikaanse komponiste, onder andere Willem Mathlener (1909–1996), Richard Behrens (1925–2014), Chris Lamprecht (1927–),<sup>8</sup> Marthie Driessen (1934), Jacobus Kloppers (1937–), Niel Pauw (1943–) en Roelof Temmingh (1946–2012),<sup>9</sup> het die melodie in orrelvoorspele gestalte gegee (Van Schoor 2014).<sup>10</sup> Die aantal voorspele dui op die gewildheid van die melodie ook binne die Suid-Afrikaanse konteks.

'n Groot verskeidenheid *preke* op die Duitse liedteks is beskikbaar, soos dié van Reister-Ulrichs (2012:632–637) en Meier (2013). Die sewe strofes van die oorspronklike lied bied voldoende materiaal om binne die *Gattung* “liedpreek” die teks in elke konteks nuut te laat spreek. Die drie strofes van die huidige Afrikaanse teks bied net heel beperkte moontlikhede. Vir Kunz (2016) is die lied 'n uitstekende voorbeeld van 'n *gebed* wat oor die tye heen in mense werk, omdat die taalhandeling (“Sprechakt”) sekerheid gee. Dit het performatiewe krag: dit raai nie net mense aan om iets te doen nie, maar doen dit self ook konkreet. Mense wat die lied sing, bid terselfdertyd – en wie so bid, kom daardeur in God se teenwoordigheid, of “gaan op God se weë”. Diegene wat die lied sing en bid, troos daarmee ander mense – en ook hulself. Die lied neem oor – en dit verander hulle:

Das Lied rät zum Tun und tut gleich, was es rät. Wer es singt, betet, wer so betet, geht auf Gottes Wegen – und ist in der Schar derer, die sich gegenseitig trösten und trösten lassen. (Kunz 2016:246)

Die algemene bekendheid met die lied blyk uit talle klein verwysings daarna – in artikels, in persoonlike getuienisse en selfs op onverwagse plekke soos in koerante en op *Facebook* (kyk weer die bespreking van die teks hier bo).

### 4.3 Die rol van die lied in die Eerste Wêreldoorlog

In die Eerste Wêreldoorlog het die lied vele oorlogsweduwees en -wese getroos. Dit blyk uit die poskaart met die lied wat hier onder afgebeeld word. Regs sit 'n vrou met haar arms om haar kind. 'n Ouer man sit links by die tafel en lees vir hulle uit die Bybel of 'n gesangboek voor. Die aandagtige, gewyde en ingetoë liggaamshoudings is opvallend. Die man kan die vader of grootvader wees, maar dit is waarskynlik die predikant of ouderling wat die vrou en kind met Woord en lied kom vertroos het. Teen die muur is daar drie portrette. In die middel hang 'n portret van 'n soldaat. Die portretraam is versier en 'n medalje hang onderaan die raam. Dit dui daarop dat die soldaat in die oorlog omgekom het – waarskynlik die eggenoot van die vrou en die vader van die kind. Die portret links is dié van Hindenburg en die portret regs dié van keiser Wilhelm II. Die eerste strofe van *Wer nur den lieben Gott lässt walten* – in versierde letters soos dit in die gesangboek afgedruk sou gewees het – is die motto van die

<sup>8</sup> 'n Opname deur Gerrit Jordaan van een van Lamprecht se orrelvoorspele op dié gesang, is beskikbaar by die volgende skakel op YouTube <https://www.youtube.com/watch?v=B1ihzuLsfeQ>

<sup>9</sup> Kyk Lüdemann (2017:96–97) vir 'n interessante bespreking van Temmingh se orrelvoorspel op dié melodie.

<sup>10</sup> Van Schoor verwys na “koraalvoorspel”. Dit moet “orrelvoorspel” wees. Die genre van korale is beperk tot 'n bepaalde tydvak – alle gesange is nie “korale” nie.

poskaart. Die poskaart met die vertroostende teks moes die smart van die oorlog verlig maar het terselfdertyd as propagandamateriaal vir die oorlog gedien. Dit dokumenteer dus ook die nasionale Protestantisme wat in die Duitse Keiserryk geheers het en hoe dié lied ingespan is om dit te bevorder (Fischer 2007/ 2012).



'n Liedposkaart uit die Eerste Wêreldoorlog (geen datum) DVA: LP 443 (Fischer 2007)

#### 4.4 *Wer nur den lieben Gott lässt walten* in rolprente

##### 4.4.1 *Babette's Feast* (1987)

Dié gewilde lied is ook in rolprente gebruik. Die Deense film, *Babette's Feast*, speel af aan die einde van die 19de eeu en gaan oor twee susters in 'n vissersgemeenskap in Jutland, 'n onherbergsame en afgeleë streek aan die Deense kus. Die susters se vader het jare tevore 'n gemeente daar gestig wat gereeld byeenkom om te sing, te bid, uit die Bybel te lees en te praat oor wat hul gelees het. Die twee susters bewys goeie daed aan ander en weerhou hul, soos almal in die gemeenskap, van aardse genietinge. Al veertien jaar bied hulle 'n tuiste aan Babette, 'n jong vrou wat gedurende die revolusie uit Parys gevlug het. Sy kook vir hulle en probeer subtiel die onsmaaklike kos waaraan hulle gewoond is, aptyliker maak. Sy wen die Paryse lotery (die kaartjie het sy sonder die medewete van die susters aan die gang gehou) en besluit om met die prysgeld 'n feesmaal vir die inwoners te berei. Aangesien die genietinge van die vlees teen hul geloofsbeginsele indruis, is die inwoners bekommerd dat hulle die kos dalk sal geniet. Hulle besluit om Babette se opregte uitnodiging aan te neem, maar neem hulle voor om nie haar kos lekker te vind nie. Na dié gesprek sing hulle heel ernstig 'n gesang oor Jerusalem, die ewige woning, waarop hulle die oog gerig moet hou.

Al hulle liedere klink swaarmoedig. Hulle liedere *lewe* nie in hulle nie. Daar is geen vonk nie. Hulle sing met lang gesigte – ook *Wer nur den lieben Gott lässt walten*. “Wie toelaat dat

God hul lewe beheer, sal God se goedheid ervaar ...”. Dit is duidelik dat hulle nie die goeie dinge uit God se hand kan waardeer nie. Hulle begin die maal langtand, soos hulle besluit het, maar Babette se feesmaal oorrumpel hulle. Hulle gee hulself oor daaraan en stel hulself aan mekaar bloot. Dit word ’n sakrament, sy offer haarself aan hulle – en hulle ervaar daardeur God se teenwoordigheid en goedheid in hul lewens. Soos met ’n Nagmaal, ontsnap hulle uit die grense van hul inperking (“lockdown”) en word bevry van die seer wat hulle jare lank met hulle saamdra. Hulle bevry ook mekaar. Aan die einde van die film, ná die groot feesmaal, staan hulle geluksalig onder die blote sterrehemel en sing *mekaar* innig toe: “Vertrou die ryke seën van die hemel – so word alles nuut.” In hul lewens het die lied nuwe betekenis gekry. Hulle sing dit met oorgawe, hulle sing dit uit liefde vir “mekaar” – en dit klink totaal anders as vroeër.

#### 4.4.2 *Vaya con Dios* (2002)

Neumark se lied vorm die onderbou van die Duitse film *Vaya con Dios*, ’n komedie met die subtitel: *Und führe uns in Versuchung* oftewel “En lei ons in versoeking” (*Vaya con Dios*, 2002). Letterlik vertaal beteken “Vaya con Dios”, “Gaan saam met God” – wat eweneens ’n samevatting van Neumark se lied is (Walter 2013:45).

Die laaste drie monnike van die (fiktiewe) Cantorianer-orde – ’n orde wat glo dat God in sang teenwoordig is – vertrek na Italië om hulle orde se “Regula” (reëls) na hulle stamgemeenskap te neem. Hulle moet letterlik hulle weg vind en onderweg vele versoekings weerstaan. Benno, die oudste van die drie, word geboei deur boeke en bemoei hom op ’n akademiese vlak met die betekenis van hulle motto: “Sequere vocem!” (Volg die stem!). Hy laat hom deur ’n Jesuïete-vriend en ’n omvangryke boekeversameling verlei tot ’n lewe gewy aan die wetenskap, en wyk daarmee van die oorspronklike weg af. Om hom terug te wen, woon die ander twee broeders ’n erediens in ’n katedraal by. Daar sit Benno vernaam voor in ’n ry tussen kerkleiers en geleerdes, teenoor die gemeente. Die orrelis word deur ’n vriendin van die broers oortuig om op die laaste oomblik die aangeduide gesang te verander en in te val met *Wer nur den lieben Gott lässt walten*. Die gemeente is eers verbaas, maar stem dan hartlik in. Uit verskillende plekke in die kerk, klink die twee broeders se lied bo die gemeentesang uit. Benno sit eers met ’n strak gesig: hy het sy eie stem verloor. Wanneer hy egter die besondere stem van die jongste monnik bó die gemeente uit herken, kyk hy met verwondering op. Toe hy boonop die stem van die ander monnik herken, kan hy dit nie meer hou nie. Hy breek uit sy begrensing, sy grendeltyd (“lockdown”) en val by hulle in: “Sing, bid, en gaan op God se weë.” Die gemeente is verwonderd en hou geleidelik op sing. Selfs die orrelis hou op speel om te kyk wie so mooi sing. Die belangrike Jesuïete-leier is kwaad: hy besef dat hy die mag verloor het.

Die sang van die broeders herinner Benno aan wat hom dra. Dit laat hom besef dat hy iets het om te bewaar en aan ander oor te dra, ondanks alles wat hom in die biblioteek en in die wetenskap aantrek. Hy vind weer sy stem en word herinner aan dit waaruit sy lewe bestaan. Hy word aangespoor om ondanks alles weer nuwe treë te gee omdat daar ’n gemeenskaplike visie en opdrag is. Woorde en musiek roep dit in herinnering wat lank reeds daar is – dit gee sekerheid en bemoediging in ’n situasie van bedreiging. Die sing van die lied en die uitwerking van die klank dien hier as teken van onderlinge versoening. Daarmee word die siening van hierdie monnike se orde, naamlik dat die Heilige Gees klank is, treffend uitgebeeld. In sang ervaar hulle die Heilige Gees se teenwoordigheid. Reeds in die klooster het hul beleef dat die hemel oopgaan wanneer hulle in gebed en sang verenig was; dieselfde gebeur ook hier in die katedraal. Hulle sang verbind hulle aan mekaar en aan God. Daarmee getuig hulle van hul

geloof. Samesang help hulle om uit hulle individualiteit te breek en *deur die ander* en in *gemeenskap met mekaar* God se weg raak te sien. “Sequere vocem”, oftewel “Volg die stem,” want in sang hoor hulle die stem van hul harte en ook die stem van God. Deur hulle samesang vind die monnike hul bestemming. Hulle sing, bid en gaan verder op God se weg.<sup>11</sup> Deur sang en gebed word grense oorgesteek en word ruimte vir ander geopen. Hierdie gedagte word treffend in beide rolprente uitgebeeld.

## 5. DIE LIED IN MENSE SE GEHEUE OF “GOD SE STEM” KAN MENSE BEVRY

“Met meezingen begint de liefde voor het dichterswoord,” beweer Joyce Roodnat (2020). Ook die oomblikke van skoonheid in die sing van die geloofslid, die oomblikke waar die estetiese ervaring die alledaagse lewe in iets heiligs verander, die oomblik waar sang sakramentele betekenis verkry, verander mense se lewens. Die woorde en musiek van ’n geloofslid spreek van één mens se geloofservaring, maar ander voeg hulle stemme daarby – en dit word die stem van hul hart. Dit word die krag waaruit mense leef. Dit bly selfs diegene wat van hul geloof vervreemd geraak het, by. By die onverwagse aanhoor van ’n geloofslid belewe mense iets van hul kindertyd se *geborgenheid*, iets van die heilige, van God se teenwoordigheid, en vind hulle troos in die *herinnering* aan die geloof wat deur ’n lied na vore gebring word. Die lied verbind mense. Waar mense gemeenskaplik op die geloofslid en op mekaar instem, word God se goedheid en liefde konkreet ervaar. Daarvan getuig die geloofsgemeenskap se sang ná Bette se feesmaal én die sang van die monnike in die katedraal.

Die geloofslid in mense se gesamentlike geheue – God se stem – moet “gestem” gehou word, sodat mense daarop kan instem en daaraan stem kan gee. Ingekerker in die vesting Koburg (vanweë die ban wat oor hom uitgespreek is en wat ook inhou dat hy nie met sy geesgenote na die Ryksdag in Augsburg kon gaan nie) skryf Luther ’n brief aan sy vriend, die komponis Ludwig Senfl, en sê dat die duiwel die oorsprong van sorg en onrus is, maar op die vlug slaan wanneer die klank van musiek gehoor word. Te midde van sy inperking (“lockdown”) ontdek Luther opnuut hoe musiek sy hart rustig en vrolik maak:

Musik allein bringt nach der Theologie das zuwege, nämlich ein ruhiges und fröhliches Herz. Dafür ist ein klarer Beweis, daß der Teufel, der Urheber trauriger Sorgen und beängstigender Unruhen, beim Klang der Musik ... flieht.

(Luther, 1 Oktober 1530, in Aland 1983:219)

## 6. SLOTBESINNING

Die gesang *Wer nur den lieben Gott läßt walten* is geskryf te midde van verlies en lyding. Die skrywer van dié gesang was beroof van al sy besittings behalwe sy gebedeboek en sy “stamboek” wat hom herinner het aan sy en sy familie se band met God. Uit één mens se swaarkry het ’n lied ontstaan wat mense bykans vierhonderd jaar later nog sing en wat hulle steeds kan troos en bemoedig. In ’n donker tyd soos dié, waar mense voel dat die grond onder hulle meegee, kan hierdie lied mense aan vaste grond herinner. Daarin kan mense iets ervaar van ’n vertroude dat God naby is en dat God hóór as mense in die donkerste nag uit die loopgrawe,

<sup>11</sup> Selfs al kyk mens nie die rolprent in die geheel nie, is die hoogtepunt, die toneel van versoening, die kyk werd om die treffende werking van dié lied te ervaar: [https://www.youtube.com/watch?v=AJsTkY\\_rMFk](https://www.youtube.com/watch?v=AJsTkY_rMFk)

uit die ingrensings (“lockdowns”) en uit die skuilings van hul lewens roep. In ’n vorm van geleefde religie, in die ritueel van die sing van hierdie geloofslid en deur die performatiewe krag daarvan, kan mense ontgrens en bevry word om die lewensweg te onderneem terwyl hulle ook na ander uitreik en deur hulle stemme ook ander mense lewensmoed gee.

## BIBLIOGRAFIE

- Aland, K. (Hrsg.). 1983. *Luther Deutsch. Die Werke Luthers in Auswahl. Die Briefe, Bd. 10.* 2. Auflage. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Cillié, G. 1982. Gesang 39. Wie op die Heer vertrou in lyding. In Cillié, *Waar kom ons Afrikaanse gesange vandaan?* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers, pp. 103-105.
- Ellis, C & Bochner, A. 2000. Autoethnography, personal narrative, reflexivity. In Denzin N & Lincoln Y (eds). *Handbook of qualitative research.* 2nd edition. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications, pp. 733-768.
- Evangelisch Lutherische Kirche Deutschlands (EKD). 1993. *Evangelisches Gesangbuch* (EG). Göttingen: Vandenhoeck.
- Fischer, M. 2007/2012. Wer nur den lieben Gott läßt walten. [http://www.liederlexikon.de/lieder/wer\\_nur\\_den\\_lieben\\_gott\\_laesst\\_walten](http://www.liederlexikon.de/lieder/wer_nur_den_lieben_gott_laesst_walten) [20 September 2020].
- Frank, J. 2019. Die Kirche in der Existenzkrise. *Kölnische Rundschau*, 21 Februarie 2019 [in Mawick, 21 Februarie 2019].
- Henkys, J. 2001. Wer nur den lieben Gott läßt walten. In Becker, H-J. u.a. (Hrsg.). *Geistliches Wunderhorn. Große deutsche Kirchenlieder.* München: Beck, pp. 231-238.
- Herder, JG. 1783. *Neu eingerichtetes Sachsen-Weimar-Eisenach- und Jenaisches Gesang-Buch (...)* Jetzt neu übersehen und mit einer Vorrede begleitet von Joh. Gottfr. Weimar: Herder.
- Interkerkelyke Stichting voor het Kerklied (1973/1994). *5 Liedboek voor de Kerken.* Zoetermeer: Boekencentrum.
- Jahn, C. 2016. Wer nur den lieben Gott lässt walten – Lied 369. In *Liederkunde zum Evangelischen Gesangbuch*, Nr.22. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, pp. 63-70.
- Kunz, R. 2016. “Sing, bet und geh auf Gottes Wegen.” Spuren einer reformierten Eucharistie. In Dalferth, IU & Peng-Keller S (Hg.). *Beten als verleblichtes Verstehen. Neue Zugänge zu einer Hermeneutik des Gebets.* Freiburg/ Basel/ Wien: Herder, pp. 246-277.
- Lohfink, G. 2010. *Beten schenkt Heimat. Theologie und Praxis des christlichen Gebets.* Freiburg: Herder.
- Lüdemann, W. 2017. Roelof Temmingh’s music for organ. *Vir die Musiekleier*, 37:68-99.
- Marti, A. 1987/88. “Wer nur den lieben Gott lässt walten” – ein Rest modaler Melodiebildung? *Jahrbuch für Liturgik und Hymnologie*, 31. Bd. 1987/88, 109-115.
- Martini, B & Marti, A. 2004. Wer nur den lieben Gott lässt walten. In Bernoulli, PE. u. a. (Hg.). *Ökumenischer Liederkommentar zum Katholischen, Reformierten und Christkatholischen Gesangbuch der Schweiz.* Lieferung 3. Zürich: Theologischer Verlag Zürich, pp. 109-115.
- Marti, A. 2012. Wer nur den lieben Gott läßt walten, RG 681. Ein Lied der Kernliederliste. *Musik und Gottesdienst*, 66:228-231.
- Mawick, R. 2019. Facebook. 21-02-2019. [https://www.facebook.com/permalink.php?story\\_fbid=776558072725435&id=100011137484990](https://www.facebook.com/permalink.php?story_fbid=776558072725435&id=100011137484990) [20 September 2020]
- Meier, U. 2013. Sonntag, 17. November 2013 “Wer nur den lieben Gott lässt walten”. [https://www.fraumuenster.ch/download/jahresuebersicht/2013/13\\_11\\_10\\_Urs\\_Meier.pdf](https://www.fraumuenster.ch/download/jahresuebersicht/2013/13_11_10_Urs_Meier.pdf) [3 April 2021].
- Nederduitse Gereformeerde Kerk en Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *Psalms en Gesange* 1944. Die Evangeliese Gesange om saam met die berymde Psalms by die openbare erediens gebruik te word. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Bybelvereniging.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk en Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *Psalms en Gesange* 1978. Die Evangeliese Gesange om saam met die berymde Psalms by die openbare erediens gebruik te word. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Nederduitse Gereformeerde Kerke en Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2001. *Liedboek van die Kerk.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

- Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1948/1949. *Sionsgesange*. Worcester: NG Sendingkerk in Suid-Afrika.
- Roodnat, J. 2020. Wachten op tram 3 met wat poëzie. NRC Handelsblad 23 September 2020. <https://www.nrc.nl/nieuws/2020/09/23/wachten-op-tram-3-met-wat-poezie-a4013238> [24 September 2020].
- Reister-Ulrichs, M. 2012. *Wer nur den lieben Gott lässt walten* (EG 369) – Lieder predigen. *Pastoralblätter*. September 2012:632-637.
- Roth, U. 2013. Gottesdienstgefühle. In Charbonnier, L. Mader, M & Weyel, B. (Hg). *Religion und Gefühl: Praktisch-theologische Perspektiven einer Theorie der Emotionen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Trunz, E. 1986. "Wer nur den lieben Gott läßt walten." Georg Neumarks Lied und seine Entstehung in Kiel. *Jahrbuch für Liturgik und Hymnologie*, 30:49-65.
- Van Schoor, J. 2014. Die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika en die ontwikkeling van die koraalvoorspel as 'n genre met 'n omvattende katalogus. 'n Mini-verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die MMus-graad. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Walter, M. 2013. Wer nur den lieben Gott lässt walten. In Walter, "Sing, bet und geh auf Gottes Wegen ..." *40 neue und bekannte geistliche Lieder erschlossen*. Freiburg: Herder, pp. 45-48.
- Weyel, B. 2014. Practical Theology as a hermeneutical science of lived religion. *International Journal for Practical Theology*, 18(1):150-159.
- Video: Wer nur den lieben Gott läßt walten from *Vaya con Dios*: [https://www.youtube.com/watch?v=AJsTkY\\_rMFk](https://www.youtube.com/watch?v=AJsTkY_rMFk).

# Die Antroposeen en historiese bewussyn<sup>1</sup>

*The Anthropocene and historical consciousness*

“The Anthropocene could be the end of nature, but it is far from the end of history.”  
(Uhrqvist, 2014)

**JOHANN TEMPELHOFF**

Departement Geskiedenis  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroom  
Suid-Afrika  
E-pos: Johann.Tempelhoff@nwu.ac.za



Johann Tempelhoff

**JOHANN TEMPELHOFF** is ’n buitengewone professor in Geskiedenis aan Noordwes-Universiteit. Benewens voortgesette transdissiplinêre navorsing op die omgewing en watergeskiedenis, is hy verantwoordelik vir Noordwes-Universiteit se Suid-Afrikaanse Watergeskiedenis Argief-bewaarplek (SAWGAB).

**JOHANN TEMPELHOFF** is an extraordinary professor in History at North-West University. Besides his research on the Environment and Water History, he is also responsible for North-West University’s South African Water History Archival Repository (SAWHAR).

## ABSTRACT

### *The Anthropocene and historical consciousness*

“*Anthropocene*” has been trending in environmental circles since the onset of the new millennium. It first caught public attention when scientists used it to describe the human impact on Earth’s biosphere. Soon, also a lively discussion started amongst environmentalists perturbed by the destruction of earth’s biosphere, because of human induced climate change. In the field of environmental and earth sciences there followed a strong initiative for a new geological epoch called the “*Anthropocene*”. It implied that the current scientific stratigraphic dating system of the Earth requires revision. Humankind is said to have disrupted the global support system of life on planet Earth to the extent that we are heading for an imminent disaster.

<sup>1</sup> Hierdie artikel is gebaseer op ’n voordrag wat op 12 September 2019 tydens die jaarlikse konferensie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in Pretoria aangebied is. Die skrywer is dank verskuldig aan proff. Kobus van der Walt, Elise Tempelhoff, Albert van Jaarsveld en dr Bridget Bushell-Theron, wat by die lees en taalversorging, betrokke was.

#### Datums:

Ontvang: 2020-07-15

Goedgekeur: 2021-04-03

Gepubliseer: Junie 2021

*Resource scarcity, environmental destruction and climate change are considered as the symptoms of these human activities.*

*In the early phase of the emergent public discourse the pronounced human ecological footprint was said to have started with the onset of the eighteenth century's British Industrial Revolution. By the early 2000s scientists, activists and politicians warned we were heading towards an imminent crisis. The large-scale extermination of many living organisms was said to have pointed directly to human resource over-consumption. Humankind has now left a profound imprint on geological processes that previously were shaped only by nature.*

*Geologists have not yet reached consensus on an "Anthropocene epoch". One group views climate change as a natural process. Working in strictly demarcated parameters of so-called "golden spikes" registering in sophisticated geoscientific classification hierarchies, many are critical of collaboration with non-geological scientists. They insist that traces of the "human footprint" in most parts of the planet, do qualify as indicators of a new geological epoch.*

*Several geoscientists have come out in support of the idea of an Anthropocene epoch. An outstanding feature of their approach to geoscience has been to integrate the field into comprehensive interdisciplinary study groups focusing on the effects of human activities on earth. Geological sciences, they insist, should now focus more on the present. The focus of working on the past – primarily on Earth's history "before humankind" – should shift to the present and the imminent future.*

*In 2018, the International Commission on Stratigraphy (ICS) rejected a proposal for the formalisation of the Anthropocene by a specialised Anthropocene Working Group (AWG). Yet, the debate continues in the International Union of Geological Sciences (IUGS). It may take several years before the Anthropocene epoch is formally accepted.*

*In the discipline of History, the discussion on the Anthropocene implies that the natural and social/human sciences should move forward towards a new historical consciousness of a distant past and explore contemporary history with a view to the future. There have been several calls for a more integrated endeavour and ethical self-consciousness for contemplating Earth's past, present and future.*

## **SUMMARY OF CONTENT**

*This brief overview concerns the origins of the concept "Anthropocene" at the start of the new millennium in the 2000s. The reader is familiarised with definitions of the term and its use by the Nobel Laureate, Paul Crutzen. The word Anthropocene, first coined in 1922 by Russia's Aleksei Pavlov (1854–1929), forms part of Crutzen's assessment of Teilhard de Chardin and Vernadsky's conception of a noosphere that emerged in the 20th century as an impressive assemblage of integrated knowledge.*

*Crutzen's discontent with the term "global change" in the field of atmospheric science, sparked off a discussion on the new "Anthropocene epoch" in international science institutions. Simultaneously, global society, especially environmental activists, started using the term to describe the profound changes in Earth's natural systems as a result of rapid human-induced disruptions of natural systems. The United Nations Organisation created an awareness among its member states on a critical phase of human-induced change on planet Earth. Of growing concern was global climate change, pollution, and the destruction of Earth's life-sustaining natural ecosystems.*

*The positive mainstream response to the Anthropocene as a new terminological twist in the discourse, had its origins in the 1960s when environmental awareness flourished primarily in Western democracies in all parts of the world. Mounting fears, inter alia, about fossil fuel*

that induced acid rain, causing respiratory problems for plants and humans living in urban industrial complexes all over the planet contributed to a sense of environmental awareness. Therefore, the subsequent call for an Anthropocene epoch, came at a time when globalisation and modern communications systems had extended at exponential rates in all parts of the world. Aware of waste accumulation, air pollution and anthropogenic destruction of ecosystems, mainstream global human society readily embraced the idea of the Anthropocene as a moral commitment to the environment. However, in academia, the concept was slow to gain traction. Despite several preliminary forays on the topic, the first comprehensive geosciences research on the Anthropocene only emerged in the 2010s. That was after the International Union of Geological Sciences (IUGS) and the International Commission on Stratigraphy (ICS) established an Anthropocene Working Group (AWG) to explore the idea of a new epoch – one which had the potential to factually verify the end of the Holocene in the comprehensive field of geosciences.

The institutional politics of engagement between a mature “establishment” and a group of courageous and well-informed mavericks and their growing support base in other disciplines, sheds light on a creative research phase in many academic circles. There is evidence of interaction, multi-faceted and transdisciplinary research, as well as a pronounced shift in making use of history – in the context of the past, the present and even the future – to develop complex and advanced database modelling systems to make new assessments and predictions.

But obstacles remain. In 2018 the ICS declined a request for the approval of the Anthropocene as a new geological epoch. Yet, supporters of the new “epoch” remained determined to persevere in the realisation of their objective.

By engaging with experts in a variety of natural and social/human sciences, a new and mainly younger generation of geoscientists gained valuable ethical insights. In many cases they have not been over-eager to summarily accept new trends and potentially “spurious” thinking on long held views of earth’s intrinsic history. The lively ongoing debate has attracted more participation of researchers working beyond the natural sciences to explore the Anthropocene as a comprehensive expression of an undesirable human domination and wanton destruction of Earth’s biodiversity. There are indications of cross-fertilisation in advanced thinking on the Anthropocene in a variety of disciplines.

In terms of history and its philosophy, a sense of cohesion in the natural sciences and social/human sciences has emerged from collaborative thinking about the Anthropocene. In the discipline of History there is a keen awareness of the need to explore new methodologies, but a collective historical consciousness remains problematic. For example, historians working in the field of hermeneutics acknowledge their limitations of insight into emergent views on the history of nature. Their historical consciousness is often too confined to customary knowledge of specific human cultures and places. However, there are indications of far more comprehensive forays into incorporating new ideas in the natural sciences.

Several well-informed historians have promoted the need for the reconsideration and relevance of current source materials and existing methodologies. JR McNeill, for one, recently called on a new generation of historians to focus on an array of new technologies and ideas previously inaccessible to historians, to shed light on the past and the present in exploring the Anthropocene.

**KEYWORDS:** Anthropocene epoch; Holocene; stratigraphy; climate change; International Commission on Stratigraphy (ICS); Anthropocene Working Group (AWG); historical consciousness; sixth extinction; geosciences; natural sciences; social and human sciences; technology

**TREFWOORDE:** Antroposeen-epog; Holoseen; stratigrafie; klimaatsverandering; Internasionale Kommissie vir Stratigrafie (IKS); transdissiplinariteit; Antroposeen Werkgroep (AWG); historiese bewussyn; sesde uitwissing; geowetenskappe; natuurwetenskappe; sosiale en geesteswetenskappe; tegnologie

## OPSOMMING

Sedert die vroeë 2000's het die "Antroposeen" 'n gonswoord geword waarvan natuur- en menswetenskaplikes asook die breë samelewing kennis geneem het. 'n Voorgestelde klassifisering van 'n "Antroposeen-epog" in die geologiese stratigrafie van die planeet, beteken dat die huidige geologiese stratigrafiese tydsindeling uitgebrei word. In werklikheid word verklaar dat meer dissiplines selfs buite die natuurwetenskappe, nodig is om kennis te neem van die toenemende mensgedrewe vernietiging van die aardse ondersteuningstelsel wat lewe onderhou. Hulpbronskaarsheid, omgewingsvernietiging en klimaatsverandering is die gevolg van die mensdom se ekologiese voetspoor. Daar word aanvaar dat vooruitgang en ongebreidelde ekonomiese groei nie volhoubaar is nie. Die toenemende uitwissing van endemiese plant- en dierspesies dui regstreeks op die antropogeniese oorbenuiting van menslike hulpbronne. Die mensdom word tans selfs as die agent van omvangryke geologiese verandering uitgesonder – vandaar die gebruik van die term "Antroposeen".

Geowetenskaplikes het nog nie konsensus oor die Antroposeen bereik nie. Een groep reken klimaatsverandering is bloot 'n natuurlike proses. Heelwat is krities teenoor die potensiële waarde van samewerking met wetenskaplikes in ander vertakkings van die natuur- en menswetenskappe. Hulle is huiwerig om, sonder die nodige bewysgronde, veranderinge van "sogenaamde nuwe insigte" in die breër raamwerk buite hul spesialiteitsterreine te aanvaar.

Op hul beurt meen Antroposeen-voorstanders die tyd is ryp vir die aaneenskakeling van geowetenskappe by ander natuur- en menswetenskappe. Ten spyte van omvattende internasionale media-publisiteit en akademiese navorsingswerk, het die Internasionale Kommissie vir Stratigrafie (IKS) in 2018 die voorstel vir 'n nuwe "Antroposeen-epog" deur 'n spesialis Antroposeen Werkgroep (AWG) van die hand gewys. Die werkgroep het juis in opdrag van die kommissie gewerk. Die debat duur egter voort in die Internasionale Unie van Geologiese Wetenskappe (IUGW). Dit mag etlike jare duur voordat die Antroposeen as epog erken word.

In Geskiedenis as dissipline, beteken dit dat 'n nuwe historiese bewussyn ontwikkel, waarin vereis word dat die gesprek oor die Antroposeen natuur- en menswetenskappe betrek. Daaruit moet 'n etiese selfbewussyn ontspring om verantwoordelik oor die aarde se verlede, hede en toekoms te besin.

## INLEIDING

Die menslike spesie, *Homo sapiens*,<sup>2</sup> word tans verbind met langtermynskade wat op Aarde aangerig word – 'n planeet wat sowat 4.6 miljard jaar gelede in ons sonnestelsel ontstaan het (Spier 2015:50-51). Trouens, wetenskaplikes meen dat die mens die hoofrolspeler geword het in 'n planetêre drama – die "Antroposeen-epog" (Schimelpfenig 2017:821-1081). Alles word gekoppel aan die globalisering van die planeet, tussen 120 000 en 150 000 jaar gelede – nadat opeenvolgende menslike migrasies uit Afrika op al sewe kontinente gevestig het (Sachs

<sup>2</sup> Gesien teen die agtergrond van die ontstaan van die aarde, sowat 4.6 miljard jaar voor die hede, is ons spesie, *Homo sapiens*, betreklik jeugdig. Ofskoon ons ontstaan breedweg 6 miljoen jaar terugdateer, word ons "eie" subspesie tans op sowat 300 000 jaar gereken.

2020:32-40). Sedertdien dui die antropogeniese voetspoor volgens omgewingswetenskaplikes op nalatige rentmeesterskap. *Homo sapiens* word tans gereken as die spesie wat, tot dusver, die meeste vernietiging op aarde aangerig het.

In apokaliptiese terme word gepraat van die onomkeerbare skade wat berokken is (Steffen *et al.*, 2018:8252-8259). Juis daarom bestaan die behoefte om van die Antroposeen te praat. Die mens (Gr. *Antropos* = mens), moet daarop bedag gemaak word dat die Aarde tans op 'n groot uitwissing afstuur – 'n verskynsel wat tot dusver nog net vyf keer tevore in die afgelope 540 miljoen jaar plaasgevind het (Schneiderman 2017:180). Vorige uitwissing was die gevolg van natuurlike gebeure. Nou word die mens regstreeks vir die vernietiging verantwoordelik gehou (Ceballos *et al.* 2015:1400253). Gemeet aan die bykans statiese toestand van ons naburige Maan sedert 1800, verklaar astronome dat geen veranderinge, soortgelyk aan dié op aarde, in ons sonnestelsel tot op die hede plaasgevind het nie (Spier 2015:215).

In die bespreking wat volg, word aandag gegee aan: enkele definisies van die Antroposeen; die oorsprong van die begrip; en die rol van die Nobelpryswenner, Paul Crutzen, om die idee tuis te bring. Verskeie internasionale wetenskaplike organisasies is aktief betrek by die verspreiding van die boodskap oor die “epog van die mens”. Nadat die begrip in institusionele geologiese kringe bespreek is, het 'n fase van interne kennisname gevolg voordat formeel daarop gereageer is. In die bespreking wat volg, word die aktiwiteite van die Antroposeen Werkgroep (AWG) belig teen die agtergrond van botsende sienings tussen 'n nuwe geslag geowetenskaplikes en 'n gevestigde “establishment” aan die stuur van die regulering van 'n gesaghebbende wetenskaplike ondersoek op die aardse chrono-stratigrafiese opeenvolgingsproses. Ook word aandag gegee aan interne geowetenskaplike twispunte, die verwerping in 2018 van die “Antroposeen” en die respons van 'n groep geowetenskaplikes wat oor 'n spektrum van dissiplines saamwerk om steeds die Antroposeen as epog in die globale geologiese geskiedenis te vestig. In die laaste afdeling word oor historiese bewussyn besin en die wyse waarop die geskiedenis as dissipline by die Antroposeengesprek betrek word.

## **DIE TERM “ANTROPOSEEN”**

Daar bestaan verskeie definisies van die Antroposeen. Die wetenskapshistorikus, Uhrqvist, beskryf die term as 'n etiket wat gelyktydige beskrywings gee van: aaneengeskakelde aardsisteme; probleme wat uit globale verandering voortspruit; en die noodsaak vir 'n nuwe etiek van menslike rentmeesterskap ten opsigte van die planeet (Uhrqvist 2014:1). In die geleedere van 'n nuwe geslag geowetenskaplikes bestaan die behoefte om die eietydse geskiedenis van die aarde van naderby te verken. Vir hulle is die Antroposeen 'n epog wat op die hede betrekking het – 'n tyd waarin die mens se impak op die aardoppervlakte, atmosfeer, biosfeer en hidrosfeer globaal manifesteer. Die intensiteit van die impak, so word gewaarsku, is besig om toe te neem (Finney & Edwards 2016:6). In 2017 het die Antroposeenwerkgroep (AWG), die term as volg gedefinieer: Stratigrafies reflekteer die Antroposeen op die mens as dominante faktor wat deur bepaalde optredes kragte ontketen, wat vir sinchroniese verandering in bykans al die aardsisteme verantwoordelik is (Zalasiewicz *et al.* 2017b:208).


Wat in 2001 begin het as 'n natuurwetenskaplike gesprek oor globale klimaatsverandering in die geo- en biosferiese wetenskappe, het binne twee dekades 'n gewilde navorsingsagenda in 'n magdom wetenskaplike dissiplines geword. Gespesialiseerde tegnologiese en natuurwetenskaplikes, asook sosiaal- en geesteswetenskaplikes het betrokke geraak. Danksy toenemende multi-, inter- en transdissiplinêre (MIT) samewerking het 'n breë grondslag van wetenskaplike kennisvorming posgevat. Die probleem is dat die Antroposeen, met goeie reg, deur vakgerigte geowetenskaplike kundiges teengestaan word. Hulle redeneer dit is nouliks

moontlik om sonder meer oor ’n “nuwe tydvak van die mens” aannames en uitsprake te maak (Walker *et al.* 2019b:173-186). Bewysgronde word vereis vir die geo-chronologiese beginpunt van die Antroposeen – soortgelyk aan byvoorbeeld die “iridium-neerslag”<sup>3</sup> wat as beginpunt vir ’n “nuwe” stratigrafiese tydsafbakening kan dien (Finney 2013:23-28).

Ondersteuners van die Antroposeen stem saam. Daar moet aan die omvattende formele vereistes van die Internasionale Kommissie vir Stratigrafie (IKS) voldoen word. Die redenasie is dat die oorhoofse Internasionale Unie van Geowetenskappe (IUGW) dan die nuwe epos formeel sal erken (Bohle & Bilham 2019; Zalasiewicz *et al.* 2017a:289). Een knelpunt is dat geowetenskaplikes wat die Antroposeen steun, sommige bestaande konvensies, soos die vereiste van “onbetwisbare” voorstellings van stratigrafiese neerslae, bevestigte. Hulle meen trouens dat die teenswoordige menslike voetspoor deel van ’n nuwe geowetenskaplike tydsraamwerk is. Buitestanders vind dit ironies dat die geologiese wetenskappe, wat sedert die 1840’s wêreldwyd ’n sterk afgebakende studieterrrein geword het, destyds kennis geneem het van gefossileerde plante en diere wat miljoene jare terugdateer. Daarvolgens is opeenvolgende rotslae en prosesse van sedimentering in die aardkors gedateer (Spier 2012:50). Nou het kontemporêre antropogeniese afsettings ’n strydpunt in die gesprek oor stratigrafiese datering geword. Desondanks weier konvensionele geowetenskaplikes steeds om die mens – tans die mees dominante dierspesie op aarde – sonder meer in die geowetenskaplike klassifikasiesistelsel op te neem.

## DIE ANTROPOSEEN IN DIE AKADEMIESE MILIEU

Die groei in die gewildheid van die term “Antroposeen” is opvallend (Steffen *et al.* 2011:843). ’n Analise van 6 016 trefslae waarin “Antroposeen” in beide die natuur- en menswetenskappe, tussen die jare 2001 en 9 April 2021 in die databasis van Web of Science gebruik is, dui op ’n steeds toenemende groeitrajek in die navorsingsmilieu van ’n groot spektrum van mens- en natuurwetenskappe. Die meegaande diagram reflekteer die toename.



**Tabel 1:** *Tendens van toename in die 6 016 publikasies wat die Antroposeen as term in akademiese publikasies wat tussen Januarie 2000 – 9 April 2021 in die Web of Science-databasis gebruik is (Clarivate 2021).*

<sup>3</sup> Iridium (Ir) is ’n veelkleurige komponent van die platinumgroep metale wat op die periodieke tabel (77) aangedui word, en ’n besondere weerstand teen verwerking het. Vandaar die Engelse benaming, “golden spike”.

In die eerste vyf jaar sedert 2001 is daar duidelike fases van: kennisname (Anon 2001), toepassings (in bv. waterstudies) (Meybeck 2003); en sistemiese kritiek (Ruddiman 2003). Vanaf die 2010's het 'n golf spesialisverslae oor die Antroposeen die lig gesien (Gale & Hoare 2012; Haff 2010; Zalasiewicz *et al.* 2011b). Die gesprek het ook verbreed. Uit heelwat dissiplines is verslag gelewer oor kennisname, deelname en toepassing. Vanaf 2015 dui die trajek op voortgesette groei. Ondanks die globale SARS-Cov2-pandemie, sedert Februarie 2020, is 1 381 artikels net in 2020 gepubliseer. Die weiering van die Internasionale Kommissie vir Stratigrafie (IKS) om in 2018 die Antroposeen te erken, het nie steun vir die konsep laat taan nie. Trouens, reeds in 2019 tot op hede het die getal publikasies onverpoos toegeneem.

## Oorsprong van die term

Die Russiese geoloog en paleontoloog Aleksei Pavlov (1854–1929) was die eerste om die term Antroposeen in 1922 te besig. Hy het daarvan gebruik gemaak in sy tipologisering van die “teenswoordige tyd”. Daarná is nouliks in die literatuur na die term verwys. In die Weste het geoloë oënskynlik van die term kennis geneem, maar nie gebruik nie. Trouens, Crutzen, die eerste Westerse wetenskaplike van statuur om die Antroposeen in die 21ste eeu te promoveer, het daarop gewys dat sy gebruik van die woord “Antroposeen” aan die idees van Piere Teilhard de Chardin (1881–1955) en Vladimir Vernadsky (1863–1945) ontleen is. Dit was gesetel in die vroeë 20ste-eeuse waarneming van 'n sogenaamde “noösfeer” – 'n tydvak van 'n omvattende “nuwe wêreld van denke” en ideë-disseminasie in die wetenskappe (Crutzen *et al.* 2016:211). Op sigself was die noösfeer, (die koppeling van menslike denke en die biosfeer), 'n tydsgewrig waarin die totale wetenskaplike kennis van die voorafgaande drie eeue hersien is. Daardeur is die stimulasie van menslike breinkrag van die nodige toerusting voorsien om 'n “eie toekoms en milieu” te skep waarvan die aardse biosfeer 'n wesentlike deel uitmaak.

Teen die einde van die 20ste eeu was die tyd ryp vir die gebruik van die term “Antroposeen”. Die sameloop van omstandighede en gebeure het daarop gedui dat in baie dissiplines verandering aan die orde was. Historici het byvoorbeeld reeds in die 1990's, op grond van ontwikkelinge in die natuurwetenskappe en die geskiedenis van globalisering in die ekonomiese wetenskappe (Berg *et al.* 2016:476), verklaar dat die bestaande benadering tot die dissipline 'n andersoortige historiese bewussyn vereis (Christian 2011a:353-365; Christian 2018a:17). 'n Sterk saak is uitgemaak vir die terugkeer na universele geskiedenis wat uit die 18de-eeuse Verligting dateer (Christian 2010:6-27). In ander sosiale wetenskappe het soortgelyke tendense van toenemende determinisme gemanifesteer.

Die Antroposeen is klaarblyklik in die Verenigde State van Amerika reeds in die 1980's gebesig. 'n Akademiese dwaalstorie het lank die ronde gedoen dat die bioloog, Eugene Stoermer (1933–2012), in gesprekke met sy studente oor die “Antroposeen” gesels het (Trischler 2013:5). As navorser van varswaterdiatome het hy van die toenemende suurgehalte en verhitting van die wêreld se oseane kennis geneem en dit met die Antroposeen vereenselwig (Haraway *et al.* 2016:539). Hy was ook besorg oor kubernetiese projeksies van navorsers aan die Massachusetts Instituut vir Tegnologie (MIT) (Revkin 2011) oor versnelde ontwikkeling en die onvolhoubare groei van die wêreldbevolking (Meadows *et al.* 1972). In 'n verslag van die groep (in opdrag van die Klub van Rome) (Schmelzer 2017:26-48) is benadruk dat die globaliserende state van die wêreld daarop bedag moes wees dat natuurlike hulpbronne skaarser gaan word. Menslike bevolkingsgroei, só is voorspel, het groot gevare vir die toekomstige wêreld ingehou.

Stoermer se begrip van die Antroposeen is daadwerklik deur die omgewingswetenskappe beïnvloed. 'n Nuwe generasie wetenskaplikes het sedert die 1950's toenemend ekologiese

studies en interdisiplinêre navorsing gedoen (Baratta 2016:301-324). Gerekende omgewings-aktiviste, soos Rachel Carson (1907–1964) (Carson 1962), Murray Bookchin (1921–2006) (White 2008:3-6) en Stuart Brand (1938) (Kendall 2012:65-71), het omgewingsbewustheid bevorder. Die tydsgees van die 1960's is gekenmerk deur sterk sosiaal-ideologiese denke, soos vroue- en menseregte asook steun vir nieu-marxisme in oorwegend kapitalistiese Westerse state. Die doelwit was om demokrasie meer verteenwoordigend van alle mense te maak (Fisher-Vanden 1997:1-3; Maeckelbergh 2011:301-332). Die fokus op die omgewing het deel van die oop gesprek in sosio-ekonomiese en politieke kringe in baie lande van die wêreld geword. Selfs nuwe “groen” politieke partye het vanaf die 1970's heelwat steun in Westerse demokrasieë gewen (Brooke 2014:Hoofstuk 13; Gahrton 2015:32-65).

Die wetenskap het in die 1960's baat gevind by ontwikkelinge in rekenaartegnologie. Onder meer is begin om groot oseanografiese en atmosferiese databasisse saam te stel om globale klimaatpatrone te bestudeer. Klimaat het spoedig 'n wetenskaplike onderwerp geword om ook die planetêre stelsel verder na te vors (Hamilton 2019a: 239). Daar was toenemend internasionale samewerking. Die Internasionale Raad van Wetenskaplike Verenigings (IRWV),<sup>4</sup> het in 1969 'n Wetenskaplike Komitee oor die Probleme van die Omgewing (WKPO)<sup>5</sup> gestig (Uhrqvist 2014:10-11). Teen die 1970's was klimaatsverandering deel van die groterwordende gesprek (Headrick 2019:44). In 1986 is die Internasionale Geosfeer-Biosfeer Program (IGBP)<sup>6</sup> tydens die tiende uitvoerende komiteevergadering van die IRWV opdrag gegee om oor die toekoms van die planeet te besin. Wetenskaplikes het nou daarvan werk gemaak om al die natuurlike sisteme van die Aarde as een gekonnekteerde geheel te sien. Vanselfsprekend is daar oor dissiplinêre grense saamgewerk. Met behulp van die IGBP het wetenskaplikes veral gefokus op strategieë om hul navorsing onder die aandag van politici te bring. Nuwe wetenskaplike insigte oor die omgewing en die geo-, bio-atmosfeer het spoedig in die beleidsformulering van moderne state neerslag gevind. Die Inter-Regeringspaneel oor Klimaatsverandering (IRPKV)<sup>7</sup> het in 1989 tot stand gekom om die state van die wêreld op klimaatsverandering bedag te maak (Chakrabarty 2018:8). Teen die 1990's het die IGBP op dissiplinêre sintese en samewerking gefokus. Die aksent was op hoe die mens die omgewing verander (Anon. 2015).

Teen hierdie agtergrond het die Antroposeen gestalte aangeneem.

## Die rol van Crutzen

In 2000 het Paul Crutzen, 'n Nobelpryswenner in atmosferiese chemie (1995) (Crutzen *et al.* 2016:43-44), tydens 'n konferensie van die IGBP in Meksiko, op die ingewing van die oomblik die term “Antroposeen” gebruik. Hy was betrokke by 'n oop gesprek en duidelik nie meer tevrede met eufemistiese beskrywings van klimaatsverandering nie. Kortom: die mens is verantwoordelik vir die krisis, het hy verklaar. Crutzen was vas van voorneme om die mens sentraal in die gesprek oor die toekoms van die planeet te plaas. Hy het spoedig met Stoermer geskakel en in dieselfde jaar het hulle gesamentlik in 'n uiteensetting van die Antroposeen 'n gesaghebbende publikasie die lig laat sien (Veiga da Cunha 2014:vi; Zalasiewicz *et al.* 2019:2). Die boodskap was bondig: Die geskiedenis van die Aarde verkeer in 'n fase van oorgang na

<sup>4</sup> International Council of Scientific Unions (ICSU).

<sup>5</sup> Scientific Committee on Problems of the Environment (SCOPE).

<sup>6</sup> International Geosphere Biosphere Programme (IGBP).

<sup>7</sup> Intergovernmental Panel and Climate Change (IPCC).

'n post-Holoseen-epog; die waarskynlike nuwe epog verskil van die voorafgaande Plio- en Holoseen; en, die mens is regstreeks verantwoordelik vir die proses wat globaal afspeel (Crutzen & Stoermer 2000:17-18).

In dieselfde jaar het Crutzen en Ramanathan in 'n verdere artikel in *Science* verklaar:

(T)he environmental expansion of human activity has jolted Earth into a new geological era, the 'Anthropocene'. (Crutzen & Ramanathan 2000:303)

Volgens Crutzen het die mensdom nagelaat om 'n bestekopname van sy ekologiese voetspoor te maak. Sy doelwit was om die Antroposeen as geologiese epog verklaar te kry en daardeur die mens regstreeks aan klimaatsverandering te koppel.

## INTERNASIONALE SKAKELING EN ORGANISATORIESE OPNAME

In 2001 het die IGBP in samewerking met verskeie internasionale navorsingsgroepe, soos die Internasionale Mensdimensieprogram (IMDP),<sup>8</sup> die Wêreld Klimatnavorsingsprogram (WKNP)<sup>9</sup> en DIVERSITAS, 'n internasionale navorsingsprogram oor biodiversiteit, in Amsterdam vergader. Daaruit is die Amsterdam-verklaring gebore waarin verklaar is dat antropogeniese magte gelykstaande geword het aan die grootste natuurkragte. Verandering is besig om teen 'n ongekende tempo plaas te vind. Ondertekenaars van die verklaring het 'n beroep gedoen vir die ontwikkeling van 'n etiese raamwerk vir die menslike rentmeesterskap van die planeet. Ondertekenaars het hul steun toegesê aan 'n nuwe globale omgewingswetenskap (Moore III *et al.* 2001).

In dié tyd het geowetenskaplikes ook met gesprekke begin. Ofskoon die term Antroposeen in wetenskaplike publikasies toegeneem het, is die nuwe terminologie nouliks in die organisatoriese kringe van aardwetenskaplikes gebruik. Trouens, die voorstel dat die Antroposeen formeel as nuwe epog in die geskiedenis van die aarde geregistreer moet word, is eers in 2009 aan die Internasionale Kommissie vir Stratigrafie (IKS) van die Geologiese Vereniging in Londen voorgelê. Die ontvangs was gunstig (Archive 2009; Lewis & Maslin 2019b: Hoofstuk 1).

Daarna is die voorstel vir goedkeuring aan die Internasionale Unie van Geologiese Wetenskappe (IUGW)<sup>10</sup> deurgestuur, wat op sy beurt dit terugverwys het na die IKS. Die IKS moes die leiding neem sodat 'n werkgroep aangestel kon word om die Antroposeen in oorweging te neem (Archive 2009:12). Waarnemers was daarop bedag dat die institusionele werkinge van die Internasionale Unie uitsluitel oor die nuwe "geologiese epog" aansienlik sou verlangsaam (Veiga da Cunha 2014:vi). Een ligstraal was dat 'n Antroposeenwerkgroep (AWG) wel in 2009, deur bemiddeling van die IKS, tot stand gekom het.

### Die Antroposeen Werkgroep (AWG) en die Internasionale Kommissie vir Stratigrafie (IKS)

Reeds in 2010, onder voorsitterskap van dr. Jan Zalizewics, het die AWG 'n publikasie oor die Antroposeen voorberei met bydraes van gerekende kenners. Die noodsaak vir 'n nuwe geologiese epog is beklemtoon (International Commission on Stratigraphy Archive 2010).

<sup>8</sup> International Human Dimensions Programme (IHDP).

<sup>9</sup> World Climate Research Programme (WCRP).

<sup>10</sup> International Union of Geological Sciences (IUGS).

Die eerste groepsbevindings is in Serie A van die invloedryke *Philosophical Transactions of the Royal Society of London* gepubliseer (Zalasiewicz *et al.* 2011a:835-841). In dié tyd het die ondertekenaars van 2001 se Amsterdam-verklaring ook weer in Londen vergader (Brito & Stafford-Smith 2012). Die Amsterdamse verklaring is herbevestig – met etlike byvoegings. Onder meer is gewys op die gevare wat menslike aktiwiteite inhou. Ons menslike voetspoor is gereken as gelykstaande aan die natuurlike geologiese kragte van die aarde. Uitgesonderde gevaartekens was armoede, hoë verbruikspatrone, waardes en ondoeltreffende instellings. Selfs sommige state van die wêreld is voor stok gekry omdat hulle “traag” was om op “tekens van die tye” te reageer (Uhrqvist 2014:15).

In 2011 het die Antroposeen Werkgroep (AWG) ’n nuwe bundel voorberei – hierdie keer as ’n publikasie van die *Geological Society of London*. In die IKS-jaarverslag is berig dat die Antroposeen druk bespreek word. Dit het selfs tydens die jaarlikse gesprek van Nobelprysweners in Stockholm ter sprake gekom (International Commission on Stratigraphy Archive 2011). In Skandinawiese akademiese geleedere is van meet af aan van die “Antroposeen” as term gebruik gemaak (Gupta *et al.* 2013:573-580; Jørgensen 2014:479-489; Pisano 2012:22; Rockström *et al.* 2014:479-489). Intussen is die AWG in 2012 met 24 lede vergroot en teen 2015 was daar 35 deelnemers. Meeste nuwe lede het uit die geleedere gekom van wetenskappe wat nie regstreeks met die geowetenskappe verband hou nie.

Die oogmerke van die AWG was om gesprek en skakeling tussen progressiewe wetenskaplikes en konserwatiewe geowetenskaplikes te bevorder. In sy beskrywing van AWG-werksaamhede het Lundershausen bevind dat die groep in ’n heterogene gespreksruimte gefunksioneer het. Ofskoon stratigrafie van belang was, het AWG-lede geweet dat geestes- en sosiaal-wetenskaplikes ’n rol moes speel. Terselfdertyd het medewerkers samewerking tussen wetenskap en tegnologie beklemtoon (Diogo *et al.* 2017:25-35). Soms het AWG-lede multidissiplinêr gewerk. Daar is selfs voorsiening gemaak vir interdissiplinêre samewerking. “Interdissiplinariteit” en “dissipline” het spoedig kernbegrippe geword om teoretiese en metodologiese samewerking te bewerkstellig. Die kruis-dissiplinêre disseminasie van kennis en idees het wedersydse kennisvorming meegebring (Lundershausen 2018a:31-45). Formele institusionele gespreksvoering was die ruimte waarin etiese riglyne neergelê is vir groter wedersydse begrip en verantwoordbaarheid in die groep (Lundershausen 2018c:UNSP e00055).

## Tydsafbakening

Aanvanklik was daar uiteenlopende sienings oor die tydsafbakening van die “Antroposeen-epog”. In die AWG is hard gewerk om konsensus te kry. Crutzen se eerste voorstel in 2000 wat die begin van die Antroposeen na die 18de-eeuse nywerheidsomwentling herlei het (Castree 2015:55-75), is aanvanklik gesteun, maar spoedig was alle AWG-lede nie daarmee eens nie. Een groep wou die begin van die Antroposeen in meer onlangse tye vaspen. Volgens hulle was die gebruiklike bewysgronde vir ’n onweerlegbare neerslag<sup>11</sup> in die globale “groot versnelling” wat ná 1940 plaasgevind het (Steffen, Crutzen & McNeill 2007:614-621). ’n Ander groep het geredeneer dat die verskyning van die vroegste mense in die Oos-Afrikaanse Skeurvallei (sowat 300 000 jaar gelede) as die beginpunt van die Antroposeen beskou moet word (Lewis & Maslin 2019a:Hoofstuk 3). ’n Vierde groep, met ’n bewese rekord van publikasies (Diamond 1998), het gemeen dat die beginpunt teruggevoer moes word na die

<sup>11</sup> Stratigrafiese beskrywing: “Golden Spike”.

periode tussen 10 000 en 6 000 jaar gelede toe mense in die Vrugbare Halfmaan van die Midde-Ooste vir die vroegste menslike stedelike nedersettings verantwoordelik was (Smil 2019:307-356, 470-390; Smith 2019:67-118).

Buite die dampkring van die AWG is ook menings oor daterings uitgespreek. Die onafhanklike kritikus, WF Ruddiman, het in 2003 geredeneer dat die Antroposeen letterlik duisende jare gelede 'n aanvang geneem het (Ruddiman 2003). Hy het 'n alternatiewe datering voorgestel (Ruddiman *et al.* 2011:713) en met heelwat kollegiale steun, selfs voorgestel dat “antropogeniese verandering” as begrip, oor 'n lang tydperk strek. Hy was van mening dat die pragmatiese gebruik van die Antroposeen stadig ingevoer moes word om 'n omvattende tendens te beskryf, eerder as om aan 'n vasgestelde, maar omstrede stratigrafiese epog, inhoud te probeer gee (Ruddiman 2013:45-68).

Die AWG het van alle standpunte kennis geneem. Eers nadat eksterne akademici ook insette gelewer het, is aanvaar dat die begin van die Antroposeen in die eerste helfte van die twintigste eeu gelokaliseer moes word. In dié tydsklassifikasie is die gebruik van vernietigende energie uit kernkrag tydens Wêreldoorlog II (1939–'45) uitgesonder vir die eerste wesentlike antropogeniese spore van radio-aktiwiteit op verskeie terreine in veral die noordelike halfmond (McNeill & Engelke 2014:28-32). Die “groot versnelling”, 'n tydperk van duidelike onvolhoubare ekonomiese groei en vooruitgang, het daarmee gepaardgegaan (Emmett *et al.* 2016: 23). Dié snelle ontwikkelingsproses is tussen ongeveer 1944 en die 1970's afgebaken en uitgesonder as 'n voorbeeld van globale ontwikkeling teen 'n voorheen ongekende tempo (McNeill & Engelke 2014; Trischler 2016b:322-323).

In die gelede van die AWG is opsluit konsensus bereik oor die onlangse beginpunt van die Antroposeen. Die omgewingshistorikus, JR McNeill, skrywer van 'n gesaghebbende globale omgewingsgeskiedenis van die 20ste eeu (McNeill 2001), het in samewerking met Peter Engelke die eerste weergawe van die AWG-standpunt oor die aanvang van die Antroposeen in boekvorm uitgegee (McNeill & Engelke 2014).

In 2016, tydens die 35ste internasionale kongres van Geologiese Wetenskappe in Kaapstad, het die AWG verklaar dat sy lede konsensus oor die tydsafbakening gehad het. Die Antroposeen kon formeel as 'n nuwe epog geregistreer word (Castree 2016; Zalasiewicz *et al.* 2017c:55-60), natuurlik met die goedkeuring van die IKS en die IUGW (Rafferty 2020). AWG-lede was vol vertroue dat hulle toereikende bewyse gelewer het om te bewys dat die Holoseen wat 11 700 jaar gelede 'n aanvang geneem het, stratigrafies iets van die verlede was (Tschirhart & Bloomfield 2020:1-2). 'n Sterk feit in hul verhoor is uitgemaak vir bestraling deur radio-aktiewe uraan wat steeds op bepaalde plekke op aarde aanwesig is.

Selfs ná die Kaapstadse konferensie het AWG-lede breedvoerig in akademiese publikasies op kritiek teen die Antroposeen gereageer. Terminologiese kwessies is ook bespreek. Die feit dat die Antroposeen deur nie-geoloë voorgestel was, is as “irrelevant” afgemaak. Die verweer was dat reeds tydens die ontstaan van geologie as formele dissipline in die 18de eeu, die mens en aarde as 'n eenheid beskou is (Zalasiewicz *et al.* 2017d:207-208). Verder was daar bewyse vir die opname van mensgemaakte gesteentes, soos beton, steen en verwerkte klip, wat 'n wesentlike deel van die mensgemaakte aardkors uitmaak. Ook is op grond van tegniese stratigrafiese tydsberekening statistiese bewys gelewer vir antropogeniese verstourings in, onder meer, geochemiese afsettings, diatome en stuifmeelresidu in die aardkors oor die afgelope 1 000 jaar (Zalasiewicz *et al.* 2017d:213-217).

## EKSTERNE SAMEWERKING RAKENDE DIE ANTROPOSEEN

Die feit dat die AWG se standpunt aangesluit het by die openbare internasionale oop gesprek oor klimaatsverandering, het die speelveld vir deelname vergroot. In die sosiale- en geesteswetenskappe het 'n magdom akademiese publikasies spoedig gevolg. 'n Jeugdige groep historici het selfs 'n manifest uitgereik waarin kommer uitgespreek is oor die manier waarop veral die Westerse samelewing teen 'n merkwaardige tempo op fatale omgewingsuitputting afstuur (Guldi & Armitage 2014:66).

Daar was robuuste stellings oor die antropogeniese impak op die planeet. Byvoorbeeld is daar verklaar dat die natuur se watersiklus aan verandering onderhewig was. Die vloeï van water op die aardse oppervlak en in die aardkors is reeds deur menslike intervensies versteur (Pahl-Wostl 2015:Hoofstuk 1). Daar was selfs sprake van 'n grootse spesie-uitwissing (Pievani 2014:85-93), en ook die einde van menslike beskawing (Scranton 2015). Die mens was die oorsaak vir dié ellendes (Steffen *et al.* 2011:843).

Volgens sommige filosowe het die onderskeid tussen die menslike liggaam en die omgewing vervaag en ineengesmelt. Die opvallende betrokkenheid van natuur- en menswetenskaplikes by die formalisering van die Antroposeen as begrip het Latour laat opmerk dat geen “objektiewe feit” meer bestaan nie. Die gaping tussen “inligting” van die natuurwetenskappe en “menslike begrip” het gekrimp (Latour 2014:2). Hy het 'n saak uitgemaak vir die vernietiging van dissiplinêre grense – 'n beginsel wat sy landgenoot, Michel Serres (1930–2019), reeds in die 1970s bepleit het (De Beer 2014:19-36). Op sy beurt het Hamilton Heidegger se filosofie gebruik om te verklaar dat die Antroposeen 'n skuif verteenwoordig, weg van die Cartesiaanse “ek” in die rigting van 'n planetêre “ons” (Hamilton 2019b:607-626).

Posthumanistiese metodologie is gebruik om kwalitatief tot beter begrip te kom oor 'n nuwe vorm van materialisme (Ulmer 2017:832-848). Vir Fukuyama het die identiteit wat menslike samelewings op die aarde afgestempel het simptome geword van die terugkeer na Hegeliaanse opvattinge oor idealisme, ideëgeskiedenis en geestelike (*thymos*) (Fukuyama 2018a; Fukuyama 2018b). Op hul beurt het antropoloë herbevestig dat die aarde en die mens in 'n eenheid verweef is (Haraway *et al.* 2016:535-564). Ekosisteme is beskryf waarin die mens die ontvanger geword het van toksiese chemikalieë wat regstreeks en onregstreeks in die liggaam opgeneem is. Die menslike liggaam met triljoene selle is gesien as gelade met kulturele en bio-chemiese stowwe wat gesamentlik noodlottige gevolge vir die gesondheid van die mens inhou (Thomas 2014:1600-1601).

### Voorspel tot institusionele besluitneming oor die Antroposeen

Uit die oop gesprek oor die Antroposeen het interessante insigte voortgevloei. Een waarnemer, Castree, het ná die Kaapstadse konferensie opgemerk dat klimaatsverandering 'n kernaspek was waarvoor geowetenskaplikes eenvoudig nie kon saamstem nie (Castree 2016). Volgens die omgewingswetenskaplike, Vaclav Smil, was dit prematuur om 'n nuwe epog in die geologiese geskiedenis van die planeet te aanvaar, in weerwil van globale klimaatsverandering waarmee hy saamgestem het (Smil 2015).

Castree het kollegas aangemoedig om van nuwe tendense en rigtings kennis te neem, maar terselfdertyd die noodsaak van kritiese vraagstelling benadruk (Castree 2015). Teen 2017 het hy self krities gestaan teenoor die “dominansie van sosiaalwetenskaplike idees” in die gesprek oor die Antroposeen. Sy beswaar was dat waarde-oordele gebruik is om 'n natuurwetenskaplike debat te rig (Castree 2017:289). In dié tyd het die historikus en geesteswetenskaplike kenner van die Antroposeen, Dipesh Chakrabarty, twee kenmerke uitgewys.

In wetenskapskringe, het hy verklaar, gaan dit oor akkurate tydsafbakenings wat wetenskaplik bewys kan word. Vir menswetenskaplikes word 'n morele verantwoordelikheid tuisgebring oor die mens se misbruik van die aarde (Chakrabarty 2018:9).

Terwyl daar met groot afwagting uitgesien is na die formele goedkeuring van die Antroposeenepog, is vooraf aanvaar dat die IKS nouliks haastig oor die nuwe epog sou besluit. Byvoorbeeld, die Holoseenepog, wat reeds in 1869 deur Paul Gervais (1859–1944) beskryf is, is eers formeel in 1969 deur die VSA se Kommissie vir Stratigrafiese Nomenklatuur aanvaar en geregistreer (Fairbridge & Agenbrood 2018; Zalasiewicz *et al.* 2019:6).

Institusioneel was daar ook sterk politieke strominge tussen geowetenskaplikes. Amerikaanse geoloë was op die voorpunt om die Holoseen in 1969 te beskryf, terwyl die gesprek oor die Antroposeen grootliks vanuit Britse geologiese kringe geïnisieer is (Brown *et al.* 2013:431-434). Gerugte van hierdie aard het die AWG dadelik in die kiem probeer smoor. Hulle doelwit was 'n verenigde front. Daar is daarop gewys dat Amerikaners van meet af aan deel van die AWG was. Antroposeen-opponente het egter gewys op die feit dat nie alle wêrelddele in die AWG se verrigtinge verteenwoordiging geniet het nie (Finney & Edwards 2016). Asië het byvoorbeeld geen verteenwoordiging in die AWG gehad nie.

Vir seker het die Antroposeen, volgens voorstanders, oor meer as 'n blote internasionale politieke agenda gegaan. Lundershausen benadruk byvoorbeeld die voordeel wat die gesprek oor die Antroposeen vir geowetenskaplikes ingehou het. Waardes en etiese insigte is eers in geologiese geleedere tuisgebring, ná skakeling met sosiale wetenskaplikes (Lundershausen 2018b:32). Wetenskapshistorici het ook die waarde van die gesprek ingesien. Vir Trischler het die skeiding tussen die geologiese wetenskappe en dié van die menslike kultuur verdwyn (Trischler 2016a:312). Tussendeur is steeds naastiglik na meer skakels tussen menslike kultuurpatrone en dié van die natuur gesoek.

Met goeie reg is tydens een openbare debat gevra: waar posisioneer ons die mens in dié werklikheidsbesef? (Otter *et al.* 2018:581-583). Is die mens die hoofrolspeler in 'n ontluikende drama waarin die vernietiging van lewe en materiële afsettings op die aardkors gevaarlike vir die toekoms van die planeet laat flikker? Veral is kennis geneem van die tempo waarteen die aarde besig was om te verander. In die afgelope 250 jaar, is verklaar, het die gemiddelde temperatuur met 'n skrale 1.5° C gestyg. Maar vanuit die biologiese wetenskappe is bewys dat selfs dié geringe toename nadelig is en verband hou met die onoordeelkundige gebruik van hulpbronne (Chakrabarty 2016:110-112; Thomas 2014:1588-1589).

In 2018 was AWG-lede deel van 'n interdisciplinêre span wat noukeurige riglyne vir die soeke na stratigrafiese spore neergelê het. Hulle het op soek gegaan na radio-aktiewe afsettings sedert die 1950's. Die skrywers het die vereistes van die formele IKS-riglyne noukeurig nagevolg (Waters *et al.* 2018:379-429). Die AWG was dit eens dat diachroniese tydsafbakening in die kultuurgeskiedenis van die mensdom (byvoorbeeld die Yster- en Paleolitiese tydperk) nie ter sprake was nie. Dit het veel eerder gegaan oor 'n omvangryke epog in die geskiedenis van die aarde. Terselfdertyd is bevestig dat die mens prominent in dié epog figureer omdat die Antroposeen deur die menslike spesie, *Homo sapiens*, gedryf word (Zalasiewicz *et al.* 2019:3).

## Verwerping van die Antroposeen

In Julie 2018 het die IKS, teen alle groot verwagtinge in omgewingskringe, voorkeur aan erkenning van die Meghalaya-epog gegee. Dié klimaatsgebeurtenis wat 4 200 jaar gelede plaasgevind het, was gebaseer op die streng klassifikasieriglyne wat die IKS in die 1990's neergelê het. Dit was deel van stratigrafiese beplanning, wat meer as 'n dekade voor die eerste wetenskaplike samesprekinge oor die Antroposeen begin het. Die nuwe onderafdeling van die

Holoseen-epog is vernoem na die Indiese deelstaat Meghalaya waar ’n stratigrafiese spoor gevind is wat ooreengestem het met nuwe bewysbare onderverdelings van die bestaande Holoseen-epog. Die wetenskaplikes wat die voorstel ingedien het, het die onweerlegbare neerslag gevind in versteurings in die isotope van suurstofatome, wat vasgelê is in ’n stalagmiet in die Mawmluh-grot in Meghalaya (Amos 2018:173-186; Walker *et al.* 2019a). Die nuwe tydperk het 4 250 jaar gelede begin met ’n lang droogte wat groot dele van Eurasië nadelig geraak het.

Ondersteuners van die Antroposeen het dadelik die relevansie van die nuwe tyd-afbakening binne die bestaande Holoseen-epog bevraagteken. Volgens hulle het die klassifikasie aan irrelevansie gegrens. AWG-ondersteuners het in die media sinies kommentaar gelewer. Daar is verklaar dat bloot omdat die spreekwoordelike “goue speek” van die tydperk aan rigiede klassifikasieriglyne van die IKS voldoen het, dit goedgekeur is. Hulle was van mening dat die belangrikheid van die Antroposeen eenvoudig misgekyk is (Meyer 2018). Die gemoedere het hoog geloop. Selfs Ruddiman, ’n uitgesproke kritikus van die Antroposeen, het teenoor die IKS standpunt ingeneem. Hy het daarop gewys dat dié invloedryke institusionele skepper en bewaarder van die geologiese stratigrafie konsekwent die Antroposeen as term vermy. In werklikheid was die organisasie hierdeur besig om die relevansie van stratigrafie, deur die gebruik van eksentrieke klassifikasies, in die 21ste eeu in die weegskaal te plaas (Ruddiman 2018:451-461).

### **Nadraai van die IKS-besluit**

Die AWG het gewis ’n terugslag tydens die negatiewe uitspraak van die IKS ervaar. Die groep was egter nog lank nie verslaan nie. Hulle het spoedig hergroepeer en ’n verenigde front gevorm. In Mei 2019 is ’n verklaring uitgereik dat die 34 lede, waarvan 33 gestem het, steeds die doelwit van die Antroposeen as ’n legitieme chrono-stratigrafiese kategorie ondersteun (Anthropocene Working Group 2019). Alles het gewentel om die mees relevante aanvangsdatum vir die Antroposeen as epog. Hulle was vasberade om die tradisionele beskouing van geologie as die geskiedenis van die aarde vóór die verskyning van die mens, in heroerwering te neem (Zalasiewicz *et al.* 2019). Intussen is daar tekens van voortgesette navorsing, in samewerking met die AWG, om meer bewysgronde vir die legitimiteit van die Antroposeen as epog te versamel (Nichols & Gogineni 2018:107-119; Sanchez-Cabeza *et al.* 2021:1-6; Zalasiewicz *et al.* 2021:1-25). Terselfdertyd word deelnemers aan die voortgesette debat daarop bedag gemaak om sinvol en nederig oor die wesentlike relevansie van die Antroposeen na te dink (Jasanoff 2021:1-15).

Ondersteuners van die Antroposeen het heelwat voorstelle geopper, onder meer dat kapitaal as chrono-stratigrafiese meetbare entiteit in ’n toekomstige voorstel ingesluit moet word (Soriano 2020:1-10). Deur gebruikmaking van die geologiese begrip van “diep tyd” het sosiaalwetenskaplikes, tong in die kies, voorgestel dat ondersoek ingestel word na die oudste menslike instellings op die planeet. Bepaalde “eienskappe” moes uitgesonder word om versekering van hulle bestaan, in terme van die streng klassifikasies waaraan hulle moes voldoen, uit te lig. Net soos reëls van stratigrafie, moes die “eienskappe” nou “deurslaggewende antwoord gee”, is daar grappenderwys in 2020 op die 2018 IKS-besluit gereageer (Hanusch & Biermann 2020:19-41). Natuurwetenskaplikes het ook nie die Antroposeen versaaak nie. Richter het die waarde van die Antroposeen gesien as ’n geleentheid vir pedologie (bodemkunde) om antropo-pedologie as addisionele dissipline te skep. Die mens moes deel van die binnekring van bodemwetenskap word (Richter 2020:5-11). Ook is voorstelle vir bykomende

terminologie gemaak, wat onder die vaandel van die Antroposeen uitgebou kan word (Nikolov & Hristova 2020:236-243).

Die debat oor die Antroposeen het selfs 'n span biodiversiteitswetenskaplikes aangespoor om innoverend met komplekse databasisse om te gaan. Hulle het vasgestel in hoeverre die “vernietiging van spesies” tot op hede plaasgevind het. Die groep het 158 studies nagegaan met databasisse van gegewens wat oor minstens 10 jaar strek. In totaal is 16 009 spesies en 24 940 bevolkings van plant- en dierspesies in die datastel vervat. Veral is gelet op verskynsels van plaaslike uitwissinge en prosesse van koloniserings. Op die bevolkingsvlak is aanvaar dat 'n magdom langtermyn-tendense aanwesig sou wees. Plaaslike uitwissinge is gereken as aanduidings dat globale uitwissing aan die orde van die dag is en dat dit dui op 'n verminderde plaaslike bevolking. Hul gevolgtrekking was dat die snelheid waarteen spesies vervang word en koloniserings plaasvind, 'n dominante aspek van die Antroposeen is (Dornelas *et al.* 2019:847-854). Daardeur is ook bewys dat selfs die gelade begripsinhoud van “koloniserings” ook in die natuurwetenskappe relevant geword het.

Juis as gevolg van oorgrensverkenninge het wetenskaplikes begin redeneer dat die Antroposeen op breër epistemiese grondslae moes konsentreer. Hierdie grondslae moes omvattender wees as die blote verligtingsnarratiewe van die Noordelike Halfronde (Veland & Lynch 2016:4). Ook is voorgestel dat kennis geneem moet word van gebeurlikheid en die rol van agentskap in die sosiale struktuur van menslike samelewings (Otto *et al.* 2020). Sosiaalwetenskaplikes het verklaar dat sonder indringende natuurwetenskaplike insigte, dit sinloos sou wees om betekenis te gee aan 'n nuwe geologiese epog wat regstreeks as gevolg van die mens ontstaan het (Heikkurinen *et al.* 2019:1-7). Die wetenskapsfilosoof, Santana, het tot die gevolgtrekking gekom dat as die Antroposeen as legitieme stratigrafiese epog aanvaar word, dit beteken dat die historiese wetenskappe gebruik gaan word om die toekoms te voorspel. Daarmee saam impliseer dit dat politieke motiverings ter sprake moet kom wanneer besluite geneem word. Gevolglik het hy voorgestel dat die aanvaarding van die nuwe begrip vir 'n onbepaalde tyd uitgestel behoort te word (Santana 2019:1073-1096).

## Historiese bewussyn

Onderliggend aan die gesprek oor die Antroposeen was daar van meet af aan 'n bepaalde opvatting oor bewussyn aanwesig. Olson en Messeri gebruik byvoorbeeld Vernadsky se siening van die noësfere, soos deur Crutzen voorgestel (Crutzen *et al.* 2016:211-212), as die menslike kognitiewe bewussyn om van die binne- en buite-aardse geheel kennis te neem. Kennis moet saamgesnoer word om die nuwe vermoë van die mens, om selfs die geologie te domineer, in die rigting van 'n volhoubare ekosisteem te stuur (Olson & Messeri 2015:32).

Die fokus op eietydse geskiedenis in die debat oor die Antroposeen het soms die natuurwetenskaplike begrip van die tyd oordonder (Heringman 2015:56-85). Geoloë was bevrees dat “dieptegeskiedenis”, sonder kennis van die natuur, vir sommige gespreksgenote onverstaanbaar sou wees omdat die menslike historiese bewussyn in werklikheid net fokus op die omgewing en die mens – die “sometotaal” van dit waarmee die historikus vertrou is (Wood 2019:19). Desnieteenstaande het veral natuurwetenskaplikes die waarde van geskiedenis in die debat oor die Antroposeen beklemtoon (Robin & Steffen 2007:1694-1719).

Trouens, vanuit die geleedere van die IGBP is reeds in 2003 begin met die *Integrated History and future of People on Earth (IHOPE)*. Die doel met dié projek is: om die geïntegreerde rekord van die biofisiese en menslike sisteemsverandering oor millennia te ondersoek; te bepaal in hoeverre bestaande modellerings van die mens-omgewingsisteem teen geïntegreerde

geskiedenis opweeg; en projeksies te maak van die mensdom se toekoms, gesien teen die agtergrond van die aarde as ineengestremde sisteem (Costanza *et al.* 2012:106-114). In baie opsigte was die Skandinawiese rol in die Antroposeengesprek die resultaat van die Brundtland-verslag van 1987 wat die ontwikkeling van volhoubaarheidsstudies gestimuleer het (Ayestaran 2008:146-147). IHOPE-projekte is sedert 2010 vanuit die Stockholmse Sentrum vir Veerkrachtigheid<sup>12</sup> beplan (Costanza *et al.* 2012:106-114).

Intussen het samewerking op heelwat terreine toegeneem. Geskiedsfilosowe, soos Tamm en Simon, het hulle uitgesprek oor die akademiese statusverlies van die konvensionele geskiedenis. Volgens hulle was dit reeds duidelik in die eerste helfte van die 20ste eeu! Tans, is geredeneer, het die Antroposeen die geleentheid geskep om 'n “nuwe historiese karakter van die wêreld” te verken. Daarmee saam het hulle veelvoudige vlakke van geskiedenis en transdissiplinêre insigte verwelkom (Tamm & Simon 2020:1-23).

Die vooruitsig van 'n nuwe geologiese epog, genaamd die Antroposeen, is voorgehou as 'n sekulêre eskatologie. Die mensdom moet verantwoordelikheid aanvaar vir die skade wat sy spesie aan die aarde berokken het. Dit is 'n proses wat steeds voortduur en het ook deel geword van posthumanistiese kritiek op ingeburgerde, bevooroordeelde kulturele opvattinge wat hersien moet word (Hamilton 2019a:243-245). Die uitdaging was om 'n epistemologie te ontwikkel wat oor ineengestremde tydruimtelike koördinate heen, 'n gesprek oor die mensdom se kennis van die aarde bevorder (Veland & Lynch 2016:2). In 2011 het die Alliansie vir Veerkrachtigheid,<sup>13</sup> 'n internasionale navorsingsgoep, 'n uiteensetting gegee van die rol van geskiedenis in die epog van die Antroposeen (van der Leeuw *et al.* 2011). Die beginsel van 'n geïntegreerde dissiplinêre strategie is benadruk waarin geskiedenis transdissiplinêr en dinamies beoefen moes word. Meer kennis van “dieptegeskiedenis” is noodsaaklik. Geskiedenis in die Antroposeen moes, by implikasie, die verlede, hede, en toekoms (Pereira *et al.* 2018) saamsnoer om modelleringstudies met relevante gegewens van databasisse (Biggs *et al.* 2018) aan te vul.

Daar was egter gebreke in aannames oor die bydrae wat geskiedenis *per se* kon lewer. Volgens Gismondi is te swaar op natuurwetenskaplike prosesse gesteun. Dié sou nouliks onvoorwaardelik by konvensionele historici aanklank vind. Metodologies moes natuurwetenskaplikes opnuut kennis neem van oorgangsprosesse wat in menswetenskaplike historiese studies gesetel is. Slegs deur kennis te neem van, onder andere, die Annales-historici se werk, sou dit moontlik wees om sinvolle samewerking te bewerkstellig (Gismondi 2018:193-198). Op sy beurt het Palmås te kenne gegee dat oorbeweg word van hermeneutiek na “masjiengedrewe kuberkraakery”. Sodoende sou kritiese denke gestimuleer word om na 'n Ricoeuriaanse hermeneutiek van suspisie terug te keer. Daardeer sou dit moontlik wees om meganiese simulaties van die verlede, hede en toekoms te maak (Palmås 2019:105-112). Die “nuwe” metodologiese gesprek was duidelik 'n variant van universele geskiedenis wat uit die 18de eeuse Verligting dateer. Die status van konvensionele geskiedenis, hetsy in 'n sosiaal- en/of geesteswetenskaplike konteks van kritiese denke en historiese bewussyn, het klaarblyklik in relevansie afgeneem. Wetmatighede is vooropgestel met die oog op toepassing in die epog van die Antroposeen. Daar was egter leemtes.

Vir Chakrabarty het die gesprek oor die Antroposeen die geskiedenis van die aarde met die geskiedenis van die wêreld verenig. Vir die eerste keer is die mensdom se geskiedenis gekoppel aan 'n tydvak in die geologiese geskiedenis. Op sigself is dit gereken as 'n besondere

<sup>12</sup> Stockholm Resilience Centre.

<sup>13</sup> Resilience Alliance.

bewussyn wat nou posevat het. Vir hom was dit opvallend dat die mensdom meer prominent as die geologie in die oop gesprek geword het (Palmås 2019:105-112). Daar was ’n duidelike dissonansie in die nuwe ontsluiting van die verlede. As wetenskapsfilosoof het Szerszynski ’n knelpunt verwoord deur die feit te betreur dat die groot boek oor aardse gesteentes nou aan die mens ondergeskik gestel is (Szerszynski 2012:165-184).

Geskiedenis was wel toegerus om ’n belangrike rol in die Antroposeengesprek te speel. Reeds in die 1990s met die ontwikkeling van globaliseringsgeskiedenis in veral die ekonomiese wetenskappe (Fillafer 2017:3-37) is wegbeweeg van areastudies – ’n tradisie in die wêreldgeskiedenis wat hoofsaaklik op die Westerse beskawing fokus (Berg *et al.* 2016:475-532; Middell & Naumann 2010:149-170). In dié tyd het die idee van “Omvattende Geskiedenis” (“Big History”) posevat (Christian 1991:223-238; Christian 2018b:4-19). In die proses het die ontstaansgeskiedenis van ons sterrestelsel deel geword van ’n historiese bewussyn wat in globale kontekste korrespondeer met begrip vir die omgewing en veral klimaatsverandering (Christian 2011b).

Die mens se historiese bewussyn wat daadwerklik ook in die natuur gesetel is, verdien tans om meer omvattend verken te word. Van besondere belang is die onlangse beroep van JR McNeil. As president van die Amerikaanse Historiese Vereniging het hy kollegas aangespoor om hul bronnemateriaal opnuut te ondersoek en verken om te voorkom dat die relevansie van geskiedenis as dissipline taan. Dit het noodsaaklik geword om meer van verwante dissiplines soos argeologie, kunsgeskiedenis en ekonomiese geskiedenis kennis te neem. Baie het reeds na aan natuurwetenskaplike en veral kwantitatiewe datastelsels begin beweeg (McNeill 2020:1-18). Ook Trischler maak historici daarop bedag dat die debat wat tans gevoer word oor die Antroposeen van besondere waarde vir die studie van geskiedenis kan wees. ’n Gesprek oor die geskiedenis behoort natuur- en sosiaalwetenskaplikes nader aan mekaar te laat beweeg. Vir hom is dit duidelik dat historici tans op die voorpunt van ’n wetenskaplike spanningsveld van samewerking en konkurrensie beweeg. Op daardie terrein het historici saam met hul kollegas in wetenskap en tegnologie ’n belangrike rol om te speel (Trischler 2018:430).

## TEN SLOTTE

Die debat oor die Antroposeen beskik oor al die eienskappe wat nodig is vir ’n prikkel om ons verkenning van historiese bewussyn opnuut aan te wakker – moontlik binne die raamwerk van verlede, hede en toekoms. Dit behoort tot sowel die mens- as natuurwetenskappe te spreek met die verstandhouding dat daar ’n gewilligheid moet bestaan om groter stelsels van gesamentlike kennis te ontsluit. ’n Gedeelte verlede en hede wat vanuit verskillende invalshoeke verken word, het groter waarde as die blote ontsluiting van ’n verlede wat net tot een segment van die menslike selfbewussyn spreek. Benewens morele waardes benodig ons ook die insig om die indrukwekkende tydshorison van ons aardse tuiste meer te waardeer.

Terselfdertyd is dit noodsaaklik om die goeie reg van dissiplinêre spesialiste te respekteer om, dikwels in afsondering, met hul noodsaaklike werk voort te gaan. Dit verg meer verantwoordelikheid van alle wetenskaplike groeperings in die strewe om saam te werk. Wedersydse respek en aanvaarding vir andersoortige voorstellings van bewussyn van die verlede verdien aanwakkering. Deur samesprekings kan nuwe horisonne van die verlede, hede en toekoms ontsluit word. Net soos Alexander von Humboldt (1769–1859) tydens die oorgang van die Duitse Verligting na die Romantiek die moderne omgewingswetenskap reeds verwoord het (Wulf 2015), staan ons nou op die drumpel van ’n tydvlak waarin historici verantwoording kan doen oor die steeds ontluikende impak van die mens se ekologiese voetspoor wat vir

onnatuurlike globale verandering verantwoordelik is. Die toekoms van die aarde het ook deel van ons teenswoordige historiese bewussyn geword. Trouens, die historiese bewussyn is altyd vasevang (merendeels niebewustelik) in die hede van die historikus. Selfs die toekoms kan as vorm van historiese bewussyn ontsluit word as 'n eskatologie van verantwoordelike rentmeesterskap in ons verhouding met die aarde.

## BIBLIOGRAFIE

- Amos, J. 2018. Welcome to the Meghalayan Age – a new phase in history. *BBC News* 18 July.
- Anon. 2001. Anthropocene. In Levin, SA (ed.). *Encyclopedia of Biodiversity* (Second Edition). Waltham: Academic Press, pp. 547-851.
- Anon. 2015. Towards Future Earth: Evolution or revolution? *Global Change Magazine* (November. Vol. 84.). Stockholm: IGBP Web archive.
- Anthropocene Working Group. 2019. Results of binding vote by AWG (21 May.).
- Archive I.C.o.S. 2009. ICS Annual Report (January 2010:1-36): International Union of Geological Sciences.
- Ayestaran, I. 2008. The second Copernican revolution in the Anthropocene: An overview. *Revista Internacional Sostenibilidad, Tecnología y Humanismo*, 3:145-157.
- Baratta, C. 2016. 'Interdisciplinarity' achieved: A brief look at interdisciplinary environmentalism in the 1960s. *Interdisciplinary Literary Studies*, 18(3):301-324.
- Berg, M, Mazlish, B, Flynn, D, Giráldez, A & Cooper, F. 2016. Global history and globalization. In Dunn, R, Mitchell, L & Ward, K, (eds). *The New World History* 1st ed. Oakland, California: University of California Press, pp. 475-532.
- Biggs, R, Peterson, G & Rocha, J. 2018. The Regime Shifts Database: A framework for analyzing regime shifts in social-ecological systems. *Ecology and Society*, 23(3):9.
- Bohle, M & Bilham, N. 2019. The 'Anthropocene Proposal': A possible quandary and a work-around. *Quaternary*, 2(2):1-18.
- Brito, L & Stafford-Smith, M. 2012. State of the Planet Declaration. *Planet Under Pressure: New Knowledge Towards Solutions conference* (26-29 March.). London: IGBP Web archive.
- Brooke, J. 2014. *Climate change and the course of Global History*. Kindle. New York: Cambridge University Press.
- Brown, A, Tooth, S, Chiverrell, R, Rose, J, Thomas, D, Wainwright, J, Bullard, J, Thorndycraft, V, Aalto, R & Downs, P. 2013. The Anthropocene: is there a geomorphological case? *Earth Surface Processes and Landforms*, 38(4):431-434.
- Carson, R. 1962. *Silent spring*. Boston: Houghton Mifflin.
- Castree, N. 2015. The Anthropocene: a primer for geographers. *Geography*, 100:66-75.
- Castree, N. 2016. An official welcome to the Anthropocene epoch – but who gets to decide it's here? *The Conversation*, August 30.
- Castree, N. 2017. Anthropocene: Social science misconstrued. *Nature*, 541(7637):289.
- Ceballos, G, Ehrlich, P, Barnosky, A, García, A, Pringle, R & Palmer, T. 2015. Accelerated modern human-induced species losses: Entering the sixth mass extinction. *Science Advances*, 1(5):e1400253.
- Chakrabarty, D. 2016. Whose Anthropocene? A response. *RCC Perspectives*(2):101-114.
- Chakrabarty, D. 2018. Anthropocene time. *History and Theory*, 57(1):5-32.
- Christian, D. 1991. The Case for "Big History". *Journal of World History*, 2(2):223-238.
- Christian, D. 2010. The return of universal history. *History and Theory*, 49(4):6-27.
- Christian, D. 2011a. History and Time. *Australian Journal of Politics & History*, 57(3):353-365.
- Christian, D. 2011b. Maps of time: An introduction to big history. Oakland, CA: University of California Press.
- Christian, D. 2018. What is Big History? *Journal of Big History*, 1(1):4-19.
- Clarivate. 2021. Anthropocene: 6,016 publications selected from Web of Science Core Collection in 2000 to April 2021 (9 April.): Web of Science.
- Costanza, R, Van der Leeuw, S, Hibbard, K, Aulenbach, S, Brewer, S, Burek, M, Cornell, S, Crumley, C, Dearing, J, Folke, C, Graumlich, L, Hegmon, M, Heckbert, S, Jackson, S, Kubiszewski, I,

- Scarborough, V, Sinclair, P, Sörlin, S & Steffen, W. 2012. Developing an Integrated History and future of People on Earth (IHOPE). *Current Opinion in Environmental Sustainability*, 4(1):106-114.
- Crutzen, P, Brauch, H. & Eds. 2016. Paul J. Crutzen: A pioneer on Atmospheric Chemistry and climate change in the Anthropocene: Springer International Publishing AG.
- Crutzen, P & Ramanathan, V. 2000. The ascent of Atmospheric Sciences. *Science*, 290(5490):299-304.
- Crutzen, P & Stoermer, E. 2000. The 'Anthropocene'. *Global Change Newsletter*, 41:17-18.
- De Beer, S. 2014. Michel Serres' multidisciplinary philosophy of information and knowledge. *TD The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*, 10(1):19-38.
- Diamond, J. 1998. *Guns, germs, and steel: A short history of everybody for the last 13,000 years*. London: Vintage.
- Diogo, M, Louro, I & Scarso, D. 2017. Uncanny nature: Why the concept of Anthropocene is relevant for historians of technology. *Icon*, 23:25-35.
- Dornelas, M, Gotelli, N, Shimadzu, H, Moyes, F, Magurran, A & McGill, B. 2019. A balance of winners and losers in the Anthropocene. *Ecology Letters*, 22(5):847-854.
- Emmett, R, Lekan, T & Eds. 2016. Whose Anthropocene? Revisiting Dipesh Chakrabarty's "Four Theses". *Rachel Carson Center Perspectives*, 2:122.
- Fairbridge, R & Agenbrood, L. 2018. Holocene epoch. In *Encyclopaedia Britannica*.
- Fillafer, FL. 2017. A world connecting? From the unity of history to the unity of global history. *History and Theory*, 56(1):3-37.
- Finney, S. 2013. The 'Anthropocene' as a ratified unit in the ICS International Chronostratigraphic Chart: fundamental issues that must be addressed by the Task Group. *Geological Society, London, Special Publications*, 395:23-28.
- Finney, S & Edwards, L. 2016. The "Anthropocene" epoch: Scientific decision or political statement? *GSA Today*, 26(3):4-10.
- Fisher-Vanden, K. 1997. International policy instrument prominence in the climate change debate: A case study of the United States. Laxenburg. (IR-97-033/September).
- Fukuyama, F. 2018a. Identity. In *Politics and Prose*. [https://youtu.be/2eMIG\\_0DC8E](https://youtu.be/2eMIG_0DC8E) Date of access: 5 October 2018. New York: YouTube.
- Fukuyama, F. 2018b. *Identity: The demand for dignity and the politics of resentment*. London: Profile Books & Audible.
- Gahrton, P. 2015. *Green parties, green future: From local groups to the international stage*. London: Pluto Press.
- Gale, SJ & Hoare, PG. 2012. The stratigraphic status of the Anthropocene. *Holocene*, 22(12):1491-1494.
- Gismondi, M. 2018. Historicizing transitions: The value of historical theory to energy transition research. *Energy Research & Social Science*, 38(Antropocene):193-198.
- Guldi, J & Armitage, D. 2014. *The History Manifesto*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Gupta, J, Pahl-Wostl, C & Zondervan, R. 2013. 'Glocal' water governance: a multi-level challenge in the anthropocene. *Current Opinion in Environmental Sustainability*, 5(6):573-580.
- Haff, PK. 2010. Hillslopes, rivers, plows, and trucks: mass transport on Earth's surface by natural and technological processes. *Earth Surface Processes and Landforms*, 35(10):1157-1166.
- Hamilton, C. 2019a. The Anthropocene. In Fath, B (ed.). *Encyclopedia of Ecology* (Second Edition). Oxford: Elsevier, pp. 239-246.
- Hamilton, S. 2019. I am uncertain, but we are not: A new subjectivity of the Anthropocene. *Review of International Studies*, 45(4):607-626.
- Hanusch, F & Biermann, F. 2020. Deep-time organizations: Learning institutional longevity from history. *Anthropocene Review*, 7(1):19-41.
- Haraway, D, Ishikawa, N, Gilbert, S, Olwig, K, Tsing, A & Bubandt, N. 2016. Anthropologists are talking – About the Anthropocene. *Ethnos*, 81(3):535-564.
- Headrick, D. 2019. Climate change: Debate and reality. *International Review of Environmental History*, 5(1):43-60.
- Heikkurinen, P, Ruuska, T, Wilen, K & Ulvila, M. 2019. The Anthropocene exit: Reconciling discursive tensions on the new geological epoch. *Ecological Economics*, 164.
- Heringman, N. 2015. Deep time at the dawn of the Anthropocene. *Representations*, 129(1):56-85.

- International Commission on Stratigraphy Archive. 2010. ICS Annual Report (February 2011.): International Union of Geological Sciences.
- International Commission on Stratigraphy Archive. 2011. ICS Annual Report: International Union of Geological Sciences.
- Jasanoff, S. 2021. Humility in the Anthropocene. *Globalizations*:1-15.
- Jørgensen, D. 2014. Not by human hands: Five technological tenets for environmental history in the Anthropocene. *Environment and History*, 20(4):479-489.
- Kendall, S. 2012. Stewart Brand: On governments, guilds, and getting things done. *Boom: A Journal of California*, 2(1):65-71.
- Latour, B. 2014. Agency at the time of the Anthropocene. *New Literary History*, 45(1):1-18.
- Lewis, S & Maslin, M. 2019. *The human planet: How we created the Anthropocene*. London: Penguin Books. (Kindle edition).
- Lundershausen, J. 2018a. The Anthropocene Working Group and its (inter-)disciplinarity. *Sustainability: Science, Practice and Policy Sciences*, 14(1).
- Lundershausen, JG. 2018b. *Engaging Anthropocene Science: Perspectives on the role of geoscientific practices on Anthropocene debates*. Tübingen: Eberhard Karls Universität.
- Lundershausen, JG. 2018c. Marking the boundaries of stratigraphy: Is stratigraphy able and willing to define, describe and explain the Anthropocene? *Geo-Geography and Environment*, 5(1).
- Maeckelbergh, M. 2011. The road to democracy: The political legacy of '1968'. *International Review of Social History*, 56(2):301-332.
- McNeill, J. 2001. *Something new under the sun: An environmental history of the twentieth-century world (the global century series)*. WW Norton & Company.
- McNeill, J. 2020. Peak document and the future of History. *The American Historical Review*, 125(1):1-18.
- McNeill, J & Engelke, P. 2014. *The great acceleration: An environmental history of the Anthropocene since 1945*. Cambridge, MA: Belknap of Harvard University Press.
- Meadows, D, Meadows, D, Randers, J & Behrens III, W. 1972. *The limits to growth: A report for the Club of Rome's project on the predicament of humankind*. Fifth printing. New York: Universe Books..
- Meybeck, M. 2003. Global analysis of river systems: From Earth system controls to Anthropocene syndromes. *Philos Trans R Soc Lond B Biol Sci*, 358(1440):1935-1955.
- Meyer, R. 2018. Geology's timekeepers are feuding: "It's a bit like Monty Python." *The Atlantic* (29 December).
- Middell, M & Naumann, K. 2010. Global history and the spatial turn: From the impact of area studies to the study of critical junctures of globalization. *Journal of Global History*, 5(1):149-170.
- Moore III, B, Underdal, A, Lemke, P & Loreau, M. 2001. *Amsterdam Declaration on Earth System Science*. Stockholm: IGBP Web archive.
- Nichols, K & Gogineni, B. 2018. The Anthropocene's dating problem: Insights from the geosciences and the humanities. *Anthropocene Review*, 5(2):107-119.
- Nikolov, T & Hristova, R. 2020. Anthropocene versus Holocene in the light of the principles of Stratigraphy. *Comptes Rendus De L Academie Bulgare Des Sciences*, 73(2):236-243.
- Olson, V & Messeri, L. 2015. Beyond the Anthropocene Un-Earthing an Epoch. *Environment and Society-Advances in Research*, 6(1):28-47.
- Otter, C, Bashford, A, Brooke, J, Jonsson, F & Kelly, J. 2018. Roundtable: The Anthropocene in British History. *Journal of British Studies*, 57(3):568-596.
- Otto, IM, Wiedermann, M, Cremades, R, Donges, JF, Auer, C & Lucht, W. 2020. Human agency in the Anthropocene. *Ecological Economics*, 167.
- Pahl-Wostl, C. 2015. *Water governance in the face of global change: From understanding to transformation*. Cham: Springer.
- Palmås, K. 2019. From hacking to simulation: Periodizing digitally-inspired social theory. *Technological Forecasting and Social Change*, 145:105-112.
- Pereira, L, Hichert, T, Hamann, M, Preiser, R & Biggs, R. 2018. Using futures methods to create transformative spaces: Visions of a good Anthropocene in southern Africa. *Ecology and Society*, 23(1).

- Pievani, T. 2014. The sixth mass extinction: Anthropocene and the human impact on biodiversity. *Rendiconti Lincei*, 25(1):85-93.
- Pisano, U. 2012. *Resilience and Sustainable Development: Theory of resilience, systems thinking and adaptive governance*. Vienna: E:Sdn, E.S.D.N.
- Rafferty, P. 2020. Anthropocene Epoch. In *Encyclopaedia Britannica*.
- Revkin, A. 2011. Confronting the 'Anthropocene'. *New York Times* 11 May.
- Richter, D. 2020. Game changer in soil science: The Anthropocene in soil science and pedology. *Journal of Plant Nutrition and Soil Science*, 183(1):5-11.
- Robin, L & Steffen, W. 2007. History for the Anthropocene. *History Compass*, 5(5):1694-1719.
- Rockström, J, Falkenmark, M, Allan, T, Folke, C, Gordon, L, Jägerskog, A, Kummu, M, Lannerstad, M, Meybeck, M & Molden, D. 2014. The unfolding water drama in the Anthropocene: towards a resilience-based perspective on water for global sustainability. *Ecohydrology*, 7(5):1249-1261.
- Ruddiman, W. 2003. The anthropogenic greenhouse era began thousands of years ago. *Climatic Change*, 61:261-293.
- Ruddiman, W. 2013. The Anthropocene. *Annual Review of Earth and Planetary Sciences*, 41:45-68.
- Ruddiman, W, Crucifix, M & Oldfield, F. 2011. Introduction to the early-Anthropocene Special Issue. *Holocene*, 21(5):713-713.
- Ruddiman, WF. 2018. Three flaws in defining a formal 'Anthropocene'. *Progress in Physical Geography: Earth and Environment*, 42(4):451-461.
- Sanchez-Cabeza, J-A, Rico-Esenaro, S, Corcho-Alvarado, J, Röllin, S, Carricart-Ganivet, J, Montagna, P, Ruiz-Fernández, A & Cearreta, A. 2021. Plutonium in coral archives: A good primary marker for an Anthropocene type section. *Science of The Total Environment*, 771:145077.
- Santana, C. 2019. Waiting for the Anthropocene. *British Journal for the Philosophy of Science*, 70(4):1073-1096.
- Schmelzer, M. 2017. 'Born in the corridors of the OECD': the forgotten origins of the Club of Rome, transnational networks, and the 1970s in global history. *Journal of Global History*, 12(1):26-48.
- Schneiderman, J. 2017. The Anthropocene Controversy. In Grusin, R (ed.). *Anthropocene Feminism*. Minnesota: University of Minnesota Press, pp. 169-195.
- Scranton, R. 2015. *Learning to die in the Anthropocene: Reflections on the end of a civilization*. San Francisco: City Lights Publishers. (Kindle edition).
- Smil, V. 2015. It's too soon to call this the Anthropocene Era. *IEEE Spectrum*, May 27.
- Smil, V. 2019. *Growth: From microorganisms to megacities*. Cambridge Mass.: The MIT Press.
- Smith, M. 2019. *Cities: The first 6,000 years*. London: Simon & Schuster. Date of access: 2020.02.21.
- Soriano, C. 2020. On the Anthropocene formalization and the proposal by the Anthropocene Working Group. *Geologica Acta*, 18:1-10.
- Spier, F. 2012. Polychronicon: Interpreting the history of 'big history'. *Teaching History* (146):50-51.
- Spier, F. 2015. *Big History and the future of humanity*. Second. Chichester: Wiley Blackwell.
- Steffen, W, Grinevald, J, Crutzen, P & McNeill, J. 2011. The Anthropocene: conceptual and historical perspectives. *Philosophical Transactions of the Royal Society A: Mathematical, Physical and Engineering Sciences*, 369(1938):842-867.
- Steffen, W, Rockstrom, J, Richardson, K, Lenton, T, Folke, C, Liverman, D, Summerhayes, C, Barnosky, A, Cornell, S, Crucifix, M, Donges, J, Fetzer, I, Lade, S, Scheffer, M, Winkelmann, R & Schellnhuber, H. 2018. Trajectories of the Earth System in the Anthropocene. *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America*, 115(33):8252-8259.
- Szszynski, B. 2012. The end of the end of nature: The Anthropocene and the fate of the human. *Oxford Literary Review*, 34(2):165-184.
- Tamm, M & Simon, Z. 2020. More-than-human history: Philosophy of history at the time of the Anthropocene (Pre-print manuscript). In Kuukkanen, J-M (ed.). *Philosophy of History: Twenty-First-Century Perspectives*. London: Bloomsbury, pp. 1-23.
- Thomas, JA. 2014. History and biology in the Anthropocene: problems of scale, problems of value. *The American Historical Review*, 119(5):1587-1607.
- Trischler, H. 2016a. The Anthropocene. *NTM Zeitschrift für Geschichte der Wissenschaften, Technik und Medizin*, 24(3):309-335.

- Trischler, H. 2016b. The Anthropocene A Challenge for the History of Science, Technology, and the Environment. *Ntm*, 24(3):309-335.
- Trischler, H. 2018. Wissenschafts- und Technikhistoriker/-innen als Zeitenfresser. *Berichte zur Wissenschaftsgeschichte*, 41(4):429-432.
- Trischler, H. 2013. *Anthropocene: Envisioning the future of the age of humans* Vol. 3. Munich: Rachel Carson Center for Environment and Society.
- Tschirhart, P & Bloomfield, E. 2020. Framing the Anthropocene as influence or impact: The importance of interdisciplinary contributions to stratigraphic classification. *Environmental Communication*:1-14.
- Uhrqvist, O. 2014. *Seeing and knowing the earth as a system: An effective history of global environmental change research as scientific and political practice*. Vol. 631. Linköping: Linköping University.
- Ulmer, JB. 2017. Posthumanism as research methodology: inquiry in the Anthropocene. *International Journal of Qualitative Studies in Education*, 30(9):832-848.
- Van der Leeuw, S, Costanza, R, Aulenbach, S, Brewer, S, Burek, M, Cornell, S, Crumley, C, Dearing, J, Downy, C, Graumlich, L, Heckbert, S, Hegmon, M, Hibbard, K, Jackson, S, Kubiszewski, I, Sinclair, P, Sörlin, S & Steffen, W. 2011. Toward an integrated history to guide the future. *Ecology and Society*, 16(4).
- Veiga da Cunha, L. 2014. Foreword. In Bhaduri, A, Bogardi, J, Leentvaar, J & Marx, S (eds). *The global water system in the Anthropocene: Challenges for science and governance*. Cham: Springer, pp. v-viii.
- Veland, S & Lynch, AH. 2016. Scaling the Anthropocene: How the stories we tell matter. *Geoforum*, 72:1-5.
- Walker, M, Head, M, Lowe, J, Berkelhammer, M, Bjorck, S, Cheng, H, Cwynar, L, Fisher, D, Gkinis, V, Long, A, Newnham, R, Rasmussen, S & Weiss, H. 2019a. Subdividing the Holocene Series/Epoch: Formalization of stages/ages and subseries/subepochs, and designation of GSSPs and auxiliary stratotypes. *Journal of Quaternary Science*, 34(3):173-186.
- Walker, M, Head, MJ, Lowe, J, Berkelhammer, M, Bjorck, S, Cheng, H, Cwynar, LC, Fisher, D, Gkinis, V, Long, A, Newnham, R, Rasmussen, SO & Weiss, H. 2019b. Subdividing the Holocene Series/Epoch: formalization of stages/ages and subseries/subepochs, and designation of GSSPs and auxiliary stratotypes. *Journal of Quaternary Science*, 34(3):173-186.
- Waters, C, Zalasiewicz, J, Summerhayes, C, Fairchild, I, Rose, N, Loader, N, Shotyk, W, Cearreta, A, Head, M, Syvitski, J, Williams, M, Wagleich, M, Barnosky, A, An, Z, Leinfelder, R, Jeandel, C, Gałuszka, A, Ivar do Sul, JA, Gradstein, F, Steffen, W, McNeill, J, Wing, S, Poirier, C & Edgeworth, M. 2018. Global boundary stratotype section and point (GSSP) for the Anthropocene Series: Where and how to look for potential candidates. *Earth-Science Reviews*, 178:379-429.
- White, D. 2008. *Bookchin: A critical appraisal*. London: Pluto Press.
- Wood, D. 2019. *Deep time, dark times: On being geologically human 1*: Fordham University Press.
- Wulf, A. 2015. *The invention of nature: The adventures of Alexander von Humboldt the lost hero of science*. London: John Murray Publishers. Kindle edition.
- Zalasiewicz, J, Waters, C, Ellis, E, Head, M, Vidas, D, Steffen, W, Thomas, J, Horn, E, Summerhayes, C, Leinfelder, R, McNeill, J, Gałuszka, A, Williams, M, Barnosky, A, Richter, DdB, Gibbard, P, Syvitski, J, Jeandel, C, Cearreta, A & Cundy, A. 2021. The Anthropocene: Comparing its meaning in geology (Chronostratigraphy) with conceptual approaches arising in other disciplines. *Earth's Future*, 9(3):1-25.
- Zalasiewicz, J, Waters, C & Head, M. 2017a. Anthropocene: Its stratigraphic basis. *Nature*, 541(7637):289-289.
- Zalasiewicz, J, Waters, C, Williams, M, Summerhayes, C, Head, M, Leinfelder, R, Grinevald, J, McNeill, J, Oreskes, N & Steffen, W. 2019. The Anthropocene as a geological time unit: A Guide to the Scientific Evidence and Current Debate. In Zalasiewicz, J, Waters, C, Williams, M & Summerhayes, C (eds). *History and Development of the Anthropocene as a Stratigraphic Concept*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 1-40.
- Zalasiewicz, J, Waters, C, Wolfe, A, Barnosky, A, Cearreta, A, Edgeworth, M, Ellis, E, Fairchild, I, Gradstein, F, Grinevald, J, Haff, P, Head, M, Ivar do Sul, J, Jeandel, C, Leinfelder, R, McNeill, J, Oreskes, N, Poirier, C, Revkin, A, Richter, D, Steffen, W, Summerhayes, C, Syvitski, J, Vidas, D,

- Wagreich, M, Wing, S & Williams, M. 2017b. Making the case for a formal Anthropocene Epoch: an analysis of ongoing critiques. *Newsletters on Stratigraphy*, 50(2):205-226.
- Zalasiewicz, J, Waters, CN, Summerhayes, CP, Wolfe, AP, Barnosky, AD, Cearreta, A, Crutzen, P, Ellis, E, Fairchild, IJ, Galuszka, A, Haff, P, Hajdas, I, Head, MJ, do Sul, JAI, Jeandel, C, Leinfelder, R, McNeill, JR, Neal, C, Odada, E, Oreskes, N, Steffen, W, Syvitski, J, Vidas, D, Wagreich, M & Williams, M. 2017c. The Working Group on the Anthropocene: Summary of evidence and interim recommendations. *Anthropocene*, 19:55-60.
- Zalasiewicz, J, Waters, CN, Wolfe, AP, Barnosky, AD, Cearreta, A, Edgeworth, M, Ellis, EC, Fairchild, IJ, Gradstein, FM, Grinevald, J, Haff, P, Head, MJ, do Sul, JAI, Jeandel, C, Leinfelder, R, McNeill, JR, Oreskes, N, Poirier, C, Revkin, A, Richter, DD, Steffen, W, Summerhayes, C, Syvitski, JPM, Vidas, D, Wagreich, M, Wing, S & Williams, M. 2017d. Making the case for a formal Anthropocene Epoch: an analysis of ongoing critiques. *Newsletters on Stratigraphy*, 50(2):205-226.
- Zalasiewicz, J, Williams, M, Haywood, A & Ellis, M. 2011a. The Anthropocene: a new epoch of geological time? *Philosophical Transactions of the Royal Society A: Mathematical, Physical and Engineering Sciences*, 369(1938):835-841.
- Zalasiewicz, J, Williams, M, Haywood, A & Ellis, M. 2011b. The Anthropocene: a new epoch of geological time? Introduction. *Philosophical Transactions of the Royal Society a-Mathematical Physical and Engineering Sciences*, 369(1938):835-841.

# Wysgerige kanttekeninge oor enkele aspekte van lewe en dood

*Philosophical notes on some aspects of life and death*

**DFM (DANIE) STRAUSS**

Skool vir Filosofie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: dfms@cknet.co.za



Danie Strauss

**DANIE STRAUSS** word in 1971 as senior lektor in Wysbegeerte aan die destydse UOVS aangestel. Vanaf Januarie 1976 is hy bevorder tot medeprofessor en in Oktober 1977 word hy aangestel as professor en hoof van die Departement Wysbegeerte aan die UOVS. In 1994 vertrek by na Kanada waar hy as eerste Direkteur van die *Dooyeweerd Centre* die publikasie van die versamelde werke van Herman Dooyeweerd in Engels van stapel stuur. Hy keer in 1997 terug na Suid-Afrika en vanaf April 1998 tot 31 Desember 2001 ageer hy as Dekaan van die nuwe Fakulteit van Geesteswetenskappe aan die UVS. Benewens 15 selfstandige publikasies, 42 internasionale konferensievoordragte en 20 bydraes tot versamelde werke het meer as 290 vakartikels in nasionale en internasionale tydskrifte uit sy pen verskyn. In 2005 is 'n werk oor die wysgerige grondslae van die moderne natuurwetenskappe deur die Duitse Uitgewer Peter Lang gepubliseer, *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 het 'n werk oor die sosiologie ook by Peter Lang verskyn – *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford: New York). In 2009 het sy werk, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* by Paideia

**DANIE STRAUSS** was appointed as senior lecturer in Philosophy at the then University of the Orange Free State (UOFS) in 1971. He was promoted to associate professor in January 1976 and in October 1977 he became professor and head of the Department of Philosophy at the UOFS. In 1994 he went to Canada, where as the first Director of the *Dooyeweerd Centre*, he initiated the publication of the collected works of Herman Dooyeweerd in English. He returned to South Africa in 1997 and from 1 April 1998 to 31 December 2001 he was Dean of the new Faculty of Humanities at the UFS. Apart from 15 independent publications, 42 international conference papers and 20 contributions to collected works, he has published 290 articles in national and international journals. In 2005 his work on the philosophical foundations of the modern natural sciences was published by Peter Lang Publishers – *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 Peter Lang published his work *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford New York). In 2009 his work, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* was published by Paideia Press, Grand Rapids, USA (715 pp.). In 2011 this book

**Datums:**

Ontvang: 2020-10-25

Goedgekeur: 2021-02-09

Gepubliseer: Junie 2021

Press, Grand Rapids, USA verskyn (715 pp.). In 2011 is dit in Amsterdam deur die *Stichting Reformatoriese Filosofie* beloon as die mees omvattende uitbouing van die sistematiese erfenis van hierdie filosofie. Sedert 2013 is Danie Strauss Navorsingsgenoot by die Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus.

received the award for work in the fields of systematic philosophy or the history of philosophy for advancing the cause of the “Philosophy of the Cosmomic Idea”. Since 2013 Danie Strauss is a Research Fellow at the School of Philosophy, North West University, Potchefstroom Campus, South Africa.

## ABSTRACT

### *Philosophical notes on some aspects of life and death*

*The sudden appearance of the enormously threatening COVID-19 virus with its subsequent more infectious mutations challenged the very foundations of practically all countries around the world. It also prompted me to broaden the scope of reflecting on the age-old problem of “life and death”. Amidst our growing knowledge of living entities it soon became clear that the cell is the smallest living entity – exceeding the largest macromolecule by about 1 000 times. By the end of the 18th century viruses were discovered and they appeared to be entities intermediate between non-living and living entities. From a philosophical perspective it opened the way to many intriguing questions directed at the boundaries of our knowledge. One question is how do we describe the diversity of things, properties and processes which we experience in our daily lives. Already in Greek culture we encounter theoretical approaches that opted for the exploration of just one mode of explanation. It gave rise to two opposing monistic orientations: pan-mechanism and pan-vitalism. Underlying this opposition there lurks a straightforward basic question, namely What is a plant? We argue that without prior knowledge of the difference between material things, plants and animals it would not even be possible to commence studying plants. The hypothetical transition from material configurations to truly living entities over a vast period of time is problematic because the long time-span, in fact, conceals an unsolved problem, namely the abrupt moment of transition – the change from one moment to the next from non-living to being alive. Assuming the simultaneous appearance of protein and DNA caused new unsolved problems. Attention is also given to elements of the question concerning what is matter, indicative of the unavoidable foundation of living entities. After some brief reflections on the various realms found in nature, elements of our earlier remarks about mechanistic and organistic approaches are connected to some problematic modern views. Simpson is correct in his criticism of the expression “molecular biology” because molecules, as such, are not alive. Von Bertalanffy expands on this issue with his remark that these processes are different in a living, sick or dead dog; but the laws of physics do not differentiate, being indifferent to whether or not dogs are alive or dead. That the physical substrate of living things contains its own distinct problems, steered our analysis into a slightly different direction. Finally, contemplating the multifaceted nature of the process of dying is followed up by looking at some constitutional issues and some implications for human rights.*

**KEYWORDS:** virus, (non-)living, monism, dualism, what is a plant, moment of death, constitutional rights, mask, physical distance

**TREFWOORDE:** virus, (nie)lewend, dualisme, monisme, wat is ’n plant?, oomblik van dood, konstitusionele regte, masker, sosiale afstand

## OPSOMMING

Teen die einde van die 18de eeu is virusse ontdek en getipeer as skynbare oorgangsentiteite tussen nielewende en lewende dinge. Dit het aanleiding tot verskeie (wysgerige) grensprobleme gegee. Aan die een kant word aandag geskenk aan die vermeende gelyktydige ontstaan van proteïene en kernsuur en aan die ander kant word besin oor die vraag wat ’n plant is. Simpson en Von Bertalanffy word betrek om te beklemtoon dat molekules nie lééf nie. Dit open die weg na enkele gedagtes oor die aard van stoflike entiteite. Vervolgens word aandag geskenk aan die grensvraag na die oomblik van die dood en afgesluit met enkele juridiese oorwegings.

## ORIËTERING

Om te kan onderskei tussen stof, plant, dier en mens behoort sekerlik van oudsher tot die menslike ervaringskennis. Vandag weet ons dat ’n lewende sel die kleinste lewensvatbare entiteit is. Ons kennis van virusse neem ’n aanvang teen die einde van die 19de eeu. In 1892 het Dmitri Ivanovsky ’n niebakteriële patogeen wat tabakplante besmet, beskryf en in 1898 is die tabakmosaïekvirus deur Martinus Beijerinck ontdek.

Die aard van virusse het gevolglik eers gedurende die afgelope sowat 130 jaar die natuurwetenskaplike horison betree. Virusse beklee skynbaar ’n tussen-posisie – tussen makro-molekules en egte lewende selle.<sup>1</sup>

Die vraag of virusse lewendig of dood is, bring ons in aanraking met een van die grensvrae van die wetenskap. In hierdie artikel wil ons aandag gee aan enkele van hierdie grensvrae. Volgens die Nederlandse ingenieur-filosof, Henk van Riessen, word die filosofie tewens gekenmerk daardeur dat dit juis besig bly met die *grensvrae* van die wetenskap. Vervolgens gee ons aandag aan die grens tussen “lewe” en “dood”, vervolg dan met enkele gedagtes oor die oomblik van dood en let ten slotte vlugtig op enkele probleemkante van die huidige staatkundige maatreëls wat in reaksie op die *pandemie* en die *ramptoestand* van stapel gestuur is.

## GRENSOORGANGE?

In ’n leesverslag<sup>2</sup> is daarop gewys dat die vermeende oudste organismes op aarde kontroversieel is. In 1967 het Schopf & Barghoorn (1967: 508 e.v.) byvoorbeeld die verskyning van eensellige alge op 3 100 miljoen jaar gestel – aangedui as *Archaeosphaeroïdes barbertonensis*. Tog kom Schopf in 1975 tot die gevolgtrekking dat die “Swaziland spheroids”, wat sy 1967 *Archaeosphaeroïdes barbertonensis* insluit, “should not be regarded as constituting firm evidence of Archean life”.<sup>3</sup> Insake die orde-grootte van molekules en lewende selle, kan terloops daarop gewys word dat die grootste makromolekule ongeveer duisend keer kleiner as die kleinste sel is.

Die vermeende tussen-posisie van virusse het ’n bykomende dimensie na vore gebring betreffende die bovermelde onderskeiding tussen “lewe” en “dood”.

Aangesien lewende entiteite, fisies-chemies beskou, op die basis van sowel (ensiem-) proteïene as kernsuur (DNS) funksioneer, word aangeneem dat daar uit die staanspoor ’n *noue*

<sup>1</sup> Sien Abergel *et al.* (2015) insake die snel-groeiende kennis van (reuse)virusse.

<sup>2</sup> Met erkenning aan die uitvoerige kommentaar van een van die anonieme keurders van hierdie artikel.

<sup>3</sup> Kyk sy artikel, Precambrian paleobiology: problems and perspectives, *Annual Review of Earth and Planetary Sciences*, 3(1):213-249.

*verwantskap* aanwesig moes wees tussen proteïene en kernsuur. Reeds in 1971 merk Orgel en Sulston egter hierop op: “This approach leads to new difficulties so severe that it has never been carried very far” (Orgel & Sulston 1971:91; kyk ook Lazcano 2015). Treffend vervolg hulle met die opmerking dat “vooruitgang” in dié verband slegs geboekstaaf kan word wanneer aan kernsuur en proteïene eienskappe toegeskryf word wat onwaarskynlik lyk en nog nie eksperimenteel waargeneem is nie.

## MONISTIESE OPSIES

Reeds in die antieke Griekse kultuur is met die aard van monistiese beskouings geworstel, met name by wyse van ’n meganistiese siening en ’n vitalistiese siening. ’n Monistiese opvatting wil die ganse werklikheid tot één (verklarings-)beginsel herlei. Hans Jonas het op ’n treffende wyse by geleentheid ’n tipering gegee van die monistiese vorme van vitalisme en meganisme. ’n Monistiese benadering wil immers nie soos die dualis die werklikheid herlei tot twee grondbeginsels nie, want dit wil juis een allesomvattende en allesverklarende beginsel poneer.

Daarom kan ons ewe goed praat van *pan-vitalisme* en *pan-meganisme*. Reeds in die vroegste Griekse natuurfilosofie tref ons die *hulesoïsme* aan – een van Thales se indirek-bewaarde uitsprake sou tewens wees dat *alles lewe*. Vir hierdie oriëntasie is dit ondenkbaar dat “lewe” nie die normale, heersende reël in die heelal is nie. Jonas merk op: “In so ’n wêreld siening is die dood ’n raaisel wat die mens in die gesig staar, die teenspraak tot dit wat natuurlik is, sigself verklaar en verstaanbaar is, dit wat die algemene lewe is” (Jonas 1973:20).<sup>4</sup> Die paragraaf waarin Jonas hierdie opmerking maak, handel oor: “Pan-vitalisme en die probleem van die dood” (Jonas 1973:19 e.v.).

Wie daarteenoor pan-meganisties dink, beklemtoon die gedagte dat lewensverskynsels eintlik ’n grensgeval is in die omvattende homogene fisiese wêreldbeeld. Kwantitatief ’n nietigheid in die onmeetlikheid van die kosmiese materie, kwalitatief ’n uitsondering op die reël van materiële eienskappe, kennismatig die onverklaarde in die verklaarbare fisiese natuur – só het die “lewe” ’n steen des aanstoots vir die pan-meganisme geword: “Die lewe as probleem opvat, beteken hier dat die vreemdheid daarvan in die meganiese wêreld, wat dié werklikheid is, onderken word; dit verklaar, beteken – op hierdie vlak van die universele doods-ontologie – dit ontken, dit tot ’n variant van die moontlikheid van die lewelose maak” (Jonas 1973:23).<sup>5</sup>

## VERTEENWOORDIG VIRUSSE ’N OORGANGSVORM TUSSEN STOFLIKE DINGE EN LEWENDE ENTITEITE?

Virusse is opgebou uit kernsuur (hetsy RNS of DNS) wat omgrens word deur ’n mantel van proteïene met soms ook lipiede daarby. In 1935 het WM Stanley daarin geslaag om die tabakmosaïekvirus te suiwer en te laat kristalliseer.<sup>6</sup> Virusse is slegs in staat om te vermenigvuldig (en in dié proses parasities deformerend te werk) in lewende selle. Die moontlikheid dat dit gereduseerde mikro-organismes is, dat dit gene is wat van die selstruktuur losgeraak

<sup>4</sup> Tensy anders vermeld, is alle vertalings in Afrikaans my eie.

<sup>5</sup> Hierdie paragraaf handel oor: “Pan-meganisme en die probleem van die lewe” (Jonas 1973:22 e.v.).

<sup>6</sup> Sien Kay (1986) – daar sal nie nader op die kontroversiële ontstaansgeskiedenis van virusse ingegaan word nie.

het of dat dit produkte van die selmetabolisme is, bly steeds spekulatief, omdat ons niks weet van die werklike ontstaan van virusse nie. Daarom is die vermeende tussen-posisie van virusse ook problematies.

Die merkwaardige aard van die “tussen-posisie-hipotese” is egter dat dit uitgaan van die volgende *onderskeiding*: *stoflike dinge* en *lewende dinge*. Daarom word die vraag gestel: Is ’n virus *lewendig* of besit dit slegs ’n *makromolekulêre stofstruktuur*? Aangesien dit wel binne ’n egte lewende sel kan vermenigvuldig, word soms aangevoer dat dit ’n tussen-posisie sou kon beklee.

In werklikheid stuit ons egter hier op een van die grensvrae van die natuurwetenskappe. Alle wetenskaplike onderskeidinge veronderstel immers die volle mens met sy voorwetenskaplike werklikheidservaring. Die verskeidenheid wat in hierdie alledaagse leefwêreld ervaar word, kan slegs eksplisiet gemaak word wanneer ons onderskei tussen die fisiese en die biotiese aspekte van die werklikheid. (Hierdie onderskeiding is egter in die mens se *niewetenskaplike* ervaring van die werklikheid ingebed – en wel in die verskil wat tussen stoflike dinge en plantaardige dinge getref word deur middel van *entiteitsgerigte abstrahering*). As die vraag is of virusse lewend of dood is, kan die antwoord slegs een van twee opsies kies: dit is óf lewend óf dood, daar is geen “tussen-posisie” nie.

Virusse hoort nie in die vermeende stamboom nie.<sup>7</sup>

## NOGEENS: WAT IS ’N PLANT?

Die basiese ervaringsbesef van die verskil tussen fisiese dinge, plante en diere word gekorreleer met die onherleibaarheid (uniekheid) van die relevante aspekte, naamlik die fisiese, biotiese en sensitief-psigiese aspekte van die werklikheid. Die implikasie van ’n niereduksionistiese ontologie is dat enige gegewe entiteit *dit* of *dat* is – dit is óf fisies óf lewendig, dit is óf bioties óf sensitief-psigies, sonder enigiets “tussen-in”. Byvoorbeeld, die spekulatiewe verhaal rakende ’n lang proses van a-biogenese (a-biotiese of pre-biotiese evolusie), wat na bewering oor miljoene jare strek en gerig is op die ontstaan van die eerste werklike lewende entiteit (in reïfiserende modus word dit die “oorsprong van die lewe” genoem), wat die kritieke punt van verleentheid van die hele argument kamoefleer. Op elke oomblik van hierdie vermeende deurlopend-kontinue proses kan ’n mens die betekenisvolle beslissende vraag stel: Is die “ontwikkende” konstellasie lewendig of nie lewendig nie? Dit is duidelik dat die antwoord slegs ’n bevestiging of ontkenning kan wees. Nietemin, die werklike kritieke punt word saamgevat in daardie unieke, plotselinge *oomblik* waarop die vermeende oorgang van een oomblik op die ander plaasvind: een oomblik is die konstellasie nielewend en die volgende oomblik leef dit. Die miljoene jare is irrelevant; wat nodig is, is ’n verantwoording van die abrupte oomblik.

’n Moontlike alternatief is om gebruik te maak van ’n fisika-begronde beskouing wat beweer dat lewende entiteite eintlik “niks anders” as ’n komplekse interaksie van molekules en makro-molekules is nie.

Sodra hierdie siening verdedig word, verdwyn die probleem skynbaar, want dan was die “nie-lewende” konstellasie van meet af ’n interaksie in ’n fisies-chemiese stelsel, dit wil sê lankal “lewendig”! Dit herinner ’n mens aan die weg wat Simpson ingeslaan het, naamlik om die groot leemtes in die paleontologiese rekord te “verklaar” deur te beweer dat as ons regtig

<sup>7</sup> Sien byvoorbeeld Moreira, D en López-García (2009) en die reaksie wat dit ontlok het; sien López-García, P. en Moreira (2009)(*Nature Reviews Microbiology* 7(8):615-617).

al die tussenvorms sou herwin, dit duidelik sou wees dat daar geen leemtes is nie. In plaas daarvan om die gapings te verduidelik, ontken hy eenvoudig dat hulle bestaan.

## DIE KLASSIFIKASIE VAN RYKE

Wat vroeër bekend gestaan het as 'n "kingdom" en later, in terme van inklusiewe taalgebruik, as 'n "realm", is gerig op die omvang van 'n kategorie van entiteite wat deur 'n bepaalde tipe-wet bepaal en omgrens word. In die mate waarin die moderne biologie (en verwante dissiplines, soos genetika, biochemie en biofisika) die mikro-dimensies van lewende entiteite ondersoek, het die tradisionele en bekende klassifikasie wat bloot 'n onderskeid tussen dinge, plante en diere tref tot vraagtekens gelei.

Beskou byvoorbeeld 'n groep amoboïede, die *Acrasiales*, wat die enigste orde binne die klas sellulêre vorme bekend as *Acrasiales* is, wat voorheen geklassifiseer is as plante. Die euglenoïede word gewoonlik ook geklassifiseer as plante, hoewel dit deur ander dierkundiges as (protooïese) diere beskou word. Daar is ook lewende entiteite (waaronder eensellige *flagellate*) wat funksies vertoon wat normaalweg diens doen om plante en diere te onderskei. *Chlorofil*, gewoonlik 'n kenmerk van plante, word in *Euglena* (eensellige lewende entiteite) aangetref. Tog beweeg hulle en absorbeer hulle terselfdertyd voedsel soos diere.

Dit wil voorkom asof 'n meer verfynde manier om uit hierdie probleem van die klassifikasie van ryke ("koninkryke") te kom, te vinde is in die moontlikheid om die volgende vyf ryke te onderskei: "*Monera* (bakterieë, blougroen alge); *Protista* (protooë, krisofiete); *Swamme* (slymvorms, ware swamme); *Plantae* (alge en hoër plante); en *Animalia* (meersellige diere)" (kyk Bock (1989:102)). Virusse word egter nie by die "tree of life" ingesluit nie.<sup>8</sup>

## PROKARYOTE EN EUKARYOTE

Tans word daar met betrekking tot die mees basiese vlakke van lewende entiteite voorkeur gegee aan die onderskeiding tussen *Prokaryote* en *Eukaryote*. Eersgenoemde is lewende entiteite sonder 'n kern, meestal unisellulêr en ontbeert *organelle* wat deur membrane gebonde is, terwyl *Eukaryote*, wat een- of meersellig kan wees, 'n goed gedefinieerde kern (as gevolg van 'n omvouende membraan) besit asook 'n groot aantal sub-sellulêre *organelle* omvat.

Plantselle word geïdentifiseer deur direkte gebruik van ligenergie of as gevolg van die feit dat dit dele van 'n lewende entiteit is wat ligenergie gebruik. Hulle het 'n sel-wand van sellulose – wat afwesig is in die geval van diere, swamme en protiste – en binne hul groen dele het hulle plastiede (veral chloroplaste). As 'n alternatief vir 'n tweedomein-klassifikasie, stel Carl Woese 'n driedomein-stelsel voor: *Eukaryota*, *Bakterieë* en *Archaea* (sien Woese & Fox (1977)).

Die ondersoek na hierdie onderskeidings maak dit egter spoedig duidelik dat, ingevolge die aard van modale funksies, hierdie basiese reeks kategorieë (klassifikasies) betrekking het op lewende entiteite wat aktief (subjektief) in die biotiese aspek van die werklikheid funksioneer (benewens die aspekte van getal, ruimte, beweging en die fisiese). Slegs diere, as sensitief-psigiese wesens, funksioneer ook subjektief binne die sensitief-psigiese bestaanswyse.

By gebrek aan 'n duidelike onderskeid tussen modale funksies en konkreet bestaande (en funksionerende) entiteite, het die moderne biologie nie 'n eenduidige idee van 'n ryk tot sy

<sup>8</sup> Sien byvoorbeeld Moreira en López-García (2009): "Ten reasons to exclude viruses from the tree of life." Let ook op die reaksie wat hulle ontlok het, *Nature Reviews Microbiology* 7(8):615-617.

beskikking nie. Daarom gaan dit voort deur uiteindelik slegs klassifikasies te maak binne die konteks van *biotiese* eienskappe, dit wil sê binne die kader van *bioties gekwalifiseerde entiteite*. Dit verklaar waarom van lewende dinge gepraat word sonder enige verwysing na die aard van die modale aspekte wat veronderstel word, in die besonder na die biotiese funksie van die werklikheid.

Ondanks die afwesigheid van 'n goed gedefinieerde kern, funksioneer Prokaryote se DNS basies op dieselfde manier as die DNS van Eukaryote. Modale eienskappe bied byvoorbeeld die moontlikheid om getalseienskappe vas te stel deur die tel van makromolekules of die tel van sub-sellulêre organelle en bykomend deur te let op verskille in grootte (ruimte-eienskappe), en duursaamheid (kinematiese eienskap), ensovoorts. Maar sonder alternatiewe kwalifiserings-funksies bly die aard van lewende dinge gebonde aan die moontlikhede en beperkinge van die biotiese en sensitief-psigiese aspekte van die werklikheid, wat nog steeds teruggryp na die oorspronklike naïewe ervaringsbesef van stoffike dinge, plante en diere.

Die veronderstelde “ryke” wat deur die moderne biologie onderskei word, oorskry eenvoudig die beskikbare modale aspekte wat as kwalifiseringsfunksies kan optree.

Die neo-Darwinistiese denker, George Gaylord Simpson, wys tereg daarop dat sprake van “molekulêre biologie” kontradiktories is, aangesien molekules nie leef nie (Simpson 1969:8).

Von Bertalanffy tipeer die moderne ontwikkeling vanuit sy organismiese oriëntasie soos volg:

First came the developments of mathematics, and correspondingly philosophies after the pattern of mathematics – *more geometrico* according to Spinoza, Descartes and other contemporaries. This was followed by the rise of physics; classical physics found its world-view in mechanistic philosophy, the play of material units, the world as chaos ... Lately, biology and the sciences of man come to the fore. And here organization appears as the basic concept – an organismic world-view taking account of those aspects of reality neglected previously. (Von Bertalanffy (1968:66))

Sy kritiek op reduksionistiese benaderings (wat lewende dinge tot die interaksie van atome, molekules en makro-molekules herlei) is treffend:

These processes, it is true, are different in a living, sick or dead dog; but the laws of physics do not tell a difference, they are not interested in whether dogs are alive or dead. This remains the same even if we take into account the latest results of molecular biology. One DNA molecule, protein, enzyme or hormonal process is as good as another; each is determined by physical and chemical laws, none is better, healthier or more normal than the other. (Von Bertalanffy (1973:146))

Dit sluit ook goed aan by Sorokin se vroeëre reaksie oor *The Crisis of our Age*:

Hence the general tendency of the sensate mentality to regard the world – even man, his culture, and consciousness itself – materialistically, mechanistically, behavioristically. Man becomes, in sensate scientific definitions, a ‘complex of electrons and protons’, an animal organism, a reflex mechanism, a variety of stimulus-response relationships, or a psychoanalytical ‘bag’ filled with physiological libido. ‘Consciousness’ is declared to be an inaccurate and subjective term for physiological reflexes and overt actions of a certain kind. (Sorokin (1946:93-94))

Terwyl toegegee word dat molekules nie lewendig is nie, word ons toenemend gekonfronteer met epigenetiese informasie. Meyer verwys na verskillende scenario's wat probeer om die oorsprong van twee soortgelyke gene te verklaar aan die hand van afstamming met modifikasie (via mutasie) van gewone voorvaderlike gene. Tog is genomstudies nou besig om honderdduisende gene in talle verskillende organismes op te spoor wat geen noemenswaardige ooreenkoms vertoon in lyn met enige ander bekende gene nie. Hierdie “taksonomies beperkte gene” of “ORFans” (vir “open reading frames of unknown origin”) karteer nou die filogenetiese landskap. ORFans het in elke groot groep organismes te voorskyn gekom, insluitende plante en diere, sowel as in eukariotiese en prokariotiese eensellige organismes. In sommige organismes bestaan soveel as die helfte van die hele genoom uit ORFan gene (Meyer (2013:215-216)).

Midde-in hierdie prentjie het die koronavirus en sy variante ons opnuut bewus gemaak van die perke van ons kennis en van die haas onvoorstelbare kompleksiteit van lewende dinge. Selfs die fisiese basis van lewende dinge bly ons wetenskaplike greep ontglip.

## DIE MISTERIE VAN MATERIE

Die werklikheidservaring van die mens is ingebed in die belewing van konkrete dinge, gebeurtenisse en samelewingsverhoudinge. Van kleins af word ons egter reeds gekonfronteer met 'n besef van die matelose omvang van die *heelal*. Te midde van die misterie van alles wat bestaan, kom ons ook nog te staan voor die geheimenis van dit wat van oudsher af aangedui is as *materie*.

Ons het gesien dat sedert die vroegste ontwikkeling van die Griekse kultuur daar gesoek is na een of ander *verklaringswyse* of *verklaringsbeginsel* met behulp waarvan ons alles kan verstaan – hetsy panmeganisties of panvitalisties. Die Griekse kultuur word immers tereg gesien as die bakermat van die Westerse beskawing en as die voedingsbodem waaruit die sogenaamde eksakte natuurwetenskappe ontstaan het (sien Lorenzen 1960).


Dit is bekend dat Thales reeds in 585 v.C. 'n sonsverduistering reg voorspel het. Ewe merkwaardig is die vermoë waaroor hy beskik het om by 'n sonstand van 450 uit die skaduwee van 'n piramide die hoogte daarvan te bereken. Thales het reeds geweet dat die diagonale van reghoekige driehoeke ewe lank is en by hom vind ons inderdaad die vertrekpunt van die meetkunde as 'n samehangende teoretiese sisteem.

## ALLES IS GETAL?

Die verdere ontwikkeling van nadenke oor die fisiese natuur het by die Pythagoreërs tot die belangrike insig gelei dat rasionele kennis onvermydelik verband hou met getalsverhoudinge. Hul algemene stelling dat *alles getal is* het egter te ver gegaan. Hierdie opvatting berus op die oortuiging dat met behulp van die *verhouding* tussen heelgetalle (0, 1, 2, 3, ...), dit wil sê, deur bloot van gewone breuke soos  $\frac{1}{2}$  gebruik te maak, alles getalsmatig beskryf kan word.

Weliswaar het die ontdekking dat die kelkblare van blomme 'n reëlmatige vyfhoekvorm ('n pentagram) 'n bedreiging vir die oortuiging dat alles getal is ingehou. As al die diagonale verbind word, kry ons die vyfhoekige ster wat onder meer by die poort van Plato se Akademie aangebring is – met die onderskrif dat diegene wat nie in die wiskunde onderlê is nie, nie die Akademie mag binnegaan nie.

Die pentagram het tot die ontdekking gelei dat die verhouding sy/diagonaal nie met 'n gewone breuk (rasionale getal) voorgestel kan word nie (sien Von Fritz (1945)). Dit het tot die eerste grondslaekrisis van die wiskunde gelei wat op die geometrisering van die wiskunde uitgeloop het.



Pentagram

## ALLES IS RUIMTE

Elke getalsverhouding kan tewens meetkundig voorgestel word, maar nie elke lyn-verhouding kan getalsmatig (aritmeties) voorgestel word nie. In die boeke van Euklides is die teorie van getalle daarom aangebied as 'n deel van die *meetkunde*.

Hierdie ontwikkeling het vir die Grieke geïmpliseer dat *materie* in terme van ruimtelike uitgebreidheid verstaan is – 'n opvatting wat tot by Descartes sou naleef in sy opvatting van 'n uitgebreide substansie (*res extensa*).

Met 'n gedagte-eksperiment formuleer Galilei sy traagheidswet (inersie). Gestel 'n liggaam beweeg op 'n *hindernisvrye baan* wat tot in die *oneindige* uitgestrek is, dan sal hierdie beweging eindeloos gekontinueer word (sien Maier (1949)). Teenoor die tradisionele Aristotelies-Middeleeuse opvatting, waarvolgens die beweging van 'n liggaam van 'n veroorsakende *krag* afhanklik sou wees, impliseer die traagheidswet dat beweging 'n gegewe is wat nie uit iets anders *afgelei* of *verklaar* kan word nie. Dit is 'n oorspronklike verklaringswyse – verskillend van *getal* (die Pythagoreërs) en *ruimte* (die spekulatiewe denkwysse van Zeno – met sy argumente teen getal en beweging). As beweging nie 'n veroorsakende krag benodig nie, kan hoogstens gepraat word van *verandering* van beweging (*versnelling* of *vertraging*) – en dit benodig 'n *fisiese krag*.

Waar Aristoteles nog daarvan oortuig was dat beweging 'n oorsaak benodig, het Galilei ingesien dat beweging 'n oorspronklike werklikheidsgegewe is, net soos getal en ruimte.

## VAN BEWEGING TOT ENERGIE-WERKING

Spoedig sou die moderne fisika egter in die greep kom van die moderne meganistiese wêreldbeeld wat die heelal herlei het tot stofdeeltjies in beweging (Heinrich Hertz (1894)). In hierdie oriëntasie is geglo dat alle fisiese prosesse *omkeerbaar* is. Maar Carnot (1824), Madam Curie (1896) en Max Planck (1900) het besef dat dit in werklikheid onomkeerbaar is – oorsaak kom voor gevolg (sien Planck (1913:53-68)).

'n Dekade nadat Max Planck die “Wirkungsquantum” ('n klein stukkie energie) in 1900 ontdek het, het hy in 'n voordrag pertinent gewys op die innerlike onhoudbaarheid van die meganistiese natuuroopvatting wat gedefinieer kan word “as die beskouing dat alle fisiese

prosesse volledig tot ... *beweginge* ... teruggevoer kan word” (sien Planck (1910) en (1973:53)).

Natuurlik beteken dit dat ook die fisiese aspek in eie reg as ’n verklaringswyse erken en benut moet word. Aristoteles het onderskei tussen die fisika van hemelliggame en die fisika van dinge op aarde, maar moderne fisici het besef dat natuurwette orals geld (universeel van krag is) en dat wette soos die wet van energie-konstansie of die swaartekragwet op alle fisiese liggame van toepassing is.

## NOG STEEDS DIE MISTERIE VAN MATERIE

Stegmüller (1987) is oortuig dat selfs vir die 20ste-eeuse wetenskap die begrip *materie* inderdaad een van die moeilikste en mees misterieuse van alle begrippe is. Hy merk ook op dat diegene wat hul besig hou met groot hemelliggame (soos die sterrekunde, astrofisika en kosmologie) nogtans steeds op kennis van die kleinste materiedeeltjies aangewese bly – “quarks” ingeslote. Vervolgens stel hy dat die kontemporêre materie-eksperte geensins slimmer geword het as daardie eerste denkers wat meer as 2 000 jaar gelede op ’n suiwer spekulatiewe basis probeer het om die misterie van materie te verstaan nie (Stegmüller (1987:91)).

In die neo-Darwinistiese denke word ’n prominente plek aan *natuurlike seleksie* toegeken. ’n Ooreenstemmende verhaal word gebruik om die ontstaan van die eerste lewende entiteite te verklaar: deur middel van seleksie sou die toevallige verskyning van organiese verbindings (aminosure, kernsuur, ensieme, e.s.m.) gelei het tot die vorming van reproducerende eenhede, virusagtige vorme, proto-organismes en uiteindelik egte lewende selle. Onder meer in die lig van fisiese wette bevraagteken Von Bertalanffy hierdie gedagte-konstruksie:

In contrast to this it should be pointed out that selection, competition and “survival of the fittest” already *presuppose* the existence of self-maintaining systems; they therefore cannot be the *result* of selection. At present we know no physical law which would prescribe that, in a “soup” of organic compounds, open systems, selfmaintaining in a state of highest improbability, are formed. And even if such systems are accepted as being “given,” there is no law in physics stating that their evolution, on the whole, would proceed in the direction of increasing organization, i.e. improbability. Selection of genotypes with maximum offspring helps little in this respect. It is hard to understand why, owing to differential reproduction, evolution should have gone beyond rabbits, herring or even bacteria, which are unrivalled in their reproduction rate”. (Von Bertalanffy (1973:160-161))

Selvs Simpson skryf: “Since biology is the study of life and molecules, as such, are not alive, the term ‘molecular biology’ is selfcontradictory” (Simpson (1969:6)). Hierdie uitspraak werp bykomend lig op ’n diskussie-opmerking wat Dobzhansky by geleentheid na aanleiding van ’n voordrag wat Schramm geopper het, naamlik dat “[P]re-biological natural selection is a contradiction in terms” (Dobzhansky (1973:310) in Schram (1973)).

Die fisika- of materialistiese oriëntasie van die neo-Darwinisme en van die nuwe ateïste het tans daarin geslaag om ’n stewige houvas op vaktydskrifte en die openbare media te vestig. Hul uiteindelijke reduksionistiese bewering is dat “alles wesenlik fisies is.” So ’n materialistiese siening glo in laaste instansie dat die werklikheid ten diepste *fisies* is. Soos Roy Clouser dit stel: “that reality is ultimately physical, so that everything is either matter or dependent upon matter”. Clouser vermeld ook die filosoof Paul Ziff wat by geleentheid opgemerk het dat hy nie seker is waarom hy ’n materialis is nie: “It’s not because of the arguments. I guess I’d just have to say that reality looks irresistibly physical to me” (Clouser 2005:38).

Vanselfsprekend verteenwoordig die vraag na die verhouding tussen die biotiese aspek en die funderende fisies-chemiese aspek van dié werklikheid die deurslaggewende wysgerige grondprobleem van die biologiese wetenskaplike denke dwarsdeur die geskiedenis daarvan.

Bestaan daar werklik *bioties-gestempelde* entiteite, of moet ons dergelike dinge uitsluitlik en volledig beskryfbaar ag in terme van die fisies-chemiese opboustawwe daarvan? Indien laasgenoemde standpunt korrek is, ontstaan die verdere vraag, naamlik of die onderskeiding tussen “lewe” en “dood” dan nog enige sin besit.

Vrae soos: Is die virus ’n oorgangsfiguur tussen “lewe” en “dood”? Het ons vordering gemaak op die weg van ’n volledige fisika-gerigte (of: materialistiese) verstaan van lewende dinge? Nog afgesien van die misterie van materie (met die ekwivalensie van energie en materie ( $E = mc^2$ ), ontwyk die ontstaan van (genetiese) *informasie* nog steeds die greep van ons huidige natuurwetenskaplike kennis.

The type of information present in living cells – that is, “specified” information in which the sequence of characters matters to the function of the sequence as a whole – has generated an acute mystery. No undirected physical or chemical process has demonstrated the capacity to produce specified information starting “from purely physical or chemical” precursors. For this reason, chemical evolutionary theories have failed to solve the mystery of the origin of first life – a claim that few mainstream evolutionary theorists now dispute. (Meyer (2013:ix); sien ook Kitadai & Maruyama (2020))

Depew beklemtoon hierdie beswaar deur daarop te wys dat natuurlike seleksie “depends for its operation on the very sort of variation and heredity that exists only in organisms and so can hardly be used to explain how organisms came into existence in the first place” (Depew (2003:448) – sien ook Depew & Weber (1986)). Die dierkundige Thorpe beklemtoon ’n ander voorbeeld van konstantheid wat problematies is vir die neo-Darwinistiese klem op verandering. Hou hierby in gedagte dat die historistiese klem op verandering ten koste van duursaamheid ’n duidelike impak gehad het op die spreekwyse wat gebruik word deur Darwin in sy werk uit 1859 oor die oorsprong van spesies. Hy gebruik die term “constancy” twee keer, en “persistent” (of: “persistently”) drie keer, terwyl die term “verandering” 268 keer voorkom, “variasie” 281 keer en “variasies” 162 keer (sien Darwin (1968) en (2005) – sien ook Strauss (2009:112, 596)).

[i]t seems to me that there is an outstanding problem raised by our discussion – namely the problem of fixity in evolution. What is it that holds so many groups of animals to an astonishingly constant form over millions of years? This seems to me to be the problem now – the problem of constancy; rather than of change. And here one must remember that the genetic systems which govern homologous structures are continually changing. Thus the control system is continually changing but the system controlled is constant, and constant over millions of years. This problem seems to me to stick out like a sore thumb in modern evolutionary theory (A discussion comment after the contribution of Ludwig von Bertalanffy (Change or Law) in the collection edited by A. Koestler and J.R. Smythies (1972:77)).

Die resente gebruik om van bio-diversiteit te praat, oorstyg dié van die onderliggende fisikaal-georiënteerde neo-Darwinisme.

Uiteindelik beklemtoon Plato en ons ervaring van diversiteit die omvang van die beginsel van sfeer-soewereiniteit. Die diversiteit van aspekte hou verband met die verskeidenheid van entiteite wat ons in ons alledaagse lewe kan ervaar. Hierdie diversiteit word ook waargeneem

in die diskontinue paleontologiese rekord en die diskontinuiteite wat in die huidige natuurlike sisteem (NS – die klassifikasie van huidige lewende entiteite) aangetref word.

Soewereiniteit-in-eie-kring bevestig die diskontinuiteit in die paleontologiese rekord en die leefwêreld en staan teenoor die vermeende kontinuïteit tussen verskillende lewensvorme.

Coyne, ’n prominente neo-Darwinis, het ’n goeie begrip van die probleem van kontinuïteit en diskontinuiteit (sien ook Dobzhansky (1967:28) en verder Wright (1964)). Vergelyk sy opmerking: “Jare na die publikasie van *The Origin* het bioloë gesukkel, en misluk, om te verduidelik hoe ’n voortdurende proses van evolusie die diskrete groepe wat as spesies bekend staan, voortbring” (Coyne (2009:186)). “En met die eerste oogopslag lyk hul bestaan vir die evolusieteorie na ’n probleem. Evolusie is per slot van rekening ’n kontinue proses, so hoe kan dit groepe diere en plante produseer wat diskreet en diskontinu is, wat van mekaar geskei word deur gapings in voorkoms en gedrag?” (Coyne (2009:184)). Tog, soortgelyk aan Darwin wat die leuse van Leibniz benut het, naamlik dat die natuur nie spronge maak nie (“natura non facit saltus”), onderskryf Coyne ook die voorrang van die kontinuïteitspostulaat, want dit is die voortdurende proses van evolusie wat *diskrete* groepe *voortbring*.

Gould merk op dat vir Darwin “... geleidelikheid voor natuurlike seleksie in die kern van sy oortuigings oor die aard van dinge gestaan het. Natuurlike seleksie was ’n voorbeeld van gradualisme, nie andersom nie – en die verskillende vorme van gradualisme konvergeer tot ’n enkele, gekoördineerde lewensbeskouing waarvan die kompas veel verder strek as natuurlike seleksie en selfs evolusie self” (Gould (2002:154-155)).

Dit is duidelik dat binne hierdie denkwysse geen ruimte vir die erkenning van die innerlike aard van dinge en vir die onherleibaarheid van aspekte is nie. Enigiemand wat die resultate van die wetenskapsfilosofie van die 20ste eeu deurdink, sal weet dat “feite” nie onaantasbaar is nie. Niemand minder as Gould het daarop gewys dat hy as bioloog die wetenskapsfilosofie van die vroeë en middel 20ste eeu behoorlik begryp het: “Feite het geen onafhanklike bestaan in die wetenskap of in enige menslike aktiwiteit nie; teorieë gee verskillende gewigte, waardes en beskrywings, selfs aan die mees empiriese en onmiskenbare waarnemings” (Gould (2002:759)). Die volgende stap is om rekening te hou met die diepste oortuigings wat vorm en rigting aan ons teoretiese bedrywighede gee. Die bogenoemde kontinuïteitspostulaat van Leibniz is ’n manifestasie van die moderne natuurwetenskapsideaal wat die perke van die menslike denke wil elimineer. Volgens hierdie diepste oortuiging kan die menslike rede die wêreld na willekeur herkonstrueer en enige bedreiging vir die veronderstelde mag of outonomie van die menslike rede verwerp.

Dit is egter juis die beginsel van aspektuele (modale) sfeer-soewereiniteit wat in die weg van die humanistiese wetenskapsideaal met sy nivellerende kontinuïteitspostulaat staan. Gould diskwalifiseer die kontinuïteitspostulaat as ’n gevaarlike intellektuele lokval: “Die verhale wat ons hoor,” so beweer Gould (2002:913), “vertrek vanuit dieselfde fundamentele dwaling en gaan dan op ’n identiese foutiewe manier voort. Hulle begin met die gevaarlikste van mentale strikke: ’n verborge aanname, wat as vanselfsprekend aangebied word, indien dit hoegenaamd erken word – naamlik ’n basiese definisie van evolusie as kontinue vloei (‘continuous flux’).”

Die dominante patroon van die paleontologiese rekord is egter dat ’n tipe skielik volledig gevormd verskyn, oor miljoene jare konstant bly en dan ewe skielik onveranderd verdwyn: “Typically, a species would appear abruptly in the fossil strata, last 5 million to 10 million years, and disappear, apparently not much different than when it first appeared. Another species, related but distinctly different – ‘fully formed’ – would take its place, persist with little change, and disappear equally abruptly. Suppose, Eldredge and Gould argued, that these long periods

of no change ('stasis' is the word they use) punctuated by gaps are not flaws in the record but are the record, the evidence of what really happens" (sien Gould & Eldredge (2002:998-999); asook Gould & Eldredge (1977)).

DB Kitts skryf twee jaar later in die tydskrif *Evolution*: "Evolusie vereis tussenvorme tussen spesies en die paleontologie bied dit nie" (Kitts (1974:467)). 'n Paar jaar gelede beklemtoon Denton die verskil tussen die vermeende afstammingskontinuiteit en die diskontinue tipe-verskeidenheid: "Dit impliseer dat die natuurlike sisteem 'n natuurlike diskontinuum is eerder as die funksionele kontinuum waarop Darwinistiese bioloë aanspraak maak" (Denton 2016:11)).

Aangesien verandering konstantheid veronderstel, soos reeds deur Plato ingesien en natuurwetenskaplik bevestig is deur Galileo (inersie) en Einstein (die konstante ligsnelheid in 'n vakuum), moet dit duidelik wees dat enige teorie wat nie hierdie fundamentele gegewe erken nie, in ernstige teoretiese probleme kan beland, veral wanneer entiteite en prosesse oorweeg word wat verskillende werklikheidsaspekte betrek, byvoorbeeld as daar gemeen word dat stoflike dinge (wat hul hoogste aktiewe funksie of subjektfunksie binne die fisiese aspek besit) die biotiese aspek genereer óf addisionele subjektfunksies binne die biotiese aspek aanneem.

Kan 'n bepaalde sfeer-soewereine funksie in 'n ander funksie verander? Oorweeg net vir 'n oomblik die moontlikheid dat fisiese entiteite in biotiese (dit wil sê lewende) entiteite omskep kan word. Beteken dit dat modale aspekte kan evolueer?

Wat die diversiteit in die skepping betref, is dit belangrik om daarop te let dat elke aktiwiteit van ontleding of abstraksie altyd afhanklik is van 'n bepaalde verskeidenheid aspekte of van entiteite wat geïdentifiseer en onderskei moes word. Juis as gevolg van hierdie inherente diversiteit wat binne die hele skepping voorkom, is ons in staat om dit te ontleed. Daarom veronderstel analise (abstraksie) 'n gegewe diversiteit wat die grense van ons analitiese aktiwiteit oorskry. As dit nie vir die meer-as-logiese diversiteit binne die skepping was nie, sou dit in beginsel onmoontlik gewees het om analities te dink! Die logies-analitiese denke van mense veronderstel die skeppingsverskeidenheid.

Die probleem rakende die "evolusie" van modale aspekte openbaar egter 'n ernstige teoretiese impasse. As ons byvoorbeeld aanvaar dat die fisiese funksie kan verander (kan "evolueer") in die biotiese aspek, is die volgende vraag of daar dan nog 'n fisiese aspek van die werklikheid sal voortbestaan nadat die fisiese aspek in die biotiese aspek oorgegaan of gestalte aan die biotiese aspek gegee het? Dit blyk onmoontlik te wees, want anders sou die fisiese aspek saam met elementêre deeltjies, atome, molekules, makro-molekules en makrostelsels hul kwalifiseringsfunksie verloor.

'n Minder streng weergawe kan die vraag oorweeg of dit oor die algemeen moontlik is dat een aspek tot die bestaan (of ontstaan) van 'n ander aspek kan lei? In hierdie geval kan die voortbestaan van die aanvanklike aspek gehandhaaf word. As hierdie oorgang egter nie die aanvanklike (of primêre) aspek elimineer nie, is dit foutief om te beweer dat dit in 'n ander aspek verander het. Solank aan die idee van "transformasie" vasgehou word, blyk die enigste ander opsie te wees om die een of ander siening van *emergensie* te oorweeg. Daarvolgens gee die vermeende *emergensie-proses* gestalte aan verskillende modale aspekte wat soms selfs as onherleibaar beskou word.

Verskeie bioloë wat die emergensie-gedagte ondersteun, glo dat daar kontinuiteit in afstamming is maar diskontinuiteit in bestaan. So 'n siening word verdedig deur Lloyd-Morgan, Whitehead, Alexander, Woltereck, Bavinck, Polanyi, Dobshansky en Klapwijk. Struktuur word dus die produk van die wordingsproses.

Alhoewel die biotiese betekenis van evolusie na vore kom sodra evolusie bespreek word, word dit implisiet op die agtergrond geskuif wanneer die vermeende ontwikkeling vanaf die eerste sel na die mens verduidelik word. Die term “evolusie” veronderstel dan weer die (niefisiese) betekenisnuanse van “progressiewe (biotiese) ontwikkeling”. Maar selfs as hierdie (inkonsekwente) sprong na biotiese evolusie deurgevoer word, word die betekenis van laasgenoemde spekulatief buite alle grense uitgebrei. Dink net aan die volgende stelling van Sir Julian Huxley tydens die herdenking van die verskyning van Darwin se *Origin* in 1859: “Dit is een van die eerste openbare geleenthede waarop eerlik gesê is dat alle aspekte van die werklikheid onderworpe is aan evolusie, van atome en sterre tot vis en blomme, van vis en blomme tot menslike samelewings en waardes – inderdaad, dat die ganse werklikheid ’n enkele proses van evolusie is” (aanhaling uit sy lesing “The Evolutionary Vision” aangebied tydens die konvokasie-seremonie wat op *Thanksgiving Day* plaasgevind het (1959)). Hy het ook gesê dat godsdiens ’n “orgaan van die ontwikkelende mens” is wat nie meer nodig is nie. Maar let op die verskil tussen die bewering dat “alle aspekte van die werklikheid aan evolusie onderhewig is” en die stelling dat “die ganse werklikheid ’n enkele proses van evolusie is”: die eerste verhef “evolusie” tot ’n allesomvattende wet waaraan alle aspekte van die werklikheid onderwerp word en die tweede een reduseer alle wette tot wat “die ganse werklikheid is”, naamlik “’n enkele proses van evolusie”! Wat die laaste stelling weerspreek, is die konstantheid waarmee die “wet” van die gesamentlike effek van ewekansige mutasie en natuurlike seleksie veronderstel is om te werk. Dit is slegs op grond van hierdie konstantheid dat evolusionêre verandering vasgestel kan word.

Hierdie onoorkomelike probleme is regstreeks die gevolg van die ontkenning van die sfeer-soewereiniteit van modale aspekte.<sup>9</sup>

Om die sfeer-soewereiniteit van die verskillende modale aspekte van die werklikheid te erken, ontmasker ook die eensydigheid in die twee dominante tradisionele weergawes van die aard van die menslike samelewing (sien Strauss (2017)). Dit staan bekend as *individualistiese* en *universalistiese* oriëntasies. In hierdie konteks beoog dergelike *ismiese* oriëntasies uiteindelik om ’n begrip van ’n (gedifferensieerde) samelewing in terme van ’n versameling individue of van ’n veronderstelde samelewingsgeheel te vorm. Dit betref die aard van sosiale diversiteit, wat die bio-diversiteit van natuur te bowe gaan.

Slegs aan die mens word waardigheid toegeken, soos wat dit treffend tot uitdrukking kom in Artikel 1 van die Duitse Grondwet (1949): “Die Würde des Menschen ist unantastbar. Sie zu achten und zu schützen ist Verpflichtung aller staatlichen Gewalt”. Die keersy van menslike lewe is die afsterwe van die mens. Die mens beskik weliswaar nie oor sy eie lewe nie, omdat die mens geen beskikkingsmag oor sy lewe besit nie, want dit sou daarvan ’n regsobjek maak.

Vanuit ’n wysgerige perspektief kan ons ten slotte vlugtig op die aspek-veelsydigheid van ’n konkrete proses van doodgaan let – wat ’n interessante analogie met die COVID-19-virus en sy variante vertoon.

Die proses van doodgaan word onder meer afgeteken in die psigiese en biotiese aspekte van die werklikheid. Bioties gesien verskil die skyndood van die egte biotiese dood dáárin dat slegs by laasgenoemde ontbindingsverskynsels intree. Die selfontbinding van ’n organisme is te wyte aan die aktiwiteit van sy eie ensieme. (Ensieme is opgebou uit aminosure en tree kataliserend op by chemiese reaksies.) Hierdie proses van selfontbinding (outolise) hang saam

---

<sup>9</sup> Let terloops daarop dat die term *modus* afgelei is van die Latynse uitdrukking *modus quo* wat aandui dat ons te doen het met bestaanswyses. Dieselfde betekenis is aanwesig in ewe bekende uitdrukkings soos *modus operandi* en *modus vivendi*.

met die aard van dié selorgane wat bekend staan as lisosome, wat in 1955 ontdek is. Lisosome word omgrens deur ’n membraan en is die setel van spesifieke hidroliese ensieme wat onder meer ’n rol speel in die proses van outolise. Wanneer die hartwerking en asemhaling ophou, word van kliniese dood gepraat. Dit gebeur dikwels dat by slagoffers van ongevallen die moontlikheid bestaan om die basiese biotiese (lewens)funksies aan die gang te hou, hoewel die biotiese en psigiese aktiwiteit van die brein onherstelbaar beskadig is. Alhoewel daar voortdurende ontwikkelings op hierdie gebied in swang is, verwys ons na die gebruik van die volgende vier punte om die “dood” vas te stel:

- (i) daar moet geen ontvangs van en respons op indrukke wees nie;
- (ii) daar moet geen spontane asemhaling wees wanneer die asemhalingsmasjien vir 3 minute afgeskakel word nie;
- (iii) daar moet geen refleksie wees nie; en
- (iv) die EEG-toets moet geen breinaktiwiteit registreer nie.

Hierdie eerste vier punte van kontrole moet deur twee dokters by twee geleenthede 24 uur na mekaar gedoen word en wanneer by al twee die toetse algehele negatiewe resultate geboekstaaf is, word die betrokke persoon as dood gesertifiseer en eers daarna word die hulpmiddel onttrek.

Omdat die integriteit van die menslike lewende liggaam ’n publieke regsbelang is wat deur die owerheid beskerm moet word, is dit in belang van die regsekerheid van die burgers dat die gemelde vier kontrolepunte 24 uur na mekaar uitgevoer moet word. Wanneer dit gaan om die dood van ’n mens, mag daar teweens juridies geen onsekerheid bestaan nie. Die bevestiging dat iemand dood is, is daarom ’n administratiefregtelike oordeel (d.w.s. ’n regs-oordeel), wat enersyds dui op die interne bevoegdheid (kompetensie) van die mediese beoordeling, en andersyds appelleer op die publieke administratiewe reg wat aan die administratiewe regter die bevoegdheid verleen om oor te gaan (onder meer ter wille van die regsekerheid) tot dit wat in Nederlands bekend staan as “marginale toetsing”. In Afrikaans kan ons hier praat van die reg tot grenstoetsing van die publieke administratiewe reg. In hierdie grenstoetsingsreg gaan dit om die toepassing van die juridiese eweredigheidsbeginsel (die beginsel van juridiese ekonomie) aan die hand waarvan die administratiewe regter as ‘t ware op die grense van die medikus se kompetensiesfeer gaan staan om te beoordeel of die mediese beslissing wel binne die grense van die mediese bevoegdheidsfeer bly en of dit nie dalk die grense daarvan oorskry nie. Nietemin veronderstel die grenstoetsingsreg dat die mediese beslissing ’n interne kompetensie besit wat buite die gebied van die administratiewe regsfeer geleë is.

## **DIE VEELKANTIGHEID VAN DOODGAAN**

Die aspek-veelsydigheid van die proses van doodgaan word egter nóg skerper in die visier gekry indien ons dit verbind aan die volgende vraagstelling: Is daar een oomblik van die dood? Wanneer is iemand dood?

Die wyse waarop hierdie vraag gestel word, verseker dat die antwoord sal verwys na die aard van ons tydsbesef. Indien tyd egter, soos algemeen en verkeerdelik gedoen word, vereenselwig word met fisiese duur (klokketyd), sal ons nooit ’n antwoord op die gestelde vraag kan gee nie! Hoewel fisiese tyd die basis van biotiese tydsbepalings is, bly dit ekstern van aard wanneer dit gaan om die interne biotiese tydfases van geboorte, groei, ryping, veroudering en afsterwe. Hierdie biotiese tydfases besit glad nie ’n homogene karakter nie – by alle lewende entiteite is die proses van veroudering teweens sneller as die aanvanklike groeiproses wanneer

dit met eksterne fisiese (d.i. homogene) tydmate gemeet word. Die biotiese tydsvraag wanneer iemand dood is, betref nie die fisiese tydsvraag: hoe laat (volgens 'n gewone horlosie) is iemand dood nie? Indien dit die strekking van die vraag na die oomblik van die dood was, beland ons sonder meer in 'n bouse sirkel: om die eksterne fisiese tydstip van die dood te vermeld, moet op interne biotiese gronde reeds vasgestel kon word dat die betrokke persoon dood is. Hierdie vasstelling verg egter van die dokter(s) wat die situasie beoordeel die nodige mediese interpretasie van die relevante verskynsels wat gepaard gaan met die proses van doodgaan. Die vier punte waarna hierbo verwys is, roep egter verdere probleemvrae op. Wanneer al die punte van kontrole negatiewe resultate lewer, maar die hulpmiddel vir asemhaling nog nie onttrek is nie, gebruik dokters maklik die logies-kontradiktoriese uitdrukking dat die persoon dood is maar slegs tegnies aan die “lewe” gehou word.

Die situasie is analoog aan die posisie van die COVID-19-virus. Solank die asemhalingsmasjien gekoppel bly, “leef” die pasiënt, net soos wat die virus “leef” solank dit parasities deformerend in 'n sel opgeneem is.

Die kontradiktoriese bevestiging en ontkenning van die teëgestelde kenmerke van lewe en dood word skynbaar gerelativeer deur telkens by te voeg dat “lewe” hier bloot in aanhalingstekens gebruik word. In hierdie verband moet egter gelet word op die belangrike feit dat al vier punte van kontrole nie in presies dieselfde omstandighede uitgevoer word nie. Punte (i), (iii) en (iv) word gekontroleer met die aanwesigheid van die asemhalingsmasjien, terwyl punt (ii) daarsonder vasgestel word. Wanneer al vier toetse negatief is, word gesê die persoon is reeds dood ten spyte van die aanwesige hulpmiddel. Veronderstel egter dat slegs punt (iii) nie negatief is nie. In terme van die gemelde kriteria sal die persoon dan nog as lewend aangemerkt moet word, al is dit met behulp van die asemhalingsmasjien. In hierdie toestand stel die hulp van die asemhalingsmasjien die pasiënt in staat om sowel psigiese (refleks-)lewensaktiwiteit as biotiese lewensaktiwiteit te vertoon. Indien later, onder dieselfde kondisies, 'n toestand intree waarin slegs die psigiese lewensaktiwiteit (refleksie) wegval, is dit egter logies gesien volkome verantwoord om te konstateer dat die persoon nog in biotiese sin lewe (al is dit met behulp van die asemhalingsmasjien), want in dieselfde sin is tydens die aanwesigheid van refleksie gekonstateer dat daar, met behulp van die asemhalingsmasjien, nog psigiese aktiwiteit aanwesig is!

Hierdie teenspraak kan oorkom word deur te onderskei tussen dood in biotiese en dood in *psigiese* sin.

Dit is geensins kontradiktories om te konstateer dat iemand in psigiese sin dood is, maar in biotiese sin nog lewe nie. Só gesien hoef die term lewe ook glad nie in aanhalingstekens geplaas te word nie. Eers wanneer die asemhalingsmasjien weggeneem word, sterf die persoon ook in die biotiese sin van die woord. In die lig van hierdie insigte sou ons wel kon vra of medici hulself genoegsaam rekenskap gegee het van die verskil tussen dood in onderskeidelik biotiese en psigiese sin. Indien die regspraak (administratiefregtelik) gestel word of daar 'n verskil is tussen biotiese en psigiese dood, kan hierdie onderskeidinge onder meer in die strafreg implikasies bevat en grens ons tegelyk aan die probleem van genadedood en van die beëindiging van biotiese lewe wat waardeloos geag word.

Met betrekking tot die oomblik van die dood kan in elk geval gestel word dat aangesien die proses van doodgaan vanuit verskillende werklikheidsaspekte besigtig kan word, nie slegs één oomblik van die dood aangewys kan word nie. Juridies gesien is 'n persoon dood wanneer die mediese administratiefregtelike oordeel (bv. by die tweede 24-uur toets) gevel word. Omdat reeds die eerste toets aan die begin van die 24 uur negatief moet wees, kan met-aan-sekerheid-grensende-waarskynlikheid aangeneem word dat die persoon een of ander tyd vóór die eerste

toets reeds in psigiese sin dóód was. Omdat die asemhalingsmasjiën egter eers ná die regsoordeel aan die einde van die 24 uur onttrek word, is die biotiese oomblik van die dood ná die juridiese oomblik van dood. Met betrekking tot hierdie mediese praktyk kan in die geval waar breinskade op die spel is en die asemhalingsmasjiën gebruik word, derhalwe gesê word dat die oomblik van die dood verskillend is al na gelang die doodgaangebeure vanuit psigiese, juridiese of biotiese hoek bekyk word! Op hul beurt kan elkeen van hierdie drie doodsoomblikke ekstern herkorreleer word met ’n ooreenstemmende fisiese tydstep – wat slegs bevestig dat die fisika-bepalende tydsbegrip nooit gebruik kan word om die doodsoomblik na sy interne biotiese, psigiese of juridiese sy te beoordeel nie.

## PROBLEMATIESE JURIDIESE KANTE VAN DIE PANDEMIE

Die wyse waarop state wêreldwyd totalitêre en absolutistiese maatreëls ingestel het om die verspreiding van die pandemie onder beheer te kry, is vererger deur die bykomende ramp-toestand wat deur sommige state addisioneel afgekondig is. Daarmee is fundamentele konstitusionele regte in die gedrang gebring en is die ekonomieë van talle lande in ’n krisis gedompel.

Die effek is dat konstitusionele, persoonlike en samelewingsvryhede in die gedrang gebring word. Politieke medeseggenskap (aktiewe en passiewe kiesreg) is die keersy van persoonlike vryhede wat onder meer *bewegingsvryheid* insluit. Dit was spoedig reeds duidelik dat die oordrag van die virus effektief bekamp kan word deur die wederkerige dra van maskers en deur die handhawing van ’n een-en-’n-half tot twee meter fisiese afstand. Dergelike maatreëls skort nie bewegingsvryheid op nie en verg gevolglik nie ’n in-grendeling (“lock-down”) wat die ekonomie van lande beskadig nie.

Wat opvallend is, is dat selfs medici vanuit verskillende lande meen dat COVID-19 nie as ’n griep geklassifiseer moet word nie. Dr. Elke de Klerk, “General Practitioner of *Doctors for Truth*” berig dat hierdie organisasie tans besig is om die Nederlandse Regering te dagvaar oor die inperking (“lockdown”). Volgens haar is dit ’n normale griepvirus wat nie op Lys A hoort nie. Derhalwe meen sy dat daar geen pandemie is nie. 87 000 verpleegsters wil volgens haar ook nie die entstof gebruik waaraan tans gewerk word nie. Melding word gemaak van absolute konstitusionele regte waarop nie inbreuk gemaak mag word nie – selfs nie vir enige mediese rede nie. Dr de Klerk verwys na vals positiewe PCR toetse – 86% van die bekende gevalle in Switserland het geen simptome nie en is vals positief.<sup>10</sup>

In die VSA is reeds bykans ’n half miljoen COVID-19-sterftes aangemeld. Dit is die slegste griepseisoen in die afgelope dekade.

Te midde van botsende mediese oortuigings kan die appèl op onskendbare regte wel ernstig geneem word, deeglik onder die besef van die buitengewone aantal sterftes in sommige lande. Die getroue dra van maskers en die handhawing van ’n ander-half meter distansie bly dus die veiligste en maklikste manier om die aanslag van die COVID-19-virus te bowe te kom en tegelyk nie verder lande se ekonomieë in duie te laat stort of minstens ernstig te knel nie.

Mag die inentingsproses tot effektiewe globale kudde-immuniteit lei.

<sup>10</sup> Nogtans word hierdie groep doktors se siening bevraagteken deur die volgende WEB-tuiste: [https://www.newswise.com/factcheck/a-video-posted-by-a-european-based-group-called-world-doctors-alliance-falsely-claims-the-novel-coronavirus-is-a-normal-flu-virus/?article\\_id=740360](https://www.newswise.com/factcheck/a-video-posted-by-a-european-based-group-called-world-doctors-alliance-falsely-claims-the-novel-coronavirus-is-a-normal-flu-virus/?article_id=740360)

## BIBLIOGRAFIE

- Bock, WJ. 1989. Animal kingdom. In: McGraw-Hill, 1989. *Concise Encyclopedia of Science & Technology*. New York: McGraw-Hill Publishing Company, pp. 102-103.
- Campbell, JA & Meyer, SC. 2003. *Darwinism, Design, and Public Education*. East Lansing: Michigan State University Press.
- Clouser, RA. 2005. *The Myth of Religious Neutrality: An Essay on the Hidden Role of Religious Belief in Theories*. Notre Dame: University of Notre Dame Press (new revised edition, first edition 1991).
- Coyne, JA. 2009. *Why Evolution is True*, Oxford University Press, Oxford.
- Darwin, C. 1968. *On the Origin of Species by Means of Natural Selection or the Preservation of favoured races in the struggle for life* (1859), Uitgegeet met 'n Inleiding deur JW Burrow. Hardmondsworth: Penguin Books.
- Darwin, C. 2005. On the Origin of Species by Means of Natural Selection or the Preservation of favoured races in the struggle for life (1859b). WEB weergawe: [http://www.infidels.org/library/historical/charles\\_darwin/origin\\_of\\_species/Intro.html](http://www.infidels.org/library/historical/charles_darwin/origin_of_species/Intro.html) (geraadpleeg op 29 Oktober, 2005).
- Denton, M. 2016. *Evolution: Still a theory in crisis*. Seattle, WA: Discovery Press.
- Depew, DJ. 2003. Intelligent Design and Irreducible Complexity: A Rejoinder. In: Campbell & Meyer (2003:441-454).
- Depew, DJ & Weber, BH (eds). 1986. *Evolution at a Crossroads: The New Biology and the new Philosophy of Science*, First Printing 1985. Cambridge, MA.: MIT.
- Dobzhansky, T. 1967, *The biology of ultimate concern*. New York: New American Library.
- Dobzhansky, T. 1973. Discussion of G. Schramm's Paper. In SW Fox (ed.). *The origins of prebiological systems and of their molecular matrices*. New York: Academic, pp. 309-315.
- Gould, SJ & Eldredge, N. 1977. Punctuated equilibria: the tempo and mode of evolution reconsidered. In: *Paleobiology*, 3(2):115-151.
- Gould, SJ. 2002. *The Structure of Evolutionary Theory*. Cambridge: University Press.
- Jonas, H. 1973. *Organismus und Freiheit, Ansätze zu einer philosophischen Biologie*. Göttingen: Vandenhoeck.
- Kay, LE. 1986. W. M. Stanley's Crystallization of the Tobacco Mosaic Virus, 1930-1940. *Isis*, 77(3):450-472 (September). Chicago: University of Chicago Press. <https://www.jstor.org/stable/231608>.
- Koestler, A & Smythies, JR. (eds). 1972. *Beyond Reductionism*. New York: Macmillan.
- Lazcano, A. 2015. The RNA World and the origin of life: A short history of a tidy evolutionary narrative. [https://www.bio-conferences.org/articles/bioconf/pdf/2015/01/bioconf-origins2015\\_00013.pdf](https://www.bio-conferences.org/articles/bioconf/pdf/2015/01/bioconf-origins2015_00013.pdf) (Accessed on 10-10-2020). BIO Web of Conferences 4, 00013 (2015); DOI: 10.1051/bioconf/20150400013 Copy Right Owned by the authors, published by EDP Sciences, 2015 Antonio Lazcano, Miembro de El Colegio Nacional, Facultad de Ciencias, Universidad Nacional Autónoma de México, Apdo. Postal 70-407, Cd. Universitaria, 04510 México D. F., Mexico.
- Lorenzen, P. 1960. *Die Entstehung der exakten Wissenschaften*. Berlin: Springer-Verlag.
- Maier, A. 1949. *Die Vorläufer Galileis im 14. Jahrhundert*, Roma: Edizioni di Storia e Letteratura.
- Meyer, S. 2003. *Darwin's Doubt. The explosive origin of animal life and the case for intelligent design*. New York: Harper Collins.
- Moreira, D & López-García, P. 2009. *Nature Reviews Microbiology* 7(4):306-311; en *Nature Reviews Microbiology* 7(8):615-617.
- Kitadai, N & Maruyama, S. 2020. Origins of building blocks of life: A review: <https://www.sciencedirect.com/science/article/pii/S1674987117301305>.
- Orgel, LE & Sulston, JE. 1971. Polynucleotide replication and the Origin of Life. In *Prebiotic and Biochemical evolution*, ed. AP Kimball & J Orò. London 1971.
- Planck, M. 1910. Die Stellung der neueren Physik zur mechanischen Naturanschauung (Vortrag gehalten am 23. September 1910 auf der 82. Versammlung Deutscher Naturforscher und Ärzte in Königsberg. In Max Planck (1973:52-68).
- Planck, M. 1973. *Vorträge und Erinnerungen*, 9de herdruk van die 5de uitgawe. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

- Schram, FR. 1973. Pseudocoelomates and a Nemertine from the Illinois Pennsylvanian. *Journal of Paleontology*, 47:985-989.
- Simpson, GG. 1969. *Biology and man*. New York: Harcourt.
- Sorokin, P. 1946. *The Crisis of our Age*, 10th edition, New York.
- Stegmüller, Wolfgang. 1987. *Hauptströmungen der Gegenwartsphilosophie*, Volume III. Stuttgart.
- Strauss, DFM. 2009. *Philosophy: Discipline of the Disciplines*. <https://daniestrauss.com/top5.php>.
- Strauss, DFM. 2017. Gemeenskappe in 'n gedifferensieerde samelewing [Communities within a differentiated society], *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(1):Maart 2018 doi.10.17159/2224-7912/2018/v58n1a10.
- Thorpe, WH. 1972. A discussion comment after the contribution of L. von Bertalanffy (Change or Law) in the collection: *Beyond Reductionism*. London: A Koestler & JR Smythies.
- Von Bertalanffy, L. 1968. *Organismic Psychology and Systems Theory*. Massachusetts: Clarke University Press.
- Von Bertalanffy, L. 1972. Chance or Law. Besprekingsbydrae in die versameling onder redaksie van A. Koestler en J.R. Smythies.
- Von Bertalanffy, L. 1973. *General System Theory*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Von Fritz, K. 1945. The Discovery of Incommensurability by Hippasus of Metapontum. *Annals of Mathematics*, 46:242-264.
- Woese, CR & Fox, GE. 1977. Phylogenetic structure of the prokaryotic domain: the primary kingdoms. *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America*, 74 (11): 5088–90. Bibcode:1977PNAS...74.5088W. doi:10.1073/pnas.74.11.5088. PMC 432104. PMID 270744
- Wright, S. 1964. Biology and the philosophy of science, *The Monist* 48:26-290. <https://doi.org/10.5840/monist196448215>.

# Wat kom ná Suid-Afrika se fiskale afgrond?

*What comes after South Africa's fiscal cliff?*

## FANIE JOUBERT

Departement Ekonomie  
Universiteit van Suid-Afrika  
Pretoria  
Suid-Afrika  
E-pos: [sjjoub@unisa.ac.za](mailto:sjjoub@unisa.ac.za)



Fanie Joubert



Jannie Rossouw

## JANNIE ROSSOUW

Wits Besigheidskool  
Universiteit van die Witwatersrand  
Johannesburg  
Suid-Afrika  
E-pos: [Jannie.Rossouw@wits.ac.za](mailto:Jannie.Rossouw@wits.ac.za)

**FANIE JOUBERT** is 'n senior dosent in die Departement Ekonomie aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Hy begin sy loopbaan in 2005 as junior dosent by die Universiteit van Pretoria en is daarna na die privaat sektor waar hy nader kennis gemaak het met finansiële markte as ekonoom van die Efficient Group. In sy navorsing fokus hy op verskeie ekonomiese velde insluitende inflasie, huishoudelike finansies, volhoubare ontwikkeling en die finansiële markte.

**FANIE JOUBERT** is senior lecturer in the Department of Economics at the University of South Africa (Unisa). His career started in 2005 as junior lecturer at the University of Pretoria, followed by a stint in the private sector where he was exposed to financial markets as economist at the Efficient Group. His research focuses on various economic fields including inflation, household finances, sustainable development and financial markets.

**JANNIE ROSSOUW** is hoogleraar aan die Wits Besigheidskool aan die Universiteit van die Witwatersrand. Gedurende sy professionele loopbaan was hy onder meer 'n Senior Adjunk-hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Sy navorsing fokus op die volhoubaarheid van Suid-Afrika se fiskale posisie, inflasie en die geskiedenis van die SA Reserwebank.

**JANNIE ROSSOUW** is professor at Wits Business School of the University of the Witwatersrand. During his professional career he served, among others, as a Senior Deputy General Manager of the SA Reserve Bank. His research focuses on South Africa's fiscal sustainability, inflation and the history of the SA Reserve Bank.

### Datums:

Ontvang: 2021-12-09

Goedgekeur: 2021-04-16

Gepubliseer: Junie 2021

**ABSTRACT*****What comes after South Africa's fiscal cliff?***

*This research provides insight into South Africa's prospects should the country reach the proverbial fiscal cliff. The definition of the fiscal cliff used in this article refers to the point where social grants, interest on government debt and public service salaries exceed the total income of the South African government. This point has already been reached in the 2020/21 fiscal year, but is expected to be of a temporary nature. There is, therefore, still room to fend off a permanent fiscal crisis, provided that the public service salary bill be contained. At the same time, the government will have to budget more realistically for lower economic growth and therefore lower growth in tax revenue.*

*Academic literature on South Africa's fiscal cliff is limited, but the mainstream media (print and electronic) focuses on this issue frequently and extensively. The term "fiscal cliff" has, therefore, become part of the South African economic lexicon.*

*The point where the fiscal cliff is reached is calculated by using the fiscal cliff barometer. The barometer shows that South Africa's fiscal position has weakened significantly over the past decade, partly because public service salaries and interest payments on government debt have grown too fast in relation to South Africa's potential and actual economic growth rates. The barometer readings are calculated as a ratio using variables for the estimated years to the cliff as well as the total years within the forecast period. The formula is calculated mathematically as:*

$$\left[ 1 - \left( \frac{\text{years to cliff}}{\text{total years forecasted}} \right) \right] \quad (\text{equation 1})$$

*In theory, values can range from one (1) to minus infinity ( $-\infty$ ). However, in practice, only values between one and zero are considered. A high value (e.g. 0,9) indicates a high probability that the fiscal cliff will be reached in the near future, while a 0 (zero) value indicates that the fiscal cliff will not be reached at all. The analysis of South Africa's fiscal sustainability, based on the barometer readings, commences with 2007 data. The results show a significant spike in the barometer reading (closer to 1) from 0 (zero) in 2007 to 0,717 in 2014. Hereafter, the barometer reading stabilises, and even shows a slight improvement to 0,119, based on the 2018 Budget data. By 2018, therefore, the impression was that the government had taken sufficient cognisance of the warnings with regards to the fiscal cliff to start implementing steps to avoid it.*

*This all changed in 2020, however, when the Supplementary Budget presented by the Minister of Finance (Mboweni 2020b) showed that the fiscal cliff had indeed been reached. Stated differently, for the 2020-fiscal year, civil service remuneration expenditure, interest on government debt and social grant payments will exceed total government revenue. All other expenditure will now have to be funded from further borrowing by the South African government.*

*While it appears that research on the fiscal cliff has had an impact on government policy, it is probably a case of "too little, too late". The most important contributions to the research to date may be summarised as (i) the creation of an awareness of the danger of economic disaster, as expressed in the phrase "fiscal cliff" in South Africa's economic lexicon, (ii) a clear focus on the problem in civil society and the media, and (iii) transparent reporting on the public service salary bill by the government.*

*Should a more permanent fiscal cliff materialise, South Africa's future could include elements of a failed state, the result of which will be serious financial hardship for all South Africans. The government will find it increasingly more difficult and expensive to borrow from the money*

*and capital markets, and there will be minimal funds available for service delivery. Interest payments on government debt will also be suspended or severely curtailed, thus contributing to liquidity problems for pension funds and the banking and insurance industries. The only option is avoidance of the fiscal cliff. This challenge awaits the South African government.*

**KEYWORDS:** civil service remuneration, economic lexicon, failed state, fiscal cliff, fiscal sustainability, government debt, government interest payments, social spending

**TREFWOORDE:** ekonomiese leksikon, fiskale afgrond, fiskale volhoubaarheid, maatskaplike toelaes, mislukte staat, staatsdienssalarisse, rente op staatskuld, staatskuld

## OPSOMMING

Die navorsing gee ’n perspektief op Suid-Afrika se vooruitsigte indien die land by wyse van spreke oor die rand van die fiskale afgrond sou stort. Die definisie van die fiskale afgrond wat in hierdie artikel gebruik word, het betrekking op die punt waar maatskaplike toelaes, rente op staatskuld en staatsdienssalarisse die totale inkomste van die Suid-Afrikaanse regering oorskry. Hierdie kantelpunt is reeds in die 2020/21- fiskale jaar bereik, maar die verwagting is dat dit slegs tydelik van aard is. Daar is dus beperkte ruimte om ’n permanente fiskale krisis af te weer, maar dan moet die salarisrekening van die staatsdiens ingekort word. Terselfdertyd sal die regering meer realisties vir laer ekonomiese groei en dus laer groei in belastinginkomste moet begroot.

Die punt waar die fiskale afgrond bereik word, word met behulp van die fiskale afgrondbarometer bereken. Hiervolgens het Suid-Afrika se posisie dramaties verswak oor die afgelope dekade, onder meer omdat staatsdienssalarisse en rentebetalings op staatskuld té vinnig gegroei het. Terselfdertyd het inkomste baie stadiger gegroei weens die inkrimping in Suid-Afrika se potensiële en werklike ekonomiese groeikoerse.

Die navorsing oor die fiskale afgrond het ’n impak op regeringsbeleid gehad, maar dit is waarskynlik ’n geval van “té min, té laat”. Opsommenderwys kan die belangrikste bydrae van die navorsing beskou word as (i) die insluiting van die frase “fiskale afgrond” in die Suid-Afrikaanse leksikon, (ii) ’n duidelike fokus op die probleem in die burgerlike samelewing, (iii) deursigtige rapportering oor die staatsdienssalarisrekening deur die regering, en (iv) ’n fokus op bestedingsvergelyking met die inkomstekant van staatsfinansies, eerder as die uitgewekant.

As Suid-Afrika in gebreke sou bly om ’n fiskale afgrond af te weer, bestaan die risiko dat die land se toekoms sekere elemente van ’n mislukte staat (“failed state”) mag insluit. Fondse vir dienslewering sal meer beperk wees terwyl rentebetalings op staatskuld onder druk sal kom, wat tot likiditeitsprobleme by pensioenfondse kan bydra. Die enigste opsie is dus vir die Suid-Afrikaanse regering om ’n fiskale afgrond te vermy.

## 1. INLEIDING<sup>1</sup>

In 2014 is daar in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* ’n artikel met die titel “Suid-Afrika se fiskale afgrond: ’n Blik op die aanwending van owerheidshulpbronne” (Rossouw *et al.* 2014) gepubliseer. Daar is ’n betekenisverskil tussen die frase “fiskale afgrond”, soos omskryf in die 2014-artikel enersyds teenoor dit wat in die Verenigde State van Amerika (VSA) aan hierdie

<sup>1</sup> Die menings in hierdie artikel moet nie aan enige van die universiteite toegedig word nie.

term toegedig word, andersyds. In die VSA verwys die term naamlik na die punt waar daardie land 'n plafon op lenings deur die federale regering bereik, as gevolg van die gelyktydige beëindiging van bestaande persoonlike inkomstebelastingverligtings en die vermindering van sekere bestedingsitems (Federalereserwe 2012). Die twee definisies stem wel dermate ooreen dat die fiskale afgrond 'n negatiewe impak op die ekonomie (vernaam die “man op straat”) het.

In die 2014-artikel word die fiskale afgrond in Suid-Afrika bereken volgens besteding op staatsdienssalarisse en maatskaplike toelaes. In 'n opvolgartikel in 2016 met die titel “Suid-Afrika se fiskale keuses gemodelleer: Afgrond of plato?” (Rossouw *et al.* 2016b), is die definisie van die fiskale afgrond wyer omskryf, naamlik die punt waar maatskaplike toelaes, rente op staatskuld en staatsdienssalarisse die totale inkomste van die Suid-Afrikaanse regering sal oorskry. Besteding aan maatskaplike toelaes, rente op staatskuld en staatsdienssalarisse word gebruik vanweë hul wesentlike omvang in die staat se fiskale posisie asook hul vinnige groei.

Sedert die aanvanklike en latere opvolgpublikasie van hierdie navorsing in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (Rossouw *et al.* 2014; Rossouw *et al.* 2016) het die begrip fiskale afgrond (“fiscal cliff”) deel van die Suid-Afrikaanse ekonomiese leksikon geword. Dit is tekenend van die relevansie van Afrikaans as wetenskapstaal dat hierdie 2014- en 2016-artikels 'n beduidende invloed op heersende debatte rakende staatsfinansies en die volhoubaarheid van fiskale beleid hier te lande het.

Met die “voordeel van weerkyk is regkyk” (“the benefit of hindsight”), is die keuse van die term “fiskale afgrond” soms bevrageteken. Sekere kommentators was van mening dat “fiskale moeras” (“fiscal swamp”), met ander woorde 'n Suid-Afrika wat eenvoudig wegsink, toepasliker beeldspraak is as 'n afgrond waarvoor die land stort (sien byvoorbeeld Bernstein 2019). Ongeag die nuanseverskille in die gekose beeldspraak, word die onderliggende boodskap van 'n moontlike fiskale afgrond nie bevrageteken nie – die onomstootlike getuieis van 'n ernstige ekonomiese verknorsing waarvan daar kennis geneem moes word. Die begrip “fiskale afgrond” word om hierdie rede nog eens in hierdie artikel verken.

Die struktuur van die res van die artikel is soos volg: Afdeling 2 gee 'n literatuuroorsig van navorsing oor die fiskale afgrond. Afdeling 3 belig Suid-Afrika se fiskale afgrondbarometer. Die verloop van Suid-Afrika se fiskale volhoubaarheid in die konteks van die fiskale afgrond word in afdeling 4 toegelig. Afdeling 5 bespreek die beleidsimpak van die navorsing, terwyl Suid-Afrika se vooruitsigte nadat die fiskale afgrond bereik is, in afdeling 6 belig word. 'n Opsomming van bevindings word as slotopmerkings in afdeling 7 gegee.

## 2. LITERATUUROORSIG OOR SUID-AFRIKA SE FISKALE AFGROND

Die eerste voorlopige samevatting van die navorsing oor die risiko dat Suid-Afrika op 'n fiskale afgrond afstuur, is tydens 'n openbare finansieswerkswinkel (“Public Economics Workshop”) van Economic Research South Africa (ERSA) by die Universiteit van Suid-Afrika op 16 en 17 Mei 2013 aangebied. In 'n voordrag getiteld, “South Africa’s Fiscal Cliff: A Different Meaning to a Well-known Concept”, het Rossouw *et al.* (2013b) die term, en daarmee bewusmaking van die aard van 'n spesifieke ekonomiese krisis, bekendgestel. Die werkswinkel het deels die bekendstelling van ontluikende navorsing ten doel gehad.

Twee punte van kritiek is teen die ontluikende navorsing geopper: Eerstens was daar kritiek vanuit akademiese oorde dat die navorsing nie op enige ekonometries model gegrond was nie. Die doel en oogmerk van die navorsing op daardie stadium was gemik op die voortsetting van neigings in staatsbesteding oor die voorafgaande dekade, eerder as op ekonometriese modellering.

Tweedens was daar kritiek van verteenwoordigers van die Nasionale Tesourie juis oor die basis van die navorsing, naamlik 'n voortsetting van historiese neigings. Volgens hierdie verteenwoordigers het die navorsingsbenadering nie voldoende voorsiening gemaak vir die beroeps-spesifieke aanpassing (“Occupational Specific Dispensation,” of OSD) in vergoeding wat aan staatsamptenare gegee is nie. Dit sou kwansuis as “eenmalige skok deur en uit die sisteem” werk. Dit het sedertdien geblyk dat hierdie verduideliking van die Nasionale Tesourie kortstigtig en foutief was, soos hier onder verduidelik word.

Na die ERSA-werkswinkel is die navorsing, na aanleiding van die kritiek, aangepas met 'n ekonometriese-model (tydreksanalise) en in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gepubliseer (Rossouw *et al.* 2014). Die eerste publikasie oor die gevare van 'n fiskale afgrond in 'n geakkrediteerde akademiese tydskrif het dus reeds in 2014 plaasgevind en is in 2016 opgevolg met 'n verdere artikel (Rossouw *et al.* 2016b).

Daarna het 'n verdere reeks artikels in *New Agenda* gevolg (Rossouw & Breytenbach 2016a; Rossouw & Rossouw 2017; Mbeki *et al.* 2018). Afgesien van wetenskaplike joernale is menings oor die fiskale afgrond ook in die media (druk en elektronies) gedek, onder meer in openbare debatte. Dit is byvoorbeeld deur *The Conversation* gepubliseer, wat onder meer in ander koerante herdruk is. Daarbenewens het internasionale kredietgraderingsagentskappe soos Fitch en Moody's die gevaar van 'n fiskale afgrond en onvolhoubare staatsbesteding as 'n risiko uitgewys (Dludla 2020). Hierdie gevaar het uiteraard 'n invloed op die internasionale kredietgradering van Suid-Afrika gehad, wat tot nie-beleggingstatus (“junk status”) afgegradeer is.

Mbeki *et al.* (2018) wat hier bo gerapporteer is, het die navorsing oor die fiskale afgrond uitgebrei met die ontwikkeling van 'n fiskale afgrondbarometer. Soos hier onder bespreek word, kwantifiseer die barometer die risiko van 'n fiskale afgrond oor tyd. Die bevindings in Mbeki *et al.* (2018) is onder meer deur Padayachee (2018) gekritiseer. Aldus Padayachee (2018) moet Mbeki *et al.* (2018) fokus op “... the hard questions ... to avoid being labeled both alarmist and conservative”. Moolla (2019) verduidelik dat Padayachee “... tells us that the focus of policy attention must be on growth and employment and not on the budget deficit or inflation”, met ander woorde nie op die dreigende fiskale afgrond nie. Ten spyte van Padayachee (2018) se siening dat Mbeki *et al.* (2018) beide alarmisties en konserwatief was en sy latere opmerkings oor groei, indiensneming en inflasie, het die verloop van sake oor die tydperk sedert 2018 getoon dat die ontleding wel korrek was. Suid-Afrika het inderdaad nou die fiskale afgrond bereik, soos Mbeki *et al.* (2018) gewaarsku het.

Jooste (2018:1) verklaar ten opsigte van Suid-Afrika dat “(a)fter all, economists agree that the country hinges on a fiscal cliff”. Dit is egter nie korrek nie, want daar is nie algemene konsensus oor hierdie punt nie, soos die kritiek van Padayachee (2018) en Moolla (2019) hier bo aandui.

Moolla (2019) ondersteun ook nie Jooste (2018) se mening dat “economists agree that the country hinges on a fiscal cliff” nie, deur onder meer Padayachee aan te haal. Moolla (2019) verklaar byvoorbeeld dat Suid-Afrika se fiskale situasie die gevolg is van bykans twee dekades van verkeerde beleid asook hoë vlakke van onbevoegdheid en korrupsie in die staat, wat dit bykans disfunksioneel gemaak het. Om 'n fiskale afgrond te vermy, lyk na 'n belangrike prioriteit, maar die land moet ook fokus op ekonomiese groei as oorkoepelende doelwit om in 'n breë spektrum van menslike behoeftes te voorsien.

Die gevaar van die bestaan van 'n moontlike fiskale afgrond is sedert 2014 vir 'n geruime tyd deur die regering (soos afgelei uit terugvoer van verteenwoordigers van die Nasionale Tesourie) ontken. Mnr Michael Sachs, destyds die Adjunk-direkteur-generaal van die Nasionale

Tesourie, het in 2014 verklaar dat Suid-Afrika se fiskale posisie gesond is, ten spyte daarvan dat “(s)ome have gone as far [as] to argue we face a fiscal cliff” (Sachs 2014:4). Sachs (2014) het ontken dat Suid-Afrika onderweg is na ’n fiskale afgrond. Ná sy bedanking by die Nasionale Tesourie, is dit dus ironies dat Child en Capazorio (2018) in 2018 geskryf het dat “Sachs’ resignation could push South Africa to the fiscal cliff”.

Sekere politieke partye (maar ongelukkig nie die regerende African National Congress, of ANC nie) het wel sedert 2014 periodiek aandag gegee aan die gevaar van ’n dreigende fiskale afgrond, in teenstelling tot die regering se ontkenning van probleme wat ontwikkel het. Die Demokratiese Alliansie (DA), die amptelike opposisie, het by verskeie geleenthede teen ’n naderende fiskale afgrond gewaarsku (Maynier 2016; Maynier 2018), terwyl die Vryheidsfront Plus (VF+) in hul *Noordkaap Nuusbrief* na die gevaar van die fiskale afgrond verwys het (Boshoff 2020).

Ná die aanstelling van mnr. Tito Mboweni as Minister van Finansies, het die regering die bestaan van ’n fiskale afgrond erken (sien byvoorbeeld Mboweni 2020a, 2020b en 2020c). Die fiskale krisis wat Suid-Afrika in die gesig staar, is egter nooit deur woordvoerders van die regering as ’n *fiskale afgrond* beskryf nie, maar eerder bestempel as ’n *fiskale krisis* met die fokus op die onvolhoubaarheid van die huidige trajek van staatsbesteding. Die implikasie is dieselfde, maar dit lyk of die regering onwillig is om nou terminologie te gebruik, wat sal aandui dat verkeerde aannames en ontledings sedert 2014, toe die gevaarligte begin flikker het, gebruik is.

Bisseker se boek, *On the brink: South Africa’s political and fiscal cliff-hanger* (Bisseker 2017) waarsku ook oor ’n naderende fiskale afgrond, naamlik dat Suid-Afrika, ná die globale finansiële krisis, besteding vermeerder het tot op ’n onvolhoubare vlak (2017:111). Bisseker verskil egter oor die definisie van die punt waar die fiskale afgrond bereik word. Terwyl die navorsing verbandhoudend met die fiskale afgrond fokus op die punt waar maatskaplike toelaes, rente op staatskuld en staatsdienssalarisse die totale inkomste van die Suid-Afrikaanse regering sal oorskry, gebruik Bisseker (2017:110) ’n ander definisie vir die punt waar die fiskale afgrond bereik word, naamlik:

In the absence of an agreed definition of what would constitute the fiscal cliff in South Africa, it would occur, arguably, when the bond market – the ultimate authority on South Africa’s fiscal credibility – becomes persuaded that government can no longer service its debt.

Op ’n soortgelyke, dog meer praktiese, trant verwys Isa (2020) daarna as: Wanneer ’n land nie genoeg kan leen om sy bestedingsvereistes te dek en sy skuld terug te betaal nie, want hy kan óf nie iemand vind om by te leen nie, óf krediet het onbekostigbaar duur geword.

As beide Bisseker (2017:110) en Isa (2020) se definisies gebruik word, het Suid-Afrika nog nie die fiskale afgrond bereik nie. Daar is steeds leningskapasiteit vir die Suid-Afrikaanse regering beskikbaar, hoewel die gewilligheid van diegene wat geld aan die regering leen nie verwar moet word met die regering se vermoë om dit terug te betaal nie. Daar is ook reeds aanduidings dat die Nasionale Tesourie genoodsaak word om toenemend ’n groter deel van sy befondsing via korttermyn- plaaslike lenings asook buitelandse lenings te bekom, aangesien die langtermynopsies beperk raak (Nasionale Tesourie 2020b).

As die fiskale afgrond hierteenoor egter beskou word as die punt waar maatskaplike toelaes, rente op staatskuld en staatsdienssalarisse die totale inkomste van die Suid-Afrikaanse regering sal oorskry, het Suid-Afrika in die 2020/21- fiskale jaar die limiet van sy fiskale vermoë bereik. Die verwagting is wel dat die posisie in die 2021/22- fiskale jaar tydelik kan

herstel. Die ontleding in hierdie artikel gebruik laasgenoemde definisie aangesien dit 'n daadwerklike kwantifiseerbare maatstaf bied, eerder as die “breër” definisies van Bisseker (2017:110) en Isa (2020).

'n Onafwendbare element van die opstel van begrotings is keuses oor hoe bepaalde uitgawes teen mekaar afgespeel moet word. Daar ontstaan dikwels 'n beduidende verdringingseffek (“crowding out”). Dit skep die risiko dat “produktiewe” besteding (byvoorbeeld infrastruktuur, gesondheidsdienste en onderwys) verdring kan word deur “onproduktiewe” bestedingsitems (byvoorbeeld rentebetalings op staatskuld). Staatsbesteding wat daadwerklik tot ekonomiese groei en ontwikkeling bydra, kan deur verdringing afgeskeep word. Skerp verlaging is onlangs in talle staatbestedingsitems van 'n kapitale aard gemaak, wat 'n duidelike aanduiding is dat die verdringingseffek reeds in Suid-Afrika se begrotings posgevat het. Dit skep verdere bevestiging dat risiko-items, soos ook in die definisie van die fiskale afgrond vervat is, deeglike analise benodig.

### 3. SUID-AFRIKA SE FISKALE AFGRONDBAROMETER

Suid-Afrika se fiskale afgrondbarometer is die eerste keer deur Mbeki *et al.* (2018) bekendgestel. Die fiskale afgrondbarometer gee 'n vergelykende ontleding van die waarskynlikheid dat die fiskale afgrond soos hier bo omskryf, bereik sal word. Die barometer vergelyk oor tyd verwagte besteding aan maatskaplike toelaes, rente op staatskuld en staatsdienssalarisse, met verwagte regeringsinkomste. Die afgrond, of kantelpunt, word bereik wanneer die som van hierdie drie items meer as 100 persent van inkomste beloop, wat gelykstaande sal wees aan 'n barometerlesing van 1. Die barometer word bereken in twee dele: Eerstens word die verhouding van die tydperk totdat die afgrond plaasvind, tot die totale aantal jare wat vooruitgeskat word, bepaal om vas te stel of die gevaar van 'n afgrond bestaan. Daarna word die waarskynlikheid dat die gebeurtenis wel sal plaasvind, bereken deur die vorige antwoord van die getal een (1) af te trek. Wiskundig kan dit soos volg voorgestel word:

$$\left[1 - \left(\frac{\text{jare tot afgrond}}{\text{totale jare vooruitgeskat}}\right)\right] \quad (\text{vergelyking 1})$$

Waardes wat met behulp van die barometer bereken word, kan teoreties wissel in 'n band van een (1) tot minus ( $-\infty$ ) oneindig. In praktyk hoef slegs waardes tussen een (1) en nul (0) in aanmerking geneem te word. 'n Hoë waarde (bv. 0,9) dui 'n hoë waarskynlikheid aan dat die fiskale afgrond in die nabye toekoms bereik sal word, terwyl 'n lae waarde (bv. 0,3) 'n lae waarskynlikheid aandui dat die fiskale afgrond bereik sal word (met ander woorde, vermy sal word). Die formule (sien vergelyking 1) is gebruik om Suid-Afrika se fiskale afgrondbarometer te bereken met toepaslike data vanaf 2007. Vooruitskattings is gemaak tot en met 2060.

'n Blik op die resultate toon 'n beduidende agteruitgang (“sprong”) in die barometerlesing vanaf 0 (nul) in 2007 (met ander woorde, 'n fiskale afgrond sal nooit bereik word op die voortsetting van 2007-data nie) tot 0,717 in 2014 ('n groot waarskynlikheid dat die fiskale afgrond bereik sal word op 'n voortsetting van die dataneigings). Berekenings wat op grond van begrotingsdata van 2018 gedoen is, toon dat die barometer gestabiliseer en selfs verbeter het tot slegs 0,119. Sedertdien het daar egter 'n dramatiese verswakking ingetree, met die fiskale afgrond wat teen 2020 bereik is (barometerlesing van 1).

Mbeki *et al.* (2018:32) verskaf twee redes vir die verbeterings tussen 2014 en 2018. Eerstens is daar sensitiwiteit in die voortuitskattingsmodel vir veranderinge in aannames, veral indien die vooruitskattings tydperk langer as 30 jaar is. Tweedens toon die outeurs aan dat

alhoewel die barometerlesing verbeter het, enige positiewe waarde (met ander woorde enige waarde bo nul) aandui dat die fiskale afgrond steeds binne die vooruitskattingsperiode bereik sal word, alhoewel in 'n latere jaar. Bykomend tot die verduideliking moet in gedagte gehou word dat die model telkens opgedateer word met die Nasionale Tesourie se syfers oor die verskillende mediumtermynbegrotingsraamwerke. Dié amptelike syfers, spesifiek vooruitskattings vir ekonomiese groei, is gereeld oeroptimisties, wat barometerlesings verlaag (laat daal weg van 1).

Die verbetering wat ná die hoofbegroting van 2018 bereken is, was van korte duur. Die barometerlesing het skaars ses maande later, ten tye van die mediumtermynbegrotingsvooruitskating (MTBV) in Oktober 2018, verswak tot 0,405.

Soos reeds hier bo uitgewys is, het die situasie egter verder skielik en drasties verswak as gevolg van die Covid-19-krisis en gepaardgaande ekonomiese grendeltydperk (“lockdown”) van die land, in verskillende fases sedert Maart 2020. Dit het veral 'n wesenlike negatiewe impak op owerheidsinkomste gehad, met 'n verwagting van 'n geraamde R312 miljard minder in owerheidsinkomste vir die 2020/21- fiskale jaar as wat tydens die Februarie 2020-begroting beraam is. Die verswakking was so drasties dat die Nasionale Tesourie genoodsaak was om in Junie 2020 'n Aanvullende Begroting (“Supplementary Budget”) aan te kondig. Gebaseer op die syfers van die Aanvullende Begroting in Junie 2020, asook die MTBV in Oktober 2020, is 'n barometerlesing van 1 (een) gemeet. Dit wys dat die fiskale afgrond, volgens die definisie soos dit in hierdie navorsing gebruik word, bereik is. Alhoewel die afgrond hiervolgens tydens die verloop van die 2020/21- fiskale jaar tot 31 Maart 2021 bereik kan word, sal die situasie tydelik verbeter in die daaropvolgende jare, soos wat in meer detail hier onder bespreek word (sien die bespreking rakende Figuur 1).

Die verloop van die fiskale afgrondbarometer vir verskillende tydperke bereken, word in Tabel 1 gerapporteer.


**TABEL 1:** Fiskale afgrondbarometer bereken op verskillende tydperke, 2007 tot 2020

	Jare tot afgrond	Totale jare vooruitgeskat	Barometer
2007 Begroting	53	53	0
2014 Begroting	13	46	0.717
2016 Begroting	27	44	0.386
2018 Begroting	37	42	0.119
2018 MTBV	25	42	0.405
2019 Begroting	25	41	0.390
2019 MTBV	24	41	0.415
2020 Begroting	21	40	0.475
2020 Aanvullende Begroting	0	40	1.000
2020 MTBV	0	40	1.000

*Bron: Eie berekenings met 2060 as eindpunt*

Die fiskale afgrondbarometer kan ook grafies voorgestel word. In hierdie geval word die som van maatskaplike toelae, staatsdiensvergoeding en rente op skuld uitgedruk as 'n persentasie van staatsinkomste. Figuur 1 toon 'n grafiese voorstelling van die fiskale afgrondbarometer gebaseer op data van die 2007-begroting, die 2020-begroting asook die 2020-MTBV.

Soortgelyk as die bevindings van die numeriese beskrywing, toon die begrotingsgrafiek van 2007 'n volhoubare situasie, met die verwagting dat die uitgawe-verhouding vanaf 54,9% van staatsinkomste, met tyd sou daal tot ongeveer 30,0% teen die einde van die vooruit-skattingperiode. In die data vir begrotingstydperke ná 2007 is die drastiese agteruitgang egter duidelik, soos wat gesien kan word uit die opwaartse (verswakkende) neiging ten tyde van die 2020-begroting. Alhoewel die uitgawe-verhouding tydens die periode 2016 tot 2018 gestabiliseer het, het dit daarna (dus reeds voor die Covid-19-krisis) weer begin styg (versleg). Dit het tot gevolg gehad dat Suid-Afrika die krisistydperk vanuit 'n reeds kwesbare fiskale situasie binnegegaan het.



**Figuur 1:** Fiskale afgrondbarometer, 2007 tot 2060\*


\*Grafiek met opset beperk tot 100.0 persent

Bron: Eie berekeninge

Die impak van die Covid-19-krisis en gepaardgaande ekonomiese grendeltydperk is in Figuur 1 duidelik sigbaar in die vorm van 'n skielike sprong ten tye van die 2020-MTBV. Dit toon dat die grafiek in die 2020/21- fiskale jaar die 100,0% boonste perk van die grafiek oorsteek – dus die punt waar die fiskale afgrond bereik word. Ná die sprong is daar 'n tydelike verbetering (verlaging) in die barometerlesing, naamlik vir die 2021/22- tot 2023/24- fiskale jare. Let egter op dat die Tesourie se syfers (soos in die 2020-MTBV vervat) vir die modellering gebruik word, wat nogmaals vooruitskattingfoute kan bevat. Daarna neig die grafiek egter weer boontoe. Dit is verder duidelik dat die skok wat met die Covid-19-krisis en ekonomiese grendeltydperk gepaardgegaan het, 'n struktureel slegter (of opwaartste) neiging in die barometer veroorsaak het, met ander woorde dat Suid-Afrika nóg minder fiskale beweegruimte het.

#### 4. SUID-AFRIKA SE FISKALE VOLHOUBAARHEID IN DIE KONTEKS VAN DIE FISKALE AFROND

Suid-Afrika se fiskale afgrond het uit beide die bestedings- en die inkomstekant ontstaan. Groei in staatsdienssalarisse is egter die grootste probleem, soos blyk uit Figuur 2.




**Figuur 2:** Maatskaplike toelaes, rente op staatskuld en staatsdienssalarisse as persentasie van regeringsinkomste, 2008 tot 2024

\*Nasionale Tesourieramings per 2020-MTBV

Bron: Nasionale Tesourie (2020a), eie berekenings

Staatsdienssalarisse het vir meer as ’n dekade vinniger as die nominale bruto binnelandse produk (BBP) gegroei. Anders gestel, was die jaarlikse gemiddelde groei in staatsdienssalarisse groter as die toename in reële ekonomiese groei plus inflasie. Dit blyk duidelik uit Figuur 3. Dit is belangrik om daarop te let dat talle faktore bydra tot die groei in die totale uitgawepos, onder andere, loononderhandelings, posbeskrywings, kerfaanpassings, bevorderings en beroepsesifieke aanpassing in vergoeding van staatsamptenare (OSD, soos hier bo bespreek) (sien Rossouw & Breytenbach 2013a, vir ’n detailontleding van hierdie aspekte). Hierdie aspekte word ook bespreek in die volgende afdeling wat verwys na die insluiting van ’n hoofstuk oor staatsdienssalarisse in die jaarlikse MTBV.

Maatskaplike toelaes het tussen 2008 en 2020 gemiddeld sowat 12,0% van die staat se inkomste beloop. Die Covid-19-krisis het die staat genoodsaak om bykomende hulp aan die mees weerlose individue te gee in die vorm van ’n tydelike hulpverleningstoegif (“short-term Special Relief of Distress grant”). Dit is uitbetaal as bykomende bedrae en/of betalings saam met bestaande toelaes (“grants”) tussen Mei en Oktober 2020 en het die staat ongeveer R41 miljard gekos (Suid-Afrikaanse Regering, 2020 & Nasionale Tesourie 2020c). Dit het beteken dat maatskaplike toelaes skerp toegeneem het tot sowat 20,8% van staatsinkomste in die 2020/21- fiskale jaar. Dit blyk ook dat daar ’n meer permanente opwaartse skuif in besteding is, aangesien die uitgawes volgens die MTBV oor die medium termyn gemiddeld sowat 15,7% van staatsinkomste gaan uitmaak (sien Figuur 2).




**Figuur 3:** Groei in staatsdienssalarisse teenoor nominale BBP, 1994 tot 2019  
Bron: Nasionale Tesourie (2020a), Annexure B, 57

Alhoewel dit tans slegs gelykstaande is aan sowat 'n derde van staatsdienssalarisse, is rente op staatskuld vinnig besig om 'n wesenlike probleem te raak. In die dekade van 2010 tot 2019 het hierdie uitgawe-item gemiddeld sowat 12,0% van owerheidsinkomste beloop. Dit het egter noemenswaardig begin toeneem en Nasionale Tesourie verwag dat dit gemiddeld nagenoeg 22,7% van owerheidsinkomste gedurende 2021 tot 2024 gaan beloop. Rente op staatskuld is dan ook die item wat die vinnigste jaarlikse begrote styging (14,0% per jaar oor die MTBV) van al die staat se uitgawes toon. Die koste verwant aan rente het dan ook dié van maatskaplike toelaes in 2017 verbygesteek.

Hierdie toedrag van sake is natuurlik 'n onafwendbare gevolg van die sterk toename in die vlakke van staatskuld, veral gedurende die laaste dekade. Gemeet as relatiewe grootte van die ekonomie, sal Suid-Afrika se bruto staatskuld van 26,8% van die BBP in 2008 tot ('n geraamde) 81,8% in die 2020/21-fiskale jaar styg. Die verwagting is dat dit teen die 2023/24-fiskale jaar bokant die vlak van 90,0% sal wees – met die risiko dat hierdie syfers van die Nasionale Tesourie steeds té optimisties mag wees. Onlangs is berig dat die Minister van Finansies, mnr. Tito Mboweni, in 'n voorlegging aan die Nasionale Ekonomiese Ontwikkelings- en Arbeidsraad (NEDLAC) gewaarsku het dat Suid-Afrika se skuldvlakke teen die 2024–25-fiskale jaar 100 persent van die BBP kan oorskry en teen die 2028-29-fiskale jaar tot sowat 114% van die BBP kan styg. Dit is in skrilte kontras tot die gemiddelde staatskuldvlak van sowat 60 persent in Suid-Afrika se eweknie-lande, naamlik die ontlukende ekonomieë van die wêreld (Daly *et al.* 2020). Voorts het die Minister aangetoon dat die stygende trajek van staatskuld as persentasie van die BBP geen teken van stabilisering teen 2028-29 toon nie (BusinessTech, 2020).

Figuur 4 toon die verwickeling in die vlak van Suid-Afrika se bruto staatskuld vanaf 1990 aan.



**Figuur 4:** Totale bruto staatskuld, 1990 tot 2024

\*Nasionale Tesourieramings per 2020 MTBV

Bron: Nasionale Tesourie (2020a), eie berekenings

Wat die owerheid se inkomste betref, het die regering vir verskeie jare ekonomiese groei en gevolglik die groei in belastinginkomste oorskat. Die tendens was veral opvallend tydens die “herstelydperk” ná die globale finansiële krisis van 2008, dus vanaf ongeveer 2011 en later (sien byvoorbeeld die Nasionale Tesourie se eie verwysing hierna by Nasionale Tesourie 2018a: Annexure A: 44). Die regering het nie rekening gehou met die skerp daling in Suid-Afrika se langtermyn potensiële ekonomiese groeikoers nie, soos gerapporteer deur onder meer Anvari *et al.* (2014), Ehlers *et al.* (2013) of Fedderke en Mengisteb (2016). Terwyl Suid-Afrika se potensiële volle-indiensnemingsgroeikoers vanaf sowat 2,5% per jaar gedaal het tot sowat 1,5% per jaar, het die Nasionale Tesourie die fout begaan om begrotings teen die vorige hoër verwagte groeikoers, met gevolglike hoër verwagte belastinginkomste, te projekteer. Uitgawes is teen hierdie foutiewe belastinginkomste-aannames beplan.

Die SA Reserwebank het in sy monetêre beleidsoorsig van Oktober 2019 hierdie afname in die plaaslike ekonomiese groeipotensiaal bevestig, maar selfs nog laer groei in die vooruitsig gestel. Aldus die SA Reserwebank het “... potential growth ... slumped to around 1% in the context of supply constraints (especially electricity shortages) and depressed business confidence” (SA Reserwebank, 2019:1). Aangesien hierdie groeivlakke (1% tot 1,5% reële ekonomiese groei per jaar) ooreenstem met die tendens in Suid-Afrika se bevolkingsgroeikoers, is die implikasie dat die reële inkomste *per capita* sal stagneer, terwyl werkloosheid ook sal voortduur.

Die situasie het gevolglik ontstaan waar die ekonomie teen laer as geprojekteerde vlakke presteer het en belastinginkomste swakker as verwagting presteer het. Hierteenoor het die meeste uitgaweposte (insluitende maatskaplike toelaes, rente op staatskuld en staatsdienssalarisse) per “gewone” jaarlikse aanpassing, gebaseer op oeroptimistiese “historiese” groei-verwagtings, toegeneem. Gevolglik het die situasie finansiële onvolhoubaarheid geraak, soos in

die vorige afdeling uiteengesit is. Die Covid-19-krisis was dus in werklikheid slegs die spreekwoordelike “laaste strooi wat die kameel se rug gebreek het” en nie as sodanig die oorsprong van die probleem nie. Op die keper beskou, is hierdie verwickelings ’n oproep tot die regering dat daadwerklike optrede (lees onpopulistiese besluite) nodig is. By gebrek aan daadwerklike optrede sal Suid-Afrika binnekort aan albei beskrywings van ’n fiskale afgrond voldoen, naamlik maatskaplike toelaes, rente op staatskuld en staatsdienssalarisse hoër as 100% van inkomste (Rossouw *et al.* 2016) en leningskapasiteit wat nie langer vir die Suid-Afrikaanse regering beskikbaar is nie (Bisseker 2017 en Isa 2020).

## 5. BELEIDSIMPAK VAN DIE NAVORSING OOR DIE FISKALE AFGROND

Die ooglopende beleidsimpak van die navorsing oor die fiskale afgrond is dat die term deel van die Suid-Afrikaanse ekonomiese leksikon geword het. In ’n artikel getiteld “SA voor afgrond – en ramp kan pensioene tref” gebruik De Lange en Peyper (2020) byvoorbeeld die term as sentrale aanknopingspunt vir ’n bespreking van talle ekonome se kommer oor Suid-Afrika se stygende skuldmas. Dit sluit dus breedweg aan by Isa (2020) se verwysing na die term, soos in Afdeling 2 hier bo bespreek is. Montalto (2020) gebruik die term meer dramaties as beeldspraak van ’n mars na die fiskale afgrond wat momentum opbou met behulp van kredietafgraderings en traagheid in Suid-Afrika se aankope van ’n entstof teen Covid-19. Deur opname in die leksikon, is die aandag van politici, die owerheidsadministrasie en die algemene publiek op die groeiende probleem van ’n naderende fiskale afgrond gevestig, ten spyte van die aanvanklike ontkenning van die probleem van die kant van die regering.

Deur aandag op die probleem te vestig, het die regering weldra besef dat die groei in staatsdienssalarisse totaal onvolhoubaar en onbekostigbaar is (sien byvoorbeeld Mboweni 2020a, 2020b en 2020c). Die navorsing oor die naderende fiskale afgrond was die eerste om hierdie probleem uit te wys, maar die posisie sou makliker bereedder kon word as die regering tydig ag geslaan het op waarskuwings oor die onvolhoubaarheid in veral salarisgroei.

Aan die positiewe kant het die navorsing oor die naderende fiskale afgrond politici en die regering laat besef dat daar té min ontledings oor die impak van staatsdienssalarisse en die groei in hierdie koste-item gedoen word. Tydens ’n aanbieding deur die outeurs van hierdie artikel oor die naderende fiskale afgrond tydens ’n gesamentlike sitting van die Parlement se Staande en Gekose Komitees oor Finansies, is probleme met die groei in staatsdienssalarisse en die gebrek aan data uitgewys. Die Komitees het gevolglik aan die Nasionale Tesourie opdrag gegee om die probleem in detail te ontlee en die ontleding te rapporteer.

Die direkte gevolg is die insluiting van ’n detailontleding oor staatsdienssalarisse in die jaarlikse MTBV (sien byvoorbeeld Nasionale Tesourie 2020a), wat data en neigings toelig. Dit is waarskynlik die enkele belangrikste beleidsbydrae van die navorsing: *’n probleem moet beskryf en verstaan word voordat dit opgelos kan word*. Die navorsing oor die fiskale afgrond het die gebrek aan salarisdata en -inligting aan die lig gebring. Met meer data en inligting sedert die publikasie in die jaarlikse MTBV word die probleem nou duideliker verstaan.

Dit is juis die ontleding in die MTBV van 2018 (Nasionale Tesourie 2018a) wat die vorige argument van die Nasionale Tesourie ten tye van die ERSA-werkswinkel aan die kaak stel. Die verteenwoordigers van die Nasionale Tesourie het in 2014 verklaar dat die navorsing oor die fiskale afgrond nie voorsiening maak vir beroepsesifieke aanpassing in vergoeding van staatsamptenare (OSD) wat as “eenmalige skok deur en uit die sisteem” sal werk nie. Hierteenoor is in 2018 verklaar dat bykans 66% van staatsdienswerkers wel beroepsesifieke vergoeding ontvang het (Nasionale Tesourie 2018a). Eerder as om ’n eenmalige “skok” te

wees, het beroepsespesifieke aanpassings 'n permanente element van die staatsdienssalarisrekening en aanpassings in hierdie rekening geword.

Weens die data wat tans beskikbaar is en die detailontleding van die probleem, begryp die regering nou ten einde laaste dat die weerhouding van verdere salarisverhogings vir staatsamptenare een van die maatreëls is wat nodig is om 'n fiskale afgrond af te weer. Dit is gevolglik die oplossing wat die Suid-Afrikaanse regering nou probeer afdwing (Mboweni 2020c). Die navorsing sedert 2014 oor die naderende fiskale afgrond het hiertoe bygedra.

Nog 'n nuanseverskuiwing wat al meer voorkom in die staat se begrotingsdokumente is dat uitgawe-items as persentasie van owerheidsinkomste, eerder as uitgawes, uitgedruk word. Alhoewel dit van akademiese belang is, en slegs sigbaar word tydens detailanalise, het die navorsing oor die fiskale afgrond (met die sterk fokus op owerheidsinkomste as beperkende faktor) bygedra tot hierdie verskuiwing in beleidsvergelyking. Afgesien van die akademiese artikels (soos reeds na verwys), is die navorsing ook sedert 2014 by talle sittings van die Staande en Gekose Komitees van Finansies van die Parlement voorgedra. Die data wat in die Nasionale Tesourie se terugvoersessies aan die einde van die sittings beskikbaar gestel word, toon ook dat daar op regeringsvlak kennis geneem word van die fiskale onvolhoubaarheid soos aangedui deur die fiskale afgrondbarometer. Dit bevestig dat dokumente wel bestudeer word en sodoende 'n impak op beleidsvorming het. Hierdie punt word prakties uitgelig deur 'n vergelyking van drie aanhalings uit begrotingsdokumente van verskillende jare. Die 2015-begroting (Nasionale Tesourie, 2015:34) meld dat staatsdiensvergoeding as persentasie van nie-rente-uitgawes verlangsaam het van 41,4% in 2011/12 tot 40,6 % in 2014/15, en dat dit oor die medium termyn rondom hierdie vlak sal stabiliseer.

Soortgelyk meld die 2018-begroting (Nasionale Tesourie, 2018b:34) dat die gekonsolideerde salarisrekening sterk toegeneem het vanaf 32,9 % van besteding in 2007/08, en dat dit in 2017/18 steeds ongeveer 35 % van totale uitgawes was.

Interessant om op te let uit die 2018-aanhaling is dat die styging van 32,9% na 35,0% in staatsdiensvergoeding met die eerste oogopslag relatief “klein” lyk, hoewel dit 'n toename van 2,1 persentasiepunte (6,5%) is. Die werklike probleem met uitgawevergelykings is dat verhoudings verbeter wanneer daar op sekere ander uitgawe-items oorspandeer word. So sal die verhouding van 35% op die oog af “daal” (of “verbeter”) met oorspandering op ander items, sonder dat die vlak van staatsdiensvergoeding enigsins daal.

In teenstelling tot die uitgawevergelykings hier bo, is dit opvallend om daarop te let dat die 2020-MTBV (Nasionale Tesourie, 2020a:4) meld dat rente op staatskuld nou 21 sent uit elke rand van die inkomstebegroting opneem (“debt service cost consumes 21 cents of every rand of main budget revenue”).

Die navorsing oor die fiskale afgrond het deurlopend op die inkomstekant van staatsfinansies gefokus, met die doel om dié beperkende faktor duidelik aan die kaak te stel. Die fokus in die Nasionale Tesourie se begrotingsontleding volg in toenemende mate dieselfde benadering.

Die beleidsimpak van die navorsing oor die fiskale afgrond laat ongelukkig die gevoel van “te min, te laat” wat bereik is, gegewe die fiskale afgrond wat Suid-Afrika ondanks die navorsing – en gepaardgaande waarskuwingstekens wat vroegtydig uitgelig is – in die gesig staar. Die waarheid is egter ontkenning en stiksienigheid van die regering, eerder as gebrekkige navorsing. Die tekens was daar, maar is liefis misgekyk. Ten minste het die navorsing oor die fiskale afgrond bygedra tot 'n beter ontleding van die probleem, wat sal bydra tot die oplossing. Die politieke wil om beleidsmaatreëls in te stel wat die ekonomiese bedreiging sal kan afweer, is egter van deurslaggewende belang as deel van die moontlike oplossing van die probleem.

## 6. SUID-AFRIKA SE VOORUITSIGTE NÁ DIE FISKALE AFGROND

As Suid-Afrika nie daarin slaag om die bedreiging van ’n langdurige fiskale afgrond af te weer nie, is die gevolge baie ernstig. Onder hierdie omstandighede sal die onderskeie definisies van ’n fiskale afgrond van Rossouw *et al.* (2016b), Bisseker (2017) en Isa (2020) soos hier bo bespreek, almal van toepassing wees.

Gevolglik bestaan die risiko dat Suid-Afrika se toekoms sekere elemente van ’n mislukte staat (“failed state”) mag bevat. Daar is verskillende definisies van ’n mislukte staat, byvoorbeeld die *Fund for Peace* (S.a.) wat dit omskryf as:

- Verlies van beheer oor grondgebied, of van die monopolie op die wettige gebruik van gewapende magte soos die polisie en die weermag binne die grense van die land
- Ondermyning van wettige gesag om kollektiewe besluite te neem
- Onvermoë om as ’n lid van die internasionale gemeenskap van state te funksioneer
- Onvermoë om openbare dienste te lewer

Die *Global Policy Forum* (S.a.) verklaar dat “’n mislukte staat nie langer basiese funksies soos byvoorbeeld onderrig, sekuriteit of beleidsvorming kan verrig nie, gewoonlik as gevolg van onbeheersde geweld of uiterste armoede”. Die *Brittanica* (S.a.) se definisie van ’n mislukte staat is:

a state that is unable to perform the two fundamental functions of the sovereign nation-state in the modern world system: it cannot project authority over its territory and peoples, and it cannot protect its national boundaries. The governing capacity of a failed state is attenuated such that it is unable to fulfil the administrative and organizational tasks required to control people and resources and can provide only minimal public services. Its citizens no longer believe that their government is legitimate, and the state becomes illegitimate in the eyes of the international community.

Hoewel hierdie drie definisies marginaal verskil, is die deurlopende tema dat mislukte state nie (i) hul grondgebied kan beskerm nie; (ii) nie langer owerheidsgesag kan uitoefen nie; (iii) internasionaal uitgesluit word; en (iv) nie dienste kan lewer nie.

Mislukkings op enige van hierdie terreine is uiters ernstig, maar laasgenoemde aspek (geen dienslewering) sal ’n onmiddellike impak op die Suid-Afrikaanse publiek hê. Die regering sal nie meer geld op die geld- en kapitaalmarkt kan leen nie, wat impliseer dat die dienslewering weens tekorte aan geld opgeskort word. Rentebetelings op staatskuld sal ook opgeskort of ernstig ingekort word, wat sal bydra tot likiditeitsprobleme vir pensioenfondse en die bank- en versekeringsbedryf. Alhoewel so ’n skok alle inkomsteklasse sal raak, is dit waarskynlik middel- en lae-inkomste-huishoudings (met beperkte vermoëns om hulself teen finansiële skokke te verskans) wat die swaarste getref sal word. Voorbeelde hiervan sluit in dat pensioenuitbetalings aan die middelklas in die gedrang kan kom, terwyl huishoudings wat van staatstoelae afhanklik is vir oorlewing, met nog minder oor die weg sal moet kom.

Dit is die volgende waarskuwing wat voortspruit uit die navorsing oor die moontlikheid van ’n onafweerbare fiskale afgrond. Onder hierdie omstandighede sal die navorsing moet uitbrei om nie net te fokus op stappe om die fiskale afgrond te vermy nie, maar ook die sosiale impak in Suid-Afrika nadat dit bereik is. As beginpunt hiervoor kan daar gekyk word na vroeëre navorsing van Joubert en Rossouw (2013) wat ’n ekonomiese perspektief op lewensgehalte in Suid-Afrika bied. Hul bevind onder andere dat alhoewel die staat dit kon regkry om tussen 1996 en 2010 absolute armoede te laat daal, die vlak van relatiewe armoede

bykans onveranderd, en trouens op kommerwekkende hoë vlakke, gebly het gedurende hierdie tydperk.

Latere navorsing deur Statistiek Suid-Afrika in samewerking met Unicef wat die *2015 Living Conditions Survey* gebruik, onderstreep die bevindings en toon aan dat tot soveel as 6 uit 10 Suid-Afrikaanse kinders (of 62,1%) as “multidimensioneel arm” geklassifiseer word (Statistiek Suid-Afrika, 2020). Hierdie aanwyser word bereken deur voeding, gesondheid, kinderontwikkeling, onderrig, beskerming van die kind, WASH (water, sanitasie en higiëne), behuising en toegang tot inligting te ontleed. Gevolglik word kinders as “multidimensioneel arm” geklassifiseer indien hulle te kort skiet in ten minste drie van die sewe dimensies. In hul ontleding van die probleem, dui Unicef (2020:3) se aparte verslag daarop dat onvoldoende maatskaplike infrastruktuur ’n belangrike oorsaak van multidimensionele armoede tussen alle ouderdomsgroepe is. Dit sluit swak skoolfasiliteite, ver afstande na die naaste gesondheidsdienste asook onvoldoende basiese afvalsverwyderingsdienste in.

Hul advies aan die regering is soos volg:

1. Hou aan om in maatskaplike infrastruktuur in die land se plattelandse gebiede te belê, waar veral gesondheids- en skoolfasiliteite beduidende aandag nodig het.
2. Erken dat arm kinders talle tekortkomings ervaar en dat volhoubare fokus op die finansiering van die maatskaplikedienstesektor nodig is.
3. Prioritiseer die implementering van ’n breë maatskaplike beskermingsbasis (“expanded social protection floor”).

’n Blik op die bestaande sosio-ekonomiese stand van sake in Suid-Afrika toon dus ’n kritieke situasie, met groot druk op die staat om sosiale infrastruktuur en dienste te lewer en uit te brei. Dit is afgesien van die hoë en stygende koste daaraan verbonde om die direkte maatskaplike toelaes via die staatskas te finansier, soos in afdeling 4 bespreek. Die onafwendbare gevolg van die fiskale afgrond is dus dat die staat weldra bloot nie meer die vermoë (lees begrote of werklike fondse) sal hê om verdere aandag aan die dreigende probleme te skenk nie.

## 7. SLOTOPMERKINGS

Hierdie artikel omskryf die fiskale afgrond as die punt waar maatskaplike toelaes, rente op staatskuld en staatsdienssalarisse die totale inkomste van die Suid-Afrikaanse regering oorskry en toon aan dat dit in die 2020/21- fiskale jaar die geval is. In die daaropvolgende paar jaar is daar ’n klein geleentheid vir die regering om ’n permanente fiskale afgrond af te weer, maar die fiskale afgrondbarometer toon dat dit ’n ernstige beperking op die groei van staatsdienssalarisse sal verg.

Afgesien van salarisse sal die regering ernstig moet herbesin oor die samestelling van die begroting in geheel, veral die sterk fokus op sosiale (en lopende) uitgawes en die volhoubaarheid daarvan. Tradisioneel is die rol van die staat om ’n omgewing te skep waarbinne die privaat sektor werksgeleenthede en welvaart kan skep. In Suid-Afrika poog die staat om beide rolle oor te neem en om terselfdertyd wesentliche bedrae aan sosialebystandbetalings te spandeer. Hierdie is edel oogmerke, maar nie meer finansiële haalbaar binne ’n raamwerk van fiskale volhoubaarheid nie.

Die navorsing oor die fiskale afgrond het ongetwyfeld ’n impak op fiskale beleid in Suid-Afrika gehad. Ideaal moes die regering gouer op die navorsing ag geslaan en reageer het om van die groter probleme wat Suid-Afrika tans in die gesig staar, te vermy. Dit is dus waarskynlik ongelukkig ’n geval van “te min, te laat” as die regering nie volhou met drastiese optrede om groei in staatsdienssalarisse te bekamp nie.

Die belangrikste bydraes van die navorsing is (i) die bekendstelling van die begrip “fiskale afgrond” as ’n belangrike gevaar in die Suid-Afrikaanse leksikon, (ii) ’n duidelike fokus in die burgerlike samelewing en die media op die probleem, (iii) deursigtige verslaggewing oor die staatsdienssalarisrekening deur die regering; en (iv) ’n fokus op bestedingsvergeliking met die inkomstekant van staatsfinansies, eerder as die uitgewekant.

Die enigste opsie is vir die regering om sy eie politiese ideologie te heroorweeg en daadwerklike onpopulistiese stappe te implementeer, om sodoende ’n staat van ’n “permanente” fiskale afgrond, oftewel ’n mislukte staat, te vermy.

Toekomstige navorsing oor fiskale volhoubaarheid moet ook fokus op die noodwendige bedreiging van ’n mislukte staat weens ’n fiskale afgrond en die gevolge daarvan. Van spesifieke belang met betrekking tot hierdie toedrag van sake is die sosiale impak op Suid-Afrika nadat die fiskale afgrond bereik is.

## BIBLIOGRAFIE

- Anvari, V, Ehlers, N & Steinbach, R. 2014. A semi-structural approach to estimate South Africa’s potential output. *South African Reserve Bank Working Paper Series WP/14/08*.
- Bernstein, A. 2019. Forget the fiscal cliff – try economic swamp. *BizNews*. 3 September. Aanlyn by <https://www.biznews.com/thought-leaders/2019/09/03/bernstein-fiscal-cliff-economic-swamp> [Internettoegang op 4 Desember 2020].
- Bisseker, C. 2017. *On the brink: South Africa’s political and fiscal cliff-hanger*. Kaapstad: Tafelberg.
- Boshoff, W. 2020. Om die beheer te vat oor die dinge wat vir jou belangrik is. *Nuusbrief van die VF+ Noordkaap*. Beskikbaar by [navorsing@vfplus.org.za](mailto:navorsing@vfplus.org.za).
- Brittanica (S.a.). *Encyclopaedia Britannica*. Aanlyn by <https://www.britannica.com/topic/failed-state> [Internettoegang op 1 Desember 2020].
- BusinessTech. 2020. South Africa sees government debt exceeding 100% of GDP. *Business Tech*. 20 June. Aanlyn by <https://businesstech.co.za/news/finance/409345/south-africa-sees-government-debt-exceeding-100-of-gdp/> [Internettoegang op verskeie datums].
- Child, K & Capazorio, B. 2018. Sachs’ resignation could push South Africa to the fiscal cliff. *Times Live*. 13 November. Aanlyn by <https://www.timeslive.co.za/sunday-times/business/2017-11-13-sachs-resignation-could-push-south-africa-to-the-fiscal-cliff/> [Internettoegang op 30 November 2020].
- Daly K, Gedminas, T & Grafe, C. 2020. Post-COVID: Dealing with the emerging market debt overhang. 20 May. *CEPR*. Aanlyn by <https://voxeu.org/article/post-covid-dealing-emerging-market-debt-overhang> [Internettoegang op 19 April 2021].
- De Lange, R & Peyper, L. 2020. SA voor afgrond en ramp kan pensioene tref. *Rapport*, 1 November 2020. Aanlyn by <https://www.netwerk24.com/Sake/Begroting/sa-voor-afgrond-en-ramp-kan-pensioene-tref-20201031> [Internettoegang op 3 Desember 2020].
- Dludla, S. 2020. Runaway debt risks sending SA over a fiscal cliff, warn Fitch and Moody’s. *IOL News*. Aanlyn by <https://www.iol.co.za/business-report/economy/runaway-debt-risks-sending-sa-over-a-fiscal-cliff-warn-fitch-and-moodys-50090003> [Internettoegang op 8 Desember 2020].
- Ehlers, N, Mboji, L & Smal, D. 2013. The pace of potential growth in the South African Economy. *South African Reserve Bank Working Paper WP/13/01*.
- Fedderke, J & Mengisteb, D. 2016. Estimating South Africa’s Output Gap Potential Growth Rate. *ERSA working paper No 585*.
- Federalereserwe. 2012. *Economic Outlook and Policy*. Toespraak deur Ben S Bernanke voor die Gesamentlike Ekonomiese Komitee van die VSA Kongres 7 Junie 2012. Aanlyn by <https://www.federalreserve.gov/newsevents/testimony/bernanke20120607a.htm> [Internettoegang op 7 Desember 2020].
- Fund for Peace (S.a.) Aanlyn by <https://fundforpeace.org/>. *Fund for Peace* [Internettoegang op verskeie datums].
- Global Policy Forum (S.a.) Aanlyn by <https://www.globalpolicy.org/nations-a-states/failed-states.html>. *Global Policy Forum* [Internettoegang op 1 Desember 2020].

- Isa, M. 2020. Suid-Afrika huiwer op die rand van 'n fiskale afgrond. *Finweek*, 26 November 2020. Aanlyn by <https://www.netwerk24.com/Finweek/suid-afrika-huiwer-op-die-rand-van-n-fiskale-afgrond-20201119> [Internettoegang op 1 Desember 2020].
- Jooste, K. 2018. *Power, Poverty and Socio-Economic Policy in South Africa*. Basic Income Earth Network (BIEN) Hydrabadkonferensie. 2019. Aanlyn by <https://basicincome.org/wp-content/uploads/2018/09/Power-Poverty-and-Socio-Economic-Policy-in-South-Africa.pdf> [Internettoegang op 30 November 2020].
- Joubert, F & Rossouw, J. 2013. Lewenstandaarde: 'n Ekonomiese perspektief op lewensgehalte in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(1):89-108.
- Maynier, D. 2016. Address by DA Shadow Minister of Finance. *Sona Debate 2016*. Parliament. 17 February. Aanlyn by <https://www.polity.org.za/article/da-david-maynier-address-by-da-shadow-minister-of-finance-during-sona-debate-2016-parliament-17022016-2016-02-17> [Internettoegang op 30 November 2020].
- Maynier, D. 2018. *Time for a statutory fiscal rule in SA Speech in the Budget Debate on National Treasury [Vote #7]*. Parliament. Cape Town. 22 May.
- Mbeki, M, Rossouw, J, Joubert, F & Breytenbach, A. 2018. South Africa's fiscal cliff barometer. *New Agenda*, 70:29-33 (3rd Quarter).
- Mboweni, T. 2020a. *Begrotingsrede van die Minister van Finansies in die Parlement*. 26 Februarie. Aanlyn by <http://www.treasury.gov.za/documents/national%20budget/2020/speech/speech.pdf> [Internettoegang op 30 November 2020].
- Mboweni, T. 2020b. *Aanvullende Begrotingsrede van die Minister van Finansies in die Parlement*. 24 Junie. Aanlyn by <http://www.treasury.gov.za/documents/national%20budget/2020S/speech/speech.pdf> [Internettoegang op 4 Desember 2020].
- Mboweni, T. 2020c. *Mediumtermynbegrotingsrede van die Minister van Finansies in die Parlement*. 28 Oktober. Aanlyn by <http://www.treasury.gov.za/documents/mtbps/2020/speech/speech.pdf> [Internettoegang op 30 November 2020].
- Montalto, PA. 2020. Marching to the fiscal cliff on downgrades and vaccine lags. *Business Day*, 22 November 2020. Aanlyn by <https://www.businesslive.co.za/bd/opinion/columnists/2020-11-22-peter-attard-montalto-marching-to-the-fiscal-cliff-on-downgrades-and-vaccine-lags/> [Internettoegang op 3 Desember 2020].
- Moolla, Z. 2019. The 'fiscal cliff' is not SA's biggest threat. *Daily Maverick*. 14 March. Aanlyn by <https://www.dailymaverick.co.za/article/2019-03-14-the-fiscal-cliff-is-not-sas-biggest-threat/> [Internettoegang op 13 Januarie 2021].
- Nasionale Tesourie. 2015. *Nasionale Begroting*. Nasionale Tesourie: Pretoria. Aanlyn by <http://www.treasury.gov.za/documents/national%20budget/2015/default.aspx> [Internettoegang op 26 Januarie 2021].
- Nasionale Tesourie. 2018a. *Medium Term Budget Policy Statement*. Nasionale Tesourie: Pretoria. Aanlyn by <http://www.treasury.gov.za/documents/mtbps/2018/mtbps> [Internettoegang op 30 November 2020].
- Nasionale Tesourie. 2018b. *Nasionale Begroting*. Nasionale Tesourie: Pretoria. Aanlyn by <http://www.treasury.gov.za/documents/national%20budget/2018/default.aspx> [Internettoegang op 26 Januarie 2021].
- Nasionale Tesourie. 2020a. *Medium Term Budget Policy Statement*. Nasionale Tesourie: Pretoria. Aanlyn by <http://www.treasury.gov.za/documents/mtbps/2020/mtbps/FullMTBPS.pdf> [Internettoegang op 30 November 2020].
- Nasionale Tesourie. 2020b. *Financing the budget in the post-corona world*. ERSF Fiscal Futures: Part 2 – aanbieding deur Me T. Moahloli, 12 Augustus 2020. Aanlyn by: <https://www.youtube.com/watch?v=k98LV-DR6oM&feature=share> [Internettoegang op 7 Desember 2020].
- Nasionale Tesourie. 2020c. *2020 Supplementary Budget*. Pretoria. Aanlyn by <http://www.treasury.gov.za/documents/national%20budget/2020S/default.aspx> [Internettoegang op 8 Desember 2020].
- Padayachee, V. 2018. Beyond the fiscal cliff: Some questions for reflection. *New Agenda*. Issue 70. 3rd Quarter, pp. 34-37.
- Rossouw, J & Breytenbach, A. 2013a. 'n Ontleding van vergoedingsneigings in die Suid-Afrikaanse staatsdiens, 2005 tot 2012. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. Desember. Jaargang 53(4):635-650.

- Rossouw, J & Breytenbach, A. 2016a. Fiscal constraints determine South Africa's social agenda. *New Agenda*, 62(2e Kwartaal):22-27.
- Rossouw, J & Rossouw, C. 2017. Averting South Africa's looming fiscal cliff. *New Agenda*, 65(1e Kwartaal):15-16.
- Rossouw, J, Joubert, F & Breytenbach, A. 2013b. South Africa's Fiscal Cliff: A Different Meaning to a Well-known Concept. *ERSA Werkswinkel*. Universiteit van Suid-Afrika. 16 en 17 Mei 2013. Pretoria. Aanlyn by [https://econrsa.org/system/files/workshops/presentations/2013/south\\_africas\\_fiscal\\_cliff\\_combined.pdf](https://econrsa.org/system/files/workshops/presentations/2013/south_africas_fiscal_cliff_combined.pdf) [Internettoegang op 30 November 2020].
- Rossouw, J, Joubert, F & Breytenbach, A. 2014. Suid-Afrika se fiskale afgrond: 'n Blik op die aanwending van owerheidshulpbronne. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(1):144-162.
- Rossouw, J, Joubert, F & Breytenbach, A. 2016b. Suid-Afrika se fiskale keuses gemodelleer: Afgrond of plato? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-2):534-554.
- SA Reserve Bank. 2019. *Monetary Policy Review*. October.
- Sachs, M. 2014. South Africa's long-term fiscal choices. *Fiscal Policy Workshop*. 5 November. Aanlyn by [http://www.treasury.gov.za/comm\\_media/presentations/South%20Africa's%20long-term%20fiscal%20choices%205%20Nov%202014.pdf](http://www.treasury.gov.za/comm_media/presentations/South%20Africa's%20long-term%20fiscal%20choices%205%20Nov%202014.pdf) [Internettoegang op 30 November 2020].
- Statistiek Suid-Afrika. 2020. Child Poverty in South Africa: A Multiple Overlapping Deprivation Analysis, Findings of the Living Conditions Survey. *Statistics South Africa*. June 2020. Aanlyn by [http://www.statssa.gov.za/?page\\_id=1854&PPN=03-10-22&SCH=72653](http://www.statssa.gov.za/?page_id=1854&PPN=03-10-22&SCH=72653) [Internettoegang op 20 Januarie 2021].
- Suid-Afrikaanse Regering. 2020. Social grants - Coronavirus COVID-19: Social Relief of Distress (SRD) grants. *Suid-Afrikaanse regering webbladsy*. Aanlyn by <https://www.gov.za/covid-19/individuals-and-households/social-grants-coronavirus-covid-19> [Internettoegang op 8 Desember 2020].
- Unicef, 2020. Child Poverty in South Africa: A Multiple Overlapping Deprivation Analysis. *Unicef*. Aanlyn by <https://www.unicef.org/southafrica/media/4241/file/ZAF-multidimensional-child-poverty-analysis-policy-brief-07July-2020.pdf> [Internettoegang op 20 Januarie 2021].

# 'n Chinese padkaart vir die hervestiging van vrygelate gevangenes: 'n Gevallestudie

*A Chinese road map to offender re-entry: A case study*

CASPER LÖTTER

Na-doktorale Navorsingsgenoot

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: casperlott@gmail.com



Casper Lötter

CASPER LÖTTER het sy PhD in filosofie in 2018 aan die Universiteit van die Vrystaat behaal. Hy is 'n konfliktkriminoloog verbonde aan Noordwes-Universiteit se Skool vir Filosofie (Potchefstroom) as na-doktorale navorsingsgenoot. Van sy werk het reeds in *Conversation Africa* verskyn en Casper skryf ook gereeld vir *Mail & Guardian* se Thoughtleader-kolom. In 2019 was hy 'n post-doktorale beurshouer by die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

CASPER LÖTTER completed his PhD in philosophy at the University of the Free State in 2018. He is a conflict criminologist affiliated with North-West University's School of Philosophy (Potchefstroom) as post-doctoral research fellow. His work has appeared in *Conversation Africa* and Casper regularly writes for *Mail & Guardian*'s Thoughtleader column. He was awarded a postdoctoral award from the South African Academy of Science and Arts in 2019.

## ABSTRACT

*A Chinese road map to offender re-entry: A case study*

*This contribution is a cross-cultural exercise, within a philosophical, inter-disciplinary perspective, where the work of Derrida and Lacan on transplanting the signifier from its original context and re-inscribing it onto foreign soil, is used to bolster the case for inducting selected, penological and resettlement practices from a foreign culture (the Peoples' Republic of China [the PRC]) into a South African context. As no transplantation's success is guaranteed, Chris Allsobrook's "African Recognition Theory" as well as Tom Zwart's "receptor" approach is employed to tilt the odds in favour of a successful African inscription. Allsobrook's African Recognition Theory is considered as a way of understanding how the concept of "cultural mixing" can be employed to allow for a home-grown remedy to take shape while Zwart's "receptor" approach is explored against the background of its successful use to ameliorate the social problems in Africa. It is argued that mass imprisonment, following the American model, is more likely than not the result of schemes-for-profit (both in South Africa and the*

### Datums:

Ontvang: 2020-06-09

Goedgekeur: 2021-04-06

Gepubliseer: Junie 2021

*US) than a genuine concern over crime and re-offending rates. The so-called prison-industrial complex thrives on the back of imprisonment as our dominant sentencing regime and the latter has clearly not delivered what it had promised, namely safer communities and sustainable re-offending rates. It is contended that with South Africa having one of the highest incarceration rates in Africa and certainly one of the highest rates of recidivism in the world, a larger portion of the Department of Correctional Services' (DCS) budget than a mere 12% should go towards rehabilitation and, especially, resettlement efforts. In view of the demonstrable neglect of rehabilitation and the dismal failure of resettlement efforts in Western jurisdictions (including South Africa), data on selected rehabilitation and resettlement practices in the PRC is collected and coded to present a road map for offender re-entry. The themes selected range from resettlement to incarceration (in that inverted order). The data is collected by way of secondary data analysis and coding using a thematic imprint. This exercise is performed against the background of Braithwaite's seminal distinction between stigmatising shaming (of which South Africa and the United States are examples) and integrative shaming (of which China and Japan are examples) cultures. The argument is that features of the latter will greatly aid resettlement efforts and the struggle against unsustainable recidivism rates in South Africa. The concept of ubuntu, a well-established integrative shaming feature in Southern African indigenous cultures, is highlighted as a feature that could greatly assist the transplantation process. Indeed, an investigation of the now-defunct flower of an integrative shaming culture (1949–1996), has much to offer SA's harsh stigmatising shaming climate. By adopting an abductive research approach wedded to a "cultural mixing" method, it is possible to intersperse the data from the PRC with observations on how these could complement existing rehabilitative trends in South African corrections. The discussion of the data gleaned from the Chinese theater is interspersed with material from both Western and local sources on how the transplantation from China to South Africa could best be accomplished. It is contended that, taking an analogy from Stiglitz, the prison has no "moral compass" and should be managed to produce the desired outcomes in terms of both rehabilitation and sustainable resettlement, as the Chinese experience has demonstrated. In view of crime's complex nature, an interdisciplinary approach is adopted and the hope is expressed that this novel use of an old theory in a new way and context would add insight to our understanding of crime. It is to be hoped that in light of South Africa's (newish) Minister of Justice and Correctional Services, Ronald Lamola's, acknowledgement of corrections' tendency to warehouse managing of offenders and his undertaking to add renewed impetus to the department's rehabilitation and resettlement efforts, that this contribution could add value to his pledge.*

**KEYWORDS:** cross-cultural transplantation; selected penological and resettlement practices; Peoples' Republic of China, South African perspective; secondary data analysis; road map; offender re-entry; Braithwaite's seminal distinction; stigmatising shaming cultures; integrative shaming cultures

**TREFWOORDE:** kruis-kulturele oefening; uitgesoekte straf- en hervestigingspraktyke; Volksrepubliek van China; eie bodem; sekondêre data-analise; padkaart; hervestiging van vrygelate gevangenes; Braithwaite se belangrike onderskeid; hardestigmatiserend-beskamende kulture; integreerend-beskamende kulture

## OPSOMMING

Hierdie bydrae is ’n kruis-kulturele oefening, binne ’n filosofiese, interdisiplinêre perspektief, waar gesteun word op die werk van beide Derrida en Lacan oor die verplasing van die betekenaar van sy oorspronklike samehang na ’n vars, vreemde konteks. In die lig van die bewese versuim van hervorming en die onaanvaarbare mislukking van hervestigingspogings in Westerse jurisdiksies (wat Suid-Afrika insluit), word data op uitgesoekte straf- en hervestigingspraktyke in die Volksrepubliek van China ingewin en gekodeer met die oog op die aanbieding van ’n padkaart vir die hervestiging van vrygelate gevangenes op eie bodem. Die uitgesoekte temas wissel van hervestiging tot gevangehouding (in daardie omgekeerde orde). Die data is ingewin by wyse van sekondêre data-analise en gekodeer deur die gebruik van ’n tematiese patroon. Hierdie oefening is geïnspireer deur Braithwaite se belangrike onderskeid tussen hardestigmatiserend-beskamende kulture (Suid-Afrika, die VSA) en integrerend-beskamende kulture (China, Japan). Deur ’n abduktiewe (“abductive”) navorsingsbenadering met ’n kultuurvermengingsmetode te verbind, is dit moontlik om data van die Volksrepubliek saam te snoer met waarnemings oor hoe dit bestaande hervestigingstendense in Suid-Afrikaanse pogings tot hervorming van gevangenes kan aanvul. Gegewe die ingewikkelde aard van misdaad, word van ’n interdisiplinêre benadering gebruik gemaak in ’n poging om met behulp van ’n nuwe aanwending van ’n ou teorie en in ’n nuwe konteks ’n beter begrip van misdaad te bekom.

*To have once been a criminal is no disgrace.  
To remain a criminal is the disgrace. – Malcolm X*

## INLEIDING

In hierdie vergelykende ondersoek word Braithwaite se belanghebbende onderskeid tussen stigmatiserend-beskamende en integrerend-beskamende kulture ingespan ten einde die belang daarvan vir postapartheid Suid-Afrikaanse straf- en hervestigingspraktyke uit te lig. Alhoewel dit so is dat Braithwaite se werk uit die 1990s dateer, wend ek sy gedagtegang aan binne ’n ander, daarvan verskillende samehang of konteks (Chinees-Afrika kruis-kulturele verryking) en met ’n ander doel, naamlik die verplasing en versorging van integrerend-beskamende kultuurprodukte in ’n stigmatiserend-beskamende omgewing. In die woorde van Richard Dawkins (1989:xvi), “often the most important contribution a scientist can make is to discover a new way of seeing old theories or facts”. As hierdie stelling waar is vir die natuurwetenskappe, hoeveel te meer geld dit nie vir die sogenaamde geesteswetenskappe (waaronder kriminologie sekerlik tel) nie? Met Dawkins se waarneming as my vertrekpunt, poog ek om beide Braithwaite se teorie en navorsingsdata van China se nou-ontbinde integrerend-beskamende kultuur van die vorige eeu op ’n nuwe manier aan te wend.

Misdaad is ’n “komplekse” probleem (Lötter 2020a:6-8) in ons samelewing wat tans beveg word met ’n bestuurstyl waar voorkeur verleen word aan praktyke soos “waenhuisverpakking”, wat weinig, indien enige, ruimte bied vir hervormingsinisiatiewe. In die Suid-Afrikaanse samehang of konteks is hierdie ongewenste toedrag van sake onlangs deur ons nuwe Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, Ronald Lamola, uitgelig met sy verwysing na die waenhuisverpakking van oortreders in Suid-Afrikaanse tronke (News24 2019:np). Hy het ons land ’n “renewed focus on the rehabilitation of prisoners” belowe.

Tronkontbondingsaktiviste, soos Angela Davis (2003; 2005) en Michelle Alexander (2012), wys op die rol van gevestigde belange in die opblaas van heroortredingstatistieke,

waardeur die gevangenis omskep word in 'n tronkindustrie (“prison-industrial complex”), oftewel 'n besigheidsmodel eie aan laat-kapitalisme. Davis wys voorts daarop dat die bedrywigheede rondom hierdie tronkindustrie in die Verenigde State daarop gemik is om sosio-ekonomiese projekte, soos onderwys, mediese sorg en die instandhouding van paaie, af te skaal ten gunste van die uitbouing van die gevangenis vir geldelike gewin.

Ter plaatse is Bosasa welbekend as 'n verskaffer van toegangsbeheer-, omheinings- en voedingsdienste vir die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD). Gegewe die huidige aantygings van bedrog teen Bosasa, wat verband hou met staatskaping, kan aangeneem word dat fondse binne die Departement onwettig en onregmatig weggekeer word van goedgekeurde en dringende projekte, soos onvoldoende instandhouding, personeeltekort en die hervestiging van oortreders, waardeur 'n sogenaamde “lugborrel” aan die einde van die finansiële jaar geskep word (Lötter 2020b:4-5; Stayn & Vecchiato 2019:50). Na hierdie lugborrel is tereg as fiskale storting (“fiscal dumping”) verwys, aangesien dit kunsmatig gevorm word vir die aanwending van weglaatbare behoeftes. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die vooruitbetaling van 110 miljoen rand vir televisies vir DKD, wat die Departement probeer regverdig het met die reenasie dat die uitgawe die aanklag van onderbesteding sal ondervang. Hierdie sirkelreenasie het uiteraard niemand oortuig nie, maar dit is 'n uitstekende voorbeeld van die verskynsel van tronkindustrie in die Suid-Afrikaanse konteks. In hierdie verband is dit interessant om daarop te let dat selfs hervormingspogings nie losgemaak kan word van kapitalistiese praktyke nie. Joseph Stiglitz (2016:140) wys daarop dat die onlangse Amerikaanse belangstelling in die hervestiging van vrygelate oortreders, soos deur die Obama-regering bekragtig (uiteengesit deur *The New York Times*, Lichtblau 2016:np), die gevolg van niks anders as gelddruk op die uitbreiding van die gevangenis is en nie, soos 'n mens sou hoop, geïnspireer is deur kommer oor heroertredingsyfers nie.

In beide die VSA en Suid-Afrika het die verskynsel van die tronkindustrie gelei tot 'n dieper begrip van sogenaamde “alledaagse misdaad” (“conventional crime”) in konflikbelaaide gemeenskappe met hoë vlakke van ongelykheid, werkloosheid en armoede te midde van andersins materiële oorvloed (Davis 2003, 2005; Krieger 2018; Lötter 2020b).

Teen hierdie agtergrond is John Braithwaite (1989) se grondliggende onderskeid tussen integrerend-beskamende en stigmatiserend-beskamende kulture insiggewend. In eersgenoemde kultuur (waarvan China en Japan goeie voorbeelde is) word daar gepoog om vrygelate gevangenes by wyse van liefde en oortuiging haalbaar binne hul gemeenskappe te hervestig. Dit is interessant om daarop te let dat dit kenmerkend is van kommunale samelewings (“communitarian societies”), wat uiteraard integrerend-beskamende kulture vestig, dat lede hoogs interafhanklik van mekaar is en die individu haar identiteit vanuit die groep verwerf (Lötter 2018:67). In teenstelling hiermee dryf stigmatiserend-beskamende kulture hul vrygelate oortreders weg van die hoofstroomkultuur, gewoonlik reguit in die arms van kriminele subkulture (Braithwaite 1989:20 & 100). Ter plaatse erken Minister Ronald Lamola die afbrekende invloed van stigma in sy verwysing na die “under-development of ex-offenders” (News24 2019:np). Op haar beurt verhelder Michelle Alexander (2012:95-96) op treffende wyse die ongewenste posisie van vrygelate gevangenes in stigmatiserend-beskamende kulture soos volg:

The disturbing phenomenon of people cycling in and out of prison, trapped by their second-class status, has been described by Loic Wacquant as a “closed circuit of perpetual marginality.” Hundreds of thousands of people are released from prison every year, only to find themselves locked out of the mainstream society and economy. Most ultimately

return to prison, sometimes for the rest of their lives. Others are released again, only to find themselves in precisely the same circumstances they occupied before, unable to cope with the stigma of the prison label and their permanent pariah status.

Teenoor so 'n betreurenswaardige uitbeelding van 'n lewenswyse onder die juk van stigma, doen Braithwaite aan die hand dat 'n ander realiteit moontlik is. Hy (Braithwaite 1989:9) ondersoek die voordele verskans in 'n integrerend-beskamende kultuur en verduidelik dat hervestiging beskou word as “a tool to allure and inveigle the citizen to attend to the moral claims of the criminal law, to coax and caress compliance, to reason and remonstrate with him over the harmfulness of his conduct.” Braithwaite (1989:100) het geen twyfel oor die feit dat wat hy “labelling behaviour” in stigmatiserend-beskamende kulture noem, 'n sterk dryfveer vir heroortreding is nie. Hoewel daar geen betroubare statistieke oor heroortreding in Suid-Afrika beskikbaar is nie (Muntingh 2005:28; Pierce & Kiewit 2020), word wel beweer dat heroortredingsyfers plaaslik hier so hoog as 84-87% of selfs 86-94% kan wees (Murhula & Singh 2019; Ngabonziza & Singh 2012:87; Schoeman 2010:81; Pierce & Kiewit 2020). In hierdie verband, betoog Matthew Cronje (2017:23) dat “[d]espite the inconsistent and often scientifically questionable findings, South Africa does have a high crime rate and overcrowding, human rights violations, inadequate services and scarce resources have been found to be associated with recidivism.” 'n Verdere opmerkbare verskynsel is dat die ideaal van betekenisvolle hervorming in postapartheid Suid-Afrika, in navolging van die Amerikaanse model as maatstaf, ontkoppel het van die algemeen aanvaarbare gevangenispraktyk (Davis 2003:40, 43; Muntingh 2008).

Indien oortreders wel hervorm, geskied dit ten spyte, eerder as gevolg van, die gevangenis. Soos Mechthild Nagel (2008:71) dit stel, “[i]mprisonment then is the antithesis of ubuntu, a practice of separation of humanity”. Ondanks die feit dat daar toegegee moet word dat die idee van ubuntu in Suid-Afrikaanse politiek en kultuur nie maklik gedefinieer kan word nie (Praeg 2014:12-14; Ramose 1999:44; Achille Mbembe, soos aangehaal in Praeg 2014:21), is dit nietemin te hope dat die beoogde oorplasing van uitgesoekte idees vanuit 'n integrerend-beskamende kultuur mooi aanklank sal vind by kenmerke soos ubuntu in Suid-Afrika se ongenaakbare stigmatiserend-beskamende kultuur (Lötter 2018:269). Hoewel Chinese heroortredingstatistieke ingewikkeld is (as gevolg van, onder andere, 'n gebruik om heroortreders tereg te stel), is dit nietemin van waarde om Chinese statistieke van tussen 6-8% in gedagte te hou (Dutton & Xu 1998:322). 'n Ondersoek na uitgesoekte Chinese hervorm- en hervestigingspraktyke word dus onderneem met praktykverbeterings vir plaaslike beleidsformulerings in gedagte.

Opsommenderwys kan gestel word dat Braithwaite (1989) se belangrike onderskeid tussen integrerend-beskamende en stigmatiserend-beskamende kulture die grondslag vorm vir 'n vergelykende ondersoek na Chinese en Suid-Afrikaanse praktyke. Data van 'n eietydse integrerend-beskamende kultuur (China op die vasteland tussen die jare 1949–1996) word by wyse van sekondêre data-analise (“secondary data analysis”) versamel en vervolgens geïnterpreteer deur gebruik te maak van tematiese kodering (“thematic coding”). Uiteindelijke oorplanting van uitgesoekte Chinese hervestigingspraktyke na eie bodem sal hopelik lei tot 'n meer versorgende omgewing vir gewese oortreders (my emansipasie-oogmerk) en terselfdertyd Suid-Afrika se onhoudbare heroortredingsyfers kan beperk. Ek ondersoek vervolgens die gedagte van kultuurvermenging.

## KULTURVERMENGING EN DIE ONTVANGERBENADERING

Kultuurvermenging in die konteks van die oordrag van idees van China na Suid-Afrika, kan aangevul word met Tom Zwart se begrip van die ontvangerbenadering (“receptor approach”). In hierdie benadering word tuisgemaakte remedies in die plek van Westerse alternatiewe aangemoedig, ten einde die kulturele legitimiteit of aanvaarbaarheid van ’n voorgestelde oorplanting te bevorder (Zwart 2012:546-547). Nuwe idees is meer geneig om in ’n nuwe konteks aanvaarbaar te wees indien hul met bestaande gebruike vermeng word.

Die ontvangerbenadering is ’n begrip wat gemunt is na aanleiding van die idee dat ontvangermolekules as hekwagters diens doen en slegs daardie seine toelaat wat die membraan mag binnegaan (Zwart 2012:548). In baie nie-Westerse gemeenskappe is informele sanksies, in teenstelling met regsoptrede, byvoorbeeld baie meer doelgerig in die regulering van die breë gemeenskap. Confucianisme en saambesit (“collectivism”) is kenmerkend van Oosterse en Afrika-gemeenskappe onderskeidelik (Zwart 2012:551-552). Die idee van kulturele integriteit is die draaipunt waarom die ontvangerbenadering wentel en dit vind aanklank by die ontvangende kultuur se inherente logika. ’n Minder perfekte vermenging sal aandring op die byvoeging van een of meer bykomstige plaaslike elemente ten einde daardie praktyksreël meer ontvanklik vir kulturele legitimiteit en werkbaarheid te maak (Zwart 2012:554).

Zwart (2012:569) wys daarop dat die ontvangerbenadering ’n groter mate van sukses behaal in tradisionele gemeenskappe, waar samehorigheid eerder as individualiteit, en regstellende, eerder as vergeldende geregtigheid gekoester word. Die ontvanger-benadering lei logieserwys tot ’n oorweging van die regverdiging van die Chinese gevallestudie. In besonder, neem ek my vertrekpunt van beide Lacan (1991, 1977) en Derrida (1982) se idees rondom die “ketting van betekenaars” (“signifying chain”) of die “glydende betekenaar” (“sliding signifier”), onderskeidelik, met die oog op die ontwikkeling van ’n kruis-kulturele invalshoek.

Sodanige vergelykende benadering tot die oorweging, begrip en moontlike oplossing van maatskaplike knelpunte is niks nuut nie. So ver terug as 1895 reeds, het Durkheim (1982/1895) die voorstel gemaak dat vergelykende, kruis-kulturele sosiologie aanvaar moet word as die mandaat van alle vertakkinge van die sosiologie. Volgens Peter Winch (1964:317) is die bestudering van vreemde kulture van onskatbare waarde in die naspour van ons eie kultuur. Op ’n soortgelyke wyse het Allen (1992:85) uitgewys dat:

It is the author’s conviction that the process of looking at other systems provides us with an opportunity to evaluate and understand our own system. It gives us a perspective that is difficult to gain from within our own system. It was with the view of learning from the Chinese what characteristics of their corrections program would be transferable to the West that the author participated in a criminal justice delegation [to the PRC].

In Lötter (2018:37-38) is reeds betoog dat Suid-Afrika se oorwegende straftoemettingsparadigma ’n ondersoek na ander jurisdiksies se straf- en hervestigingspraktyke regverdig. In hierdie bydrae word gepoog om idees van ’n post-Mao Chinese teater teen die tweede helfde van die 20ste eeu na 21ste-eeuse postapartheid Suid-Afrika te verplant en ek neem eersgenoemde praktyke aanstons onder die loep.

### CHINESE STRAF- EN HERVESTIGINGSPRAKTYKE

In ’n poging om te voorsiene kritiek teen die keuse van die Chinese teater by te lê, word gesteun op Habermas (1979) se bekende begrip van rasionele herkonstruksie van toepaslike

data. Volgens Habermas (soos aangehaal in McCarthy 1978:233; oorspronklike teks nie tot my beskikking nie), beteken herkonstruksie “that one takes a theory apart and puts it back together in a new form, in order better to achieve that goal which it set for itself”. Die keuse om data by wyse van sekondêre data-analise te versamel, eerder as oorspronklike veldwerk in China aldaar, is deur praktiese oorwegings bepaal. Nie net is ’n groot gedeelte van die data beskikbaar in Engels nie, maar die Chinese integrerend-beskamende kultuur het na 1996 begin verander en stigma (die kenmerk van die stigmatiserend-beskamende kulture) het weer sy verskyning begin maak nadat dit in 1949 (met die uitroep van die republiek) deur die Chinese kommunistiese leierskap verban is. Die laasgenoemde strafbeleid het berus op Mao se siening van die radikale potensiaal vir die hervorming van gewese gevangenes – hy het naamlik aangevoer dat die oorgrote meerderheid van oortreders met sukses hervorm of herskep (“remoulded”) kan word. Aangesien die hoogty van die Chinese integrerend-beskamende kultuur die jare 1949–1996 dek, maak dit sin om bronne uit hierdie periode na te gaan met die oog op die inwin van data by wyse van sekondêre data-analise.

Die data wat op hierdie manier ingesamel word, word dan geanaliseer by wyse van oop, tematiese analise. Dit laat die moontlikheid oop vir onverwagte, verrassende bevindings en ontdekkings op voorwaarde dat diesulkes wel teenwoordig is (Timmermans & Tavory 2012:170). Aanvaarbare antwoorde word inderdaad van my data-inwinnings- en analise-proeflopies verwag. Dat juis die Chinese teater vir hierdie projek gekies is, berus op die keuse vir ’n transdissiplinêre perspektief. Dit is gepas om die keuse van die Chinese straf- en hervormingspraktyke te verdedig in die lig van groeiende kritiek teen sogenaamde denk- en heropvoedingsneigings wat tans in daardie land toegepas word. Ondanks die meriete van Chinese straf- en hervormingspraktyke is die vraag of dit met vrug van hul oorspronklike konteks verwyder en elders verplant kan word? My antwoord op hierdie vraag is ’n besliste ja en ek oorweeg vervolgens die tematiese aanbieding van my resultate.

## TEMATIESE AANBIEDING VAN DIE RESULTATE

Voor die afskop van die sosialistiese bedeling op Chinese bodem, is vrygelate gevangenes aan ongenaakbare stigma in die tradisionele Chinese gemeenskap blootgestel (Dutton & Xu 1998:297-299). Stigma is dan ook die enkele mees belangrike uitdaging in die hervestigingspogings van hierdie groep en hou intens verband met afskaffing of verlating van die hervormingsideaal ten gunste van ’n bestuurstyl gekenmerk deur waenhuisverpakking (Lötter 2018:180). Mao (2004a/1949; 2004b/1956), as die stigter van die Volksrepubliek se integrerend-beskamende kultuur, het die oortuiging gehuldig dat “most criminals could be remolded” tot vars gemunte, produktiewe burgers deur ideologiese opleiding en “reform through labour”-programme. Wat egter dadelik verstaan moet word, is dat wat die Chinese met herskepping (“remoulding”) bedoel, nie bloot neerkom op weerhouding (soos die geval in die Weste) nie, maar wel ideologiese breinspoeling en ideologiese heropleiding wat die skepping van ’n nuwe denkwysse en identiteit behels (Lötter 2019:505).

Terwyl hierdie radikale invalshoek die Westerse gevoel oor outonomie en psigiese integriteit mag skok, moet daarop gewys word dat vir die meeste Chinese binne ’n sosialistiese en kommunale samelewing, dit heeltemal sin maak, aangesien die individu hier sy identiteit van die groep verwerf en groepsbelange oor die algemeen voorkeur bo dié van die individu geniet. Hierdie kommunale begrip vind mooi byval by die isiXhosa spreekwoord, “’n mens is ’n mens oor of deur ander mense”. Xinyuan Wang (2019:np) verduidelik hierdie punt, binne die raamwerk van China se voorgestelde maatskaplike kredietstelsel, deur daarop te wys dat

die meeste Chinese “[are] less concerned about giving up some privacy if it meant a significantly higher degree of security and certainty”.

Mao se benadering tot die wese van die menslike vind mooi aanklank by die tradisionele Chinese voorkeur tot bemiddeling en oortuiging bo straftoedeling (Dutton & Xu 1998:299-301). Dutton & Xu (1998:292) munt dan ook die frase “an amalgam of traditional methods and values wed to a Marxist framework” om die suksesvolle vermenging van hierdie twee uiteenlopende stelsels te verduidelik. Teen die agtergrond van hierdie aanloop, skenk ek vervolgens aandag aan die gedagte van haalbare vestiging.

## Haalbare Hervestiging

Heropleiding en ideologiese breinspoeling is nie die enigste maniere waarop die Chinese in die Volksrepubliek met misdaad en heroortreding werk nie. Die Volksrepubliek beskou die haalbare hervestiging van vrygelate gevangenes as van optimale belang, maar dit is ook van belang dat ’n Westerse gehoor die Chinese grense verstaan, aangesien dit baie anders as dié is wat in ’n Westerse konteks toepassing vind.

Allen (1992:85-86) dui aan dat hervorming en hervestiging vir die Chinese ’n saak van erns is. Indien dergelike pogings egter faal, huiwer die Chinese nie om heroortreders tereg te stel nie. Elke jaar stel die Volksrepubliek derduisende heroortreders tereg, meer so as enige ander land ter wêreld, vir misdade wat wissel van nietighede tot moord en verkragting. Allen (1992:86) stel hierdie netelige punt soos volg: “So, while in the West, the criminal justice system may lack the rehabilitation initiative, the Chinese initiative will go only so far. If their efforts bear no fruits, they may terminate further efforts.”

’n Ander subtile manier waarop die Chinese met netelige kwessies handel, is die oplegging van die doodstraf wat vir twee jaar uitgestel word met die oog daarop om die oortreder ’n laaste geleentheid te gee om te hervorm. “In China, nuance can be everything”, beaam Fox Butterfield (1983:153), die bekroonde Amerikaanse joernalis van die tagtigerjare. Hierdie aspek van hul strafstelsel verduidelik, ten minste ten dele, hul opspraakwekkende heroortredingstatistieke.

Vir die Chinese is die hervorming en haalbare hervestiging van ontslane oortreders nie eerste prys nie. In China begin die taak van misdaadvoorkoming letterlik by geboorte en nie, soos die geval in die Weste is, wanneer die oortreder die strafregstelsel betree nie (Lötter 2018:193). Die analogie waarna ek mik, is dat die Chinese medisyne voorkoming veel eerder as bekamping (krisisbeheer) ten doel het.

Gedurende die hoogty van die Chinese integrerend-beskamende kultuur, was stigma amper heeltemal ongekend in die gemeenskappe wat die oortreder na sy of haar vrylating moes terugneem. Goffman (1990:19) verwys na stigma in die algemeen as “the central feature of the stigmatized individual’s situation in life [...] It is a question of [...] ‘acceptance’”. In teenstelling hiermee, wys Allen (1992:85) instemmend daarop dat “[o]nce the rehabilitation process is completed, the offender is forgiven and he [or she] receives a full pardon”. Ondanks enkele voorvalle van geringe aard, het Chinese beaamptes aan Allen (1992:85) verslag gedoen dat die terugvoer oor hervestigingspogings oorheersend positief was. Anders as die posisie in die Weste, is die houding in die Chinese gemeenskap op die vasteland “[that it] does not victimize ex-offenders and does not sanction official stigma after incarceration. His [Allen’s] understanding of the position in the PRC is that all rights and privileges are restored to them upon their release” (Lötter 2018:197).

In teenstelling daarmee, voel oortreders in die Weste verbitterd en verward oor die vooruitsig van stigma en maatskaplike verwerping na hul vrylating (Uggen, Manza & Behrens 2004:277). In hierdie konteks verwys Nagel (2008:68) na vrygelate gevangenes as “some of society’s most marginalized people”, terwyl Jones-Young en Powell (2015) van mening is dat hul ’n “highly stigmatized population” is. John Muncie (2010:142) redeneer skerpsinnig dat “the stereotyping of them [ex-offenders] as ‘spoiled’ precludes their ability to return to the mainstream”. Met hierdie stelling kan daar sonder voorbehoud akkoord gegaan word. Hierdie gedagtegang weerspieël Henderson (2005:1240) se waarneming dat die oorgrote meerderheid van oortreders hul stigmatisering verwerp as ’n vorm van “invisible punishment”, wat hul amp telike straftoemeting ver oorskry. Vanuit ’n Suid-Afrikaanse perspektief, wys Lucas Muntingh (2002:22) daarop dat terwyl stigma hul hervestiging belemmer, “[t]he reality is, however, that ex-prisoners continue to suffer from social and economic exclusion – a reflection of society’s belief that those who have offended or been imprisoned cannot be part of ‘good’ society again”. Al hierdie gesigspunte vind pragtig aanklank by Braithwaite (1989:100, 113) se gedagtegang, hier bo genoem, dat die potensiaal van hervorming in ’n stigmatiserend-beskamende kultuur verlore gaan, aangesien stigma teen-produktief is en as verteenwoordigend van ’n misdaadteelaarde gesien kan word, omdat dit die vrygelate oortreder van die hoofstroomkultuur wegdryf in die ope arms van kriminele sub-kulture waar hul dikwels ’n tuiste vind. Inderdaad redeneer De Haan (1991:208) dat die etiketteringsperspektief (“labelling perspective”) die bewegegrede is waarom “not a better theory of crime, but a more powerful critique of crime” benodig word.

Terwyl stigma sentraal staan in die uitdagings wat die hervestiging van vrygelate gevangenes betref (Braithwaite 1995:280-281; Lötter 2018:38), is die enkele mees tergende hekkie die gebrek aan werkverskaffing, deels te wyte aan hul bedorwe status maar ook as gevolg van ander ontwikkelingsprobleme, soos onvoldoende werksvaardighede (Muntingh 2009).

Ten slotte, is dit inderdaad verblydend om te let op Allen se waarneming dat in die Beijingse Munisipale gevangenis, een van ’n aantal fasiliteite waarop hy in die Volksrepubliek peil getrek het, oortreders volle werkverskaffing geniet en aangemoedig word om gesogte vaardighede te bekom (Allen 1992:84-85; Dutton & Xu 1998:303-304). Verslag word gedoen dat oortreders wat sodanige vaardighede onder die belt het, uiteraard meer benutbaar is na hul ontslag. Dutton en Xu (*ibid.*) wys dan ook daarop dat gedurende die Mao-tydvlak, nywerhede verplig was om ’n sekere hoeveelheid vrygelate gevangenes in diens te neem. Sodanige voorstel kan goeie vrugte in die Weste afwerp as dit met aantreklike belastingvoordele gepaard gaan (Lötter 2018:193). Dit is insiggewend dat daar ’n deurlopende verhouding in kapitalistiese gemeenskappe tussen die vlak van werkloosheid en misdaad is en nie, soos ’n mens sou verwag, tussen vlakke van misdaad en gevangeneneming nie (Weiss 1998:429). Verbasend genoeg, dui Weiss op die insig dat, soos die gevalle van Japan en Nederland (en Pole voor 1990) uitwys, die mees opvallende ooreenkoms in die vlakke tussen ongelykheid en misdaad te vinde is. Met ongelykheidsvlakke in Suid-Afrika as “enig in sy soort”, soos die Franse ekonoom Thomas Piketty (2015:np) dit onlangs in sy Nelson Mandela-rede aan die Sowetokampus van die Universiteit van Johannesburg gestel het, verbaas dit ons nog dat Suid-Afrika een van die hoogste oortredingsyfers in die wêreld het? Vervolgens kan gelet word op die rol van die gemeenskap in die kwessie rondom hervestiging.

## Gemeenskapsbetrokkenheid by hervestiging

Troyer en Rojek (1989:3) redeneer dat die Chinese pogings met misdaadvoorkoming 'n netwerk saamgeweef het bestaande uit "a unique combination of formal and informal methods, with a strong emphasis on the latter". Vir Braithwaite (1995:280-281) is integrerende beskaming (wat uiteraard die teenoorgestelde van stigma is) sentraal in die strategiese positionering van die gemeenskaplike bemiddeling van beskaming as "the missing link in criminology".

In die Chinese konteks word hierdie waardevolle insig regdeur gemeenskappe toegepas in die werking van bang-jiao-buurtwagte, 'n organisasie wat daargestel is met die oog op die verwelkoming en hervestiging van vrygelate oortreders en daarby die hokslaan van oortreding in hierdie groep (Mok 1990:12). As 'n voetsool-inisiatief wat deel vorm van die regering se oorkoepelende misdaadvoorkomingstrategie, word bang-jiao-komitees gesien as 'n manier om met liefde, deernis en warmte "assisting and guiding those who have misbehaved" (Zhang, Zhou, Messner, Liska, Kohn, Liu & Lu 1996:200, 208-209). Geen steen word onaangeroer gelaat om 'n haalbare en selfs volkome hervestiging van gevangenes moontlik te maak nie, naamlik werkverskaffing, die voltooiing of voortsetting van hul opleiding indien nodig, en aanmoediging om te trou en tot ruste te kom (Zhang *et al.* 1996:209). Braithwaite (1989:152) verkies dan ook, en myns insiens tereg so, die kommunale keuse van "warm but firm" bo die Westerse opsie van "cold and punitive".

Beskou vanuit 'n integrerend-beskamende perspektief, soos dié van die Chinese, is die gemeenskap se gebaar van deernis 'n opregte "gesture of reacceptance" (Braithwaite 1989:55) deur hartlike gespreksvoering (Research Group of the An-Hui Communist Youth League, aangehaal deur Zhang *et al.* 1996:209; die oorspronklike teks is nie tot my beskikking nie), wat gewese gevangenes aanmoedig om opregte berou te toon (Zhang *et al.* 1996:*ibid.*). Dit is by verre beter as die noodlot wat op sogenaamde "floating surplus populations" in stigmatiserend-beskamende kulture wag (wat vrygelate oortreders insluit), soos uitgewys deur Michelle Alexander, Michel Foucault en Angela Davis.

Ten einde die werkbaarheid van bang-jiao-buurtwagte in die Volksrepubliek te bepaal, het Zhang en sy groep medenavorsers (1996:213) die onderstaande doelwit geformuleer:

An indicator of repeat offending is particularly relevant to assessing bang-jiao. One of the intended functions of bang-jiao is to reintegrate offenders into the community *and to prevent the development of criminal careers.* (My nadruk).

Zhang en sy groep (1996:217) het gevolglik hierdie hipotese empiries getoets en tot die gevolgtrekking gekom dat 'n aansienlike aantal (ongeveer die helfte) oortreders wat in gemeenskappe hervestig is waar sodanige buurtwagte bedrywig is, nie verslap en heroortree het nie, anders as in gemeenskappe waar hierdie komitees nie bedrywig is nie. Op grond hiervan is daar in 'n vorige studie aan die hand gedoen dat die herlewing van gewilde bosgeregtigheid in Suid-Afrika se informele nedersettings en plakkerskampe 'n goeie aanknopingspunt is om die idee van bang-jiao-buurtwagte in ons gemeenskappe se stryd teen misdaad af te skop (Lötter 2018:195).

In die Inleiding is aangedui dat daar kenmerke van ubuntu in Suid-Afrika se inheemse kulture is wat as 'n nuttige vertrekpunt kan dien in 'n projek met die oog op die oorplanting van idees wat onttrek is uit ander integrerend-beskamende kulture, soos China. Ten einde sy "African Recognition Theory" rakende die idees van beide ubuntu en oorvleuelende konsensus te bou, tipeer Chris Allsobrook (2017:18) die begrip "ubuntu" as 'n "good attached to the inter-dependence of individual and social well-being in society". Hy redeneer voorts dat sub-

Sahara inheemse kulture (insluitende dié wat in Suid-Afrika te vinde is) die voorstel dat ubuntu ’n etiese trefkrag het wat strukturele belegging regverdig, wyd aanvaar (Allsobrook 2017:19). Leonard Praeg (2014:24), wys op sy beurt daarop dat die begrip ubuntu in Suid-Afrika ’n “*spiritualised understanding of forgiveness and reconciliation*” verkry het (nadruk in die oorspronklike). Wiredu (soos aangehaal deur Matolino, 2016:44; oorspronklike teks is nie tot my beskikking nie), bied die argument ter oorweging aan dat in die Afrika-konteks oorvleuelende konsensus niks ander is nie as: “[c]onsensus as a basis of joint action was taken as axiomatic”. Ek redeneer dat sowel Chris Allsobrook se “African Recognition Theory” as Tom Zwart se ontvangerbenadering ’n goeie vertrekpunt is in ’n voorgestelde proeflopie om Chinese straf- en hervestigingspraktyke met inheemse Afrika ubuntupatrone te vervleg.

Uggen, Manza en Behrens (2004:285) benadruk dat die gemeenskaplike hantering van stigma in die Weste liederlik gefaal het en hulle gee op hul beurt oorweging aan die argument dat “[a]n important remaining question for research and policy concerns the societal management of stigma”. Hierdie opmerking is beslis toepaslik op Suid-Afrikaanse toestande en ek doen aan die hand dat van die antwoorde ter bestryding van herhaalde misdaad uit die Chinese teater opgediep kan word. Vervolgens oorweeg ek die Chinese gedagte rondom ’n pro-aktiewe hervormingsveldtog.

### Pro-aktiewe hervormingsveldtog

Dit is nou gemene saak dat in Westerse jurisdiksies, wat Suid-Afrika insluit, die ideaal van hervorming agterweë gebly het ten gunste van waenhuisverpakking as hoofkenmerk van bestuurswese (Bosworth 2010:169). Dit is ironies, soos beide Foucault (1991:170-194) en Craig Haney (2005) uitwys, dat die uitvinding van die gevangenis aanvanklik die dissiplinerende van die individu en die mikro-bestuur van die psige beoog het. Soos Mary Bosworth (2010:169) dit raak stel, “while prisons have always been used to control the poor and the disorderly, the extent to which incarceration in the 1990s became divorced from any of its historical justifications for justice, crime reduction, or rehabilitation is remarkable”.

In teenstelling tot hierdie somber prentjie, wys Allen (1987:80) daarop dat die visie van korrektiewe gedrag in China nie daarop gemik is om bloot pyn te verskaf nie, maar pro-aktief betrokke is by die hervorming van daardie siele onder hul sorg. Nie net word besondere klem gelê op eweknie-beoordeling nie (Allen 1987:84), maar geen moeite word ontsien om oortreders aan te moedig om hul eie gewete te ondersoek met die oog daarop om hulself te kritiseer ten einde tot ’n besef te kom “why they [had] commit[ted] crimes” (Allen 1987:81). In eersgenoemde geval word oortreders op die verhoog geplaas en dan aan konstruktiewe portuurbeoordeling onderwerp (Allen 1987:84). In laasgenoemde, word oortreders aangemoedig tot die skryf van “lengthy, deeply reflective autobiographies in an attempt to assuage how and where they went wrong” (Lötter 2018:191).

Pu Yi (1989:354-356), moontlik die Volksrepubliek se mees beroemde gevangene, dui op die terapeutiese waarde van die behandeling in sy eie gepubliseerde boek, *From Emperor to Citizen*. In hierdie konteks is Suid-Afrika se DKD op die skouer geklop met hul inisiatief om oortreders die geleentheid te gun om hul eie lewensverhale op die verhoog weer te gee (Lötter 2018:*ibid.*), soos wat so ’n paar jaar gelede by die Grahamstadse Kunstefees gebeur het (Boshomane 2016:np). Hierdie oefening staan bekend as “performative auto-ethnography”. Om Stiglitz (2019:24, 180, 244) te herformuleer, die gevangenis as inrigting het nie ’n morele kompas nie (soos wat ook die geval met die vrye mark is). Gevolglik is dit noodsaaklik dat sodanige morele kompas bemiddel word om die gewenste resultate te lewer. Daar kan nie daarop gereken word om die gewenste uitsette te lewer sonder aansienlike belegging en

tussenkoms nie. Bloot waenhuisverpakking en skadeloosstelling (vergelykbaar met mark-fundamentalisme), soos wat tans grootliks die geval is met die huidige praktyk in die Suid-Afrikaanse gevangeniswese, sal sekerlik nie die gewenste resultate (bemiddeling van heroortreding, haalbare hervorming en hervestiging) soos vervat in die DKD se mandaat, kan lewer nie. 'n Beweegrede wat wel die DKD se mandaat negatief beïnvloed, is strukturele dryfvere van misdaad en ek skenk vervolgens oorweging aan hierdie onderwerp.

### **Nadruk op strukturele dryfvere van misdaad**

Haney (2005:80-81) wys daarop dat die beginsel waarop die gevangenis gebaseer is – uitsluitlike individuele verantwoordelikheid vir misdaad – grootliks deur bevindinge in moderne sielkunde ten gunste van strukturele dryfvere van misdaad (werkloosheid, armoede, rassisme, ongelykheid, seksisme, xenophobia, ensovoorts) disgekredeer is. Terwyl hierdie idee nog nie naastenby deur hervormings in die Weste aanvaar is nie – 'n kwessie wat sonder twyfel deur gevestigde belange in die voortsetting van die gevangenis, soos die verskynsel van die tronkindustrie as 'n onderneming-vir-winsbejag verdwerg word – het die Chinese, binne 'n Marxistiese raamwerk, gesprong om van die geleentheid wat die gevangenis bied, gebruik te maak om hul hervormingsinisiatief te verbeter. Allen (1992:82-83) verduidelik hierdie pragmatiese verskuiwing van individuele aanspreeklikheid na die eksterne omgewing soos volg:

Responsibility for deviant behavior is usually attributed to the external environment [...] These negative influences may not necessarily reflect on the reality of the environment, but on the individual's perception of these realities. Consequently, the entire rehabilitation process is based on the task of re-educating the offender [...] to respond to the environment within a socialist orientation.

Die Chinese dring aan op die belang van individuele aanspreeklikheid (wat die klem op hervorming verklaar), selfs al is hul bewus van die belang van die kriminele omgewing. Dit is waarlik ironies dat die Weste hervorming versaak het ten gunste van skadeloosstelling, en 'n bestuurswese gekenmerk deur waenhuisverpakking, terwyl hul nog kleef aan 'n gediskredeerde model van uitsluitlike individuele verantwoordelikheid. Terwyl Lacan die waarde van plasing bo inhoud verdedig, kan daar geredeneer word dat die Volksrepubliek se program van denkhervorming 'n oefening langs soortgelyke oorwegings is (Dutton & Xu 1998:300). Daar is byvoorbeeld uitgewys dat “from a mindset of exploitative conduct, criminals are led to an understanding and appreciation of socialist morality, despite the structural inequity that still surrounds them” (Lötter 2018:198). Stiglitz (2016:146) is van mening dat regerings heelwat kan doen in terme van fiskale beleid (progressiewe belastingbeleid en bestedingsprogramme) ten einde armoede, werkloosheid en veral ongelykheid (welke gronde as kruisbestuierende teelaarde van misdaad geïdentifiseer is) 'n nekslag toe te dien. Hy verduidelik die inter-afhanklikheid van hierdie gronde soos volg:

Only with a vibrant middle class can the economy fully recover and grow faster. The more inequality, the slower the growth – a conclusion now endorsed even by the IMF. Because the less wealthy consume a greater share of their income than do the rich, they expand demand when they have more income. When demand is expanded, jobs are created: In this sense, it is ordinary Americans who are the real job creators. So inequality commands a high price: a weaker economy, marked by lower growth and more instability. It is not very complicated. (Stiglitz 2016:146)

Stadige groei en verdiepende ongelykheid is nie onafwendbaar nie. Dit is die gevolg van politieke keuses, soos Stiglitz uitwys. Inderdaad, soos Jeffrey Reiman (1990:131-133), ’n Marxistiese kriminoloog in die VSA aandui, ’n gemeenskap wat aanspreeklikheid vir sy eie bydrae tot die koestering van die strukturele teelaarde negeer, moet gevolglik aandringing op individuele aanspreeklikheid vir misdaad. In die nuutste uitgawe van hierdie bekroonde werk (12de uitgawe, 2020), beklemtoon die skrywers (Reiman & Leighton 2020:175-180) die samelopende verantwoordelikheid *van beide die oortreder en die gemeenskap* vir misdaad, ’n gewaarwording, terloops, wat strook met die Chinese standpunt hieromtrent. In die lig van hierdie agtergrond, neem ek vervolgens die idee van positiewe omgang met gevangenispersoneel onder die loep.

### **Positiewe omgang met gevangenispersoneel**

'n Hele aantal studies is reeds oor aspekte van Orania onderneem.<sup>1</sup> Die huidige studie word aangepak vanuit 'n historiese perspektief en ondersoek hoe die idee van Orania vanaf 'n toespraak gegroei het tot 'n dorp met onder andere bykans 2 000 inwoners, 'n eie bank en 'n eie geldstelsel.

### VAN IDEE TOT GROND: 1979–1990

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede (SABRA) is in 1948 gestig "om veelvolkigheid te ontwikkel, asook met die opdrag om filosofiese pilare van moraliteit, gebaseer op wetenskaplike gronde vir die regverdiging van apartheid, te skep" (Pienaar 2007:29). Reeds in 1964 het SABRA 'n studiekomitee onder leiding van dr. Constand Bruinette op die been gebring om die moontlikheid van die skepping van "blanke groeipunte" te ondersoek (Pienaar 2007:29). In 1972 het die voorsitter van SABRA, dr. Gerrit Viljoen, voorgestel dat die idee van 'n volkstaat ondersoek moet word en na afloop van 'n besoek aan Israel in 1978 is die volkstaattedagte by SABRA aanvaar (Pienaar 2007:30).

Vroeë mediaberigte oor Orania as Afrikanertuiste verwys nie na die gelyknamige dorp nie, maar na die idee wat Orania sou heet, na aanleiding van 'n toespraak gelewer deur dr. WM van Heerden by 'n SABRA-Jeugkongres in Julie 1979 (Anoniem 1979a:8; Anoniem 1979b:14; Anoniem 1979c:21; Van Heerden 1979:10). Geen vermelding word egter gemaak van waar hierdie blanke gebied moes wees nie en Van Heerden maak geen verwysing na die dorp Orania, wat reeds as Orania bekend gestaan het, nie (sien verder aan).

Van Heerden se visie van Orania is duidelik belyn met die huidige idee van Orania. Hy (Anoniem 1979a:8) stel as een van die grondbeginsels van Orania, die gebruik van eie arbeid: "Ons wil in Orania nie net ons eie huiswerk doen nie, ons wil ook ons eie strate vee, ons eie nywerhede beman en ons eie plase bewerk." Hy (Van Heerden 1979:10) onderskei egter Orania van 'n blanke of Boeretuisland deur nie onafhanklikheid in die vooruitsig te stel nie, maar slegs 'n dorp wat binne Suid-Afrika funksioneer en "waar slegs blankes woon en werk." Volgens sy visie moes Orania: "'n moderne dinamiese gebied wees, waar ons nie net petrol sal gebruik nie, maar hopelik ook iets anders wat ons sal uitvind om die plek daarvan te vul". Boonop: "sal wit hande-arbeiders of blankes wat nie vaardig met die hande is of akademies goed is nie, 'n belangrike funksie vervul." Hierdie visie sou later deur die hedendaagse Orania

---

<sup>1</sup> Onder meer Kotze (2003), Steyn (2005), De Beer (2006), Pienaar (2007), Blomerus (2009), Hues & Morgan (2010), Hagen (2013), Cavanagh (2013), Seldon (2014), Haleniuk (2015), Walterová (2016), Kotzé & Senekal (2018), Senekal (2019), en Kotze, Schoeman, Carow & Schmitz (2020).

uitgebou word deur middel van 'n tegniese kollege, volhoubare energie en 'n sterk beklemtoning van eie arbeid. Die klem sou egter mettertyd verskuif van 'n blanke na 'n Afrikanerdom.

In 1980 verwys dr. Chris Jooste van SABRA ook na so 'n volkstaat, Orania, wat naby die HF Verwoerddam (tans Gariëpdam) geleë sou wees (Tyler 1980). In dieselfde jaar verwys ds. HF Verwoerd, seun van die wyle eerste minister, ook in 'n SABRA-Jeugkongrestoespraak na Orania, maar volgens sy visie is dit nie slegs 'n dorp nie, maar die gebied Colesberg, Venterstad, Bethulie en Philippolis (Anoniem 1980:3). Verwoerd stig 'n maand voor hierdie toespraak (15 Junie 1980), in samewerking met prof. Hercules Booysen en Carel Boshoff, die Vereniging van Oranjewerkers, “met die doel om 'n Afrikaner-staat vanuit die RSA met duidelike afgebakende grense te skep” (Pienaar 2007:31). Die Vereniging van Oranjewerkers is juis 'n uitvloeisel van 'n SABRA-navorsingsprojek om moontlike gebiede vir so 'n blanke gebied te identifiseer (Pienaar 2007:31). Hulle het drie gebiede geïdentifiseer: Een gebied aan die suidoostelike deel van die Witwatersrand naby Morgenzon, 'n ander in die omgewing van Mosselbaai en nog 'n ander aan weerskante van die Oranjerivier (Pienaar 2007:31). In 1990 stel De Beer (1990:44) vier moontlike gebiede voor: Pretoria en omgewing met 'n hinterland in die Noordwes-Transvaal, 'n gebied in die Oos-Transvaal vanaf Alberton, dele van die Oos-Rand en wat ook Morgenzon insluit, die Oranjeriviergebied van die Noordwes-Kaap insluitende Saldanhabaai, en Bloemfontein en 'n hinterland in die Vrystaat. Die aanvanklike voorkeur was vir die gebied rondom Morgenzon (Pienaar 2007:53) en dit is ook soortgelyk aan die streek wat later deur Van Heerden (1990:186-241) aanbeveel is. Prof. Carel Boshoff, dr. HF Verwoerd se skoonseun, het egter die Noord-Kaap verkies (Boshoff 1989). Hy voer onder andere aan dat hierdie gebied, benewens water en ander infrastruktuur, ook 'n verbintenis met dr. HF Verwoerd het (Boshoff 1989:78):

The Orange River Development Project is Dr Verwoerd's legacy to the Afrikaner nation. During the last quarter-century this territory has been prepared so that it can emerge as the fifth development area in the RSA with a potential easily comparable to the best in any of the existing areas. This is an opportunity which should be grasped by the Afrikaner nation in its hour of need.

Ook dr. HF Verwoerd se dogter (vrou van prof. Carel Boshoff), Anna Boshoff, voer in die negentiende HF Verwoerd-gedenklesing aan dat dr. HF Verwoerd 'n sterk verbintenis met die Oranjeriviergebied gehad het (Boshoff 1993). Sy verwys na 'n toespraak van dr. Verwoerd in 1963 waar hy aangevoer het dat blankes die Oranjeriviergebied met eie arbeid moes ontwikkel en dat dit as 't ware as 'n blanke groeipunt gesien moes word (Boshoff 1993).

Die Afrikaner Volkswag is in 1984 deur prof. Carel Boshoff gestig. Waar SABRA die dinkskrum was, sou die Volkswag steun vir Afrikanerselfstandigheid werf en was dit veral kultuur-georiënteerd. Die Volkswag se stigting was 'n uitvloeisel van weerstand teen die Nasionale Party (NP) se hervormingsmaatreëls in die vroeë 1980's en het ook gepaardgegaan met 'n skeuring tussen die pro- en anti-reformiste in die Afrikaner-Broederbond (Du Bruyn & Wessels 2010:103). Smit (1991:51) skryf dat die doel van die Volkswag was “om te voorsien in die behoeftes van Afrikaners wat hulself nie tuis gevoel het by onderskeidelik die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings) en die Broederbond nie.” Boshoff het dan ook in 1983 uit die Broederbond bedank (Orania Beweging 2011). Die Volkswag het homself saam met SABRA, wat vanaf 1972 tot 1999 onder voorsitterskap van prof. Carel Boshoff was (Orania Beweging 2011), vir 'n blanke gebied beywer (Pienaar 2007:49). Boshoff (2020) sê oor die Volkswag:

Wat wel van die Volkswag gesê kan word, is dat dit 'n kultuurorganisasie was wat nie gehuiwer het om die Afrikaner se staatkundige en bygevolg ekonomiese bestaansbedreigings uit te wys en aan te spreek nie. In die proses is hy van die establishment organisasies rondom die FAK en die AB [Afrikaner-Broederbond], wat die NP-regering se hervormingsinisiatiewe kritiekloos ondersteun het, vervreem en is sy aansoek om affiliasie by die FAK afgekeur. Hy sou hom nl. op die politiek inlaat deur nie die heersende orde te ondersteun nie.

In 1988 is die Afrikaner Vryheidstigting (Avstig) onder leiding van prof. Carel Boshoff gestig om die idee van 'n Afrikanergebied te verwerklik, en teen hierdie tyd was die Noord-Kaap die primêre fokus vir so 'n ontwikkeling (Pienaar 2007:37, 58). Boshoff sou tot 2007 as voorsitter van Avstig dien (Orania Beweging 2011).

### **VAN GROND TOT DORP: DIE WATERWESE-TYDPERK (1962–1990)**

Die Oranjerivierprojek was een van die projekte wat as gevolg van dr. HF Verwoerd se inspirasie ontstaan het en word op 23 Maart 1962 aangekondig (Kruger 2012). Die projek sou in ses fases oor 'n tydperk van 50 jaar voltooi word (Kruger 2012; Van Vuuren 2012:195):

1. Die Ruigtevleidam (later die HF Verwoerddam en tans die Gariëpdam);
2. Die Vanderkloofdam (later die PK le Roux-dam en tans weer die Vanderkloofdam), met kanaalstelsels aan die noordelike en suidelike oewer van die Oranjerivier;
3. Die Oranje-Visriviertunnel sou water aan die Vis- en Sondagriviëre lewer;
4. Die Torque-dam tussen Hopetown en Douglas;
5. Water via die Brakrivier tot by Prieska;
6. Water via die Sakrivier tot by Kakamas.

Die laaste drie fases is egter nooit voltooi nie, hoofsaaklik omdat kostes aansienlik hoër was as waarvoor begroot is (Van Vuuren 2012:209). Boonop is slegs die kanaalstelsels aan die noordelike oewer van die Oranjerivier voltooi.

Agt dorpe is opgerig om werkers aan die projek te huisves: Oranjekrag vir werkers aan die Ruigtevleidam, Vanderkloof vir werkers aan die Vanderkloofdam, Vluytjeskraal (Orania) vir werkers aan die kanaalstelsel, en Oviston, Midshaft, Welbedacht, Uitkeer en Teebus vir werkers aan die Oranje-Visriviertunnel (Van Vuuren 2012:205). Infrastruktuur in hierdie agt dorpe het as standaard ingesluit teer- of sementpaaie, rioolsuiweringsaanlegte en elektrisiteit, terwyl skole, tennisbane, banke, teaters, swembaddens, ontspanningsale, skoonheidsalonne en rugbyvelde ook opgerig is (Van Vuuren 2012:205).

Die plaas Vluytjeskraal is in 1882 deur Stephanus Ockert Vermeulen aangekoop en was tot 1950 in die besit van die Vermeulen-familie. Na SO Vermeulen se dood in 1925 is die plaas onderverdeel tussen sy vier kinders. 'n Deel van die oorspronklike plaas is in 1950 aan Gideon Botha verkoop (Cavanagh 2013:66; Pienaar 2007:57; Opperman, n.d.:4). In 1963 het die Departement Waterwese die grond by Vluytjeskraal begin ontwikkel as deel van die Oranjerivier-projek en vervolgens die grond amptelik in 1964 gekoop (Anoniem 2004:16; Kotze 2003:162; Pienaar 2007:57). Die dorp het teen 1965 65 huisgesinne gehuisves (Opperman 2009:5).

Die dorp is in drie dele gevestig: die hoofdorp waar die blanke gesinne gewoon het, die kleurlinggebied, Grootgewaagd (die latere woongebied Kleingeluk), wat huisvesting aan kleurlingwerkers gebied het, en die kampong (die huidige Christelike Volkseie Onderwys of CVO-skool), wat huisvesting vir swart werkers voorsien het (Cavanagh 2013:67). Let egter

daarop dat alle inwoners hul huise en woonstelle gehuur het en dat eienaarskap deur Departement Waterwese behou is (Cavanagh 2013:67). Tussen die hoofdorp en die nieblanke gebiede is store opgerig vir die berging en instandhouding van Departement Waterwese se toerusting.

Fase 1 van die Oranjerivierprojek, die Ruigtevleidam, word op 4 Maart 1972 as die HF Verwoerddam geopen en Fase 2, die Vanderkloofdam, word op 17 November 1977 as die PK le Rouxdam geopen (Kruger 2012). Die Oranje-Visriviertunnel is in 1975 voltooi (Van Vuuren 2012:205).

Teen 1982 het daar tussen 40 en 50 huisgesinne in Orania gewoon (Anoniem 1982:6). In hierdie jaar het besnoeiings egter beteken dat die kanaalprojek halfvoltooid gelaat is, werkers het weggetrek, en teen Julie 1982 het daar slegs ongeveer vyf blanke gesinne gewoon (Anoniem 1982:6). In 1989 is die dorp oorgedra aan die Departement van Openbare Werke en Grondsake met die oog daarop om dit te verkoop (Cavanagh 2013:69). Die oorblywende werkers is na ander projekte verplaas met net 'n kerngroep wat agtergebly het. Plakkers het egter in huise in Grootgewaagd ingetrek (Cavanagh 2013:68).

Die dorp se naam was aanvanklik Vluytjeskraal, vernoem na die plaas waarop die dorp gebou is (Anoniem 2004:16). Ná 'n kompetisie gehou is om 'n naam te vind, is op Orania besluit (Kotze 2003:162; Pienaar 2007:57). Cavanagh (2013:66) skryf dat Vluytjeskraal reeds teen die einde van die 1960's Orania genoem is, maar verskaf nie 'n presiese datum vir die dorp se herbenaming nie. Nietemin is daar geen aanduiding daarvan dat die keuse van die naam verband gehou het met verwysings na die konsep van Orania teen die laat 1970's nie en dit kom voor of die naam van die dorp bloot toevallig was. Let ook daarop dat die dorp deur die Departement Waterwese gevestig is, nie deur die Vereniging van Oranjewerkers nie, en dat bogenoemde beginsels deur Van Heerden (Anoniem 1979a:8) nie op hierdie stadium in Orania neerslag gevind het nie, byvoorbeeld deur nie gebruik te maak van eie arbeid nie. Die konsep van Orania het met ander woorde nie neerslag gevind in die dorp Orania nie en die twee het teen die laat 1970's parallel bestaan.<sup>2</sup>

## 'N DEKADE VAN PIONIERSUITDAGINGS: 1990–2000

Die dorp Orania, wat op daardie stadium 483 hektaar groot was, is in 1990 deur 'n Johannesburgse sakeman, Jacques Pretorius, teen R1,05 miljoen van die Departement van Openbare Werke en Grondsake aangekoop.<sup>3</sup> (Cavanagh 2013:67 skryf dat Pretorius die dorp reeds in September 1989 gekoop het). Pretorius het ook Vluytjeskraal Aandeleblok (VAB) op 6 September 1990 geregistreer (Kruger 2019). Volgens Biehl (2018:16) en Steyn (2014:490) het prof. Carel Boshoff 'n aanbod van R620 000 gemaak, maar aangesien Pretorius se bod hoër was, is dit aan laasgenoemde toegestaan. Daar was op daardie stadium 65 kleurlinge woonagtig op die dorp in Grootgewaagd (Leonard 1991:1) en vier blanke gesinne (Anoniem 1990:3), maar volgens Leonard (1991:1) het die blanke gesinne reeds teen Februarie 1991 weggetrek. Pretorius kon egter nie genoeg geld bymekaar kry vir die kooptransaksie nie (Opperman n.d.:5; Biehl 2018:16; Steyn 2014:490).

<sup>2</sup> Volgens Boshoff (2019) was dr. Van Heerden bewus van die dorp genaamd Orania, maar hy het slegs aanklank by die naam gevind, nie die gebied nie.

<sup>3</sup> Kyk onder meer Anoniem (1990:3); Gunning (1991:16); Opperman (g.d.:5); Kotze (2003:163); Pienaar (2007:58); en Hagen (2013:47).

Verskillende bronne rapporteer wisselende aankoopbedrae van tussen R1,3 tot R1,8 miljoen vir Orania: Volgens Boshoff (2008:16), Steyn (2014:490) en Biehl (2018:16) is die dorp op 1 Maart 1991 aan Orania Bestuursdienste (OBD) Edms. (Bpk.) oorgedra nadat dit teen R1,6 miljoen aangekoop is. Daarenteen beweer Opperman (n.d.:5) dat OBD Edms. (Bpk.) Orania teen R1,3 miljoen aangekoop het, terwyl Anoniem (1991a:5) beweer dat OBD Edms. (Bpk.) die dorp op 31 Januarie 1991 van die Departement van Openbare Werke en Grondsake teen meer as R1,8 miljoen aangekoop het – die dorp is egter van Pretorius gekoop, nie die Departement nie. Laastens skryf Kotze (2003:163), Pienaar (2007:58) en Walterová (2016:56) dat Orania teen R1,5 miljoen aangekoop is. Die kontrak is deur Jozef Henning onderteken (Steyn 2014:490).

Daar was ook ander voornemende kopers van Orania. ’n Amerikaanse sakeman in Suid-Afrika, Ben Armstrong, wou R2,5 miljoen aanbied, maar OBD Edms. (Bpk.), onder leiding van prof. Carel Boshoff, het hom voorgespring (Gunning 1991:16). Volgens *Die Burger* (Anoniem 1991b:3) wou die Raad van Verteenwoordigers vir kleurlinge ook die dorp koop, maar hulle was ook te laat. Boshoff (2020) onthou egter dat hy per geleentheid ’n gesprek gevoer het met ’n destydse lid van die Raad van Verteenwoordigers, wat ondersoek ingestel het na die koop van die dorp en dat hulle daarteen besluit het.

Orania het teen dié tyd reeds amper ’n dekade bykans leeggestaan en was in ’n vervalde toestand (Van Tonder 1991a:3; Heyns 1991:15). Teen Februarie 1991 het vyf gesinne hulself reeds hier gevestig as deel van die volkstaatontwikkeling (Van Tonder 1991b:1).

Die plakkers en oorblywende inwoners is tot 31 Maart gegee om Grootgewaagd te ontruim (Leonard 1991:1; Potgieter 1991a:8; Cavanagh 2013:70). Bronne verskil oor hoeveel mense op hierdie stadium in Grootgewaagd gewoon het: Leonard (1991:1) noem 65, volgens Potgieter (1991a:8) was daar teen hierdie tyd 110 kleurlinggesinne, en *Die Transvaler* (Anoniem 1991c:9) het berig dat daar sowat 500 kleurlinge teen Februarie 1991 in Grootgewaagd gewoon het, wat ook die getal is wat deur Webster (2019) en Cavanagh (2013:72) genoem word. Dit is egter onduidelik hoe 500 mense in ’n dorp sou kon woon waar geen werk was nie, aangesien Departement Waterwese reeds twee jaar tevore onttrek en al hulle werkers herontplooi het (Pienaar 2007:58). Orania se bestaansreg was om huisvesting te verskaf aan werkers van Departement Waterwese; sonder die werkgewer was daar geen ekonomiese vooruitsigte nie (neem ook in ag dat daar nie op daardie stadium ’n stelsel soos vandag bestaan het om werkloos te subsidieer nie). Boshoff (2020) let ook daarop dat daar nie in 1991 voldoende behuising vir 500 mense in Grootgewaagd was nie en dat hulle nie sonder werkgeleenthede daar sou kon woon nie. Die getal inwoners wat op daardie stadium verskuif sou moes word, is met ander woorde waarskynlik heelwat laer as 500.

Ongeag hoeveel plakkers daar teen 1991 was, het hulle in Maart begin wegtrek en teen April was daar nog net 14 kleurlinggesinne, wat ’n week grasie gegee is (Anoniem 1991f:3) om te ontruim. Hierdie verskuiwing van die kleurlingbevolking het hewige reaksie in die media ontlok met herinnerings aan gedwonge verskuiwings wat onder apartheid plaasgevind het (Anoniem 1991g:6; Webster 2019). Prof. Carel Boshoff het egter volgehou dat mense nie in ’n kooptransaksie ingesluit word nie (Potgieter 1991b:4; Cavanagh 2013:70). Soos ’n mediaverklaring van die Orania Beweging die kwessie stel: “Orania is op die ope mark bekom met die uitdruklike ooreenkoms dat dit geen inwoners of grondregte insluit nie” (Lombard 2005). Die kleurlinge sou in 2000 ’n grondeis suksesvol indien (sien verder aan).

Die dorp is amptelik op 13 April 1991 as Afrikanerdorp heropen (Van der Merwe 1991:4; Boshoff 2008:16; Pienaar 2007:59). Die gesin Van den Berg het as eiendomsmakelaars opgetree en die eerste direksie van OBD Edms. (Bpk.) was CWH (Carel) Boshoff (voorsitter), A van

den Berg (sekretaris), F Cornelius, J Henning, JK Bosch, A van Dyk, A Boshoff, WJ Schoeman en H Botha (Boshoff 2008:16).

Van die 483 hektaar wat aanvanklik aangekoop is (Gunning 1991:16; Potgieter 1991a:8), het die dorp gegroei na 2 700 hektaar ná die aankoop van 'n verdere deel van die plaas Vluytjeskraal teen 'n verdere R400 000 in November 1991 (Anoniem 1991d:13; Stofberg 1991:2). Kotze (2003:164) stel hierteenoor dat dit in Augustus teen R480 000 aangekoop is. Huise in die hoofdorp is in 1991 vir tussen R30 000 en R48 000 te koop aangebied (Potgieter 1991a:8; Pienaar 2007:59), terwyl huise in Kleingeluk teen R10 000 aangebied is (De Klerk 2020).

Die eerste intrekkers het voor die uitdaging te staan gekom om die vervalle dorp en huise op te knap. Cavanagh (2013:76) skryf soos volg oor hoeveel werk die opknapping van die dorp geverg het:

Refurbishing dilapidated houses, repairing roads, and connecting Orania to clean water and electricity were expensive and stressful undertakings. Without outside funding, turnover in sales from the first wave of settlers, and considerable contributions from volunteers, the volkstaat may well have floundered in the first few months. The first settlers and executive persevered through this teething stage, however, and began to take appropriate steps to give the dorp a distinctive Afrikaner culture, so that Orania would attract the right kind of interest. Within a couple of years, Orania was respectable enough to receive a much larger, second wave of white, middle-class settlers.

Die Volksskool was Orania se eerste skool en is op 3 Junie 1991 geopen met Julian Visser as skoolhoof (Anoniem 1991h:5; Anoniem 1991i:4; Theron 1991:29), aanvanklik met net 14 leerlinge en twee onderwysers (Holthauzen 1991:9). Die skool is gehuisves in die voormalige Orania Laerskool, waar dit tans nog is. Die Orania Skool vir Christelike Volkseie Onderwys (CVO) is op 19 Januarie 1993 geopen (Anoniem 1993a:7) met Mariaan Botes as skoolhoof.

Teen 1992 het 320 mense hulself reeds volgens Pienaar (1992:5) in Orania gevestig. Betsie Verwoerd, die weduwee van dr. HF Verwoerd, het haar in Augustus 1992 op die dorp kom vestig (Crous 1992:1) en prof. Carel Boshoff het teen die einde van 1993 ook sy intrek op die dorp geneem (Van der Westhuizen 1993:2).

Sedert sy ontstaan, beskou Orania erfenisbewaring as 'n belangrike funksie. Die eerste beeld wat op Orania onthul is, was die beeld van dr. HF Verwoerd deur Jo Roos, wat op 22 Mei 1993 onthul is (Anoniem 1993b:16). In 1994 het Orania Felix Lategan se geweerversameling bekom, wat gepaardgegaan het met die opening van Orania se Kultuurhistoriese Museum in Oktober 1994 (Anoniem 1994b:3). Teen 1995 kon president Nelson Mandela reeds 'n standbeeld van Verwoerd op die Monumentkoppie besoek, wat die eerste standbeeld was wat hier opgerig is (Anoniem 1995:3). Die Verwoerdversameling is op 6 September 1997 in die Kultuurhistoriese Museum op Orania geopen (Anoniem 1997b:4), wat insluit die pak klere wat hy tydens sy sterfte aangehad het en ook die stoel waarop hy gesit het toe David Pratt hom op 9 April 1960 by die Randse Paasskou geskiet het (Anoniem 1997a:6; Gunning 1997:7). Ná Betsie Verwoerd se afsterwe in 2000 is daar besluit om haar huis in 'n Verwoerdmuseum te omskep (Anoniem 2000d:5), wat vandag nog in hierdie hoedanigheid funksioneer.

Alhoewel president FW de Klerk in 1994 deur Orania gereis het, het hy nie stilgehou en 'n amptelike besoek afgelê nie (Anoniem 1994a:11). Pres. De Klerk het ook nooit daarna Orania besoek nie. In Julie 1995 het pres. Nelson Mandela Betsie Verwoerd na 'n ete uitgenooi, maar aangesien sy toe reeds 94 jaar oud was, kon sy dit nie bywoon nie. Sy het egter 'n uitnodiging aan pres. Mandela gerig om haar op Orania te besoek (Gunning 1995:10), wat

vinnig deur hom opgevolg is, en hy het Orania op 15 Augustus aangedoen. Hy was vergesel deur Albertina Sisulu en Amina Cachalia en het besoek afgelê by die Volksskool en Betsie Verwoerd, waarna 'n perskonferensie gehou is (Nieman 1995a:3). Die besoek was positief en volgens Snyman (2013) het mev. Verwoerd en pres. Mandela selfs 'n deernisvolle oomblik gedeel toe sy nie haar toespraak kon lees nie en hy dit vir haar voltooi het.

Die besproeiingsprojek met 'n 3,5 km pypleiding is in Oktober 1996 in gebruik geneem (Gunning 1996:10). Teen 1998 het daar reeds 700 Afrikaners op Orania gewoon, bestaande uit 300 gesinne (Gunning 1998:27).

Die eerste 10 jaar van Orania se bestaan as Afrikanerdorp is afgesluit met 'n aantal uitdagings en terugslae. Eerstens is Betsie Verwoerd op 29 Februarie 2000 in Orania in die ouderdom van 98 oorlede (Van der Merwe 2000a:1). Aangesien daar nog nie 'n begrafnisondernemer op Orania was nie en die familie 'n outentieke Orania-begrafnis wou hou, is haar kis agter op die Dorpsraad se bakkie na die begraafplaas vervoer, waar sy begrawe is.

In April 2000 was 'n 23-jarige jongman van Orania by 'n skietvoorval betrokke, waartydens 'n 17-jarige swart meisie gewond is (Graham 2000; Anoniem 2000c:4). Die ANC het in 'n amptelike verklaring skerp uitgevaar teen wat hulle as 'n rassevoorval bestempel het (ANC 2000), maar die saak is later teruggetrek weens 'n gebrek aan getuienis (Boshoff 2019).

In 1999 het die Munisipale Afbakeningsraad aangekondig dat Orania onder een munisipaliteit saam met Strydenburg en Hopetown ingelyf gaan word (Anoniem 1999:2; Van Wyk 1999:6). Verteenwoordigers van Orania het met verskeie rolspelers in gesprek getree, insluitende pres. Thabo Mbeki en min. Sydney Mufamadi, asook die premier van die Noord-Kaap, Manne Dipico (Van der Merwe 2000b:2). Nadat dit duidelik geword het dat onderhandelings niks bereik het nie, is 'n regsfonds op die been gebring (Van der Merwe 2000c:4). Op 16 November 2000 het die verteenwoordigende oorgangsraad van Orania saam met die Orania inwonersvereniging 'n aansoek in die hooggeregshof in Kimberley gerig om die komende munisipale verkiesing op 5 Desember op te skort, maar die hofverrigtinge is onbepaald uitgestel (Van der Merwe 2000d:4). In die weke wat gevolg het, sou die gebeurtenis selfs internasionale mediadekking ontvang (Butcher 2000). Op 4 Desember het die Hooggeregshof in Kimberley toestemming verleen dat Orania sy onafhanklike status kan behou (Anoniem 2000e:5; Anoniem 2000b:1) en is die finale uitspraak onbepaald uitgestel. Impak se gelukwensing (Anoniem 2000a:6) vat die gees van die tyd saam:

Impak wil hiermee die Oraniërs van harte gelukwens met die klinkende oorwinning wat hulle in die Hooggeregshof in Kimberley behaal het ter behoud van hul status as plaaslike owerheid. Dit gaan nie oor hoe groot Orania is en hoeveel Afrikaners daar woon nie, maar oor die feit dat die hofuitspraak die beginsel van selfbeskikking ten goede kom. Hoe verreikend hierdie uitspraak vir die toekoms mag wees, is moeilik om te bepaal, maar hopelik sal dit Afrikaners en ander volke aanspoor om hul selfbeskikkingsideale met groter geesdrif te bevorder.

## **AFSKUD EN OPSTAAN: 2001–2010**

In November 2001 het die Afrikanervolkswag en die Afrikaner Vryheidstigting (Avstig) saamgesmelt as die Orania Beweging om Orania se belange te bevorder (Van der Merwe 2001:4), met prof. Carel Boshoff as die eerste president (Boshoff 2019). Die Orania Beweging ag homself 'n uitvloeisel van Avstig te wees, wat op 21 Maart 1988 gestig is, en gedenk derhalwe 21 Maart as sy stigtingsdag (Cloete 2008:7; Cloete 2018:25). Die Beweging is betrokke by bemerking, eksterne skakeling en die uitbouing van die idee van Orania.

Om SABRA se visie van selfbestuur te verwesenlik, moes Orania, naas die vestiging van 'n eie gebied, ook 'n volhoubare ekonomie vestig. Een van die kerninstellings vir ekonomiese groei is 'n eie bank, aangesien banke gewoonlik 'n kernposisie in 'n ekonomiese sisteem inneem (Senekal 2019). Alhoewel koöperatiewe banke na beraming 44% van die markaandeel van die bankwese in die VSA het, is daar tans slegs twee geregistreerde koöperatiewe banke in Suid-Afrika: Ditsobotla Primary Savings and Credit Co-operative Bank in Lichtenburg en die Orania Spaar- en Krediet Koöperatief (OSK) in Orania (Mushonga 2018:54; Levy 2017; Swanepoel 2012:15). Die OSK is op 'n informele wyse in 1999 deur Lukas Taljaard begin (Barber 2019) en is op 11 Julie 2001 as die Orania Ondersteuningsfonds in die lewe geroep, waarna dit onder sy huidige naam as kredietunie by SACCOL (Savings and Credit Co-operative League of South Africa) geregistreer is (Anoniem 2003b:7). Die eerste direksieledes was Arthur Naudé, Adam Boshoff, Prinsloo Potgieter, Kobus van der Merwe, Lukas Taljaard, John Strydom, Francois de Vos en Willem Malan du Preez (Anoniem 2003b:7; De Klerk 2020). In Desember 2010 is die OSK se registrasie as 'n koöperatiewe bank goedgekeur (Orania Beweging 2010b) en die bank is in 2012 geregistreer (Mushonga 2018:54).

Een van die eerste groot terugslae van dié dekade was die mislukking van Orania Suiwelonderneming Bpk. (handeldrywend as Bo-Karoo Suiwel), bestempel as “die kroonjuweel van Afrikaner-tuislandprojekte,” wat teen 'n koste van R9 miljoen opgerig is (Smith 2002:9). Sowat 50% van die geld wat gebruik is vir die oprigting van Bo-Karoo Suiwel, is geleen, wat tot gevolg gehad het dat die rentekoersverhoging in daardie jaar van 15% na 22% die projek 'n geweldige knou toegedien het, verder vererger deur die rand se skerp daling teenoor oorsese geldeenheide in daardie tyd (Smith 2002:9). Hierna sou Orania se entrepreneurs eerder in kleiner ondernemings belê.

Op 12 Januarie 1999 is die Orania Groeifonds in die lewe geroep om besteding in die plaaslike ekonomie te bevorder (Anoniem 2002a:13). Die Groeifonds is as 'n privaat maatskappy geregistreer en bied beleggers die geleentheid om in Orania se ekonomie te belê en so 'n opbrengs te verdien. Die Groeifonds leen dan geld vir ontwikkelingsprojekte in Orania, maar teen die agtergrond van die mislukte melkery is die klem daarop om saadgeld vir kleiner ondernemings te verskaf, wat dan self verder kan groei. Op 28 November 2001 is die Groeifonds omskep vanaf 'n privaat maatskappy in 'n openbare maatskappy – Orania Groeifonds Edms. (Bpk).

In 2002 is planne beraam om 'n eie geldeenheid op Orania tot stand te bring (Gunning 2002:13; Anoniem 2002b:8; Anoniem 2004:12). Die Orania Beweging het in hierdie jaar 'n konferensie gehou, waar die moontlikheid van 'n eie geldeenheid onder leiding van Norman Reynolds bespreek is (Anoniem 2004:12). 'n Eie geldeenheid sou onder meer die volgende voordele inhou (Anoniem 2004:12):

- Kontant in omloop word vervang met bewyse vir kontant en die kontant verdien rente in die bank.
- Koopkrag word binne die gemeenskap gehou, aangesien die geldeenheid slegs binne die gemeenskap aanvaar word.
- 'n Eie betaalmiddel kan volledig gebruik word vir dienste of produkte binne 'n gemeenskap wat van geen ingevoerde komponente gebruik maak nie. Voorbeelde hiervan is onder andere tuindienste, musieklesse en groente- en vrugteverbouing. Dit moedig dus die lewering van plaaslike produkte en dienste aan.
- Die plaaslike geldeenheid kan slegs plaaslik spandeer word en is daarom veiliger as kontant.

- Plaaslike geldeenhede het ook 'n versamelaarswaarde. Aankope daarvan deur buitelanders lei tot investering binne die gemeenskap.
- 'n Eie geldeenheid bevorder 'n gemeenskap se gevoel van eie identiteit. Dit bevorder ook die gemeenskap se selfvertroue om projekte self aan te pak – projekte wat die gemeenskap voorheen gedink het onmoontlik is.

Vroeg in 2004 is 'n kompetisie gehou om 'n naam vir die geldeenheid te vind, wat voorstelle soos rijkdaalders en Orania-talent ingesluit het (Van der Merwe 2004:1), maar uiteindelik is op die naam Ora besluit (Thukakhomo 2004:4). Die geldnote is deur die plaaslike argitek, Christiaan van Zyl, ontwerp en tydens die Volkstaatskou op 29 April 2004 geloods (Van der Merwe 2004:1; Anoniem 2004:12; Pienaar 2007:68). Die loods van die Ora het wyd aandag getrek en selfs die BBC het daarvoor berig (BBC 2004). 'n Afbeelding van Racheltjie de Beer is op die 10 Ora-noot gebruik, wat die Afrikaner se geskiedenis uitbeeld, die 20 Ora beeld die kunste uit met Trompie, die 50 Ora beeld kultuur uit deur 'n meisie wat lees en die 100 Ora beeld eie arbeid uit deur die Klein Reus (Coetzee 2004:2; Anoniem 2004:12) (sien verder aan oor die Klein Reus).

Orania se radiostasie, toe Radio Klub 100, is op 29 Januarie 2002 gestig, maar het aanvanklik slegs proefuitsendings uitgesaai terwyl pogings aangewend is om die gepaste lisensie te bekom. In November 2005 word Radio Klub 100 deur die Onafhanklike Kommunikasie-oowerheid van Suid-Afrika (Okosa) gesluit ná die radiostasie sonder 'n lisensie uitgesaai het (Clark 2005:2). Volgens die woordvoerder van Okosa, Lydia de Souza, het die radiostasie ook rassistiese boodskappe uitgesaai (Anoniem 2005b), maar daar is geen klagtes van rassisme gelê nie (Van Zyl 2019). Volgens Van Zyl (2019) het die sluiting van die radiostasie verband gehou met 'n interne konflik tussen inwoners, wat hier onder in meer detail bespreek word. Die radiostasie het amptelik in Desember 2007 as Radio Orania begin uitsaai, hierdie keer met die nodige lisensie (Anoniem 2007:14).

Ná die stigting van die Kultuurhistoriese Museum en die opening van die Verwoerd-versameling in die vorige dekade kry erfenisbewaring in hierdie dekade verdere momentum. Op 21 Junie 2002 is die Ierse Monument, wat opgerig is ter nagedagtenis aan die 500 Iere wat aan die kant van die Boere tydens die Anglo-Boereoorlog geveg het, na Orania verskuif met die hulp van die Vryheidsfront Plus (Oosthuizen 2002:16; Anoniem 2002c:6; Sosibo 2014; Van Bart 2016). Die monument is deur Jan van Wijk ontwerp, wat ook die Afrikaanse Taalmonument ontwerp het, en is oorspronklik in 1975 in Brixton opgerig.

Die Koeksistermonument word op 20 September 2003 voor die gemeenskapswembad deur Anna Boshoff onthul. Dit is uit kunshars gemaak deur Jan-Otto du Plessis en simboliseer die rol wat die koeksister gespeel het as bron van inkomste in die opkoms van die Afrikaner (Van der Merwe 2003: 3; Anoniem 2003a: 9). Meer spesifiek gee die monument erkenning aan die bydrae wat vroue in die geskiedenis van die Afrikaner gespeel het deur koeksisters te bak vir die bou van skole, kerke, weeshuise en ander projekte (Coetzee 2003; Van Wyk 2003). Die gedagte is deur Christiaan van Zyl, argitek, geopper aan die hand van 'n opmerking deur een van sy argitektuurdosente, Schalk le Roux, dat die koeksister 'n monument verdien. Le Roux het hom in die Afrikaneropheffing van die 1930's verdiep en het die koeksister as simbool van Afrikanervroue se gees van selfhelp beskou. Orania se Kaalvoetvroue het die gedagte aangegryp en 'n werklikheid gemaak (Boshoff 2020).

Borsbeelde van pres. Paul Kruger, JBM Hertzog, dr. DF Malan, Hans Strijdom en dr. HF Verwoerd word op 31 Mei 2007 op die Monumentkoppie onthul (Ebersohn 2007: 4). Die beeld van Kruger is deur die Solidariteit Beweging geskenk, prof. Carel Boshoff het die beeld van Hertzog, Malan en Strijdom op bruikleen van die Erfenisstigting bekom en die beeld van

Vorster is afkomstig van die John Vorster Tegnieise Hoërskool in Pretoria (Sosibo 2014). Die bronsbeeld van die Klein Reus, na die leiklipgravure van Elly Holm, is ontwerp en gemaak deur haar dogter, Cornelia, en is by dieselfde geleentheid onthul. Dit vorm die fokuspunt van die beeld (Ebersohn 2007: 4). Die oorspronklike kunswerk deur Elly Holm is aan dr. HF Verwoerd geskenk (Wierenga 2012:4) en in hul vakansiehuis op Bettysbaai ingebou. Elly Holm het in die 1990's weer 'n replika op leiklip daarvan gemaak en aan Avstig geskenk (Boshoff 2020). Dit word tans by die Orania Beweging se kantore, by die Chris Jooste Ouditorium, uitgestal. Die beeld van Verwoerd is in 2006 van die koppie verwyder, hoofsaaklik omdat die veranderende politieke klimaat dit problematies gemaak het om Verwoerd so 'n prominente plek in Orania te gee (Steenkamp 2006: 20). Die bronsbeeld deur Jo Roos het as voorstel gedien vir 'n vollengte beeld wat op die beplande Verwoerdplein in Pretoria sou staan, maar die beplande beeld, soos die beplande plein, het nie gerealiseer nie (dit het later die Sammy Marksplein geword – Boshoff 2020). Deur die Klein Reus in die mees prominente posisie te plaas, is die verbintenis met Verwoerd met ander woorde meer subtiel uitgebeeld.

Die Orania Argiefbewaarplek word in 2006 opgerig deur prof. Wilhelm Verwoerd, dr. Manie Opperman en ds. Adam Boshoff (Senekal & Kotzé 2019:242). Dit bewaar hoofsaaklik dokumentasie oor Orania se ontstaan en ontwikkeling, wat insluit “publikasies, foto's, onderhoude, videomateriaal, verslae, notules, toesprake en 'n verskeidenheid ander dokumente wat verband hou met Orania se ontstaan en ontwikkeling” (Senekal & Kotzé 2019: 243).

Teen 2004 het Orania steeds 'n inwonertal van slegs 462 gehad (Pretorius 2004:3). 'n Afvaardiging van die Amerikaanse Ambassade wat 'n nie-amptelike besoek aan Orania op 16 Desember 2004 gebring het, was baie negatief oor die ontwikkeling en noem die dorp “not a town with a promising future” (Amerikaanse Ambassade 2004). In die daaropvolgende jaar skryf Groenewald (2005) dat daar 600 inwoners was.

'n Studie van die instellingsnetwerk op Orania het bevind dat die dorp veral gemeenskapsontwikkeling voorop stel (Senekal 2019). Die Helpsaamfonds is in 2005 gestig om behoeftige Afrikaners finansieel by te staan (Anoniem 2005a: 11) en is amptelik op 13 November 2006 geregistreer. Hierdie klem op selfhelpprojekte is volgens Steyn (2005) een van die belangrikste faktore wat Orania van ander dorpe (Philippolis in Steyn se studie) onderskei:

The ideo-structure development in Philippolis is based on a socio-democratic view where the state is taking responsibility for the economic well-being and upliftment from poverty of its subjects. This might end up in a sort of dependency trip where social welfare is the only escape. (Steyn 2005:60)

Steyn (2005:62) let byvoorbeeld op ontwikkelingsprojekte op Philippolis wat deur die Universiteit van die Vrystaat, onder leiding van Theo du Plessis, bestuur is, maar merk dat die meeste ontwikkelingsprojekte hier sal misluk wanneer hierdie steun weggeneem word. Steyn (2005: 62) sluit af:

Two different paradigms work in these two towns. In Orania self help within a Christian-Nationalist Worldview is the driving force; while Philippolis is in most cases depending on government or other institutions like the University of the Free State as the initiators to start projects.

'n Grondeis deur voormalige inwoners wat in 1991 uit Orania verwyder is, is in Junie 2000 ingedien (Montgomery 2000:9). Die saak is egter eers in Augustus 2005 so ver geneem dat dit in die staatskoerant gepubliseer is (Van Wyk 2005a:8). Die eis is teen die staat ingestel

(Lombard 2005) vir die oorspronklike 483 hektaar wat aanvanklik deur Vluytjeskraal Aandeleblok (VAB) aangekoop is, waarin beweer is dat die inwoners op grond van ras verplig is om te trek (Groenewald 2005:9; Cavanagh 2013:87). Deel van die probleem was dat voormalige werknemers van Departement Waterwese beweer het dat hulle 'n mondelinge ooreenkoms met hul werkgever gehad het dat die huise na afloop van die projek aan hulle sou behoort. Cavanagh (2013: 68), wat baie simpatiek teenoor die grondeisers is, skryf egter:

It does not seem to have been DWA [Department of Water Affairs] policy with regards to any other of the Orange River canalisation settlements of the period, and it seems strange that rent would continue to be deducted from salaries in light of any promise of freehold.

Die saak is uiteindelik buite die hof geskik en die staat het na bewering R2,9 miljoen aan die grondeisers uitbetaal (Cavanagh 2013: 87; Orania Beweging 2007). Dit is egter onseker wanneer en of dit enigsins aan eisers uitbetaal is, want daar is so laat as in 2017 nog 'n byeenkoms van ontevrede eisers in Steynville, Hopetown gereël omdat uitbetalings na bewering toe nog nie plaasgevind het nie.

In 2005 ontstaan daar tweespalt tussen inwoners (De Beer 2006:111). 'n Saak van naamskending word deur prof. Carel Boshoff teen Frik Jansen aanhangig gemaak, terwyl Pieter Grobbelaar, 'n lid van die direksie van Orania Bestuursdienste (OBD), die waterfiskaal van Orania, André Putter, vir R150 000 dagvaar (Van Wyk 2005b:8; Breytenbach 2005:5; Coetzee 2005:1). Bewerings is gemaak dat Orania deur 'n "mafia" regeer word (Van der Merwe 2005a:2; Rademeyer 2005:7; Pienaar 2007:86). Die argitek, Christiaan van Zyl, het selfs 'n "mafial" gereël om geld vir gemeenskapsprojekte in te samel en die saak in 'n ligter luim te stel (Van der Merwe 2005b:4; Orania Beweging 2005). Grobbelaar en Putter het in 2006 geskik, Putter het R75 000 skadevergoeding betaal (Hoo 2006:13) en het kort daarna geëmigreer (Van Wyk 2007:10). Ander wat nie met die bestuur saamgestem het nie, het ook die dorp verlaat.

Orania se bevolking is teen 2008 op 700 geskat (Cloete 2008:7; Du Plessis 2009:5).

Julius Malema, toe die hoof van die ANC-Jeugliga, besoek Orania op 21 Maart 2009 (Du Toit 2009:6). Volgens mediaberigte was hy beïndruk met die dorp, alhoewel hy krities was oor die afwesigheid van die Suid-Afrikaanse landsvlag en die gebruik van die Ora (Steenkamp 2009:6; Du Plessis 2009:5). Ná Malema se besoek in Maart 2009 besoek pres. Jacob Zuma Orania in September 2010 (Coetzee 2010: 4; Evans 2010:10). Soos met die besoeke van pres. Mandela en ook die EEF-leier, Malema, is dit 'n positiewe besoek waartydens pres. Zuma die gemeenskap prys.

'n Doelbewuste poging om toeriste te trek, het reeds in 1991 begin (Potgieter 1991c:9), aanvanklik met die oprigting van kampegeriewe aan die oewer van die Oranjerivier. Teen 1998 was Orania reeds 'n gewilde vakansie-bestemming (Anoniem 1998:4). In Februarie 2003 is begin met die oprigting van hout chalets by Aan-die-oewer en in Februarie 2004 het die Orania Beweging berig dat die eerste huis reeds gehuur kon word (Orania Beweging 2004). Op 24 September 2010 kry Orania se toerismebedryf 'n beduidende hupstoot met die opening van die Orania Oewerhotel (Van Niekerk 2014:115; Orania Beweging 2010a).

## **VAN DORP TOT STAD? 2011–2019**

Ná Anna Boshoff se dood op 9 Julie 2007 (Coetzee 2007:5) sterf prof. Carel Boshoff op 16 Maart 2011 in die ouderdom van 83 jaar nadat hy in 2008 met kolonkanker gediagnoseer is (Rademeyer 2011:1; Orania Beweging 2011). Hy word ook op Orania begrawe. De Klerk

(2020) beklemtoon dat Boshoff se sterk persoonlikheid en ondernemingsgees belangrike dryfvere in Orania se ontwikkeling was.

In hierdie dekade kry Orania se ontwikkeling momentum. Orania rig sy eie fliekteater in 2013 op (Botha 2013) en in dieselfde jaar begin bouwerk aan die Stokkiesdraaisentrum (Kleynhans 2013:6), wat in April 2015 geopen word (Orania Beweging 2015). Die naam van laasgenoemde is doelbewus gekies met verwysing na dr. HF Verwoerd se plaas aan die Vaalrivier (Roets 2019). Teen 2015 het Orania 1 200 inwoners gehad (Kemp 2015).

In die mees onlangse dekade ontvang Orania ook toenemende steun van die Solidariteit Beweging. Flip Buys (2019) sluit Orania in in sy bespreking van opsies vir die Afrikaner, terwyl Dirk Hermann (2017) ook vra of Orania 'n oplossing vir die Afrikaner bied. Hierdie steun gaan ook gepaard met 'n hele aantal projekte wat deur Solidariteit befonds is.

Orania se tegniese opleidingsentrum is in Oktober 2016 deur Dirk Hermann van Solidariteit en Danie Brink van Helpende Hand onthul (Kemp 2016). Die sentrum is teen R4,3 miljoen voltooi en sluit in kantore vir die sentrumbestuurder en administratiewe personeel, 'n fisiese wetenskapklaskamer, 'n ingenieursgrafika- en ontwerpklaskamer, drie lesinglokale, 'n auditorium, 'n elektriese werkswinkel, 'n siviele en meganiese werkswinkel, en praktiese werksareas buite (Anoniem 2017).


Die eerste fase van Gannabos, 'n lae-koste behuisingsprojek, word in Januarie 2017 begin (Orania Beweging 2017b) en word op 4 September amptelik deur Steve Scott, president van die Solidariteit Beweging, geopen (Orania Beweging 2017a).

In Julie 2017 is bekendgemaak dat Orania beplan om 'n elektroniese weergawe van die Ora, die E-Ora, te ontwikkel (Roodt 2017; Orania Beweging 2017c). Die ontwikkeling maak deel uit van ekonoom Dawie Roodt se PhD-studie en gebruik Blockchain tegnologie (Barber 2019). Die inisiatief is wyd in die media gedek, soos in Figuur 1 hier onder gesien kan word. Dié figuur dui die aantal nuusberigte oor Orania aan, soos verskaf deur Orania se argief (Senekal & Kotzé 2019). 'n Groot hoeveelheid van die nuusberigte van 2018 handel oor die E-Ora, dermate dat 2018 die meeste mediaberigte nog oor Orania opgelewer het (die tweede meeste was in Orania se stigtingsjaar, 1991).

Soos reeds hier bo aangetoon, het Orania 'n sterk verbintenis met dr. Verwoerd, onder andere deur familiebande en die Verwoerd-versameling wat reeds sedert 1997 in Orania besigtig kan word. Reeds in 1995 het Orania aangebied om die Verwoerd-beeld wat voor die provinsiale hoofkantoor in Bloemfontein gestaan het, te huisves (Nieman 1995b:9). Anna Boshoff, dogter van dr. HF Verwoerd, het later in daardie jaar herhaal dat Orania hierdie beeld se regmatige tuiste is (Bester 1995:3). Die beeld is deur Gerard de Leeuw gemaak en is op 17 Oktober 1969 deur Betsie Verwoerd onthul, maar dit is in 1994 verwyder en in 'n pakhuis in Hamilton in Bloemfontein gestoor (Coetzee 2003:5). In 1998 het prof. Carel Boshoff in onderhandelinge met die Vrystaatse Provinsiale regering getree oor die beeld se verskuiwing (Morgenrood 1998:3), maar 'n oplossing kon nie gevind word nie. Daar is in 2003 weer berig dat daar nog geen heenkome vir die beeld gevind is nie (Coetzee 2003:5). Die beeld is uiteindelik in 2006 na die Voortrekkermonument verskuif (Judson n.d.). Op 12 Desember 2017 – na 'n stryd van 23 jaar – het die beeld op Orania aangekom.<sup>4</sup> Aangesien Verwoerd 'n sensitiewe onderwerp in Suid-Afrika geword het, is geen mediaberigte oor hierdie gebeurtenis beskikbaar nie en die beeld word tans voorberei vir oprigting.

---

<sup>4</sup> Hierdie datum is bekom van die metadata van 'n foto in Orania se argief.




**Figuur 1:** Mediaberigte oor Orania, 1979–2019

In hierdie tydperk kom 'n aantal misdade ook onder die media se aandag. Vroeg in 2017 kom dit aan die lig dat 'n man van Orania by kinderpornografie en pedofilie betrokke was. Hy het kinders uit vier gesinne tussen 2007 en 2013 gemolesteer en onsedelik aangerand (Damons 2017). In Oktober 2019 word 'n onderwyser by Volksskool Orania ook in hegtenis geneem vir bewerings van statutêre verkragting (Kemp 2019c; Cornelissen 2019). Die saak is intussen weens 'n gebrek aan getuïenis van die rol geskrap. Een van die grootste terugslae vir Orania se openbare beeld was egter die sterfte van Poppie van der Merwe in Desember 2017. Dié driejarige meisie is herhaaldelik aangerand en is kort ná die gesin se vertrek uit Orania in Brits dood (Boshoff 2017). Orania is daarvan beskuldig dat hulle nie genoeg gedoen het om haar mishandeling te verhoed nie en dat die probleem “toegesmeer” is, maar Boshoff (2017; 2019) verduidelik dat haar ouers juis uit Orania gevlug het, omdat Orania se maatskaplike dienste van plan was om Poppie uit hulle sorg te verwyder. Albei ouers is in 2018 tot lewenslange tronkstraf gevonnis (Van der Merwe 2018).

Soos in 2005 ontstaan daar in 2018/2019 tweespalt tussen inwoners. Jaco Kleynhans, die Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging, bedank in November 2018 ná hy na bewering “ferm versoek is om elders te gaan werk” (Kemp 2019a). Volgens Kemp (2019a) hou sy bedanking verband met konflik tussen hom en die president van die Orania Beweging, Carel Boshoff (IV). In April 2019 kom dit aan die lig dat klagtes gelê is teen Carel Boshoff (IV). Volgens die klagtes het hy sy salaris met 45% verhoog na R22 000 per maand en het hy 'n ampsmotor ('n Mercedes) teen R102 000 aangekoop (Kemp 2019b; Beukman & Kemp 2019). 'n Onafhanklike ondersoekspan het hom reeds onskuldig bevind teen die tyd dat die berigte in die media verskyn het (Orania Beweging 2019a), maar hy het nietemin in Mei as president bedank (Strydom 2019a). Hy was vir 12 jaar die president van die Orania Beweging (Boshoff 2019) en is op 28 Mei 2019 deur John Strydom opgevolg (Orania Beweging 2019b; Strydom 2019a). In November 2019 kondig John Strydom (2019) aan dat sy seun, Joost, in Kleynhans se pos aangestel is.

Ten spyte van die terugslae en negatiewe mediadekking het Orania se bevolking tussen 2001 en 2006 met 0,4% per jaar gegroei en daarna tot 2014 met 9,3% per jaar (Anoniem 2016). Teen 2016 het Orania 'n bevolkingsgroei van 10,8% gehad met 'n inwonertal van meer as 1 600 (De Klerk 2019; Orania Dorpsraad 2018: 4). Tans staan Orania se bevolking op nagenoeg 2 000 inwoners (De Klerk 2020). Die aantal geregistreerde besighede het gegroei met 25,4% per jaar, die groei in permanente werksgeleenthede was 12,6% per jaar en openbare kapitaalvorming het met 29,5% per jaar gegroei (De Klerk 2019). Figuur 2 dui Orania se bevolkingsgroei sedert 2006 aan, met syfers soos verskaf deur die Orania Dorpsraad (Pretorius 2019).

Afgesien van die e-Ora het die Orania Beweging ook tegnologie vir bemarkingsdoeleindes ingespan. 'n Webblad is in 1999 gestig (Avstig 1999), 'n Facebookblad op 8 Junie 2011 (wat die oorspronklike Facebook-groep vervang het), 'n Twitter-rekening op 7 September 2010 en 'n Instagram-rekening op 5 Desember 2016. Tans het die Orania Beweging meer as 100 000 volgelinge op Facebook, bykans 5 000 volgelinge op Twitter en meer as 1 000 volgelinge op Instagram. Ander instellings soos die skole en die Dorpsraad het ook sosiale media ingespan en daar is min besighede op Orania wat nie gebruik maak van sosiale media om digitale sigbaarheid te verhoog nie.



**Figuur 2:** Orania se bevolkingsgroei 2006–2018

## DIE BLIK VAN BUIITE: ORANIA AS RASSISTIESE ENKLAWE?

Orania is sedert sy ontstaan as rassisties bestempel; *Die Burger* noem dit reeds in 1991 ’n “rassistiese lugkasteel” (Anoniem 1991e: 14). Ná Nelson Mandela se besoek in 1995 het Sello (1995:17) in die *City Press* uitgevaar teen die rassiste van Orania, terwyl Mkhondo (2001:12) na aanleiding van die hofsaak oor Orania se munisipale status Orania ’n “ethnic and racist enclave” noem en voorstel Oraniërs “[can] go to hell.” McNally (2010) stel sy siening ewe duidelik: “I found myself splitting people into two categories: true racist and racist from horrific crime incident.” Andrews (2019) neem die sterkste standpunt in: hy noem pres. Nelson Mandela ’n “sell-out” omdat hy Betsie Verwoerd in 1995 op Orania besoek het, verwys na die Monumentkoppie as ’n “shrine to racism,” en noem die Verwoerdmuseum ’n “house of horrors” toegewy aan “Woerword (sic)”. Trouens, volgens sy mening is die hele Suid-Afrika “built on the psychosis of Whiteness,” wat volgens hom ook pres. Mandela insluit.

In hierdie opsig is verskeie mediaberigte deur Oraniërs as onbillik ervaar, veral een deur ’n Vlaamse nuusspan in 1999 (Boshoff 1999a; Nieman 1999; Boshoff 1999b). In Mei 2019 besoek ’n nuusspan van eNCA Orania en berig dat swartmense slegs as huishulpe en tuinwerkers in Orania welkom is. Die Orania Beweging dien ’n klag in by die Uitsaaklagtekommissee van Suid-Afrika (UKKSA) en die saak eindig in Orania se guns (Strydom 2019b).

’n Studie van Kotzé en Senekal (2018) het bevind dat Orania meesal in ’n negatiewe lig op Twitter gesien word, met vele dreigemente van buite. Hulle toon aan dat sodra die Afrikaner in die nuus is – hetsy as gevolg van plaasmoorde, die taalbeleide by universiteite of die grondonteiendingsdebat – Orania duideliker op Twitter figureer. Hulle toon ook aan dat Orania meesal in die konteks van rassisme genoem word.

Ten spyte van die aantygings is daar min bewyse van rassisme. Kotzé en Senekal (2018) skryf: “negative tweets are *about* Orania: we did not find a single tweet of someone defending Orania using such racist or hateful language” (oorspronklike klem). ’n Studie van Manie Opperman het bevind dat 45% van Oraniërs in 2004 positief gestaan het teenoor ander bevolkingsgroepe, met 40% neutraal en 15% negatief (Pretorius 2004:3; De Beer 2006:110). Wyngaard (2018) skryf ook na aanleiding van haar besoek aan Orania: “Daar is seker rassiste, maar ek het hulle nie gesien nie. Om die waarheid te sê, ek het al meer rassisme in Stellenbosch en Kaapstad ervaar, tussen sogenaamde ‘verligte Afrikaners.’” Snyman (2013) onthou ook pres. Mandela se besoek aan Orania: “Ek wou hê die Oraniërs moet Madiba mooi onthaal. Madiba moet ons Afrikaners sien soos ons is, het ek gedink. En toe ek by die kombuis langs die saal kom, toe weet ek: Madiba *gáán* ons sien soos ons is.”

Let ook daarop dat alhoewel verskeie aantygings van rassisme in mediaberigte gemaak word, geen vervolgings daaruit voortgespruit het nie. Die aanklag dat ’n rassistiese skietvoorval in 2000 sou plaasgevind het, is byvoorbeeld later teruggetrek en die aanklag dat Orania se radiostasie rassistiese boodskappe uitgesaai het, is nooit met formele klagtes opgevolg nie.

## SLOT

Wat veral treffend na vore kom uit die beginjare in Orania se geskiedenis is die verbintenis met dr. HF Verwoerd: Verwoerd het die Oranjerivierprojek gedryf, wat die aanvanklike dorp gevestig het (Boshoff 1989); hy het die gebied as ’n blanke groeipunt gesien (Boshoff 1993); sy seun, ds. HF Verwoerd, was een van die eerste aktiviste wat die idee van ’n Afrikanertuiste onder die naam Orania bepleit het (Anoniem 1980:3); sy skoonseun, prof. Carel Boshoff, was ’n stigter van die Vereniging van Oranjewerkers (boonop in samewerking met ds. HF Verwoerd), die Afrikaner Volkswag en Avstig, wat ook die dorp in 1991 aangekoop het; dr. HF Verwoerd se weduwee (Betsie) trek reeds vroeg na Orania en pres. Mandela se besoek aan haar is die eerste hooggeplaaste besoek aan die dorp; die Verwoerdbeeld van Jo Roos is ook die eerste beeld wat op Orania onthul is en Verwoerd se standbeeld is die eerste standbeeld wat op Monumentkoppie opgerig is; en die Verwoerdversameling was een van die eerste historiese versamelings wat deel sou uitmaak van Orania se museums en is steeds een van die mees besoekte versamelings op die dorp.

Op Orania is daar in die beginjare ’n duidelike verbintenis met dr. Verwoerd en ’n mens sou kon aanvoer dat die meeste van die belangrike gebeure inderdaad wentel om dr. Verwoerd, maar die klem val nietemin op dr. Verwoerd as kampvegter vir selfbeskikking, nie op die Verwoerd-beeld, wat vandag sinoniem met onderdrukking is nie. Dr. HF Verwoerd speel ook in latere jare ’n belangrike rol in Orania. Die feit dat die Verwoerdversameling hier gehuisves word en dat daar slegs witmense in Orania woon, dra daartoe by dat Orania as rassisties gesien word en so in die media uitgebeeld word. Aan die ander kant is dr. Verwoerd se afstammeling belangrike figure in die ontwikkeling van hierdie dorp wat deel uitgemaak het van die Oranjerivierskema, die beeld van die Klein Reus wat deur Elly Holm vir dr. Verwoerd gemaak is, is op die Oras en die Dorpsvlag aangebring en is die sentrale fokuspunt van die Monumentkoppie, en die eie arbeid wat die beeld simboliseer vind ten slotte neerslag in die groot aantal bouprojekte en onderriginstellings op die dorp. Boonop het die Stokkiesdraai-winkelsentrum, wat ’n prominente baken op die dorp geword het, ook ’n duidelike verbintenis met dr. Verwoerd. Die verbintenis met dr. Verwoerd is in latere jare met ander woorde meer subtiel, maar steeds ’n belangrike fokuspunt.

Dit sou egter 'n fout wees om Orania uitsluitlik as 'n voortsetting van dr. Verwoerd se visie te sien. Prof. Carel Boshoff het 'n persoonlikheid uit eie reg geword wat in die beginjare sinoniem met inisiatiewe op Orania word, byvoorbeeld deur sy betrokkenheid by die hofspraak in 2000, terwyl sy seun, Carel Boshoff (IV), op sy beurt selfstandig Orania se positiewe betrekkinge met rolspelers in Suid-Afrika verder uitgebrei het. Ook het ander persone, wat nie direkte verbintenisse met dr. Verwoerd gehad het nie, bykomend 'n groot ontwikkelingsrol gespeel, onder andere die leiersfigure van Solidariteit.

Alhoewel hierdie artikel 'n omvattende geskiedenis van die ontwikkeling van dié dorp bied, is daar steeds aspekte wat verder ondersoek kan word. Die Orania Spaar- en Krediet Koöperatief (OSK) is byvoorbeeld die grootste gemeenskapsbank in Suid-Afrika en verdien verdere studie. Ook is daar nie in besonderhede ingegaan op die rol wat toerisme in hierdie dorp speel nie, wat verder ondersoek kan word. Daar is ook onlangs groot vordering ten opsigte van onderrig en mediese sorg gemaak, wat nie in detail in hierdie artikel ondersoek is nie.

## BIBLIOGRAFIE

- Amerikaanse Ambassade. 2004. Coud Cuckoo – Land's last redoubt: A visit to Orania. *Ongepubliseerde verslag*, 21 Desember:1-5.
- ANC. 2000. ANC statement on Orania shooting. *African National Congress*, <http://www.anc.org.za/content/anc-statement-orania-shooting> (geraadpleeg op 17 September 2017).
- Andrews, K. 2019. *Journeys into the Psychosis of Whiteness*. <https://make-it-plain.org/2019/06/11/journeys-into-the-psychosis-of-whiteness/> (geraadpleeg op 12 Junie 2019).
- Anoniem. 1979a. Boere-dorp net vir wittes gevra. *Die Transvaler*, 26 Julie:8.
- Anoniem. 1979b. Gebied net vir blankes bepleit. *Oggendblad*, 26 Julie:14.
- Anoniem. 1979c. Sabra-kongres ingelig oor Orania. *Die Volksblad*, 26 Julie:21.
- Anoniem. 1980. Baie kinders nodig vir oorlewing. *Beeld*, 17 Julie:3.
- Anoniem. 1982. Orania loop vinnig leeg. *Die Volksblad*, 20 Julie:6.
- Anoniem. 1990. Dit gons in Karoo oor blanke tuisland. *Die Volksblad*, 13 Oktober:3.
- Anoniem. 1991a. Boshoff-hulle koop 'n eie tuisland. *Die Burger*, 9 Februarie:5.
- Anoniem. 1991b. Bruin raad wou ook Orania koop. *Die Burger*, 20 Februarie:3.
- Anoniem. 1991c. Grootgewaag se kleurlinge wil nie padgee nie. *Die Transvaler*, 20 Februarie:9.
- Anoniem. 1991d. More land purchased for white homeland. *The Citizen*, 30 November:13.
- Anoniem. 1991e. Orania 'n rassistiese lugkasteel. *Die Burger*, 12 Februarie:14.
- Anoniem. 1991f. Orania se bruines kry week grasie. *Die Volksblad*, 2 April:3.
- Anoniem. 1991g. Orania's plig. *Diamond Fields Advertiser*, 9 April:6.
- Anoniem. 1991h. Tegnologie uit boonste rak eerste vir skool op Orania. *Oosterlig*, 22 Mei:5.
- Anoniem. 1991i. Unieke skool vir Orania. *Die Transvaler*, 22 Mei:4.
- Anoniem. 1993a. CVO-skool ook op Orania gestig. *Beeld*, 18 Januarie:7.
- Anoniem. 1993b. Orania gedenk Verwoerd. *Die Patriot*, 28 Mei:16.
- Anoniem. 1994a. FW ry deur Orania. *Die Volksblad*, 25 Februarie:11.
- Anoniem. 1994b. Lategan-geweerversameling op Orania. *Die Patriot*, 14 Oktober:3.
- Anoniem. 1995. Mandela gaan beeld van Verwoerd ook besoek. *Beeld*, 11 Augustus:3.
- Anoniem. 1997a. HF Verwoerd se baadjie in museum. *Beeld*, 8 September:6.
- Anoniem. 1997b. Versameling oor Verwoerd open in Orania. *Die Volksblad*, 2 September:4.
- Anoniem. 1998. Orania word gewilde vakansie-oord. *Die Patriot*, 30 Oktober:4.
- Anoniem. 1999. Raad wil Orania inlyf by 2 dorpe. *Beeld*, 17 Desember:2.
- Anoniem. 2000a. Geluk aan Oraniërs. *Impak*, 8 Desember:6.
- Anoniem. 2000b. Groot oorwinning vir Orania. *Impak*, 8 Desember:1.
- Anoniem. 2000c. Man in hof na Orania-skieterij. *Die Volksblad*, 20 April:4.
- Anoniem. 2000d. Museum vir wyle Verwoerds ingerig. *Die Volksblad*, 31 Augustus:5.
- Anoniem. 2000e. Reprieve for Orania on eve of poll. *The Star*, 5 Desember:5.
- Anoniem. 2002a. Orania groeifonds lewer goeie opbrengs. *Frontnuus*, 30 April:13.

- Anoniem. 2002b. Orania wil eie geldstelsel hê. *Afrikaner*, 19 September:8.
- Anoniem. 2002c. Verskuiwing van Ierse Monument: VF red deur geld te gee. *Frontnuus*, 31 Augustus:6.
- Anoniem. 2003a. At last acclaim for lowly koeksister. *Citizen*, 18 September:9.
- Anoniem. 2003b. Orania Spaar en Krediet Kooperatief Bpk. *Voorgrond*, Januarie:7.
- Anoniem. 2004. 'n Eie geldstelsel vir Orania. *Frontnuus*, 30 Junie:12.
- Anoniem. 2004. Orania: Van spookdorp tot droomdorp. *Frontnuus*, 30 Junie:16.
- Anoniem. 2005a. Orania-beweging reik hand na arm Afrikaners. *Volksblad*, 26 Augustus:11.
- Anoniem. 2005b. *South Africa gags whites-only radio*. <http://news.bbc.co.uk/2/hi/africa/4420404.stm> (geraadpleeg op 28 Mei 2018).
- Anoniem. 2007. Radio Orania kan nou uitsaai. *Volksblad*, 5 Desember:14.
- Anoniem. 2016. <https://opinieplatform.co.za/2016/01/07/orania-onder-die-loep-inwoneraantal/> (geraadpleeg op 24 Oktober 2019).
- Anoniem. 2017. *Orania Tersiêre opleiding*. <http://www.ditseem.net/index.php/orania/item/813-orania-terriere-opleiding> (geraadpleeg op 17 Julie 2017).
- Avstig. 1999. *Orania*. <https://web.archive.org/web/19990125091309/http://orania.co.za/> (geraadpleeg op 11 November 2019).
- Barber, G. 2019. *Inside an All-White Town's Divisive Experiment With Cryptocurrency*. <https://www.wired.com/story/inside-an-all-white-towns-divisive-experiment-with-cryptocurrency/> (geraadpleeg op 7 Junie 2019).
- BBC. 2004. 'Whites-only' money for SA town. *BBC News*, <http://newsvote.bbc.co.uk/mpapps/pagetools/print/news.bbc.co.uk/2/hi/africa/3670441.stm> (geraadpleeg op 28 Mei 2018).
- Bester, S. 1995. Verwoerdbeeld moet na Orania. *Die Volksblad*, 2 Desember:3.
- Beukman, B & Kemp, C. 2019. Orania: Bom bars om Carel se kop. <https://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/orania-bom-bars-om-carel-se-kop-20190423> (geraadpleeg op 24 April 2019).
- Biehl, S. 2018. Die geskiedenis van ons organisasie. *Voorgrond*, Junie:12-16.
- Blomerus, L. 2009. 'n Antropologiese studie na die identiteit van vroue in Orania. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Universiteit van die Vrystaat.
- Boshoff, A. 1993. Die soeke na 'n oplossing vir Afrikanervryheid en -selfbeskikking. Orania: H.F. Verwoerd Gedenklesing.
- Boshoff, C. 1989. The Orange River development project as the nucleus of an Afrikaner nation state. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, 40(4):74-79.
- Boshoff, C. 1999a. Orania sal oop bly. *Beeld*, 6 Maart:10.
- Boshoff, C. 1999b. Oraniër stel saak na TV-stuk. *Beeld*, 8 Maart:8.
- Boshoff, C. 2008. Die Afrikanervryheidstigting (AVSTIG) 20 jaar. *Voorgrond*, Mei:14-18.
- Boshoff, C. 2019. Persoonlike onderhoud. Orania: Ongepubliseer.
- Boshoff, C. 2020. Persoonlike onderhoud. Orania: Ongepubliseer.
- Boshoff, W. 2017. Orania het nie 'niks' gedoen. <https://www.netwerk24.com/Stemme/MyStem/orania-het-nie-niks-gedoen-20171217> (geraadpleeg op 25 Mei 2018).
- Botha, A. 2013. Orania kry sy eie fliekteater met melkskommels, pannekoek en wafels. <https://www.netwerk24.com/Nuus/Orania-kry-sy-eie-fliekteater-met-melkskommels-pannekoek-en-wafels-20130718> (geraadpleeg op 28 Mei 2018).
- Breytenbach, K. 2005. This is not the end of Orania. *Diamond Fields Advertiser*, 9 Mei:5.
- Butcher, T. 2000. Black mayor to destroy dream of white homeland. *Telegraph*, <https://www.telegraph.co.uk/news/worldnews/africaandindianocean/s...frica/1375880/Black-mayor-to-destroy-dream-of-white-homeland.html> (geraadpleeg op 17 September 2017).
- Buys, F. 2019. *Die pad na selfbestuur*. Centurion: Kraal Uitgewers.
- Cavanagh, E. 2013. *Settler Colonialism and Land Rights in South Africa Possession and Dispossession on the Orange River*. New York: Palgrave Macmillan.
- Clark, J. 2005. Okosa slaan toe op Orania radiostasie. *Beeld*, 9 November:2.
- Cloete, C. 2018. *Orania-beweging besin ná 30 j. oor pad vorentoe*. <https://www.netwerk24.com/ZA/Noordkaap/Nuus/orania-beweging-besin-na-30-j-oor-pad-vorentoe-20180403-2> geraadpleeg op 25 Mei 2018.
- Cloete, H. 2008. Orania Beweging vier 20ste jaar. *Volksblad*, 11 Augustus:7.

- Coetzee, F. 2003. Almal koek saam om eer aan stroperige soet suster te bring. *Beeld*, 19 September, September(19):1.
- Coetzee, F. 2004. Orania stel eie geldeenheid bekend. *Volksblad*, 29 April:2.
- Coetzee, F. 2005. Boshoff eis R150 000 oor brief. *Volksblad*, 15 Mei:1.
- Coetzee, F. 2007. Anna het oor verdraagsaamheid geleer. *Beeld*, 23 Julie:5.
- Coetzee, F. 2010. Gul ontvangs vir Zuma toe hy Orania besoek. *Volksblad*, 15 September:4.
- Coetzee, G. 2003. Verwoerdbeeld lê steeds op rug. *Volksblad*, 25 Januarie:5.
- Cornelissen, C. 2019. Onnie vas vir statutêre verkragting. [https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/onnie-vas-vir-statutere-v...27fcb5-c92790f37f-105219033enmc\\_cid=c92790f37fenmc\\_id=3d37c4e855](https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/onnie-vas-vir-statutere-v...27fcb5-c92790f37f-105219033enmc_cid=c92790f37fenmc_id=3d37c4e855) (geraadpleeg op 14 Oktober 2019).
- Crous, E. 1992. Mev Verwoerd in perdekar na Orania. *Die Transvaler*, 9 Julie:1.
- Damons, A. 2017. Man vir waarneming gestuur ná dade met kinders. <https://www.netwerk24.com/Nuus/Hof/man-vir-waarneming-gestuur-na-dade-met-kinders-20170127> (geraadpleeg op 25 Mei 2018).
- De Beer, A. 1990. 'n Afrikanerstaat in Suider-Afrikaanse verband ('n hipotese). *Tydskrif vir Rassegangeleenthede*, 41(2):37-50.
- De Beer, F. 2006. Exercise in futility, or dawn of Afrikaner self-determination: an exploratory ethno-historical investigation of Orania. *Anthropology Southern Africa*, 29(3):105-114.
- De Klerk, F. 2019. Syfers wys Orania is op 'n volhoubare groep. <https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/syfers-wys-orania-is-op-n-volhoubare-groep/> (geraadpleeg op 1 Augustus 2019).
- De Klerk, F. 2020. *Persoonlike onderhoud*. Orania: Ongepubliseer.
- Du Bruyn, D & Wessels, A. 2010. Swart protes versus wit teenstand: die politiek van regse blanke vrese, 1982–1987. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 35(1):99-122.
- Du Plessis, C. 2009. Malema urges Orania to return to rand. *The Star*, 30 Maart:5.
- Du Toit, P. 2009. Blockbuster Malema gaan kuier in Orania. *Beeld*, 25 Maart:6.
- Ebersohn, K. 2007. Afrikanerleiers se borsbeelde kry tuiste. *Volksblad*, 31 Mei:4.
- Evans, S. 2010. Zuma revisits whites-only enclave. *Star*, 15 September:10.
- Graham, S. 2000. Orania man held after black woman shot. *IOL*, <https://www.iol.co.za/news/south-africa/orania-man-held-after-black-woman-shot-34880> (geraadpleeg op 17 September 2017).
- Groenewald, Y. 2005. Coloureds claim the volkstaat. *Mail & Guardian*, 24 November:9.
- Groenewald, Y. 2005. *Orania, white and blue*. <https://mg.co.za/article/2005-11-01-orania-white-and-blue> (geraadpleeg op 26 Junie 2018).
- Gunning, E. 1991. Wat Boshoff vir Orania betaal. *Finansies en Tegniek*, 15 Februarie:16.
- Gunning, E. 1995. Betsie Verwoerd nie na Nelson Mandela se ete maar hy's welkom vir tee op Orania. *Rapport*, 23 Julie:10.
- Gunning, E. 1996. Hupstoot vir volkstaat met waterprojek. *Rapport*, 20 Oktober:10.
- Gunning, E. 1997. Baie wil Dr Verwoerd se sterfpak sien. *Rapport*, 26 Oktober:7.
- Gunning, E. 1998. Volkstater wil hubare jong vroue invoer vir die manne van Orania. *Rapport*, 11 Oktober:27.
- Gunning, E. 2002. Orania werk aan sy eie geld-ruilmiddel. *Rapport*, 25 Augustus:13.
- Hagen, L. 2013. A place of our own. The Anthropology of Space and Place In the Afrikaner Volkstaat of Orania. Ongepubliseerde MA-verhandeling: UNISA.
- Halenjuk, A. 2015. Orania – załączek nowego Volkstaat?. In: M. Rączkiewicz, ed. *Państwo w państwie? Terytoria autonomiczne, państwa nieuznawane oraz ruchy separatystyczne w przestrzeni międzynarodowej*. Łódź: Wydawnictwo Uniwersytetu Łódzkiego:63-80.
- Hermann, D. 2017. Die storie van anderkant uit. *Rede*: 4-10.
- Heyns, F. 1991. Net tyd sal leer wat van Orania en sy mense gaan word. *Die Burger*, 2 Maart:15.
- Holthauzen, E. 1991. Land of the oxwagon is teaching by computer. *Sunday Times*, 9 Junie:9.
- Hoo, SK. 2006. Orania slander case settled. *Diamond Fields Advertiser*, 9 Julie:13.
- Hues, H & Morgan, K. 2010. The raising of the flag in 'Volkstaat' Orania: Perspectives on a school ceremony. *Education as Change*, 14(1):33-46.
- Judson, E. n.d. Verwoerdbeeld, Bloemfontein. Ongepubliseerde dokument: EPOG-argief.
- Kemp, C. 2015. Orania wil stad word met 10 000 inwoners. <https://www.netwerk24.com/Nuus/Orania-wil-stad-word-met-10-000-inwoners-20150813> (geraadpleeg op 28 Mei 2018).

- Kemp, C. 2016. Orania begin tegnici oplei. <https://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/orania-begin-tegnici-oplei-20161031> (geraadpleeg op 25 Mei 2018).
- Kemp, C. 2019a. Orania 'het 'n donker kant', beweer uitvoerende hoof glo. <https://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/orania-het-n-donker-kant-beweer-uitvoerende-hoof-glo-20190426> (geraadpleeg op 22 April 2020).
- Kemp, C. 2019b. Orania ondersoek Boshoff na klagtes. <https://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/orania-ondersoek-sy-president-na-klagtes-20190423#loggedin> (geraadpleeg op 24 April 2019).
- Kemp, C. 2019c. Orania-onderwyser aangekla van seks met minderjarige. <https://www.netwerk24.com/Nuus/Misdaad/orania-onderwyser-aangekla-van-seks-met-minderjarige-20191008#loggedin> (geraadpleeg op 9 Oktober 2019).
- Kleynhans, J. 2013. Groot nuwe ontwikkelings kom in 2013. *Voorgrond*, Maart:6.
- Kotzé, E & Senekal, BA. 2018. Employing sentiment analysis for gauging perceptions of minorities in multicultural societies: An analysis of Twitter feeds on the Afrikaans community of Orania in South Africa. *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*, 14(1):a564.
- Kotze, N. 2003. Changing economic bases: Orania as a case study of small-town development in South Africa. *Acta Academica Supplementum*, Volume 1:159-172.
- Kotze, N, Schoeman, R, Carow, S en Schmitz, P. 2020. Orania – 24 Years After Apartheid: The Sociopolitical Reanimation of a Small Rural Town in South Africa. In S Nedkov *et al.* (reds.). *Smart Geography. Key Challenges in Geography*. Cham: Springer, pp. 217-230.
- Kruger, D. 2012. Dr. H.F. Verwoerd en die Oranjerivierprojek. Orania: H.F. Verwoerd Gedenklesing.
- Kruger, T. 2019. Persoonlike onderhoud. Orania: Ongepubliseer.
- Leonard, C. 1991. In search of a homeland. *Sunday Star*, 17 Februarie:1.
- Levy, M. 2017. Notes from the House: What happened to the roll-out of co-operative banks in SA?. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2017-08-24-notes-from-the-...appened-to-the-roll-out-of-co-operative-banks-in-sa/#.Wbfrwa2B2uV> (geraadpleeg op 8 September 2017).
- Lombard, E. 2005. Mediaverklaring Orania Grondeis. *Orania Beweging Nuusbrief*, 11 November.
- McNally, P. 2010. Orania tourism: Come gawk at the racists. <http://thoughtleader.co.za/paulmcnally/2010/02/01/orania-tourism-come-gawk-at-the-racists/> (geraadpleeg op 12 Oktober 2017).
- Mkhondo, R. 2001. It's a pipe dream for the bittereinders. *The Citizen*, 11 April:12.
- Montgomery, C. 2000. Groep dien grondeis in wat gedeelte van Orania insluit. *Die Volksblad*, 1 Junie:9.
- Morgenrood, J. 1998. Verwoerd se beeld nou effe groener maar nog ongeskonde. *Die Volksblad*, 9 Februarie:3.
- Mushonga, M. 2018. The Efficiency and Sustainability of Co-operative Financial Institutions in South Africa. Ongepubliseerde PhD-proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.
- Nieman, N. 1995a. Orania gooi sy deure oop vir die president. *Die Volksblad*, 16 Augustus:3.
- Nieman, N. 1995b. Orania sê Verwoerd se beeld is welkom hier. *Die Volksblad*, 11 Augustus:9.
- Nieman, N. 1999. Orania distansieer hom van rassitiese uitsprake. *Die Volksblad*, 26 Februarie:16.
- Oosthuizen, W. 2002. Irish monument moved to Orania. *Citizen*, 5 Julie:16.
- Opperman, M. 2009. Orania het 'n ryk geskiedenis. *Voorgrond*, Maart:5-7.
- Opperman, M. n.d. *The Residential Development on the Farm Vluytjes Kraal Noord, Orania*. Ongepubliseerde verslag: s.n.
- Orania Beweging. 2004. Visreuk. *Orania Beweging Nuusbrief*, 26 Februarie.
- Orania Beweging. 2005. Mafia-pret. *Orania Beweging Nuusbrief*, 14 Junie.
- Orania Beweging. 2007. Grondeisvrye 2007 vir Orania. *Orania Beweging Nuusbrief*, 25 Januarie.
- Orania Beweging. 2010a. Luukse hotel amptelik geopen. *Orania Beweging Nuusbrief*, 12 Oktober.
- Orania Beweging. 2010b. Orania se Koöperatiewe Bank geregistreer. *Orania Beweging Nuusbrief*, 7 Desember.
- Orania Beweging. 2011. Orania verloor 'n vadersfiguur met die afsterwe van prof. Carel Boshoff. *Nuusbrief van die Orania Beweging*, 16 Maart.
- Orania Beweging. 2015. Stokkiesdraai amptelik geopen. *Orania Beweging Nuusbrief*, 7 April.
- Orania Beweging. 2017a. Gannabos wooneenhede amptelik geopen. *Orania Beweging Nuusbrief*, 4 September.

- Orania Beweging. 2017b. Infrastruktuur in Orania op groot skaal uitgebrei. *Orania Beweging Nuusbrieff*, 23 Januarie.
- Orania Beweging. 2017c. Orania Sakekamer stel planne vir e-Ora bekend. *Orania Beweging Nuusbrieff*, 12 Junie.
- Orania Beweging. 2019a. Orania Beweging reageer op bewerings van finansiële wanbestuur in die media. *Orania Beweging Nuusbrieff*, 24 April.
- Orania Beweging. 2019b. Orania Beweging wys nuwe President, Bedryfshoof aan. *Orania Beweging Nuusbrieff*, 29 Mei.
- Orania Beweging. 2019c. Orania konstant onder media vergrootglas tydens verkiesing. *Orania Beweging Nuusbrieff*, 13 Mei.
- Orania Dorpsraad. 2018. *Orania sensus 2018*. Orania: Orania Dorpsraad.
- Pienaar, H. 1992. Dorp spog met sake-deel en onderdorp. *Die Volksblad*, 10 Augustus:5.
- Pienaar, T. 2007. Die aanloop tot en stigting van Orania as groeipunt vir 'n Afrikaner-volkstaat. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.
- Potgieter, A. 1991a. Eerste mense trek in op Orania. *Die Transvaler*, 20 Februarie:8.
- Potgieter, A. 1991b. Orania: Boshoff lig sluiër. *Die Transvaler*, 9 April:4.
- Potgieter, A. 1991c. Volkstaat verwag toeriste. *Die Transvaler*, 19 September:9.
- Pretorius, C. 2019. *Persoonlike onderhoud*. Orania: Ongepubliseer.
- Pretorius, L. 2004. Orania se mense verander. *Volksblad*, 3 November:3.
- Rademeyer, A. 2011. Boshoff sterf tuis in Orania. *Beeld*, 17 Maart:1.
- Rademeyer, J. 2005. Trouble in Boere paradise. *Sunday Times*, 22 Mei:7.
- Roets, S. 2019. Persoonlike onderhoud. Orania: Ongepubliseer.
- Roodt, D. 2017. Ek, Orania se ora – en fopnuus. <https://www.netwerk24.com/Sake/Ekonomie/dawie-roodt-ek-orania-se-ora-en-fopnuus-20170730> (geraadpleeg op 12 Oktober 2017).
- Seldon, S. 2014. Orania and the reinvention of Afrikanerdom. Ongepubliseerde PhD-proefskrif: University of Edinburgh.
- Sello, S. 1995. Good manners from deluded folk in Orania. *City Press*, 20 Augustus:17.
- Senekal, BA & Kotzé, E. 2019. Die ontwikkeling van 'n koste-effektiewe en byderwetse multimedia digitale argief by EPOG in Orania. *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 15(3):239-275.
- Senekal, BA. 2019. 'n Netwerkontleding van die instellingsnetwerk op Orania. *LitNet Akademies Ekonomiese en Bestuurwetenskappe*, 16(3):1-24.
- Smit, MC. 1991. Die konserwatiewe party en die algemene verkiesing van 1987. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Smith, C. 2002. Orania-melkery se geldspeen droog op. *Rapport*, 24 Februarie:9.
- Snyman, D. 2013. Van Alle Kante: Toe lees Madiba vir tant Betsie. <https://www.netwerk24.com/Stemme/Van-Alle-Kante-Toe-lees-Madiba-vir-tant-Betsie-20130627> (geraadpleeg op 28 Mei 2018).
- Sosibo, K. 2014. Brixton to Orania: The great trek of the Irish Volunteer Monument. <https://mg.co.za/article/2014-11-13-brixton-to-orania-the-great-trek-of-the-irish-volunteer-monument> (geraadpleeg op 11 Oktober 2017).
- Steenkamp, L. 2006. Wit Kersfees in Orania. *Rapport*, 24 Desember:20.
- Steenkamp, L. 2009. Malema reik uit na Oraniërs. *Rapport*, 29 Maart:6.
- Steyn, J. 2005. The “bottom-up” approach to Local Economic Development (LED) In small towns: a South African case study of Orania and Philippolis. *Town and Regional Planning*:55-63.
- Steyn, J. 2014. ‘Ons gaan 'n taal maak’ Afrikaans sedert die Patriot-jare. Pretoria: Kraal Uitgewers.
- Stofberg, A. 1991. Orania heelwat groter en het nou eie vliegveld. *Beeld*, 30 November:2.
- Strydom, J. 2019. Orania Beweging stel Uitvoerende Hoof aan. *Orania Beweging Nuusbrieff*, 25 November.
- Strydom, N. 2019a. eNCA moet jammer sê vir Orania. [https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/enca-moet-jammer-se-vir...fcb5-6a99042137-105219033enmc\\_cid=6a99042137enmc\\_eid=3d37c4e855](https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/enca-moet-jammer-se-vir...fcb5-6a99042137-105219033enmc_cid=6a99042137enmc_eid=3d37c4e855) (geraadpleeg op 4 September 2019).
- Strydom, N. 2019b. Orania wys nuwe president, bedryfshoof aan. <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/orania-wys-nuwe-president-bedryfshoof-aan/> (geraadpleeg op 30 Mei 2019).
- Swanepoel, E. 2012. The measurement and management of operational risk in South African co-operative banks. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Universiteit van Noordwes.

- Theron, M. 1991. Ruimte-eeuse tegnologie vir Orania se 1ste skool. *Beeld*, 23 Mei:29.
- Thukakhomo, V. 2004. Orania decides to introduce its own currency – the Ora. *Diamond Fields Advertiser*, 30 April:4.
- Tyler, H. 1980. Apartheid switch: South African call for ‘whites only’ homeland. <https://www.csmonitor.com/1980/0714/071443.html> (geraadpleeg op 23 Februarie 2021).
- Van Bart, M. 2016. Orania vereer Ierse vryheidstryders met herwonne monument – FAK. <http://www.fak.org.za/2016/05/24/orania-vereer-ierse-vryheidstryders-met-herwonne-monument/> (geraadpleeg op 4 Januarie 2018).
- Van der Merwe, H. 1991. Volkstaat se kern open sonder swier. *Die Volksblad*, 13 April:4.
- Van der Merwe, H. 2000a. Betsie Verwoerd sterf waardig op 98. *Die Volksblad*, 1 Maart:1.
- Van der Merwe, H. 2000b. Dipico wil nou ingryp by Orania-stryd. *Die Volksblad*, 14 Oktober:2.
- Van der Merwe, H. 2000c. Orania begin fonds vir regsaksie. *Die Volksblad*, 17 Oktober:4.
- Van der Merwe, H. 2000d. Orania hof toe om verkiesing te keer. *Die Volksblad*, 17 November:4.
- Van der Merwe, H. 2001. Orania kry beweging vir selfbeskikking. *Beeld*, 12 November:4.
- Van der Merwe, H. 2003. Koeksistermonument gaan in Orania pronk. *Beeld*, 17 September:3.
- Van der Merwe, H. 2004. Land van koeksisters, weduwees en nuwe geld. *Beeld*, 23 Februarie:1.
- Van der Merwe, H. 2005a. Mafia regeer glo Orania. *Volksblad*, 9 Mei:2.
- Van der Merwe, H. 2005b. Oraniërs samel geld in met Mafiabal. *Volksblad*, 22 Junie:4.
- Van der Merwe, J. 2018. ‘I finally have closure,’ says investigating officer in Poppie murder trial. <https://www.news24.com/SouthAfrica/News/i-finally-have-closure-says-investigating-officer-in-poppie-murder-trial-20180528> (geraadpleeg op 29 Oktober 2019).
- Van der Westhuizen, G. 1993. Carel Boshoff trek na Orania vir ontwikkeling van volkstaat. *Beeld*, 24 Desember:2.
- Van Heerden, W. 1979. Plek vir alle talente. *Die Transvaler*, 07 Augustus:10.
- Van Heerden, W. 1990. *Hartland van die Afrikaner*. Morgenzon: Oranjewerkers Promosies.
- Van Niekerk, T. 2014. Toerisme in die Amish- en Orania gemeenskappe: ’n vergelykende studie. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Universiteit van Pretoria.
- Van Tonder, J. 1991a. Swoeg sweet vir Oraniers. *Die Volksblad*, 12 Februarie:3.
- Van Tonder, J. 1991b. Volkstaters skiet wortels in Karoo. *Die Volksblad*, 12 Februarie:1.
- Van Vuuren, L. 2012. *In the Footsteps of Giants – Exploring the history of South Africa’s large dams*. Gezina: Water Research Commission of South Africa.
- Van Wyk, M. 1999. Orania skop vas oor indeling by munisipale grense van dorpe. *Rapport*, 19 Desember:6.
- Van Wyk, M. 2003. Orania onthul monument vir geldmaker-koeksisters. *Rapport*, 21 September, September(20):12.
- Van Wyk, M. 2005a. Grondeis bedreig wit Orania se bestaan. *Rapport*, 13 November:8.
- Van Wyk, M. 2005b. Hare waai onder voorstes van eens rustige Orania. *Rapport*, 8 Mei:8.
- Van Wyk, M. 2007. Oranje onderbroke een te veel, Orania-man land uit. *Rapport*, 4 Maart:10.
- Van Zyl, C. 2019. *Persoonlike onderhoud*. Orania: Ongepubliseer.
- Walterová, K. 2016. The positions of the Afrikaners in the New South Africa. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Charles University.
- Webster, D. 2019. ‘An indictment of South Africa’: whites-only town Orania is booming. [https://www.theguardian.com/cities/2019/oct/24/an-indictment-of-south-africa-whites-only-town-orania-is-booming?CMP=share\\_btn\\_tw](https://www.theguardian.com/cities/2019/oct/24/an-indictment-of-south-africa-whites-only-town-orania-is-booming?CMP=share_btn_tw) (geraadpleeg op 25 Oktober 2019).
- Wierenga, J. 2012. Wêreldreisiger leef droom op Orania uit. *Volksblad*, 28 November:4.
- Wyngaard, B. 2018. *Orania, koeksisters en ek*. <https://www.litnet.co.za/orania-koeksisters-en-ek/> (geraadpleeg op 26 Junie 2018).

# Onderwyserkennis van assessering – implikasies vir die opleiding van onderwysers

*Teacher knowledge of assessment – implications for teacher education*

**ELIZE DU PLESSIS**

Departement Kurrikulum- en Onderrigstudies  
UNISA, Pretoria  
Suid-Afrika  
E-pos: dplesec@unisa.ac.za



Elize du Plessis



Gert van der Westhuizen

**GERT VAN DER WESTHUIZEN**

Departement Kurrikulum- en Onderrigstudies  
UNISA, Pretoria  
Suid-Afrika  
E-pos: westgvdw@gmail.com

**ELIZE DU PLESSIS** het 'n DEd-kwalifikasie en 30 jaar ervaring in afstandsonderrig. Sy is professor in die Departement Kurrikulum- en Onderrigstudies aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa), en betrokke by kurrikulumontwikkeling in die Skool vir Onderwysersopleiding. Haar spesialisingsveld is kurrikulumontwikkeling, onderrig en leer, en afstandsonderrig. Sy is tans die programkoördineerder van die Nagraadse Onderwysertifikaatprogram (Senior en VOO-fase). Elize is nie net 'n ervare ontwikkelaar van studiemateriaal vir onderwysstudente nie, maar het ook tot verskeie boeke en vaktydskrifte bygedra en talle referate op nasionale en internasionale kongresse gelewer. Afgesien hiervan tree sy ook op as kritiese leser vir nasionale en internasionale vaktydskrifte en is studieleier vir MEd- en DEd-studente.

**ELIZE DU PLESSIS** holds a DEd degree and has 30 years' experience in distance teaching. She is a professor in the Department of Curriculum and Instructional studies at the University of South Africa (Unisa) and is also involved in curriculum development in its School of Teacher Education. Her field of specialisation is curriculum development, teaching and learning, and distance education. She is currently the programme coordinator of the Postgraduate Certificate in Education programme (Senior and FET phase). She is an experienced developer of course material for student teachers, has contributed to several books and a variety of journals, and has presented several papers at both national and international conferences. Elize is also a national and international reviewer for several academic journals and acts as supervisor for MEd and DEd students.

**GERT VAN DER WESTHUIZEN** is professor emeritus in Opvoedkunde aan die Universiteit van Johannesburg. Hy is ook akademiese vennoot van die Departement Kurrikulum- en Onderrigstudies aan Unisa. Gert het 'n doktorsgraad in Psigo-Opvoedkunde van Noordwes-Universiteit. Hy is 'n NNS-gegradeerde navorser wat spesialiseer in leerinteraksies en gespreksontleding in

**GERT VAN DER WESTHUIZEN** is professor of Education, emeritus, at the University of Johannesburg, South Africa. He is also Academic Associate in the Department of Curriculum and Instructional Studies at Unisa. Gert holds a doctorate in the psychology of education from the North West University and is a specialist in the psychology of learning. He is a NRF-rated

**Datums:**

Ontvang: 2020-05-26

Goedgekeur: 2021-04-06

Gepubliseer: Junie 2021

die onderwys en gemeenskapsomgewings. Hy beywer hom vir kognitiewe geregtigheid in gemeenskappe en in professionele en institusionele opvoeding. Sy publikasies sluit navorsingsverslae oor kurrikulum- en beleidsevalueringe asook artikels oor professionele en studenteleer in. Hy is ook medeouteur van boeke oor mentor- en leergesprekke in die onderwys en gemeenskappe. Daarbenewens is hy stigterslid van die Unbounded Academy, 'n internasionale gespreksforum oor die belang en uitbouing van onbegrensde organisasiedenke en -praktyke.

researcher specialising in learning interactions and conversation analysis in communities and professional and institutional learning settings. He is committed to working for cognitive justice in education from unbounded organisational perspectives. His publications include research reports on curriculum and policy evaluation, as well as journal articles on professional and student learning. He is also the co-author of books on mentoring and learning conversations in education and communities. In addition, he is a founding member of the Unbounded Academy, an international conversation forum on the growth of unbounded organisation thinking and practices.

## ABSTRACT

### ***Teacher knowledge of assessment – implications for teacher education***

*Teachers' assessment literacy is one of the most significant competencies and capabilities in education. South Africa has experienced several curriculum changes in past years, which the latest Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS) attests to. Curriculum changes make it difficult for teachers to adjust their assessment practices. Assessment is accepted as an integral part of learning and should be planned and conducted in a constructive way and not as an add-on to teaching and learning.*

*Professional development for teaching includes a strong component of the theory and practice of assessment, and teachers are expected to make this component part of their pedagogical knowledge and to apply it. Assessment practices are shaped by teachers' faith in their teaching capabilities.*

*In this article we focused on the experiences and the knowledge of teachers who have completed a programme for the Postgraduate Certificate in Education (PGCE) at a distance teaching institution and who have been teaching for at least five years. The aim of this study was to scrutinise assessment practices using Bereiter's conception of knowledge building as a theoretical framework. This perspective works on the assumption that teacher knowledge grows and adapts constantly through teaching practice. Such knowledge contributes to shared knowledge in the profession and the teaching community. In this way, knowledge is built in a community of practice where participants draw on their personal epistemologies to share and enhance pedagogical knowledge. Bereiter's framework of knowledge building is used in this study to gain a greater understanding of professional preparation in general, covering the full range of curriculum practices, including assessment. Professional preparation of assessment practices is seen as a form of situated learning and a constructive process that blends theory and practice. Knowledge of different methods of assessment is required and ought to be covered in professional preparation programmes such as the PGCE. Teacher knowledge about assessment should include knowledge about the importance of feedback. Without timely and constructive feedback, learners cannot meet course outcomes.*

*A total of 20 teachers were purposefully selected and 14 volunteered to participate in the research. The ages of the five male and nine female participants ranged between 26 and 54*

years. Each of the participants had at least five years of teaching experience. The qualitative data were supported by additional information collected by means of open-ended questions to determine the participants' views on good assessment practices, the role of feedback and actions that can be taken to optimise learning. All ethical requirements were adhered to. Thematic coding and analysis were carried out to guard against bias and to ensure trustworthiness.

The findings indicate, among other things, that teachers do not lack confidence but need more assistance with professional growth in respect of classroom-based assessment. The need for training in assessment tools such as rubrics and the use of technology and taxonomies was highlighted. The need for assistance from school management teams to enable teachers to implement an assessment plan was also emphasised. Furthermore, it was suggested that teachers undergo extended teaching practice to prepare them for reality.

It is important for policymakers and teacher training institutions to have a better understanding of the what and how of professional knowledge building regarding assessment in the classroom.

In the light of the research results, it is recommended that preparation by means of a PGCE programme should have explicitly stated purposes to guide assessment and should include lecture videos on the use of taxonomies, rubrics and technology. Teacher training should be holistic if it is to produce all-round, reflective practitioners who can advance learning in schools.

**KEYWORDS:** assessment for learning, curriculum assessment, knowledge building, professional learning, pedagogical beliefs, teacher knowledge

**TREFWOORDE:** assessering vir leer, kennisbou, kurrikulumassessering, onderwyser-kennis, pedagogiese oortuigings, professionele leer

## OPSOMMING

Assesseringsgeletterdheid is 'n belangrike komponent van die professionele voorbereiding van onderwysers. Onderwysers moet hierdie kennis toepas, deel maak van hulle pedagogiese inhoudskennis en deur praktykervaring daarop voortbou. Die navorsingsvraag in hierdie studie word gelei deur die vraag: Wat behels onderwysers se ervaring en kennis van assessering nadat hulle 'n program vir die Nagraadse Onderwysertifikaat (NOS) aan 'n afstandsonderriginstansie voltooi het? 'n Totaal van 20 diensdoende onderwysers is doelgerig gekies en 14 deelnemers het ingestem om aan die studie deel te neem. Die ouderdom van die vyf manlike en nege vroulike deelnemers het tussen 26 en 54 jaar gewissel. Die onderwysers, wat almal minstens vyf jaar se praktykervaring gehad het, moes oop vrae beantwoord oor die doeleindes van assessering, hulle eie sienings rakende goeie assesseringspraktyke, die rol van terugvoer en handeling in assessering wat daarop gemik is om leer te optimaliseer.

Die bevindings van die studie word bespreek aan die hand van Bereiter se raamwerk van kennisbou in die onderwys en die maniere waarop kennisoortuigings in professionele leer tot die uitbouing van pedagogiese inhoudskennis bydra.

Die hoofbevindings was dat die onderwysers deeglik oor assesseringsdoeleindes en goeie assesseringspraktyke ingelig is en weet hoe om terugvoer te hanteer en wat om met assesseringsinligting te doen om leer te verbeter. Die onderwysers is ook vol vertroue dat hulle kennis en praktyke voldoende en doelmatig is. Hulle voorkeurpraktyke is daarop gerig om

leerderprestasie te verbeter. Die onderwysers het ’n behoefte aan opleiding in die gebruik van taksonomieë en tegnologie, en het ’n verlenging van onderwyspraktykervaring voorgestel.

Die implikasies hiervan vir die opleiding van onderwysers en voortgesette professionele leer is ten slotte bespreek.

## 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Assesseringsgeletterdheid word gesien as ’n sleutelvaardigheid in die mondering van onderwysers wat tot die gehalte van onderwys bydra (Brookhart 2011; DeLuca & Johnson 2017). Kennis van assesseringsvorme en -teorieë en vaardighede om leerders sinvol te assessee, maak deel van die professionele voorbereiding van onderwysers uit. Hulle voorbereiding is grootliks inleidend, en die verstandhouding is dat dit wat hulle tydens voorgraadse opleiding geleer het, deur ervaring en indiensopleiding uitgebou sal word (Frederking 2019). Laasgenoemde hang saam met beleids wysigings, soos die nuwe kurrikulum vir Suid-Afrikaanse skole wat in die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) (Departement van Basiese Onderwys 2011) aangekondig is, en onderwysers moet hulle assesseringspraktyke daarvolgens aanpas. Hierdie aanpassings is ingewikkeld, uiteenlopend en eie aan die konteks en professionele trajek van elke onderwyser (Looney, Cumming, Van der Kleij & Harris 2018).

Studente se basiese kennis van assessering word in hulle voordiensopleiding met assesserings-teorieë uitgebou (Bereiter 2002; Scardamalia & Bereiter 2006). In NOS-programme word assessering gewoonlik in algemene en universele terme in studiegids en/of handboeke oor assessering verduidelik, soos in verskeie opleidingsinstansies se kurrikula gevind kan word. Die assesseringsmodule van ’n instansie sal verskeie onderwerpe, soos die wese van assessering, gehalte kriteria vir praktyke en die vorme en doeleindes van assessering, insluit.

Verskeie studies het aangetoon dat onderwysers, ten spyte van hulle opleiding in kurrikulumassessering in voordiensopleidingsprogramme, dikwels onvoorbereid en onvoldoende opgelei voel (Phasha 2016; DeLuca & Volante 2016). Die gevolg is dat beginner-onderwysers aan hulle assesseringsvermoëns twyfel (Millard 2017). Verdere professionele leer oor klaskamerassesseringspraktyke is dus ’n groot behoefte onder onderwysers (DeLuca & Klinger 2010).

Hierdie studie ondersoek die aard van onderwysers se assesseringskennis en die ontwikkeling daarvan deur praktykervaring. Die studie bou voort op die werk van Farhady (2019), Nimehchisalema en Bhattib (2019), Dliwayo (2019) en andere oor onderwysers se assesseringskennis in die lig van onvoldoende voor- (Beziat & Coleman 2015) en indiensopleiding (DeLuca & Klinger 2010). Die doel van die ondersoek is om tot ’n beter begrip van voortgesette professionele leer en die ontwikkeling van assesseringspraktyke by te dra. Laasgenoemde kan ontleed word met behulp van die teoretiese perspektief van Scardamalia en Bereiter (2006) wat *kennisbou* as praktykbesinning en professionele leer (sien ook Bereiter 2002) beskryf. Die oogmerk is om die insigte van onderwysers met minstens vyf jaar se ervaring in kurrikulumassessering te beskryf ten einde die implikasies daarvan vir voordiensopleiding te bepaal. Die studie lewer ’n bydrae tot die huidige navorsing oor assesseringskennis en die noodsaak om dit as vakkennis te ontwikkel (Farhady 2019; Stabler-Havener 2018).

Dit is noodsaaklik dat beleidmakers en onderwyseropleiers die uitbouing van professionele kennis in kurrikulumassessering deeglik begryp. Die perspektief van kennisbou ondersteun die beleidsriglyn dat pedagogiese inhoudskennis die standaard vir onderwyseropleiding stel en die basis van goeie skoolonderwys vorm (Departement van Basiese Onderwys 2011). Hierdie studie is deur die volgende vrae gelei: Wat is onderwysers se sienings van goeie

assessering, hoe gebruik hulle assessering om leer te bevorder en watter mate van vertrouwe het hulle in hulle assesseringspraktyke ná die voltooiing van 'n NOS-program?

## 2. LITERATUUROORSIG

Ten einde duidelikheid te kry oor die wyses waarop onderwysers hulle kennis van kurrikulumassessering deur ervaring uitbrei, is dit noodsaaklik om die aard van kennis en kennisbouprosesse sowel as die assesseringskennis van onderwysers te ondersoek.

### 2.1 Die aard van onderwyserkennis en kennisbouprosesse

Die studie van onderwyserkennis het volgens Tillema en Orland-Barak (2006) ontstaan rondom konseptualiserings dat kennis besinnend en soms onverwoordbaar is (Schön 1991). Kennis is volgens Lave en Wenger (1991) plekgebonde (“situated”) en sosiaal gekonstrueerd, en ontwikkel in 'n praktykgemeenskap (sien ook Harris 2010). Bereiter (2002) voeg by dat kennis verspreid en in aktiwiteit ingebed is. Hierdie breë ondersoektradisies, wat deur Tillema en Orland-Barak (2006) aangetoon word, steun in mindere of meerdere mate op die psigologiese onderskeidings dat kennis die sienings van mense reflekteer – epistemiese beskouings wat kognitiewe sowel as affektiewe dimensies vertoon (Hofer & Pintrich 2002; Hammer & Elby 2002).

Pintrich (2002) omskryf persoonlike epistemologie as die individu se siening van kennis wat meerdimensioneel en domeinspesifiek is en deur ervaring en praktyk groei. Die onderhawige studie verreken hierdie kenmerke in die ontwerp van die empiriese ondersoek en die interpretasies van bevindinge. Dit word gedoen aan die hand van Bereiter (2002) en Scardamalia en Bereiter (2006) se konsep van kennisbou wat impliseer dat onderwyserkennis, as gedeelde kennis, voortdurend groei en deur praktyke soos klaskamerwerk aangepas word. Sodanige kennis dra by tot gedeelde kennis binne die professie in 'n plaaslike en gemeenskapskonteks. Volgens hierdie beskouing behels kennis wetenskap wat 'n gemeenskaplike eerder as 'n individuele prestasie is, wat op ideeverbetering gemik is en wat volgens persoonlike epistemologieë vorme van diskoerspraktyke aanneem (Hofer 2001).

### 2.2 Die aard van assesseringskennis

Assesseringskennis word gesien as 'n noodsaaklike deel van onderwysers se professionele mondering (Brookhart 2011). Dit behels kennis van bepaalde teorieë tesame met vaardighede om assessering volgens die skoolkurrikulum te beplan en te implementeer om onderwys- en opvoedingsdoelstellings te bereik (Hayes 2003).

Die assesseringsmodule van professionele voorbereidingsprogramme op graad- en diplomavlak, spesifiek die NOS-program waarna hier verwys word, bevat onderwerpe soos die verskillende tipes assessering; die proses van assessering; assesseringsinstrumente; beoordelingskale; leerderstyle; geldigheid; betroubaarheid en regverdigheid in assessering; formele en informele assessering; en boekstaving en rapportering. Die integrering van teorie en praktyk word wyd as ontwerpbeginsels in onderwysersopleidingsprogramme aanvaar (Timperley 2011).

Die gebruik van assesseringskennis word medebepaal deur die sienings wat onderwysers van hulle eie vermoëns het (Wang & Lim 2016). Onderwysers se assesseringskennis omvat hulle kennis van wat goeie assessering is, hoe dit in die praktyk deur, byvoorbeeld, terugvoer

toegepas word (TeachThought 2019) en hoe dit met leerdoelwitte saamhang (Macmillan 2013), soos deur studies deur Barnes, Fives en Dacey (2015) en Looney *et al.* (2018) bevestig is.

Sinnvolle onderwyserkennis is merkbaar aan ’n sensitiwiteit vir die maniere waarop leerders op assessering reageer. Assessering behoort leerders te help om hulle eie vordering te beoordeel, doelwitte vir hulle eie vordering te stel en verdere leer na te streef (Lundi 2010). Kennis van die gehalte van assessering wat in voordiensopleiding opgedoen word, sluit in kennis van betroubaarheid, geldigheid, standaardisering en praktiese uitvoerbaarheid (Miller, in Algonquin College 2019; Elton 2002).

Voordiensopleiding in assesseringskennis en -vaardighede omvat die doeleindes van terugvoer (Sadler 1989; Sackstein 2017), terugvoertipes (Federation University 2020) en terugvoer as die enigste manier waarop leervordering bepaal word (Wiggins 1998; Hattie 1999). Terugvoertipes behels konstruktiewe terugvoer en opvolgintervensies wat op grond van terugvoer beplan moet word (Frey 2018).

### 2.2.1 *Assessering vir leer*

In voordiensopleiding word vorme en metodes van assessering ook belangrik geag (Elton 2002). Laasgenoemde sluit voorbereide en onvoorbereide assessering, gestruktureerde en ongestruktureerde assessering en so meer in. Benewens die voorwaardes vir effektiewe leer word die rol en gebruik van terugvoer in soortgelyke programme onder die tema “assessment for learning” onderrig (Algonquin College 2019). Assessering vir leer moet toegepas word terwyl leer plaasvind en moet inligting verskaf oor hoe en waarom leerders aan die betrokke kriteria voldoen het of nie. Dit moet ook strategieë insluit om leerders te help om te verbeter en te kan slaag. Dit moet spesifiek en beskrywend wees om verbetering te verseker (Ahrends 2020).

Assessering vir leer is ’n kurrikulumtema wat ’n aansienlike deel van die voordiensopleiding van onderwysers behoort uit te maak, en dit hou verband met die studie van assessering en hoe dit tot die bereiking van leerdoelwitte bydra (Ayala, Shavelson, Ruiz-Primo, Brandon, Yin, Furtak, Young & Tomita 2008; Shepard 2000; Wiley 2008; Van der Nest, Long & Engelbrecht 2018).

### 2.2.2 *Goeie assesseringspraktyke*

Assessering moet ’n organiese deel van onderrig en leer wees. Die samehang tussen onderrig, leer en assessering bevorder ’n holistiese benadering tot die analise van assessering en die impak wat dit op die onderrig- en leerproses het. Leerdoelwitte behoort duidelik uitgespel te word (Walvoord 2013; Lambert & Lines 2000).

Goeie assesseringspraktyke verwys verder na ’n tipe assessering waartydens intervensies plaasvind en waar aktiewe onderrig ten opsigte van persepsie, leerprosesse, redenasie en probleemoplossing ’n rol speel. Die proses is daarop gerig om ’n individu se kognitiewe en affektiewe funksionering deur leerprosesse te modifiseer en moontlike verandering in leerprosesse tydens assessering waar te neem (Hattingh 2018).

Uit die teoretiese omskrywing van die aard van professionele kennisbou en die ontwikkeling en plek van assesseringskennis is dit duidelik dat onderwyserkennis konseptueel en geïndividualiseer is en op ervaring en doelmatige kennisbou berus. Die assesseringskennis van diensdoende onderwysers word vervolgens empiries aan die hand van die volgende kriteria ondersoek: die omvang en vlak van konseptualisering (diep, uitgebreid of oppervlakkig, en

hoe dit met ander konsepte/kennis verband hou); die vorme en metodes van assessering; en die terugvoer en intervensies wat onderwysers gebruik.

### 3. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die empiriese studie is ontwerp om die assesseringskennis van 'n doelmatig gekose groep diensdoende onderwysers wat die NOS aan 'n afstandsonderriginstansie verwerf het en vyf jaar se onderwyservaring agter die rug het, te beskryf en te ontleed. Die aard van die werklikheid en ervarings van onderwysers is binne 'n interpretivistiese paradigma ondersoek. 'n Kwalitatiewe nie-waarskynlike gerieflikheidssteekproefneming is gedoen, en 14 onderwysers se persepsies en ervaring oor assessering in die klaskamer is ondersoek. Die deelnemers het uit vyf manlike en nege vroulike deelnemers bestaan. Hulle ouderdom het tussen 26 en 54 jaar gewissel.

Deelnemer 13	16 jaar	Dogter	Slaan 'n dogter
Deelnemer 14	16 jaar	Dogter	Slaan 'n dogter
Deelnemer 15	16 jaar	Dogter	Slaan 'n seun

## 2.5 Plek van navorsing

Die plek waar die navorsing onderneem is, is 'n spesiale skool in Pretoria vir leerlinge met MID. Hierdie skole word LSOB-skole (skole vir leerlinge met spesiale onderwysbehoefes) genoem (DBE 2014). Leerlinge kom nie uit eie keuse na 'n LSOB-skool nie, maar word deur die Departement van Onderwys geïdentifiseer en daarheen verwys. In LSOB-skole kry die leerlinge gespesialiseerde onderwys en word hulle individuele behoeftes in ag geneem. Omdat hierdie leerlinge kognitiewe inperkinge het, volg hulle 'n aangepaste kurrikulum, die tegniese beroepsgerigte kurrikulum wat voorsiening maak vir akademiese en praktiese vakke. Die praktiese vakke is vaardigheidsgerig en is daarop gemik om die leerlinge vir 'n vaardigheidsgerigte beroep voor te berei. Die skoolrooster is so saamgestel dat die leerlinge 50% van die dag in die praktiese sentrums en 50% in die akademiese afdelings deurbring.

## 3. KONSEPTUELE RAAMWERK

Die doel van hierdie navorsing was om te bepaal tot watter mate die ouerskapspraktyke van ouers van leerlinge met MID bydra tot laasgenoemde se aggressiewe gedragsuitvalle. Daar is op 'n omvattende konseptuele raamwerk besluit, aangesien die navorsingsprobleem nie binne een teorie verantwoord kan word nie. Daarom is die mikrokonteks van Bronfenbrenner se bio-ekologiese sisteemteorie as die oorkoepelende raamwerk gekies. Hierdie teorie word ook ondersteun deur aspekte uit Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie en Baumrind se ouerskapsstylmodel.

Bronfenbrenner (1979) beskou die kind se ouers en sy gesin (dus sy onmiddellike familie) as die belangrikste invloed in sy lewe. Miller en Tolan (2019:144) ondersteun hierdie standpunt

en meen dat kinders as babas binne die veilige omgewing van die ouerhuis reeds hul eerste bindings met hul ouers vorm. Ouers se primêre opgaaf is om aan kinders se emosionele behoeftes te voldoen en om hulle in die sosialiseringproses te ondersteun en te begelei, sodat hulle tot produktiewe lede van die samelewing kan ontwikkel (Bronfenbrenner 2005:44-45). Aangesien die fokus van hierdie navorsing daarop gerig is om die invloed te ondersoek wat die kind se onmiddellike omgewing (die ouers) op sy toekomstige gedrag het, is op Bronfenbrenner (1979) as oorkoepelende teoretiese raamwerk besluit. Bronfenbrenner (1979) is die mening toegegaan dat die kind se ontwikkeling in 'n ekologiese omgewing plaasvind wat uit 'n stel van vyf ineengeskakelde strukture of sisteme bestaan, naamlik die mikro-, meso-, makro-, ekso- en chronosisteam (Schutte 2017:5, 84). Hiervolgens is die kind die middelpunt binne sy ekologie, met die ouerhuis as onmiddellike konteks wat die mees direkte en grootste invloed op hom uitoefen. Die kind word in 'n gesin gebore en word binne familieverband groot. Hier word hy voorberei om die latere moeilike omstandighede en struikelblokke van die lewe te hanteer (Campos, Resende, Martins, Ferreira, Alves & Albuquerque 2018:114).

Die onmiddellike kerngesin, asook die uitgebreide familie waarmee die kind elke dag in aanraking kom, het volgens Bronfenbrenner (1979) die belangrikste invloed op hom of haar. Ouers en ander primêre versorgers vorm noue bande met die kind, voldoen aan die kind se emosionele behoeftes en ondersteun en begelei hom in sy sosialiseringproses. Dit is belangrik en dra daartoe by dat hy 'n toenemend verantwoordelike rol in die samelewing kan vervul om sodoende 'n produktiewe lid van die samelewing te word (Bronfenbrenner 2005:44-45). Dit veronderstel dat die ouers as primêre versorgers oor voldoende vaardighede moet beskik om, deur middel van bepaalde ouerskapspraktyke, sodanige belangrike taak te kan uitvoer.

Naas Bronfenbrenner se teorie word gesteun op Piaget (1972:1-12) se kognitiewe ontwikkelingsteorie, ten einde die ingeperkte ontwikkeling van leerlinge met MID te kan verduidelik. Piaget se teorie is gebaseer op die aanname dat die mens aangebore vermoëns en gedragsprogramme ("schemata") het wat hom motiveer om sy omgewing te verken, te bemeester en daarby aan te pas (Piaget 1971:1-12; Green & Piel 2014:284). Volgens Piaget (1972:1-12) geskied kognitiewe ontwikkeling in vier stadiums wat progressief toeneem namate die kind se intellek ontwikkel. Kail en Cavanaugh (2017:13) en Desai (2010:6) verduidelik dat binne Piaget se teorie, denke in 'n universele volgorde van stadiums ontwikkel, dat elke stadium wesenlik van die vorige stadium verskil en dat alle ontwikkelings in 'n spesifieke stadium eers bereik moet word voordat die kind na die volgende stadium kan beweeg. Kinders word gebore met 'n basiese denkstruktuur waarop alle toekomstige leer en kennis gebou word (Piaget 1972:1-12; Carey, Zaitchik & Boscandzjev 2015:40). Piaget beskou die kind as 'n aktiewe deelnemer in sy eie leer, sy soeke na kennis, en die konstruksie van sy eie begrip van dinge en situasies (Doherty & Hughes 2014:289; Santrock 2001:43). Piaget verduidelik hoe die peuter, die kind en die adolessent tot 'n individu ontwikkel wat kan dink en redeneer (Piaget & Inhelder 1969:274). Daar is in hierdie studie ag geslaan op die gebrekkige ontwikkeling van leerlinge met MID en daar word aanvaar dat hierdie leerlinge heel moontlik net tot op vlak drie kan ontwikkel. Sodanige gebrekkige en beperkende intellektuele ontwikkeling behels onder meer 'n gekortwiekte intellektuele funksionering met betrekking tot: oordeelvorming, beredenering, probleemoplossing, beplanning, abstrakte denke, ontoereikende vlak van kommunikasie, onvermoë om geredelik aanpassings te maak, swak geheue, gebrekkige konsentrasie, rigiede denke, gebrek aan kreatiwiteit, gebrekkige wiskundige, lees-, taal- en kommunikasievaardighede.

Baumrind (1966) se ouerskapstylmodel is gekies om die ouerskapspraktyke van leerlinge met MID te ondersoek, omdat daar ’n verband bestaan tussen die tipe styl wat die ouer gebruik en die werklike praktyk wat hy toepas. Daar is reeds wyd navorsing gedoen oor kindgrootmaakpraktyke en die invloed wat ouers op kinders het (Ehrenreich, Beron, Brinkley & Underwood 2014:421-422; Miller & Tolan 2019:136-137). Die kindgrootmaakpraktyke wat ouers volg, is van kritieke belang om aanvaarbare sosiale gedrag by kinders vas te lê en te voorkom dat hulle later gedragsprobleme openbaar (Raboteg-Šarić, Rijavec & Brajša-Žganec 2001:203).

Baumrind identifiseer vier ouerskapstyle, naamlik outoritêr, gesaghebbend, permissief en onbetrokke (Baumrind 1967:43-88). Volgens sy model is *outoritêre ouers* streng, oefen volle beheer oor hulle kinders uit, pas buitengewoon streng en strawwe dissipline toe, toon min warmte teenoor hul kinders, en het geen of uiters gebrekkige kommunikasie met hul kinders (Temba 2019:1174). *Permissiewe ouers* toon warmte, liefde en is meer simpatiek teenoor die kind as outoritêre ouers (Temba 2019:1174-1175), maar hulle stel geen verwagtinge, eise of grense aan hul kinders nie, het min of geen beheer oor hul kinders, pas nie dissipline konsekwent toe nie, bied geen ondersteuning aan hul kinders in hul ontwikkeling tot selfstandigheid nie, en is onbetrokke en ignoreer dikwels hul kinders se wangedrag (Marcone, Affuso & Borrone 2017:13). *Onbetrokke ouers* het beperkte beheer oor hul kinders, reageer nie op hul kinders se onaanvaarbare gedrag nie, toon min warmte en ondersteuning, neem nie kinders se behoeftes in ag nie, is emosioneel afwesig, het min tyd en energie vir hul kinders (Louw & Louw 2010:195), en dissipliner selde hul kinders (De Witt 2014:308). *Gesaghebbende ouers*, daarenteen, toon warmte, liefde, simpatie en empatie teenoor hul kinders, stel standarde en eise oor gedrag aan hulle spruite, sien hul kinders se behoeftes en nood raak en hanteer dit. Gesaghebbende ouers respekteer hul kinders en neem hulle idees en gevoelens in ag (Doherty & Hughes 2014:383).

Uit Baumrind (2012:35-51) se navorsing weet ons dat positiewe ouerbetrokkenheid by die kind – ouers wat warmte, liefde en empatie teenoor hul kinders toon – beskerming teen die ontwikkeling van gedragsprobleme bied (Ward, Gould, Kelly, & Mauff 2015:10). Positiewe ouer-kind-interaksies en ouerbetrokkenheid by die kind se alledaagse lewe (soos die bywoning van skoolgeleenthede en buitekurrikulêre aktiwiteite), dra by tot die kind se emosionele welstand. Dit bevorder stabiele gedragspatrone en hoër akademiese prestasie (Burlaka, Graham-Bermann & Delva 2017:154).


Die konseptuele raamwerk vir hierdie studie word visueel in Figuur 1 voorgestel.

## 4. **BESPREKING VAN EMPIRIESE BEVINDINGE**

### 4.1 **Bespreking aan die hand van semi-gestruktureerde vrae**

In die volgende afdeling word die empiriese navorsing uiteengesit deur die vrae een vir een te bespreek (verwys na tabel 2 vir vrae).

Uit die antwoorde op vraag 1 (gesinsamestelling) is bevind dat die meerderheid deelnemers nie in ’n kerngesin met albei hul biologiese ouers woon nie: net twee van die 15 deelnemers (13%) woon by albei hul biologiese ouers, terwyl die orige 87% se gesinne verbrokkel het. Uit die antwoorde op vraag 2 en 3 (verhoudings met ma en pa) is bevind dat die meerderheid deelnemers (87%) goeie verhoudings met hul biologiese pa’s het, terwyl veertien van die 15 deelnemers (93%) problematiese verhoudings met hul ma’s gehad het. Dit blyk verder uit die deelnemers se antwoorde op vraag 4, oor hulle ervarings in die ouerhuis, dat die meerderheid



**Figuur 1:** *Konseptuele raamwerk vir hierdie studie*

**TABEL 2:** Semi-gestruktureerde vrae wat aan die deelnemers gestel is

Vraag 1	Vertel my meer van jouself en jou huis. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Waar woon jy?</li> <li>• Bly jy by Pa en Ma?</li> <li>• Hoeveel boeties en sussies het jy?</li> </ul>
Vraag 2	Hoe sal jy jou pa (of stiefpa) beskryf?
Vraag 3	Hoe sal jy jou ma (of stiefma) beskryf?
Vraag 4	Is jy gelukkig in jou ouerhuis? Wat is vir jou lekker?
Vraag 5	Hoe tree jou ouers op as jy iets goeds doen of help in die huis? (Byvoorbeeld: Help met huistakies, tuinwerk en motors was.)
Vraag 6	Wat doen jou ouers as jy iets stouts doen? (Byvoorbeeld: Hoe sal jou ouers optree as jy nie betyds huis toe kom nie?)
Vraag 7	Is jou ouers betrokke by die skool?
Vraag 8	Vertel jy jou ouers as iets jou ongelukkig maak?
Vraag 9	Ken jou ouers jou maats?
Vraag 10	Wat het gebeur tussen jou en X? Wat het jou kwaad gemaak?

van die deelnemers (80%) hul ouerhuise as minder gelukkig beleef. Net 20% van die deelnemers kon sonder huiwering sê dat hulle gelukkig in hul ouerhuise is.

Op vraag 5 (beloning) antwoord 80% van die deelnemers dat hul ouers hulle nie met iets tasbaars beloon indien hulle met huis- of ander takies help nie. Die deelnemers dui ook net aan dat hul ouers “dit raaksien” en die afleiding kan gemaak word dat daar nie ’n gesprek met die kind gevoer word om positiewe terugvoering oor hul hulp te gee nie. Positiewe gedrag is dus nie versterk nie. Net twee deelnemers word tasbaar met ’n pakkie sigarette beloon. Toe die onderhoude gevoer is, was die deelnemers onderskeidelik 15 en 17 jaar oud. Die ouers keur dus die rookgewoonte goed, en bevorder en versterk dit selfs deur sigarette as beloning te gebruik. Nie een van die twee deelnemers het aangedui dat hul ouers hulle oor die skadelike en nadelige gevolge van die rookgewoonte ingelig het of ’n gesprek met hulle daarvoor gevoer het nie. Uit die antwoorde op vraag 6, oor die ouers se optrede as die deelnemers iets verkeerd doen, blyk dit dat die meerderheid ouers (60%) net met hul kinders sal praat as hulle onaanvaarbare gedrag openbaar en dat daar nie definitiewe straf of gevolge vir verkeerde optrede is nie. Dit blyk dat positiewe gedrag nie beloon en versterk word nie, en negatiewe gedrag ook nie gestraf word nie.

In antoord op vraag 7, wat handel oor ouers se betrokkenheid by die skool, dui dertien van die 15 deelnemers (87%) aan dat hul ouers nie by die skool betrokke is nie. Net twee deelnemers (13%), het aangedui dat hul ouers ouergeleenthede bywoon, alhoewel nie op gereelde basis nie. Een deelnemer stel dit duidelik: “hulle laaik dit nie” om by die skool betrokke te wees nie. Net twee van die 15 deelnemers (13%) het op vraag 8 aangedui dat hul verhouding met hul ouers sodanig is dat hulle hul sal vertel as iets hulle gelukkig of ongelukkig maak. Dit blyk dat die meerderheid deelnemers hul ouers as ontoeganklik en emosioneel afwesig ervaar en dat hulle nie hulle vreugde en leed met hul ouers deel nie. Hulle bespreek nie gebeure by die skool of lewensgebeurlikhede, soos tienerswangerskap, kindermolestering, middelmisbruik, verkragting, dood, aanneming, egskeiding en MIV-status, met hul ouers nie. Daar is dus ’n gebrek aan kommunikasie tussen die ouers en die kinders.

Uit die antwoorde op vraag 9, wat handel oor of hul ouers hul vriende ken, blyk dit dat oor die algemeen die ouers nie hul kinders se vriende ken nie. Kinders word byvoorbeeld toegelaat om met vriende uit te gaan wat middels misbruik. Uit die antwoorde op vraag 10 oor die snellers wat gelei het tot die uitbreek van die gevegte waarby hierdie deelnemers betrokke was, kan die afleiding gemaak word dat die gevegte ontstaan het as respons op ’n skynbaar nietige voorval. Dertien van die 15 gevegte (87%) wat ondersoek is, het ontstaan as respons op ’n opmerking. Een geveg het uitbreek nadat die deelnemer ’n medeleerling se hare aan die brand gestee het en ’n ander geveg, omdat die deelnemer meen hy word geboelie. Dit blyk dat hierdie deelnemers vinnig kwaad word en impulsief optree met geen beheer oor hulle woede nie en dan buite hulself reageer.

## 4.2 Bespreking van navorsingsbevindinge

### 4.2.1 *Akkumulatiewe sistemiese faktore wat bydra tot die aggressiewe gedrag van leerlinge met MID*

Uit die navorsingsbevindinge saamgestel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude, leerderprofiel en waarnemings is bevind dat die gesinsfunksionering en dinamika in die deelnemers se ouerhuise in alle gevalle problematies was. Hierdie problematiek word vervolgens hier onder bespreek.

Al die deelnemers het in gesinne gewoon wat besondere uitdagings aan hulle gestel het en daarom kan *problematiese gesinsfunksionering* uitgelig word as die mees beduidende akkumulatiewe faktor wat tot hierdie deelnemers se aggressiewe gedrag bygedra het. Veertien van die 15 deelnemers (93%) se gesinne het as gevolg van 'n verskeidenheid gebeure verbrokkel: uit die vyftien deelnemers is agt (54%) deur egskeiding geraak; drie (20%) het 'n ouer of albei ouers aan die dood afgestaan; twee (13%) is deur aanneming geraak; en een deelnemer (7%) is tydelik uit die gesin verwyder en in 'n kinderhuis geplaas. Hierdie deelnemers het verlies en die trauma wat gepaard gaan met die skeiding van 'n ouer ervaar (Moen 2017:164) – 'n pynlike gebeurtenis waarvan sommige steeds die emosionele pyn weens dusdanige verlies herleef (Chae 2016:1745). Die skeiding was ook vir hierdie deelnemers 'n ontwrigtende tydperk wat gepaardgegaan het met verhuising, aanpassings in nuwe woonbuurte en nuwe skole. Sommige van hulle se toesighoudende ouer moes langer ure werk, wat daartoe gelei het dat daar minder tyd en energie was om aan hierdie kinders te spandeer (Goisis, Özcan & Van Kerm 2019:788). Die deelnemers wat deur gesinsverbrokkeling geraak is, het ook emosionele verwaarlosing, verwerping en verlies beleef en het nie die nodige ondersteuning gekry om hierdie veranderinge te hanteer nie. Hulle is alleen gelaat om hierdie gebeure met hulle ingeperkte vermoëns self te verwerk. Die ouers toon dikwels wisselvallige ouerskapspraktyke omdat hulle nie altyd die energie of tyd het om dissipline konsekwent toe te pas nie. Hulle is ook nie altyd daarvan bewus dat kinders stokkiesdraai, nie huiswerk doen nie of dat hulle nie met hul akademie byhou nie en hul punte gevolglik verswak (Johnsen, Litland & Hallström 2018:42).

Die deelnemers se *problematiese bindings met hulle ma's* was 'n verdere akkumulatiewe faktor wat tot die ontwikkeling van hul aggressiewe gedrag bygedra het. Tien van die 15 deelnemers (67%) het aangedui dat hulle binding met hul ma's baie swak was, terwyl vier deelnemers (27%) geen beskrywing van hulle verhoudings met hul ma's kon gee nie. Net een deelnemer (7%) het aangedui dat sy 'n goeie verhouding met haar ma het, maar sy het op 'n ander vlak problematiese binding met haar ma beleef.

Binding met die ma is die primêre gevoelsband wat ontwikkel tussen die kind en sy/haar primêre versorger (Szalai, Czeglédi, Vargha & Grezsa 2017:1007) en die hoofdoel van die bindingsproses is dat die kind moet voel dat hy op sy primêre versorger/s vir nabyheid en beskerming kan steun en vertrou (Bowlby 1988; Guedes, Santos, Ribeiro, Freitas, Rubin & Verissimo 2018:197-199). 'n Kind wat veilig voel, vind dit gemaklik om sy leefwêreld te verken en sy energie te gebruik om sin te maak van nuwe uitdagings en ervarings (Moen 2017:152). 'n Ouer wat 'n hegte band met 'n kind vorm, toon positiewe en sensitiewe gedrag teenoor hulle kinders se emosies en behoeftes (Georgiou 2008:121). Die kinders voel veilig en hulle ervaar dat die ouers hulle aanvaar, dat die ouers beskikbaar is en dat hulle hul ouers kan vertrou. Ouers wat op hul kinders se behoeftes reageer, skep die gevoel by die kinders dat hulle beskikbaar is en dat hulle (dit wil sê, die kinders) enigiets met hul ouers kan deel, dat hul ouers ondersteunend is en dat hulle veilig by hul ouers is (Georgiou 2018:121).

Deelnemers wat hul ma's as onsensitief en emosioneel afwesig beleef, soek nie toenadering, beskerming en vertroosting by hul ma's nie. Deelnemer 10 se verhouding met haar ma was so swak dat sy nie haar ma se hulp gevra het toe sy swanger geword en die baba in 'n miskraam verloor het nie. Sy het ook nie hulp by haar ma gevra toe sy as klein kind seksueel gemolesteer is nie. Sy voel sy kan haar ma nie vertrou en op haar staatmaak vir hulp nie. Toe sy wel haar ma om hulp vra na 'n verkragtingsvoorval, het haar ma haar nie geglo nie. Sy moes 'n familielid vra om vir haar mediese hulp ná die miskraam en die verkragtingsvoorval te kry. Sy voel haar ma gee nie vir haar om nie, bied geen beskerming of hulp aan haar nie, is emosioneel afwesig

en onsensitief teenoor haar. Deelnemer 1, weer, se vertrouensverhouding met sy aanemma is verbreek, omdat sy vir hom gejoj het oor sy aanneming en daarna nie sensitief genoeg was om vir hom hulp te bied om dit te verwerk nie. Deelnemer 2 se verhouding met sy ma is problematies en die rolle is omgeruil. Hy kan nie op haar staatmaak vir beskerming, hulp en raad nie. Inteendeel, hy moet haar telkens teen haar gewelddadige vriend beskerm en hy probeer haar ook help om uit die verhouding te kom. Hy beskou haar dus as onbetroubaar, want sy verbreek telkens die beloftes wat sy teenoor hom maak.

Die gebrek aan empatie, emosionele afwesigheid en geen ondersteuning is ook by die ander deelnemers waarneembaar: deelnemer 13 se ma sien nie haar hartseer ná haar pa se dood raak nie; deelnemer 15 beleef haar ma as emosioneel onstabiel, met wisselende buie en sy kan dus nie op haar vertrou vir raad of ondersteuning nie; deelnemer 14 voel haar ma beskerm haar nie teen haar gewelddadige pa en broer nie; deelnemer 7 kan niks met sy ma bespreek nie, want sy hou nie daarvan om te praat nie; deelnemers 4 en 9 se ma's is onbetrokke by hulle en verwag van hul ouer broers om die rol van die ouer te vervul; deelnemer 11 sien haar ma as onbevoegd en minderwaardig daarom steun sy nie op haar ma nie; en deelnemer 12 se ma is so baie uitstедig, dat sy nie op haar kan staatmaak vir enige leiding en ondersteuning nie.

Dit blyk dat hierdie deelnemers nie sterk, veilige bande met hul ma's gevorm het nie, hulle moes dikwels ervaar dat hul ma's hulle in die steek gelaat het en dat hulle nood en behoeftes misken is. Hulle het 'n gebrek aan veiligheid, simpatie en empatie, omdat hulle nie 'n ondersteunende, sensitiewe ma gehad nie. Veilige binding verseker die kind se fisiese en emosionele veiligheid asook sy verwagtinge en gedrag in toekomstige verhoudings (Szalai *et al.* 2017:1008). Indien die moeder, daarenteen, onsensitief en onsimptatiek is, ontwikkel die kinders 'n onveilige en angstige binding of verhouding (Vandesande, Bosmans, Schuengel & Maes 2019:106-107). Sulke kinders ontwikkel negatiewe verwagtinge van hulself en van hulle verhoudings met ander mense en die moontlikheid dat hulle aggressiewe gedrag gaan toon, word groter (Guedes, Santos, Ribeiro, Freitas, Rubin & Verissimo 2018:197-198). Onsensitiewe moeders veroorsaak gevoels-disregulering in die kind, wat dit gevolglik moeilik vind om negatiewe emosies te verwerk (Olson, Bates & Lanthier 2002:119). Hierdie kinders soek selde toenadering en vertroosting by die ouers, hulle toon beperkte positiewe emosies en hulle beleef onverklaarbare episodes van geïrriteerdheid, ongelukkigheid, angstigheid en vrees (Moen 2017:154).

Verbandhoudend met die bogenoemde, is *verwerping* deur ouer/s en of familie 'n verdere akkumulatiewe faktor wat tot die ontwikkeling van aggressiewe gedrag by die deelnemers bygedra het. Sewe van die 15 deelnemers (47%) het verwerping beleef. Kinders beleef verwerping as hulle ouers emosioneel afwesig is, nie toegeneë is nie, geen of min liefde gee, en nie warmte en empatie teenoor hulle toon nie (Guedes *et al.* 2018:296-297; Schaan & Vögele 2016:1267-1268). Volgens Moen (2017:161) is dit in die menslike aard om aanvaarding te soek en verwerping te vermy. Indien kinders liefde en aanvaarding van hul ouers ervaar, beleef hulle hulself as waardig en is oop vir positiewe interaksie met ander persone (Crockenberg & Leerkes 2003:83). Indien hulle daarenteen verwerping beleef, gaan dit gepaard met vyandigheid, emosionele onttrekking, jaloesie en neerslagtigheid (Llorca, Richaud & Malonda 2017:1-3; Georgiou 2008:110). Deelnemer 1 ervaar dat sy biologiese ouers hom verwerp het toe hy vir aanneming beskikbaar gestel is en hy beleef ook verwerping deur sy stiefbroer. Deelnemers 3 en 12 voel hul biologiese pa's het hulle verwerp, omdat daar geen kontak van die pa's af kom nie; deelnemer 15 het ook verwerping deur haar pa en haar grootouers beleef. Deelnemers 10 en 11 voel hul ma's het hulle verwerp en verkies ander sibbe bo hulle. Deelnemer 2 beleef dat sy ma hom vewerp het, want sy verkies haar mansvriende

bo haar biologiese kinders. Sommige van hierdie deelnemers het dus verwerping deur meer as een gesinslid beleef, wat hierdie deelnemers met 'n gevoel van minderwaardigheid, 'n gebrek aan selfvertroue en 'n swak selfbeeld gelaat het. Schaan en Vögele (2016:1267) bevind dat as ouers 'n kind verwerp, daar aggressie in die kind ontwikkel. Ook Bondü en Richter (2016:292) toon die verband tussen verwerping en aggressie aan – veral reaktiewe aggressie waaraan al hierdie deelnemers skuldig was. Al hierdie deelnemers wat verwerping beleef het, het ook problematiese bande met hul ma's gevorm en hulle kon nie op die begeleiding van hulle primêre versorger staatmaak om hierdie gebeure te verwerk nie.

#### 4.2.2 *Snellers wat tot aggressie by leerlinge met MID lei*

Die snellers wat tot die aangemelde aggressie onder die deelnemers gelei het, was in respons op uitlokking, 'n tergery, onvanpaste opmerkings, boeliegedrag, en fisiese afknouery. Veertien van die 15 deelnemers (93%) was by 'n fisiese bakleiery en een deelnemer by 'n verbale bakleiery betrokke. Albei hierdie vorms van aggressie word as direkte aggressie gedefinieer en was daarop gemik om die persoon seer te maak of te beledig (Kaat, Farmer, Gadow, Findling, Bukstein, Arnold, Bangalore, McNamara & Aman 2015:2734). Normaalweg behoort hierdie tipe aggressie vanaf tweejarige ouderdom af te neem namate die kind se intellektuele, emosionele en sosiale vaardighede toeneem (Aimé, Paquette, Déry & Verlaan 2018:383; Girard, Tremblay, Nagin & Côté 2019:836). Die gebrekkige ontwikkeling van hierdie deelnemers het egter daartoe bygedra dat hulle op adolessentvlak steeds direkte aggressie gebruik het om geskille te besleg (Vitaro, Brendgen & Barker 2000:114; Swearer & Hymel 2015:506; Girard *et al.* 2019:836). Volgens Jambon en Smetana (2018:343) toon kinders met 'n lae intelligensiepeil en gepaardgaande swak verbale vermoëns, direkte aggressie.

Direkte, reaktiewe aggressie is 'n reaksie op uitlokking, belediging of tergery (Doherty & Hughes 2014:401) en gaan dikwels gepaard met 'n gevoel van frustrasie en 'n onvermoë om 'n situasie te kan hanteer (Kaat *et al.* 2015:2734-2735). Reaktiewe aggressie ontstaan omdat die kind dit moeilik of onmoontlik vind om sy emosies te beheer (Oostermeijer, Smeets, Jansen, Jambroes, Rommelse, Scheepers, Buitelaar & Popma 2017:396) en is gewoonlik 'n impulsiewe reaksie uit verdediging, frustrasie of weerwraak (Kaat *et al.* 2015:2734). Reaktiewe aggressie gaan ook gepaard met 'n gevoel van intense woede en die aggressor reageer buite beheer sonder om aan die gevolge van sy dade te dink (Doherty & Hughes 2014:401-402). Al die deelnemers sukkel as gevolg van hul inperkinge en die gebrekkige voorbeeld wat hulle tuis kry met selfbeheersing (Rieffe, Broekhof, Kouwenberg, Faber, Tsutsui & Güroğlu 2016:439). Hulle kan hul negatiewe emosies en woede nie onderdruk nie, het 'n lae toleransievlak en word gevolglik baie vinnig kwaad (Poulin & Boivin 2000:116).

Ses deelnemers erken dat toestande en gebeure in die ouerhuis veroorsaak dat hulle met onverwerkte woede skool toe gaan en dan sneller die geringste insident 'n impulsiewe woedereaksie. Daar kan egter aanvaar word dat, in die lig van al die negatiewe faktore wat hierdie deelnemers tuis beleef, al die deelnemers elke dag met negatiewe belewinge en onverwerkte emosies skool toe gaan, wat met die geringste provokasie op aggressiewe gedrag kan uitloop. Die deelnemers het nie die vermoë om al die negatiewe gebeure by hul ouerhuise vir hulself te verwerk nie – om verstaanbare redes het hul negatiewe belewinge en onverwerkte emosies tydens die geringste provokasie by die skool tot uitbarstings gelei.

Die genoemde snellers wat tot die woede-uitbarstings gelei het, was dus eintlik sekondêr. Die primêre sneller was die problematiese huislike omstandighede wat die deelnemers weens hul inperkinge nie kon verwerk nie. Die akkumulاسie van die verskeie negatiewe faktore in

die deelnemers se lewens was die primêre snellers vir hulle aggressiewe gedragsuitvalle by die skool.

#### 4.2.3 *Identifiseerbare ouerskapspraktyke by die ouers van aggressiewe leerlinge met MID*

Hoe ouers teenoor 'n kind optree, hom hanteer en behandel, met ander woorde, die ouers se ouerskapspraktyk, is bepalend in die vorming van die kind se gedrag. Ten spyte van baie veranderinge in moderne tye, leer kinders steeds gedrag by ouers aan en die tipe ouerskapspraktyk wat die ouers volg, is 'n sterk bepalende faktor vir die kind se latere gedrag (Charalampous, Demetriou, Tricha, Ioannou, Georgiou, Nikiforou & Stravrinides 2018:110, 118). Die tipe ouerskapspraktyk wat die ouer toepas, is die bloudruk waarop die kind sy optrede en gedrag in die toekoms gaan skoei.

In die ontleding van die data is onbetrokke ouerskapspraktyk as die negatiefste invloed op die deelnemers geïdentifiseer. Die ouers se onbetrokkenheid het tot ander negatiewe ouerskapspraktyke gelei, soos gebrekkige kommunikasie, verwerping, botsende ouerskapspraktyke en inkonsekwente toepassing van dissipline.

'n Direkte gevolg van die ouers se onbetrokkenheid was dat veertien van die 15 deelnemers (93%) tydens die onderhoud aangedui het dat daar geen of gebrekkige kommunikasie tussen hulle en hul ouers is. As gevolg van hierdie gebrekkige kommunikasie, beleef die deelnemers dat hul ouers nie in voeling is met hulle behoeftes nie, dit nie raaksien nie of dit ignoreer. Gevolglik is daar geen steunewing en begeleiding aan hierdie deelnemers gebied om traumatiese gebeure in hul lewens te verwerk nie. Die ouers het eerder kritieke, sensitiewe onderwerpe soos tienerswangerskap, middelgebruik, verkragting, kindermolestering, dood, aanneming, egskeding en finansiële probleme vermy as om dit met die kinders te bespreek. Die deelnemers beleef dit dat hulle geen emosionele ondersteuning van hul ouers kry nie en dikwels alleen gelaat word om self probleme te hanteer (Alink, Mesman, Van Zeijl, Stolk, Juffer, Bakermans-Kranenburg & Van Ijzendoorn 2008:99-100).

Onbetrokkenheid lei ook daartoe dat die kinders nie verantwoordelik gehou word om by reëls te hou nie en dit verhoog hul risiko om gedragsprobleme soos aggressie te ontwikkel (Temba 2019:1173-1174). Ouers wat by hul kinders se opvoeding betrokke is, goeie kommunikasie met hulle het, hulle vriende ken en hulle in hulle buitemuurse en skoolaktiwiteite ondersteun, help hulle kinders om 'n goeie selfbeeld te ontwikkel en verminder hul kans om gedragsprobleme te ontwikkel (Efobi & Nwokolo 2014:513).

Onbetrokke ouers versterk ook nie positiewe gedrag nie (Davis & Carlo 2018:140) en verbeur die geleentheid om die positiewe resultate van aanvaarbare gedrag aan hul kinders oor te dra. Die meerderheid deelnemers se goeie dade word nie beloon of versterk nie. Ouers se onbetrokkenheid lei ook daartoe dat kinders nie tot verantwoording geroep word vir verkeerde gedrag nie en dit verhoog die kind se risiko om aggressiewe gedragsprobleme te ontwikkel (Temba 2019:1173-1174). Kinders word dus selde gedissiplineer, wat tot gevolg het dat die kind aanneem dat sy gedrag sy ouers se goedkeuring wegdra en daarom aanvaar dat dit die korrekte manier van optrede is (De Witt 2014:308). Daarom lei hierdie ouerskapspraktyk tot die meeste gedragsprobleme by kinders, soos dwelmmisbruik, sielkundige probleme, 'n swak selfbeeld, hoë vlakke van aggressie en antisosiale gedrag (Ehrenreich *et al.* 2014:423).

Dit het geblyk dat al die deelnemers aan meer as een tipe ouerskapspraktyk blootgestel is. Dikwels het die praktyke van die ouers in dieselfde huis verskil, en dikwels is die deelnemers in verskillende huishoudings (die gevolg van gesinsverbrekking) aan verskillende ouerskaps-

praktyke blootgestel. Tien van die 15 deelnemers het minstens een ouer gehad wat die permissiewe ouerskapspraktyk toegepas het. Die ander ouer van hierdie 10 deelnemers het 'n onbetrokke ouerskapspraktyk toegepas, wat daartoe gelei het dat die deelnemers onseker en onveilig gevoel het. Met 'n kombinasie van 'n permissiewe en 'n onbetrokke ouer, is die deelnemers se kans om sosiaal-onaanvaarbare gedrag te erken of openbaar, verlaag. Omdat daar geen grense vir die deelnemers gestel is nie en daar nie gevolge vir hulle verkeerde optrede was nie, het die deelnemers die vryheid gehad om te doen wat hulle wou. Deur nie te weet wat van hulle verwag word nie, gekombineer met die uiteenlopende ouerskapspraktyke wat toegepas is, het dit aanleiding gegee tot verwarring en onsekerheid by die deelnemers.

Drie deelnemers het minstens een ouer gehad wat hulle as outoritêr beleef het, terwyl hul ander ouer of ouers onbetrokke teenoor hulle gestaan het. Hierdie deelnemers was in 'n baie moeilike situasie, want hulle kon nie hulle vrees vir en ongelukkigheid oor die een ouer se outoritêre gedrag met 'n ander ouer deel nie. Die onbetrokke ouer was emosioneel afwesig en die deelnemers moes hul ander ouer se outoritêre optrede self verwerk. Outoritêre ouers is baie streng en kinders word nie toegelaat om hul ouers se gesag en opdragte te bevraagteken nie (Baumrind 2012:44). Hierdie ouers besluit wat reg en wat verkeerd is en kinders word nie toegelaat om 'n eie mening te hê nie. Outoritêre ouers pas swaar strawwe toe en dissipline gaan dikwels met geweld gepaard (Inhabe & Bentler 2016:259-261; Moen 2017:159). Hulle toon min warmte, ondersteuning, liefde en empatie en het gebrekkige kommunikasie met hul kinders. Hierdie ouerskapspraktyk lei daartoe dat kinders 'n swakker selfbeeld het en meer aggressiewe gedrag openbaar (Greening *et al.* 2010:359). Omdat die kind die voorbeeld van die ouer(s) se gedrag navolg, lei fisiese geweld deur die ouer tot aggressiewe en gewelddadige gedrag deur die kind (Van der Merwe, Dawes & Ward 2012:63-64). Die kinders beskou aggressiewe gedrag as 'n normale deel van interpersoonlike verhoudings (Gómez-Ortiz, Romera & Ortega-Ruiz 2016:140), omdat dit die enigste voorbeeld is wat hulle kry (Ehrenreich *et al.* 2014:423).

Benewens onbetrokke en permissiewe ouers, het *aggressiewe ouerskapspraktyke* in hierdie studie uitgestaan. Drie deelnemers het aangedui dat hulle geen aggressie in hulle gesinne beleef het nie; dus was 12 van die 15 deelnemers aan fisiese en verbale geweld binne hul gesinne blootgestel – as toeskouer, slagoffer of aggressor. Aggressiewe ouerskapspraktyk is nie deel van Baumrind se ouerskapstylmodel nie, want hierdie ouers pas nie 'n outoritêre ouerskapstyl en -praktyk toe nie. Die deelnemers was dus nie altyd die slagoffer nie, maar geweld en aggressie was deel van die daaglikse lewe in hul gesinne. Die ouers se voorlewing was dat woede en frustrasie nie beheer hoef te word nie en dat aggressiewe gedrag aanvaarbaar is. Omdat die deelnemers met ingeperkte ontwikkeling nie besef het dat hul ouers se voorbeeld onaanvaarbaar was nie, het hulle dit in ander kontekste toegepas. Kinders wat in die ouerhuis aan aggressie blootgestel word, toon 'n verhoogde geneigdheid tot aggressiewe, antisosiale gedrag en geweld, want hulle skoei hul eie gedrag op die model wat hulle tuis leer ken het (Pileggi 2017:2; Hsien & Yen 2019:317). Dit is des te meer op kinders met 'n IK van tussen 55 en 70 van toepassing. Die leerlinge met MID sal die voorbeeld wat hulle elke dag sien as korrek aanvaar en dit rigied navolg. Die vermoë om 'n oordeel oor hul ouers se gedrag te fel, ontbreek by hierdie leerlinge en hulle beskik nie oor die vermoë om vir hulleself 'n alternatiewe metode uit te werk om aan hul emosies uiting te gee nie. Dit lei daartoe dat die kind 'n versteurde idee van gesins-, familie- en verhoudinge in die algemeen ontwikkel en hy skoei sy gedrag op hierdie verkeerde voorbeeld. Ouers se gebruik van geweld en aggressie om 'n geskil op te los, normaliseer die tipe gedrag vir die kind (Ngqela & Lewis 2012:90).

In hierdie studie is bevind dat die deelnemers aan meer as een tipe, en dikwels botsende, ouerskapspraktyke blootgestel is. Al die deelnemers het minstens een onbetrokke ouer gehad

en die tweede (in sommige gevalle derde en vierde ouer) was aggressief, outoritêr of permissief. Hierdie *botsende praktyke* het die deelnemers verwar en hulle onseker gelaat – wat direk tot die leerlinge se aggressiewe gedagsuitvalle bygedra het.

#### 4.2.4 *Die verband tussen onderskeidelik die ouerskapspraktyke en die aggressiewe gedrag van spesialeskoolleerlinge met matige intellektuele disfunksie (MID)*

Daar is bevind dat daar 'n direkte verband tussen gebrekkige ouerskapspraktyke en die aggressiewe gedrag van leerlinge met MID is. Siende dat die deelnemers se ouers gebrekkige ouerskapspraktyke toegepas het, het dit die deelnemers laat voel dat hul ouers emosioneel en soms fisies afwesig was, dat hulle self verwaarloos en verwerp was, dat hulle verlies beleef het, en dat daar nie begrip en ondersteuning vir hulle behoeftes en nood was nie. Buiten die ouers se gebrekkige ouerskapspraktyke is die deelnemers ook aan akkumulatiewe negatiewe faktore blootgestel, soos egskedings, plasing in 'n kinderhuis, dood van 'n ouer, aanneming, problematiese binding met die ma's, ouers wat hul werk verloor en verhuising met aanpassings in nuwe omgewings. Die gebrekkige ouerskapspraktyke van die deelnemers se ouers het nie aan laasgenoemde die nodige ondersteuning gebied om hierdie negatiewe gebeure te verwerk nie. Die deelnemers moes dit op hul eie doen en hulle is dikwels met onverwerkte emosies gelaat. Die aggressiewe gedragssuitvalle wat by die skool waargeneem is, was net 'n simptoom van die dieperliggende probleme by hierdie kohort leerlinge. Dit kan gesien word as 'n akkumulatie van verskeie negatiewe faktore wat met die geringste provokasie op aggressiewe gedrag uitgeloop het. Die insidente in die skool was nie die eintlike snellers vir die deelnemers se aggressie nie, maar eerder die lading van die onverwerkte negatiewe gebeure in hulle lewens.

## 5. GEVOLGTREKKING

Sover bekend, is hierdie studie die eerste navorsing in die Suid-Afrikaanse konteks oor die aggressiewe gedrag van spesialeskoolleerlinge met MID. Hierdie studie is moontlik ook die eerste wat die invloed van gebrekkige ouerskapspraktyke op die aggressiewe gedrag van spesialeskoolleerlinge met MID ondersoek het. Aggressiewe ouerskapspraktyke is as oorsaaklike faktor vir die aggressiewe gedrag van leerlinge geïdentifiseer. Dit verskil van Baumrind se outoritêre ouerskapstyl aangesien die ouers wat dit in hierdie studie toegepas het, nie noodwendig almal outoritêre ouers was nie.

Die tipiese kenmerke van leerlinge met MID kon, sover ons kennis strek, vir die eerste keer saamgestel en die stressors wat tot hul aggressiewe gedragssuitvalle lei geïdentifiseer word. Hierdie studie belig voorts die eiesoortige beleving van die leerling met MID en gee sodoende 'n stem aan hierdie kohort leerlinge.

## 6. BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

'n Beperking van hierdie studie is dat dit betrekking het op 'n klein groepie leerlinge met MID wat aggressiewe gedrag toon. Daar kan dus nie daarop aanspraak gemaak word dat die bevindinge op die hele MID-bevolking van toepassing is nie. Die werklike omvang van aggressie in spesiale skole vir leerlinge met matige intellektuele disfunksie, kon derhalwe nie bepaal word nie.

**BEDANKING**

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns word bedank vir ondersteuning vir my PhD-studie, waarvan hierdie artikel 'n herwerkte uittreksel verteenwoordig.

**BIBLIOGRAFIE**

- Aimé, C, Paquette, D, Déry, M & Verlaan, P. 2018. Predictors of childhood trajectories of overt and indirect aggression: an interdisciplinary approach. *Aggressive Behavior*, 44(4):382-393.
- Alink, LRA, Mesman, J, Van Zeijl, J, Stolk, MN, Juffer, F, Bakermans-Kranenburg, MJ & Van Ijzendoorn, MH. 2008. Maternal sensitivity moderates the relation between negative discipline and aggression in early childhood. *Social Development*, 18(1):99-120.
- Anderson, C. 2010. Presenting and evaluating qualitative research. *American Journal of Pharmaceutical Education*, 74(8):1-9.
- Babore, A, Carlucci, L, Cataldi, F, Phares, V & Trumello, C. 2017. Aggressive behaviour in adolescence: links with self-esteem and parental emotional availability. *Social Development*, 26(4):740-775.
- Baumrind, D. 1967. Child care practices anteceding three patterns of preschool behaviour. *Genetic Psychology Monographs*, 75(1):43-88.
- Baumrind, D. 1971. Current patterns of parental authorities. *Developmental Psychology Monographs*, 4(1):1-103.
- Baumrind, D. 2012. Differentiating between confrontive and coercive kinds of parental power-assertive disciplinary practices. *Human Development*, 55(2):35-51.
- Bondü, R. & Richter, P. 2016. Linking forms and functions of aggression in adults to justice and rejection sensitivity. *Psychology of Violence*, 6(2):292-302.
- Bowlby, B. 1988. *A secure base: parent-child attachment and healthy human development*. London: Routledge.
- Braun, V & Clarke, V. 2006. Using thematic analysis in psychology. *Qualitative Research in Psychology*, 3(2):77-101.
- Bronfenbrenner, U. 1979. *The ecology of human development*. Cambridge: Harvard University Press.
- Bronfenbrenner, U. 2005. *Making human beings human: bioecological perspective on human development*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Burlaka, V, Graham-Bermann, SA & Delva, J. 2017. Family factors and parenting in Ukraine. *Child Abuse & Neglect*, 72, Oct:154-162.
- Burton, P & Leoschut, L. 2013. *School violence in South Africa. Results of the 2012 national school violence study*. Monograph series, no 12. Cape Town: Centre for Justice and Crime Prevention.
- Campos, S, Resende, F, Martins, C, Ferreira, M, Alves, C & Albuquerque, C. 2018. Parental practices: impact on child behavior. *The European Proceedings of Social and Behavioural Sciences*, 12, (November):113-120.
- Carey, S, Zaitchik, D & Boscandziew, I. 2015. Theories of development: in dialogue with Jean Piaget. *Development Review*, 38, (December):36-54.
- Charalampous, K, Demetriou, C, Tricha, L, Ioannou, M, Georgiou, S, Nikiforou, M & Stravriniades, P. 2018. The effect of parental style on bullying and cyber bullying behaviors and the mediating role of peer attachment relations: a longitudinal study. *Journal of Adolescence*, 64 (Feb):109-123.
- Chae, S. 2016. Parental divorce and children's schooling in rural Malawi. *Demography*, 53(6):1743-1770.
- Crockenberg, SC. & Leerkes, EM. 2003. Parental acceptance, postpartum depression and maternal sensitivity: mediating and moderating processes. *Journal of Family Psychology*, 17(1):80-93.
- Davis, AN & Carlo, G. 2018. The roles of parenting practices, sociocognitive/emotive traits, and prosocial behaviors in low-income adolescents. *Journal of Adolescence*, 62 (Jan):140-150.
- DBE, *vide* Department of Basic Education.
- Department of Basic Education. 2014. Beleidstuk oor sifting, identifisering, assessering en ondersteuning (SIAO). Pretoria: Staatdrukker.
- Desai, M. 2010. *A rights-based preventative approach for psychological well-being in childhood, children's well-being: indicators and research*. New York, NY: Springer.

- De Witt, MW. 2014. *The young child in context: a thematic approach*. Pretoria: Van Schaik.
- Doherty, J & Hughes, M. 2014. *Child development. Theory and practice 0-11*. Harlow: Pearson Education.
- Dunn, M. 2010. Defining learning disability. Does IQ have anything significant to say? *Learning Disabilities: A Multi-Disciplinary Journal*, 16(1):31-40.
- Efobi, A & Nwokolo, C. 2014. Relationship between parenting styles and tendency to bullying behaviour among adolescents. *Journal of Education and Human Development*, 3(1):507-521.
- Ehrenreich, SE, Beron, KJ, Brinkley, DY & Underwood, MK. 2014. Family predictors of continuity and change in social and physical aggression from ages 9 to 18. *Aggressive Behavior*, 40(5):421-439.
- Georgiou, SN. 2008. Bullying and victimization at school: the role of mothers. *British Journal of Educational Psychology*, 78(1):109-125.
- Girard, L, Tremblay, RE, Nagin, D & Côté, SM. 2019. Development of aggression subtypes from childhood to adolescence: a group-based multi-trajectory modelling perspective. *Journal of Abnormal Child Psychology*, 47(5):825-838.
- Goisis, A, Özcan, B & Van Kerm, P. 2019. Do children carry the weight of divorce? *Demography*, 56:785-811.
- Gómez-Ortiz, O, Romera, EM & Ortega-Ruiz, R. 2016. Parenting styles and bullying. The mediating role of parental psychological aggression and physical punishment. *Child Abuse & Neglect*, 51 (January):132-143.
- Green, M & Piel, JA. 2014. *Theories of human development: a comparative approach*. Essex: Pearson Education.
- Greening, L, Stoppelbein, L & Luebke, A. 2010. The moderating effects of parenting styles on African-American and Caucasian children's suicidal behaviours. *Journal of Youth and Adolescence*, 39(4):357-369.
- Guedes, M, Santos, AJ, Ribeiro, O, Freitas, M, Rubin, KH & Veríssimo, M. 2018. Perceived attachment security to parents and peer victimization: does adolescents' aggressive behaviour make a difference? *Journal of Adolescence*, 65(Jun):296-206.
- Hsieh, Y & Yen, Y. 2019. Trajectories of loneliness and aggression from childhood to early adolescence in Taiwan: the roles of parenting and demographic predictors. *Journal of Early Adolescence*, 39(3):313-339.
- Ihabe, I & Bentler, PM. 2016. The contribution of family relationships to child-to-parent violence. *Journal of Family Violence*, 31(2):259-269.
- Jambon, M & Smetana, JG. 2018. Individual differences in prototypical moral and conventional judgements and children's proactive and reactive aggression. *Child Development*, 89(4):343-359.
- Johnsen, IO, Litland, AS & Hallström, IK. 2018. Living in two worlds – children's experiences after their parents' divorce – a qualitative study. *Journal of Pediatric Nursing*, 43 (November-December):41-45.
- Joubert, I, Hartell, C & Lombard, K (reds.). 2016. *Navorsing. 'n Gids vir die beginner-navorsers*. Pretoria: Van Schaik.
- Kaat, AJ, Farmer, CA, Gadow, KD, Findling, RL, Bukstein, OG, Arnold, LE, Bangalore, SS, McNamara, NK & Aman, MG. 2015. Factor validity of a proactive and reactive aggression rating scale. *Journal of Child Family Studies*, 24(9):2734-2744.
- Kabir, SMS. 2016. Methods of data collection. In *Basic guidelines for research: an introductory approach for all disciplines*. 1st edition. Bangladesh: Book Zone Publication, pp. 201-243.
- Kail, RV & Cavanaugh, JC. 2017. *Human development: a life-span view*. 5th edition. Australia: Cengage Learning.
- Kawulich, BB. 2005. Participant observation as a data collection method. *Forum: Qualitative Social Research*, 6(2).
- Langdon, PE, Clare, ICH & Murphy, GH. 2010. Developing an understanding of the literature relating to the moral development of people with intellectual disabilities. *Development Review*, 30(3):273-293.
- Leedy, PD & Ormrod, JE. 2014. *Practical research: planning and design*. Essex: Pearson Education.
- Llorca, A, Richaud, MC & Malonda, E. 2017. Parenting styles, prosocial and aggressive behaviour: the role of emotions in offender and non-offender adolescents. *Frontiers in Psychology*, 8 (Aug):1-11.
- Louw, D & Louw, A. 2010. *Child and adolescent development*. Bloemfontein: ABC Printers.

- Marcone, R, Affuso, G & Borrone, A. 2017. Parenting styles and children's internalizing-externalizing behaviour: the mediating role of behavioural regulation. *Current Psychology*, 39 (Dec):13-24.
- McDevitt, TM & Ormrod, JE. 2013. *Child Development and Education*. Boston, MA: Pearson Education.
- McKechnie, LEF. 2008. Observational research. In *The Sage Encyclopaedia of Qualitative Research Methods*, edited by LM Given. Thousand Oaks, CA: Sage, pp. 573-577.
- Mertens, DM & McLaughlin, JA. 2004. Research and evaluation methods in special education. DOI:10.4135/9781412985666.
- Miller, GM & Tolan, PH. 2019. The influence of parenting practices and neighborhood characteristics on the development of childhood aggression. *Journal of Community Psychology*, 47(1):135-147.
- Moen, M. 2017. 'n Ondersoek na die etiologiese faktore van kinders wat 'n familielid vermoor. PhD-proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Moen, M & Bezuidenhout, C. 2017. Familiemoord gepleeg deur kinders: 'n gevallestudie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(4):990-1002.
- Mulhall, A. 2003. In the field: notes on observation in qualitative research. *Journal of Advanced Nursing*, 41(3):306-313.
- Murray, C & Greenberg, MT. 2006. Examining the importance of social relationships and social contexts in the lives of children with high-incidence disabilities. *The Journal of Special Education*, 39(4):220-233.
- Ngqela, N & Lewis, A. 2012. Exploring adolescent learners' experiences of school violence in a township high school. *Child Abuse Research: A South African Journal*, 13(1):87-97.
- Nieuwenhuis, J. 2007. Analysing qualitative research. In *First steps in research*, edited by K Maree. Pretoria: Van Schaik, pp. 59-97.
- Oldfield, J, Humphrey, N & Hebron, J. 2017. Risk factors in the development of behaviour difficulties among students with special educational needs and disabilities: a multilevel analysis. *British Journal of Educational Psychology*, 87(2):146-169.
- Olson, SL, Bates, JM & Lanthier, R. 2002. Early developmental precursors of externalizing behavior in middle childhood and adolescence. *Journal of Abnormal Child Psychology*, 28 (Apr.):119-133.
- Oostermeijer, S, Smeets, KC, Jansen, LMC, Jambroes, T, Rommelse, NNJ, Scheepers, FE, Buitelaar, JK & Popma, A. 2017. The role of self-serving cognitive distortions in reactive and proactive aggression. *Criminal Behaviour and Mental Health*, 27(5):395-408.
- Piaget, J. 1972. Intellectual evolution from adolescence to childhood. *Human Development*, 15(1):1-12.
- Piaget, J & Inhelder, B. 1969. *The psychology of the child*. New York, NY: Basic Books.
- Pileggi, LA. 2017. Investigating correlates of aggressive behaviour in South African children and young adolescents living in the Western Cape: the role of empathy. PhD thesis. University of Cape Town. Cape Town
- Pillay, J & Terlizzi, MD. 2009. A case study of a learner's transition from mainstream schooling to a school for learners with special educational needs (LSEN): lessons for mainstream education. *South African Journal of Education*, 29(4):491-495.
- Poulin, F & Boivin, M. 2000. Reactive and proactive aggression: evidence of a two-factor model. *Psychological Assessment*, 12(2):115-122.
- Raboteg-Šarić, Z, Rijavec, M & Brajša-Žganec, A. 2001. The relation of parental practices and self-conceptions to young adolescent problem behaviours and substance use. *Nord J Psychiatry*, 55(3):203-209.
- Ravitch, SM. & Carl, NM. 2016. *Qualitative research. Bridging the conceptual, theoretical, and methodological*. Los Angeles, CA: Sage.
- Rieffe, C, Broekhof, E, Kouwenberg, M, Faber, J, Tsutsui, MM & Güroğlu, B. 2016. Disentangling proactive and reactive aggression in children using self-report. *The European Journal of Developmental Psychology*, 13(4):439-451.
- Rode, D, Rode, M, Marganski, AJ & Januszek, M. 2019. The impact of physical abuse and exposure to parental IPV on young adolescents in Poland: a clinical assessment and comparison of psychological outcomes. *Journal of Family Violence*, 34(5):435-444.
- Rohner, RP & Lansford, JE. 2017. Deep structure of the human affectional system: introduction to interpersonal acceptance-rejection theory. *Journal of Family Theory Review*, 9(4):426-440.
- Santrock, JW. 2001. *Adolescence*. New York, NY: McGraw Hill.

- Schaan, VK & Vögele, C. 2016. Resilience and rejection sensitivity mediate long-term outcomes of parental divorce. *Early Child and Adolescent Psychiatry*, 25(Jul):1267-1269.
- Schalock, RL, Gomez, LE, Verdugo, MA & Claes, C. 2017. Evidence and evidence-based practices: are we there yet? *Intellectual and developmental disabilities*, 55(2):112-119.
- Schneider, NC, Coates, WC. & Yarris, LM. 2017. Taking your quantitative research to the next level: a guide for the medical educator. *Society for Academic Emergency Medicine*, 1(4):368-375.
- Schutte, EJM. 2017. Aanskouers se beleving van afknouery: 'n gevallestudie van 'n multi-kulturele skool. MEd-verhandeling. Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.
- Shaw, DS, Bell, RQ & Gilliom, M. 2002. A truly early starter model of antisocial behavior revisited. *Clinical Child and Family Psychology Review*, 3(3):155-172.
- Swearer, S & Hymel, S. 2015. Bullying and discrimination in schools: exploring variations across student subgroups. *School Psychology Review*, 44(4):504-509.
- Szalai, TD, Czeglédi, E, Vargha, A & Grezsa, F. 2017. Parental attachment and body satisfaction in adolescents. *Journal of Child and Family Studies*, 26(4):1007-1017.
- Temba, IJ. 2019. The importance of parental styles and disciplinary strategies in child's rearing. *The Journal of International Social Research*, 12(63):1173-1178.
- Terre Blanche, M, Durrheim, K & Painter, D (eds). 2010. *Research in practice: applied methods for the social sciences*. Cape Town: UCT Press.
- Van der Merwe, A, Dawes, A & Ward, CL. 2012. The development of youth violence: an ecological understanding. In *Youth Violence: Sources and Solutions in South Africa*. Claremont: UCT Press, pp. 63-92.
- Vandesande, S, Bosmans, G, Schuengel, C & Maes, B. 2019. Young children with significant developmental delay differentiate home observed attachment behaviour towards their parents. *Journal of Applied Research in Intellectual Disabilities*, 32(1):106-120.
- Van Rensburg, CJJ & Landman, WA. 1990. *Fundamenteel-pedagogiese begrips-verklaringe*. Kaapstad: NG Kerk-Boekhandel.
- Vitaro, F, Brendgen, M & Barker, ED. 2000. Reactive and proactive aggression: evidence of a two-factor model. *Psychological Assessment*, 12(2):114-122.
- Ward, CL, Gould, CKJ, Kelly, C & Mauff, K. 2015. Spare the rod and save the child: assessing the impact of parenting on child behaviour and mental health. *SA Crime Quarterly*, 51 (March):9-22.

# 'n Diachroniese benadering tot die ontwikkeling van die progressiewe perifrastiese konstruksies in Afrikaans en Nederlands: 'n Korpusondersoek\*

*A diachronic approach to the development of the progressive periphrastic constructions in Afrikaans and Dutch: A corpus study*

## RONÉ WIERENGA

Virtuele Instituut vir Afrikaans  
en Noordwes-Universiteit  
Potchefstroom, Suid-Afrika  
ORCID: 0000-0002-7172-7165  
E-pos: rone@viva-afrikaans.org



Roné Wierenga



Adri Breed

## ADRI BREED

Noordwes-Universiteit  
Potchefstroom, Suid-Afrika  
ORCID: 0000-0003-0302-0368  
E-pos: adri.breed@nwu.ac.za

**RONÉ WIERENGA** is tans 'n taalkundeskrywer en -navorsers vir die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). Hierbenewens is sy ook werksaam by die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT) en die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Letterkunde (DBAL), en sy is ook navorsingsassistent in Sosiofonologie by die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXt). Sy is vanjaar 'n Meestersgraadstudent in Linguistiekteorie aan die Noordwes-Universiteit. Haar navorsing fokus op diachroniese, beskrywende taalkunde, sintaksis en korpuslinguistiek. In 2019 verwerf sy 'n BA Honneurs in Afrikaans en Nederlands, met Klassieke Latyn en Engels as addisionele modules, aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus.

**RONÉ WIERENGA** is an author and researcher in linguistics for the Virtual institute for Afrikaans (VivA). She also works for the Digital Bibliography for Afrikaans Linguistics and the Digital Bibliography for Afrikaans Literature, and as research assistant for the Centre for Text Technology (CTeXt). She is currently completing a Master's degree in Linguistic Theory at the North-West University. Her research focus is diachronic, descriptive linguistics, syntax and corpus linguistics. In 2019 she completed her BA honours in Afrikaans and Dutch, with English and Classical Latin as additional modules, at the North-West University's Potchefstroom Campus.

\* Hierdie artikel is gebaseer op 'n skripsie getiteld *'n Diachroniese benadering tot die ontwikkeling van die progressiewe perifrastiese konstruksies in Afrikaans en Nederlands* wat in 2019 deur die eerste outeur voltooi is as navorsingskomponent van die Noordwes-Universiteit se B.A. Honneurs in Afrikaans-Nederlands (1FA L01 L601P). Die tweede outeur het as studieleier van die skripsie opgetree.

### Datums:

Ontvang: 2020-08-25

Goedgekeur: 2021-03-31

Gepubliseer: Junie 2021

**ADRI BREED** is 'n NNS-gegradeerde mede-professor in Afrikaanse beskrywende taalkunde aan die Noordwes-Universiteit. Sy spesialiseer in Afrikaanse sintaksis en semantiek, met 'n spesiale fokus op die grammatikalisering van tempus- en aspekkonstruksies in Afrikaans en ander Wes-Germaanse tale. Sy het vyf grade aan die NWU voltooi, naamlik Bedryfskommunikasie (B.BK, 2005), Teologie met Tale (B.Th. Tale, 2005), 'n Honneurs in Afrikaanse Taalkunde (B.A. Hons, 2007), 'n Meestersgraad in Afrikaanse letterkunde (M.A., 2007), en 'n doktorsgraad in Afrikaanse Taalkunde (Ph.D, 2012). Tydens haar doktorale studie spandeer sy ongeveer tien maande aan die Antwerpen Universiteit in België as medewerker aan die Center for Grammar, Cognition and Typology. Sy is voorsitter van die Potchefstroomkampus se Vakgroep Afrikaans en Nederlands. Sy is een van die outeurs en moderators van Taalportaal ([www.taalportaal.org](http://www.taalportaal.org)), en ook eindredakteur van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) se Taalonderrigportaal.

**ADRI BREED**, an NRF-rated scholar, is an associate professor of Afrikaans descriptive linguistics at the North-West University's Potchefstroom Campus. She specialises in syntax and semantics, with a particular focus on the grammaticalisation of tense and aspect constructions in Afrikaans and Dutch. She completed five degrees at the NWU, namely a degree in Business Communication (B.Bk. – 2005), a degree in Theology with languages (B.Th. Languages – 2005), an Honours degree in Afrikaans Linguistics (B.A. Hons. – 2007), a Master's degree Afrikaans Literature (M.A. – 2007) and her PhD in Afrikaans Linguistics in 2012. During the course of her doctoral studies, she spent roughly ten months at the University of Antwerp, Belgium. She is subject head of the Subject Group: Afrikaans and Dutch Studies at the Potchefstroom Campus. She is one of the authors and moderators of Taalportaal ([www.taalportaal.org](http://www.taalportaal.org)), and also the editor of the Virtual Institute for Afrikaans' Language Education Portal

## ABSTRACT

### *A diachronic approach to the development of the progressive periphrastic constructions in Afrikaans and Dutch: A corpus study*

*The progressive periphrastic constructions are a well published topic in Afrikaans and Dutch. Various publications outlining the individual forms and functions of the three dominant periphrastic progressives in Afrikaans and Dutch, namely the PREP-, besig- (or busy-construction), and CPV-constructions, as well as many publications comparing these constructions, among which the most prevalent is that of Breed, Brisard and Verhoeven (2017), and Breed and Brisard (2015), have taken a synchronic approach. The results of these publications indicated that whilst Afrikaans and Dutch share these three periphrastic constructions as markers of progressive aspect, there are numerous differences in the forms, functions and usage parameters of these constructions.*

*Many of these differences are ascribed to divergent developmental circumstances due to the geographical placement of these language groups in the Netherlands and South-Africa. Since Afrikaans has its roots in 17<sup>th</sup> century Dutch it is assumed that these progressive periphrastic constructions in both languages originated from the same 17<sup>th</sup> century Dutch constructions. Therefore, the Afrikaans progressive periphrastic constructions are expected to be more similar to their Dutch counterparts in historical corpus data and that the differences that are currently visible have since developed due to grammaticalisation and language contact in South Africa.*

*This article addresses the gap within the literature on this topic by following a diachronic approach to establish if these constructions were in fact more similar in late 17<sup>th</sup> century linguistic data from the Cape colonies than they currently are. A diachronic corpus study is undertaken in order to identify when these differences between the Afrikaans and Dutch*

*progressive constructions became visible in the corpora over a period of nearly 300 years. The Tracing History Trust corpus (2011) consisting of handwritten dairy entries by the early Dutch settlers at the Cape, dating from the late 17<sup>th</sup> century to the late 18<sup>th</sup> century, is used as the primary corpus. The secondary corpus is the Historical corpus of Standard Afrikaans (2017) which is a stratified corpus containing Afrikaans texts from the 20<sup>th</sup> and early 21<sup>st</sup> centuries.*

*Results show that, contrary to the expectation set forth by the synchronic publications, the progressive periphrastic constructions in Afrikaans and Dutch were not more similar in the 17<sup>th</sup> and 18<sup>th</sup> century than they currently are. Although many of the differences noted in synchronic studies were clearly visible in the corpora, it was found that some of these constructions had alternative forms in the past and some even had other functions and usage parameters than they currently have in either Afrikaans or Dutch.*

*The dominant findings of each progressive periphrastic construction are: a) The aan het PREP-constructions were still primarily locative constructions and had yet to grammaticalise to aspectual markers denoting progressiveness, whilst the aan't-progressive was already becoming more specialised in the 17<sup>th</sup> and 18<sup>th</sup> century Cape-Dutch (or early Afrikaans); b) The besig met-construction was the most common progressive periphrastic construction in the 17<sup>th</sup> and 18<sup>th</sup> century and is most commonly spelled without the "z" characteristic of Dutch, whilst the popularity that the besig om te-progressive construction currently enjoys in Afrikaans is found to be a much more recent development than expressed in synchronic studies; c) Contrary to expectation, the CPV-progressive constructions do not commonly occur in the 17<sup>th</sup> and 18<sup>th</sup> century corpus data and take on a much more Afrikaans form than expected, especially considering that these are the most popular progressive periphrastic constructions in 21<sup>st</sup> century Dutch. This raises the possibility that the CPV-progressive constructions were incorporated into Dutch post 1652 via language contact in the Cape colony. This hypothesis provides interesting possibilities for future research.*

**KEYWORDS:** corpus linguistics, progressive periphrastic constructions, Afrikaans, Dutch, diachronic study, diachronic corpora, grammaticalisation, imperfect aspect, Tracing History Trust corpus, Historical Corpus of Standard Afrikaans

**TREFWOORDE:** korpuslinguistiek, progressiewe perifrastiese konstruksies, Afrikaans, Nederlands, diachroniese benadering, diachroniese korpora, grammatikalisering, imperfektiewe aspek, Tracing History Trust-korpus, Historiese korpus van Standaardafrikaans

## **OPSOMMING**

Die progressiewe perifrastiese konstruksies in Afrikaans en Nederlands is 'n tema wat heelwat aandag in resente taalkundeliteratuur geniet het. 'n Verskeidenheid sinchroniese studies het die drie ewekniekonstruksies van Afrikaans en Nederlands, naamlik die PREP-, *besig*-, en CPV-konstruksies al afsonderlik en vergelykend bestudeer, waaronder die vernaamste vergelykende studie dié van Breed, Brisard en Verhoeven (2017). Vanuit die literatuur is dit duidelik dat, alhoewel hierdie drie progressiewe perifrastiese konstruksies vormlike ewekniekonstruksies is, daar bepaalde verskille in die gebruike van hierdie konstruksies tussen Afrikaans en Nederlands voorkom.

Hierdie artikel poog om die leemte in die huidige literatuur te vul, deur middel van 'n diachroniese studie wat gebruik maak van die Tracing History Trust-korpus (2011) en die

Historiese korpus van Standaardafrikaans (2016). Die doel is om vas te stel óf en tot watter mate die verskille wat tans tussen die progressiewe konstruksies van Afrikaans en Nederlands bestaan, sigbaar was tydens die 17de, 18de en 20ste eeu.

## 1. KONTEKSTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING

Aspektuele konstruksies kan omskryf word as konstruksies wat die verskillende wyses waarop die interne temporele samestelling van 'n situasie beskou kan word, uitdruk (Comrie 1976:3). Veral die drie perifrastiese aspektuele konstruksies wat progressiewe betekenis in Afrikaans uitdruk, het in die afgelope dekade heelwat aandag in die literatuur geniet (sien onder meer Breed 2012, 2016; Breed & Van Aard 2016; Breed & Van Huyssteen 2014, 2015; Kirsten 2019, Zwart 2017). Die progressiewe perifrastiese konstruksies in Afrikaans kan as ewekniekonstruksies van die drie Nederlandse progressiewe perifrastiese konstruksies beskou word. Hierdie drie ooreenstemmende Nederlandse en Afrikaanse progressiewe perifrastiese konstruksies is onderskeidelik i) die *aan het-* / *aan die-*; ii) die *CPV te-* / *CPV en-*; en iii) die *besig-* / *besig-* progressiewe konstruksies (Breed 2012). Die volgende voorbeeldsinne illustreer die gebruik van hierdie drie konstruksies in die twee tale om progressiewe betekenis uit te druk:

- (1) Afr. a. Melt Myburgh het **aan die praat** geraak met haar. (TK-korpus)<sup>1</sup>  
 Ndl. b. Melt Myburgh raakte met haar **aan de praat** / **aan het praten**.
- (2) Afr. a. Hulle persoonlikhede is nog **besig om te ontwikkel**. (TK-korpus)  
 Ndl. b. Hun persoonlijkheden zijn **besig te veranderen**.
- (3) Afr. a. Ek wil nie heeldag **loop en dink** aan alles nie. (TK-korpus)  
 Ndl. b. Ik wil niet de hele dag **lopen te denken**.

Die gebruik van hierdie drie perifrastiese konstruksies in Afrikaans (vergelyk Breed 2012, 2016; Breed & Van Huyssteen 2014, 2015; Zwart 2017) en in Nederlands (vergelyk Lemmens 2005, 2008, 2015; Booij 2004, 2008) is tot op hede hoofsaaklik vanuit 'n sinchroniese perspektief bespreek.

Breed, Brisard en Verhoeven (2017), sowel as Geleyn en Colleman (2014), dui aan dat – ten spyte van die twee tale se gedeelde herkoms (vergelyk Raidt 1991:89) en die vormlike ooreenstemming tussen die twee tale se drie progressiewe konstruksies – die ooreenstemmende konstruksies in sommige opsigte heel verskillend in die twee tale aangewend word.

Hoewel sommige van hierdie genoemde publikasies die gedeelde herkoms van die ooreenstemmende progressiewe konstruksies in Afrikaans en Nederlands betrek, ontbreek 'n diachroniese perspektief van die progressiewe perifrastiese konstruksies in Afrikaans en Nederlands steeds. Die gevolg is dat daar nog nie bestudeer is hoe hiërdie konstruksies mettertyd ontwikkel het om vormlik of in hul gebruike oor die twee tale heen ooreen te stem of te verskil nie.

Hierdie artikel beoog dus om hierdie leemte te begin vul. Dié studie behels 'n korpusondersoek wat strek oor 'n verskeidenheid historiese tydperke. Eerstens word die Tracing

<sup>1</sup> Die Taalkommissiekorpus (voortaan TK-korpus) is 'n gestratifiseerde Afrikaanse korpus vir gestandaardiseerde Afrikaans. Die TK-korpus word nie by hierdie studie betrek nie, maar dien slegs as bron vir voorbeelde uit Hedendaagsafrikaans.

History Trust-korpus<sup>2</sup> (2011) aangewend om die gebruik van die drie progressiewe konstruksies in Vroeë Afrikaans te ondersoek, dit wil sê die taalvariasie wat in die 17de en 18de eeu aan die Kaapkolonie gebruik is. Tweedens word gebruik gemaak van die Historiese korpus van Standaardafrikaans (2018)<sup>3</sup> wat hoofsaaklik taalgebruik van die 19de en 20ste eeu insluit. Hierdie korpora sal gebruik word om te bepaal tot watter mate die huidige verskille en ooreenkomste tussen die Afrikaanse en Nederlandse progressiewe konstruksies begin sigbaar raak het oor 'n meer onlangse tydperk van ongeveer 300 jaar.<sup>4</sup>

Hierdie artikel bestaan uit vier verdere afdelings: In die eerste afdeling word die teoretiese aspekte, naamlik progressiewe aspek, perifrastiese konstruksies en grammatikalisering kortliks bespreek. Die tweede afdeling bied 'n literatuuroorsig van bestaande literatuur wat op sinchroniese wyse die belangrikste verskille tussen die Afrikaanse en Nederlandse progressiewe perifrastiese konstruksies uitlig. Die bespreking in hierdie afdeling sal gebruik word om die basis te vorm vir die diachroniese ondersoek na die ontwikkeling van die progressiewe konstruksie in Afrikaans. Die derde afdeling bevat 'n uiteensetting van die metode van ondersoek. In hierdie afdeling word die relevante korpora, die resultate van die korpusondersoek en 'n interpretasie van hierdie resultate aangebied. In die laaste afdeling word gevolgtrekkings gemaak rakende die diachroniese ontwikkeling van die progressiewe konstruksies in Afrikaans.

## 2. TEORETIESE RAAMWERK

In hierdie afdeling word drie teoretiese kwessies wat vir hierdie studie relevant is kortliks bespreek, naamlik progressiewe betekenis, perifrastiese konstruksies en grammatikalisering.

### 2.1 Progressiewe betekenis

Progressiwiteit is 'n tipe imperfektiewe grammatikaal-aspektuele betekenis (Bybee *et al.* 1994:126). Grammatikale aspek kan beskryf word as die oogpunt waaruit 'n situasie beskou en beskryf word (Comrie 1976:5). Daar kan tussen twee aspektuele betekenis onderskei word, naamlik perfektiewe en imperfektiewe aspek.

Perfektiewe aspek beskou die situasie as 'n begrensde geheel, terwyl imperfektiewe aspek die interne temporele struktuur van die situasie uitlig (Comrie 1976:7). Dit wil sê dat imperfektiewe aspek 'n fase van 'n gebeurtenis beklemtoon. Progressiewe aspek is 'n tipe imperfektiewe aspek wat daarop dui dat 'n proses of prosesse steeds aan die gang is of voortgesit word (vergelyk Bybee *et al.* 1994).

Anders as Afrikaans se nabyverwante tale soos Engels, Nederlands en Duits, merk eersgenoemde taal nie aspektuele betekenis op 'n verpligte wyse as deel van die werkwoordvorm nie, wat lei tot meerduidige werkwoordbetekenis. Breed (2012:46) bied die volgende sinne en hul vertalings aan om die aspektuele meerduidigheid van die Afrikaanse werkwoordvorm te illustreer.

- (4) Eng.     a. *He was kicking me.*  
           Afr.     b. *Hy was besig om my te skop.*
- (5) Eng.     a. *He kicked me.*  
           Afr.     b. *Hy het my geskop.*

<sup>2</sup> Voorts die THT-korpus

<sup>3</sup> Voorts die HKS-korpus.

<sup>4</sup> Die twee korpora word in afdeling 4 verder bespreek.

- (6) Eng. a. *He has kicked me.*  
 Afr. b. *Hy het my geskop.*

Die drie sinne hierbo is meerduldig, want hoewel dit telkens progressiewe, perfektiewe of anteriorbetekenis uitdruk, verskil die verledetydsvorm van die werkwoord nie van mekaar nie. Ook kan die ongemerkte hedetydskonstruksie as progressief of perfektief geïnterpreteer word. Weens hierdie meerduldigheid is daar vyf prototipiese alternatiewe strategieë in Afrikaans om aspektuele betekenis te spesifiseer, naamlik leksikale konstruksies soos bywoorde (7) of voegwoorde, geaffikseerde konstruksies (8), reduplikasiekonstruksies (9), die passifisering van konstruksies (10) en perifrastiese konstruksies (11).

- (7) *Toe Poppie tyding kry dat Oupa **begin** yl, begin sy regmaak.*  
 (8) *So bly, dat ek saam met die honde al **blaffende** straat toe gehardloop het om hulle te gaan verwelkom.*  
 (9) *Dit sal **spring-spring** moet gaan as jy hóm wil inhaal ...*  
 (10) *Die sade **word** gedroog en heel of fyngemaal in kerries gebruik.*  
 (11) *Die honde is alweer **aan die** blaf.*

Vir die doel van hierdie artikel word slegs gefokus op die perifrastiese wyse om progressiwiteit uit te druk.

## 2.2 Die perifrastiese konstruksie

Trask (1993:205) definieer 'n perifrastiese konstruksie as 'n konstruksie wat nie betekenis uitdruk deur affiksing nie, maar eerder deur vry, losstaande morfeme. Hierdie definisie kan verder uitgebrei word deur te stel dat perifrasede in hierdie opsig verwys na die teenpool vir sintetiese uitdrukking van betekenis (Blevins 2003:1). Dit wil sê dat perifrastiese konstruksies betekenis uitdruk deur middel van veelvuldige vrye vorme. Perifrastiese konstruksies kan dus beskryf word as grammatikale konstruksies wat saamgestel is uit losstaande woorde waarvan die gesamentlike interpretasie 'n eenheid vorm. Die drie progressiewe perifrastiese konstruksies in Afrikaans wat bestudeer word, is die *aan die*, *besig om te* en die *lê/loop/sit/staan*-konstruksie wat elk as geheel die semantiese funksie, naamlik aspektuele betekenis, uitdruk. Hierdie drie perifrastiese konstruksies is dan ook ooreenstemmend met die konstruksies wat gebruik word om progressiewe betekenis in Nederlands uit te druk. Daar kan dus opsommend na hierdie progressiewe perifrastiese konstruksies in beide Afrikaans en Nederlands sowel as al hul onderskeidelike vormlike variasies verwys word as die *besig*-konstruksie, die PREP-konstruksie (al die konstruksies wat met die setsel *aan* begin), en die CPV-konstruksie (enige postulêre progressiewe konstruksie).<sup>5</sup>

## 2.3 Grammatikalisering

Grammatikalisering is die taalveranderingsproses waartydens 'n leksikale woord of konstruksie (soos naamwoorde of hoofwerkwoorde) oor tyd verander in grammatikale woorde of konstruksies (soos voorsetsels of hulpwerkwoorde) (Lehmann 1995:127). Deo (2012:156)

<sup>5</sup> Die term CPV-konstruksie verwys na “cardinal postural verbs”, of te wel werkwoorde wat die agent se postulêre liggaamsposisie uitdruk wanneer 'n aktiwiteitswerkwoord uitgevoer word (Lemmens 2005:1). Onder hierdie term word daar hoofsaaklik na die werkwoorde *sit*, *staan* en *lê* verwys, maar *loop* word ook hierby ingesluit, omdat *loop* in Afrikaans dieselfde grammatikale funksies kan verrig as die ander CPV-progressiewe (sien Breed 2012). Vervolgens word *loop* deurgaans in hierdie studie as progressiewe CPV-konstruksie ingesluit.

stel dat perifraasiese konstruksies grammatikale konstruksies is wat tot stand kom in taal deur middel van 'n proses genaamd grammatikalisering. 'n Begrip vir die grammatikaliseringproses word dus verlang wanneer die verandering van die progressiewe perifraasiese konstruksies in Afrikaans oor 'n tydperk ondersoek word. Grammatikalisering is 'n veelfasettige teorie, wat deel uitmaak van die konstruksiegrammatika en wat in die literatuur wyd beskryf word vanuit 'n verskeidenheid benaderings (sien Booij 2003, 2004, 2008; Bybee *et al.* 1994). Dit is egter in hierdie geval sinvol om grammatikalisering self as 'n taalveranderingsproses te beskou.

Kortom kan die grammatikaliseringproses beskou word as 'n veralgemeningsproses waarin 'n leksikale konstruksie geleidelik en oor tyd ontwikkel om grammatikale funksies te kan verrig en dus toeneem in frekwensie (Heine & Reh 1984:11-12), aangesien die konstruksie bruikbaar word in meerdere kontekste en meer betekenis uitdruk in algemene taalgebruik. Hierdie semantiese verandering is multidimensioneel, wat beteken dat alle leksikale konstruksies nie altyd al die prosesse van grammatikalisering ondergaan nie. Soms kan dit gebeur dat beide die leksikale vorm sowel as die grammatikale vorm van 'n woord gelyktydig in die taal voorkom (Bybee *et al.* 1994:5).

Hierteenoor het sommige konstruksies tot so 'n mate gegrammatikaliseer dat die oorspronklike leksikale betekenis volledig verlore gegaan het en alleenlik die grammatikale funksie gebruiklik is. Een sodanige voorbeeld is die *aan't* progressiewe konstruksie in Afrikaans. Alhoewel die oorsprong van die *aan't*-konstruksie die Nederlandse lokatiewe konstruksie *aan het* is, het hierdie konstruksie in Afrikaans gegrammatikaliseer sodat die lokatiewe betekenis (vergelyk (12)) verdwyn het. Vervolgens word *aan't* in Afrikaans uitsluitlik gebruik as progressiewe konstruksie (vergelyk (13)) en ook in enkele idiomatiese uitdrukkings (vergelyk (14)).

(12) \*Hy is *aan't* linkerkant van die huis.

(13) Ek is 'n brief *aan't* skrywe.

(TK-korpus)

(14) Die opwinding van netnou is stadig *aan't* afkoel.

(TK-korpus)

Die grammatikaliseringproses is egter nie 'n willekeurige proses nie. Hopper en Traugott (2003:6) stel dat konstruksies grammatikaliseer volgens *universele roetes* wat unidireksioneel en multidimensioneel is. Die leksikale item wat besig is om te grammatikaliseer, bepaal die roete waarop hy grammatikaliseer en ook wat die eindresultaat van die grammatikaliseringproses is. Die *aan't*-konstruksie in Afrikaans kan weer as 'n voorbeeld geneem word. Dit is 'n algemene tendens in tale vir lokatiewe konstruksies om te grammatikaliseer tot progressiewe konstruksies, omdat "om op 'n bepaalde plek te wees" metafories vereenselwig kan word met "om met 'n bepaalde aktiwiteit besig te wees", of te wel PLACE IS PROCESS (sien onder meer Bybee *et al.* 1994 en Lemmens 2005 oor die grammatikalisering van lokatiewe konstruksies tot progressiewe konstruksies).

Die grammatikaliseringproses vind geleidelik oor tyd plaas. In die grammatikaliseringproses verkry 'n woord stelselmatig verdere betekenis en funksies sonder dat die oorspronklike betekenis(se) of funksies noodwendig verlore gaan. *Unidireksionaliteit* veronderstel dat daar 'n bepaalde volgorde is waarin grammatikale verandering plaasvind. Dit wil sê dat 'n leksikale item grammatikaliseer na 'n grammatikale item. Vandaar weer na 'n enklitiese vorm en laastens tot 'n fleksieaffiks (Hopper & Traugott 2003:7). Ooreenstemmende unidireksionele universele roetes, of te wel grammatikaliseringroetes, kan voorkom in verskillende tale en is dus eerder 'n tipologiese eienskap as net 'n spesifieke eienskap van 'n spesifieke taal of tale (vergelyk Heine & Kuteva 2007:34; Hopper & Traugott 2003:6).

Die hoë gebruiksfrekwensie wat waargeneem word by konstruksies wat gegrammatikaliseer het, word toegeskryf aan die veralgemening in betekenis, oftewel *semantiese verbleking*,

wat daartoe aanleiding gee dat die konstruksie in meer kontekste bruikbaar is. Namate grammatikalisering plaasvind kom beide die leksikale en grammatikale vorme van 'n konstruksie voor in die taal. Hierdie toename duur voort selfs nadat die konstruksie grammatikale status bereik het of die leksikale vorm glad nie meer voorkom in die taal nie. Die rede hiervoor is dat veralgemeende konstruksies gebruik kan word in kontekste waar die bydrae van die konstruksie onnodig of selfs oortollig is, namate die spreker se behoeftes of intensies dit verlang (Bybee *et al.* 1994:9). Frekwensie is dus 'n sterk aanduiding van grammatikalisering en sal in hierdie artikel as kriterium dien waarvolgens die verskille tussen die Afrikaanse en Nederlandse progressiewe perifrastiese konstruksies in elke tydperk gemeet kan word.

### 3. 'N SINCHRONIESE BESKOUIING VAN DIE PROGRESSIEWE PERIFRASTIESE KONSTRUKSIES IN AFRIKAANS

Soos reeds genoem, het die Afrikaanse en Nederlandse progressiewe konstruksies vanuit 'n sinchroniese beskouing reeds heelwat aandag gekry in die literatuur. Veertien artikels is veral relevant vir hierdie studie. Agt publikasies beskryf die Afrikaanse konstruksies en hul progressiewe betekenis, naamlik Breed (2012), (2016), (2017a) en (2017b) sowel as twee artikels saam met Van Huyssteen (2014) en (2015), en 'n artikel saam met Van Aardt (2016). Hierdie artikels steun dikwels sterk op die Nederlandse navorsingspublikasies van Booij (2003), (2004), (2008), Lemmens (2005) en Van Pottelberghe (2002). 'n Verdere vier publikasies tref vergelykings tussen die Afrikaanse en Nederlandse progressiewe perifrastiese konstruksies wat hier ter sprake is, naamlik Breed en Brisard (2015), Breed, Brisard en Verhoeven (2017), Geleyn (2010), Geleyn en Coleman (2014). Hierdie sinchroniese studies vorm die basis vir die diachroniese beskouing wat in hierdie artikel voorgestaan word en die resultate van hierdie studies dien as riglyne vir die parameters van die korpusondersoek wat in hierdie artikel onderneem word. Veral drie aspekte word hier betrek, naamlik die frekwensies, eienskappe en vormlike variasies van die progressiewe konstruksies.

Die volgende uiteensetting van die drie ewekniekonstruksies is 'n konsolidasie en opsomming van die beskrywings en bevindinge wat in die voorafgaande literatuur weergegee word.

#### 3.1. Die PREP-progressiewe

##### 3.1.1 Frekwensie

Oorkoepelend behels die *PREP*-progressiewe konstruksies 'n genominaliseerde infinitief wat voorafgegaan word deur 'n bepaalde lidwoord en die preposisie *aan* (sien voorbeelde (15) tot (17)).

(15) *Afr.* Nogtans bly ek **aan die** werk. (TK-korpus)

(16) *Afr.* Hulle het gister teen die wind **aan't** loop gegaan...<sup>6</sup> (HKS-korpus)

(17) *Ndl.* Wat is er eigenlijk **aan het** gebeuren? (LGSUB-korpus)

<sup>6</sup> Die onbepaalde lidwoord *het* wat in die Nederlandse *PREP*-konstruksies voorkom, is nie meer in Afrikaans in gebruik nie. Die *het* in *aan het* is in Afrikaans deur die bepaalde lidwoord *die* vervang (Raidt 1991:208). Die *aan die*-konstruksie word dus deurgaans as eweknie vir die Nederlandse *aan het*-konstruksie beskou.

Soos reeds in afdeling 2 genoem is, het die *aan 't*-konstruksie in Afrikaans ontstaan vanuit die Nederlandse lokatiewe konstruksie *aan het*. Hierdie progressiewe konstruksie het in Afrikaans gespesialiseer en het in Hedendaagsafrikaans 'n lae gebruiksfrekwensie en word hoofsaaklik beperk tot kontekste waar die gebruiker 'n hoogdrawende of ouderwetse atmosfeer wil skep – dikwels op humoristiese wyse.

In beide tale is die PREP-progressiewe die konstruksies met die tweede meeste relatiewe frekwensie in die onderskeie korpora. Die relatiewe frekwensies vir die progressiewe konstruksies kan soos volg voorgestel word:

Nederlands CPV *te* > *aan het* > *bezig*  
 Afrikaans *besig* > *aan die* / *aan 't* > CPV *en*

Breed *et al.* (2017:324) toon egter aan dat, ten spyte daarvan dat die CPV *te*-progressief die mees produktiewe progressiewe konstruksie in Nederlands is, die PREP-progressief steeds aansienlik meer gebruiklik in Afrikaans is as in Nederlands.

### 3.1.2 Eienskappe en gebruike

In sowel Nederlands as Afrikaans kan die PREP-progressief nie in die passiewe vorm uitgedruk word nie.

Die opmerklikste verskille tussen die Nederlandse en Afrikaanse PREP-progressiewe is hul onderskeie werkwoordkollokasies.<sup>7</sup> Die Afrikaanse *aan die*-konstruksie kollokeer meer dikwels met onoorganklike werkwoorde. Daarteenoor kollokeer die *aan het*-progressief in Nederlands mees algemeen met oorganklike werkwoorde.

Die Nederlandse *aan het*-progressief kollokeer met werkwoorde van (stadige) verandering of werkwoorde wat 'n verandering in toestand uitdruk, soos *bouwen* en *groeien*, en bewegingswerkwoorde soos *stijgen* en *dalen*. Ooreenkomstig kollokeer werkwoorde wat 'n verandering in toestand uitdruk (byvoorbeeld *toeneem*, *afneem*, *opbou* en *verander*) ook dikwels met die *aan die*-progressief in Afrikaans. Dit is wel opvallend dat 'n menigte werkwoorde wat met die *aan die*-progressief in Afrikaans kollokeer, werkwoorde is wat woordsoortlik meerkonseptueel is en dus as naamwoorde óf werkwoorde geïnterpreteer kan word (byvoorbeeld *brand*, *slaap*, *stuur*, *lewe* en *werk*). Hierdie meerduidige kollokasies kom besonder frekwent voor saam met die *aan die*-progressief.

Hierdie meerduidigheid het ook betrekking op gevalle waar die *aan die*-progressief kollokeer met prosesnaamwoorde wat progressiewe betekenis uitdruk, soos in die geval van *aan die gang*, *aan die woord* en *aan die bewind*. Alhoewel hierdie meerduidige kollokasies dikwels in die literatuur by die resultate van korpusstudies uitgesluit is, is dit wel sinvol om hierdie kollokasies in te sluit by 'n diachroniese studie, om sodoende te bepaal tot watter mate hierdie kollokasies sigbaar is in die verskillende tydperke wat deur die korpora gedek word.

Vanuit die literatuur blyk dit dat die Nederlandse *aan het*-progressief verder gegrammatikaliseer het as die Afrikaanse *aan die*-progressief. Hoewel die algemene frekwensie van die Nederlandse *aan het*-progressief laer is as die ooreenstemmende Afrikaanse konstruksie, toon die Nederlandse konstruksie 'n groter semantiese veralgemening (oftewel verbleking) met minder gebruiksbeperinge.

<sup>7</sup> Die terme *kollokasies* en *werkwoordkollokasies* word in hierdie studie gebruik om te verwys na werkwoorde wat beskik oor sterk aantrekkingskragte met die progressiewe konstruksies en daarom meer geneig is om saam met hierdie konstruksies voor te kom.

### 3.1.3 Vormlike variasie

Daar is aangetoon dat daar in Hedendaagsnederlands slegs een variasie van die PREP-progressief is (te wete die *aan het* +  $V_{INF}$ ), terwyl daar in Hedendaagsafrikaans twee variasies van die PREP-progressief voorkom (te wete *aan die* +  $V_{INF}$  en *aan 't* +  $V_{INF}$ ). Die feit dat daar vormlike verskille tussen die twee tale se hedendaagse PREP-progressiewe konstruksies voorkom, is 'n aanduiding daarvan dat daar oor 'n diachroniese tydperk vormlike verandering ingetree het. Die vraag kan derhalwe gestel word watter vorm of vorme die PREP-konstruksie in Afrikaans oor verskillende tydperke aangeneem het.

## 3.2 Die *besig*-/*bezig*-progressief

### 3.2.1 Frekwensie

Die tweede progressiewe konstruksie wat bespreek word, is die *besig*-progressief. Die *bezig*-progressief is, soos reeds geïllustreer, die Nederlandse progressiewe perifrastiese konstruksie met die laagste relatiewe frekwensie (naamlik 181 resultate in Breed *et al.* 2017 se ondersoek) in die Nederlandse korpus. Teenstellend hiermee is die *besig*-progressief die konstruksie met die hoogste relatiewe frekwensie (naamlik 7 992 resultate in Breed *et al.* 2017 se ondersoek) in die Afrikaanse korpus:

Nederlands CPV *te* > *aan het* > ***bezig***  
 Afrikaans ***besig*** > *aan die* / *aan 't* > CPV *en*

Hierdie hoë gebruiksfrekwensie van die *besig*-progressief dui daarop dat hierdie konstruksie populariteit in Afrikaans geniet wat dit nie in Hedendaagsnederlands het nie. Die verwagting is dus dat die Afrikaanse *besig*-progressiewe meer semanties verbleek is en dus gebruiklik is in 'n groter aantal kontekste en konstruksies as die Nederlandse eweknie. 'n Diachroniese studie kan 'n aanduiding gee oor die tydperk waarin die *besig*-konstruksies begin populêr raak het in Afrikaans.

### 3.2.2 Eienskappe en gebruike

Die Nederlandse *bezig*-adjektief kom meer dikwels voor in gevalle waar dit leksikale betekenis uitdruk as in gevalle waar dit aspektueel gebruik word. Wanneer dit wel aspektuele betekenis uitdruk, kollokeer dit met gebeurtenisnaamwoorde soos *huissoeking* (sien voorbeeld (18)). Soms kan die *bezig*-konstruksie progressief gebruik word en dien dit as subjekkomplement, met die kopula-werkwoord *was*. In hierdie gevalle word dit nie deur 'n infinitiefwerkwoord gevolg nie (sien voorbeeld (19)).

(18) *Terwijl de huissoeking bezig was, boden zich nog enkele andere gebruikers aan.*

(19) *“While the house was being searched, some other users volunteered/appeared.”*

Kontrasterend hiermee word die *besig*-konstruksie in Afrikaans oorheersend aspektueel gebruik. In Breed *et al.* (2017) kollokeer die *besig*-progressief in Afrikaans byvoorbeeld met 2 615 werkwoorde in die TK-koerantsubkorpus terwyl die Nederlandse eweknie met slegs 50 werkwoorde kollokeer in die LGSUB-nuussubkorpus. Hieruit kan afgelei word dat die Nederlandse *bezig*-progressief meer gebruiksbeperinge het en dus minder gegrammatikali-seerd is as sy Afrikaanse eweknie.

Dit blyk vanuit die korpusdata dat die *besig*-progressief uitsluitlik met oorganklike werkwoorde kollokeer en daarom ook gepaard gaan met 'n direkte objek. Die werkwoorde wat in Afrikaans met *besig*-progressiewe konstruksies kollokeer is meer gevarieerd as met die ander twee Afrikaanse progressiewe konstruksies of die Nederlandse eweknie. Die meerderheid werkwoordkollokasies met *besig*-progressiewe is aktiwiteitswerkwoorde, uitvoerings en verwesenlikings.

Buiten vir die opmerklike verskil in die frekwensies van hierdie konstruksies in die korpora, is een van die opvallendste verskille tussen die twee tale se *besig/besig*-konstruksies die passifisering daarvan. Die Nederlandse *besig*-progressief kan glad nie voorkom in passiewe sinstrukture nie, terwyl die Afrikaanse *besig*-progressief wel gemaklik in die passief gebruik kan word (soos in die onderstaande voorbeeld geïllustreer word).

(20) *Die Nederlande is besig om deur die Spanjaarde herower te word.* (TK-korpus)

### 3.2.3 Vormlike variasie

Die *besig*-progressief kan in ouer Nederlands twee vorme aanneem, naamlik *besig te* of *besig met*. Die Nederlandse *besig*-progressief kan 'n aantal verskeie sintaktiese variasies aanneem: a) met *te* infinitiewe, b) *om te* infinitiewe, en c) die voorsetsel *met* wat 'n genominaliseerde infinitief voorafgaan. Die teenwoordigheid van die *om* voorsetsel in *besig*-progressiewe kom nie algemeen voor in Nederlands nie en Kirsner (1985:254) stel dat eerstetaalsprekers van Nederlands die aanwesigheid van *om* dikwels interpreteer as 'n aanduiding dat 'n aksie verder weg is van die eindpunt.

Teenstellend kom die *besig*-progressief in Afrikaans byna uitsonderlik voor saam met *om te* infinitiewe. Breed en Van Huyssteen (2015) meld dat die *besig*-adjektief tesame met die komplementeerder en infinitiefsmerker *om te* gefusilleer en gegrammatikaliseer het tot aspektuele hulpwerkwoordstuk. 'n Diachroniese korpusondersoek kan 'n aanduiding gee van wanneer en watter vormlike variasies van die *besig*-progressief in die tydperke van die korpora sigbaar raak.

## 3.3 Die CPV-progressie

### 3.3.1 Frekwensie

Die postulêre werkwoord *staan* blyk die mees frekwente postulêre werkwoord in beide Afrikaans en Nederlands te wees vir nie-aspektuele gebruike. So ook is *sit* se aspektuele gebruike veel hoër as die nie-aspektuele gebruike in beide tale. Een belangrike verskil is egter dat *sit* in Afrikaans die mees frekwente postulêre werkwoord is vir aspektuele gebruike teenoor *staan* in Nederlands, terwyl *lê*, op sy beurt, weer ooreenstemmend die laagste frekwensie vir aspektuele gebruik het in beide tale. Nog 'n interessante verskil is dat die Nederlandse postulêre werkwoorde hoofsaaklik met *wachten* kollokeer, terwyl die *staan* in Afrikaans hiervan afwyk deur mees algemeen met *kyk* te kollokeer.

Die Nederlandse *CPV te*-progressiewe is meer frekwent as die *aan het*-progressief terwyl die *besig*-progressief relatief skaars is in Nederlands. Daarteenoor is die *CPV*-progressief die minste frekwente progressief in Afrikaans terwyl die *besig*-progressief die mees frekwente Afrikaanse progressiewe konstruksie is:

Nederlands **CPV te** > aan het > bezig  
 Afrikaans **besig** > aan die / aan 't > **CPV en**

### 3.3.2 Eienskappe en gebruike

Die Nederlandse *CPV te*-progressiewe kom meestal voor in kontekste waar die subjek van die sin menslik of lewend is. Die werkwoordkollokasies van die Afrikaanse *CPV en*-progressiewe stem grotendeels ooreen met dié van die Nederlandse ewekniekonstruksies. In beide Nederlands en Afrikaans kollokeer die *CPV*-progressiewe meestal met werkwoorde wat 'n liggaamshouding veronderstel wat ooreenstem met die postulêre houding van die progressief. Daarom kollokeer werkwoorde wat kreatiewe aktiwiteite uitdruk, soos *brei* of *hekel*, met die *sit en*-progressief. Tog kan skynbare teenstellende werkwoord-*CPV*-kollokasies ook voorkom in beide tale, soos in die geval van die onderstaande voorbeeld.

(21) *Wim heeft de hele les zitten te slapen.* (LGSUB-korpus)

In beide tale kom werkwoordkollokasies met wilskragtige persepsiewerkwoorde relatief meer frekwent voor as kollokasies met niewilskragtige persepsiewerkwoorde.

(22) *Hy staan en kyk hoe sy pa met sy duim oor die skerp kant voel.* (TK-korpus)

(23) *Sekere dinge kan jy ook maar net staan en sien gebeur.* (TK-korpus)

Vier groepe werkwoorde wat kollokeer met die *CPV te*-progressief word in Nederlands onderskei, naamlik werkwoorde van sosiale interaksie, kreatiewe aktiwiteite, visuele of auditiewe persepsie en kognitiewe aktiwiteite. Hierteenoor word ses werkwoordgroepe in Afrikaans onderskei: a) werkwoorde van sosiale interaksie (*praat, bid, ontmoet*); b) werkwoorde van kreatiewe aktiwiteit (*skryf, brei*); c) werkwoorde van visuele of auditiewe persepsie (*kyk, staar, luister*); d) werkwoorde van biologiese of menslike noodwendigheid (*eet, drink, huil*); e) werkwoorde van kognitiewe aktiwiteit (*lees, dink*); en f) werkwoorde wat aandui dat die subjek onaktief is (*wag, uitkyk*).

Die Nederlandse *CPV*-progressiewe kollokeer hoofsaaklik met oorganklike werkwoorde en kan nie in passiewe konstruksies voorkom nie. In teenstelling hiermee kollokeer die Afrikaanse *CPV*-progressiewe hoofsaaklik met onoorganklike werkwoorde, alhoewel kollokasies met oorganklike werkwoorde ook moontlik is. Soos die *besig*-progressief in Afrikaans, kan die Afrikaanse *CPV*-progressiewe ook in passiewe konstruksies gebruik word, wat skynbaar nie moontlik is vir die Nederlandse konstruksie nie.

In beide Afrikaans en Nederlands kan die werkwoord *loop/lopen* ook gebruik word as die postulêre in 'n *CPV*-progressief. In Nederlands is daar egter gebruiksbepenkings op die *lopen*-progressief, naamlik dat hierdie konstruksie 'n lewende of menslike agens-subjek ("agentive subject") vereis. Daar is ook 'n sterk neiging dat die infinitiewe werkwoord dinamiese gebeurtenisse of implikasies van beweging moet uitdruk.

In Afrikaans is die *loop*-progressief nie so beperk nie en kollokasies met werkwoorde van sosiale interaksie (*loop en praat*) en persepsie (*loop en kyk*) kom meer algemeen voor as kollokasies met bewegingswerkwoorde. Die Afrikaanse *loop en*-progressief kombineer ook algemeen met werkwoorde van negatiewe kommunikasie, soos *skinder, slegmaak, mompel* en *mor*.

In Nederlands kollokeer die *CPV te*-progressief uitsluitlik met werkwoorde wat in liggaamshouding ooreenstem met die persoonlike betekenis van die gegrammatikaliseerde postulêre werkwoord.

### 3.3.3 *Vormlike variasies*

Die Nederlandse *CPV*-progressief kan in hedendaagse Nederlands slegs gebruik word saam met die *te*-partikel, alhoewel die *en(de)*-voegwoord in Middelnederlands ook gebruik kon word om die *CPV* met die aksiewerkwoord te koppel.

(24) *MidNdl.*            *Hi zit end gruyt als een beer.*

Hierdie *end(e)* het egter uit Nederlands verdwyn teen die sewentiende eeu, maar bly steeds behoue in die vereenvoudigde voegwoord vorm *en* in die Afrikaanse *CPV en*-progressiewe (vergelyk Breed & Brisard 2015; Booij 2004; Mortier 2008; Van Pottelberge 2002).

In afdeling 4 sal die volgende aspekte van die *CPV*-progressief bestudeer word in elke tydperk om vas te stel of die sinchroniese verskille tussen die Afrikaanse en Nederlandse vorme reeds sigbaar is: Eerstens die frekwensie van *CPV*-progressiewe konstruksies in die THT-korpus teenoor die HKS-korpus; tweedens die teenwoordigheid, al dan nie, van *end(e)* voegwoord; en derdens die teenwoordigheid van agens-subjekte.

## 3.4 Samevatting

Die verskille en ooreenskomste tussen die verskillende progressiewe konstruksies, die eienskappe waaroor elkeen van die konstruksies beskik, sowel as die vormlike variasies van elkeen en die funksies wat elke progressiewe konstruksie in hedendaagse Afrikaans en Nederlands onderskeidelik verrig, word in tabel 1 saamgevat.

## 4. NAVORSINGSMETODE TERREINAFBAKENING

In die voorafgaande gedeelte is aangetoon watter eienskappe die ewekniekonstruksies in hedendaagse Afrikaans en Nederlands vertoon. Die vergelyking is veral op basis van drie aspekte gemaak, naamlik i) hoe frekvent die konstruksie gebruik word in vergelyking met die ander progressiewe konstruksies; ii) die verskillende eienskappe van die progressiewe konstruksies – spesifiek met watter hoofwerkwoorde die progressiewe konstruksies kollokeer; en iii) watter verskillende vorme die progressiewe konstruksies aanneem. In hierdie afdeling word ’n beskrywing aangebied van die diachroniese korpusondersoek om te bepaal tot watter mate die drie genoemde aspekte in historiese korpora van Afrikaans vergestalt word.

### 4.1 Die korpora en die korpusondersoek

’n Korpus is ’n saamgestelde versameling van outentieke, natuurlike tekste wat elektronies- of masjienleesbaar is, wat saamgestel is met die doel om ’n bepaalde taal, variëteit of spraakgemeenskap gebalanseerd en omvattend voor te stel, en dit word gebruik vir linguïstiese navorsing (De Schryver & Prinsloo 2000:96).

Daar kan egter onder bepaalde omstandighede afgewyk word van hierdie prototipiese definisie, na aanleiding van die doel waarmee die korpus saamgestel is. Dit is dan ook die geval by die Tracing History Trust-korpus (THT-korpus) wat as primêre korpus vir hierdie artikel dien. Teenoor die bogenoemde definisie poog die THT-korpus nie om ’n omvattende of gebalanseerde voorstelling van die spraakgemeenskap of variëteit wat daarin vervat word, weer te gee nie. Alhoewel die THT-korpus saamgestel is met die oog op moontlike taalnavorsing, is hierdie korpus primêr gefokus op die bewaring van die tekste wat hierin vervat word (Liebenberg 2017:8).

Die THT-korpus bestaan uit ’n versameling handgeskrewe dagboekinskrywings uit die 17de en 18de eeu, wat in 2015 tot 2017 getranskribeer is en tot ’n korpus verwerk is (Liebenberg

**TABEL 1:** Opsommende vergelyking van die progressiewe perifrasiëse konstruksies in Afrikaans en Nederlands

	Vorm	Gebruik	Werkwoordkollasies	Vergelyking
CPV-konstruksies	AFR <i>Staan/sit/ê/loop</i> en + V (skoon Inf)	<ul style="list-style-type: none"> <li>minder gegrammatikalisier</li> <li>meer beperkings op gebruik</li> <li><i>staan</i> kom mees algemeen in nie-progressiewe konstruksies voor</li> <li><i>sit</i> kom meestal in progressiewe konstruksies voor</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>sosiale interaksie</li> <li>kreatiewe aktiwiteit</li> <li>visueel en auditief</li> <li>kognitiewe aktiwiteit</li> <li>biologiese noodsaaklikheid</li> <li>statiese objek</li> <li>neg. kommunikasie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>algeheel sterker kollasies (veral by <i>staan</i> en <i>loop</i>)</li> <li>kan passief voorkom maar skaars</li> </ul>
	NDL <i>Staan/zitten/liggen/lopen</i> te + Inf.	<ul style="list-style-type: none"> <li>mees algemeen + te</li> <li>meer gegrammatikalisier</li> <li>leksikale betekenis meer verbaleek</li> <li><i>staan</i> mees algemeen (dan <i>zitten, liggen</i>) in progressiewe konstruksies</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>sosiale interaksie</li> <li>kreatiewe aktiwiteit</li> <li>visueel en auditief</li> <li>kognitiewe aktiwiteit</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>kan nie passief gebruik word nie</li> <li>mees frekwente progressief perifrasië</li> </ul>
Besig-konstruksies	AFR <i>Besig</i> (wees) om te + V	<ul style="list-style-type: none"> <li><i>Besig</i> + om te Inf.</li> <li>amper uitsluitlik progressiewe gebruik</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>beide oorganklik en onoorganklike werkwoorde</li> <li>aktiwiteit werkwoorde <i>speel, stort</i></li> <li>oorganklike werkwoorde <i>kyk, onderhandel</i></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>algemeen gebruiklik saam meeste werkwoorde</li> <li>kan passief voorkom, maar skaars</li> <li>mees frekwente progressief perifrasië</li> </ul>
	NDL <i>Besig/bezig (zijn)</i> <i>met/te/om te</i> + V	<ul style="list-style-type: none"> <li><i>bezig</i> + te/om te/met + nominaliseerde Inf. – DET</li> <li>minder gegrammatikalisierd</li> <li>meer leksikale betekenis</li> <li>meer beperkinge</li> <li>nie-progressiewe gebruik saam kopula as komplement</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>uitsluitlik met oorganklike werkwoorde + objek</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>algeheel meer beperkte gebruik</li> <li>kan nie passief gebruik word nie</li> </ul>
PREP-konstruksies	AFR <i>Aan</i> <i>'/aan die</i> + V wees	<ul style="list-style-type: none"> <li>beperkte lidwoord + nominaliseerde Inf.</li> <li><i>aan die</i>/' meer algemeen as <i>aan het</i></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>naamwoordelike ww. <i>brand, lewe, slap, staar</i></li> <li>aktiwiteit werkwoorde: <i>praat, gesels</i></li> <li>verandering in toestand: toeneem, afneem, opbou, ontwikkel</li> <li>onoorganklike werkwoorde</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>meer gebruiklik as in Ndl ekwivalent</li> <li>kollekteer hoofsaaklik met onoorganklike, ateliese en aktiwiteit werkwoorde</li> </ul>
	NDL <i>Aan het</i> + V zijn	<ul style="list-style-type: none"> <li>minder gegrammatikalisierd</li> <li><i>aan het</i> mees algemene vorm</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Stadige beweging: <i>verandereen, groeien</i></li> <li>beweging: <i>stijgen, dalen</i></li> <li>toestand verandering: <i>bouwen, maken, praten, luisteren</i></li> <li>oorganklike werkwoorde</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>kollekteer hoofsaaklik met oorganklike en teliese werkwoorde.</li> <li>Kan nie passief gebruik word nie</li> <li>minder beperk as Afr. ekwivalent</li> </ul>

2017:8), en dit bestaan uit 16 988 611 woorde. Hierdie dagboekinskrywings is die penprodukte van Nederlanders, veral lede van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC), wat hulle gevestig het in die Nederlandse kolonie aan die Suid-Afrikaanse kus. Die inskrywings handel hoofsaaklik oor alledaagse gebeure en bevat goedereopnames, sterftelyste en beskrywings van dagtake. Die verloop van sake op die skepe, sowel as in die vestings aan Stellenbosch in die Wes-Kaap, word eerstehands weergegee. Die inskrywings was hoofsaaklik vir privaat gebruik en is derhalwe nie aan die oppergesag van die VOC gestuur nie (Liebenberg 2017:8). Hierom kan die taalinhoud van hierdie tekste as ongekunsteld beskou word en dien as realistiese voorstelling van die taalgebruik wat in hierdie tydperk in hierdie taalgemeenskap voorgekom het (THT 2011). So ook is die metadata van die dagboekinskrywings, so ver moontlik, by die korpus ingesluit. Die metadata is in die meeste gevalle wel genoegsaam om 'n indrukbeeld te skets van die sosiale, kulturele en ekonomiese stand van hierdie taalgebruikers.

Wanneer met die THT-korpus gewerk word as 'n bron vir taalkundenavorsing, is daar wel 'n paar tekortkominge en uitdagings wat in ag geneem moet word. Eerstens is die korpus relatief klein en dit bied nie 'n omvattende prentjie van taalgebruik in die 17de en 18de eeu nie. Frekwensies van sommige konstruksies (spesifiek ook die progressiewe konstruksies) in die korpus gaan waarskynlik te laag wees om statistiese gevolgtrekkings te kan maak. Tweedens is die taalgebruik in hierdie korpus nie verteenwoordigend van al die inwoners aan die Kaap tydens die 17de en 18de eeu nie. Die taalgebruik van byvoorbeeld Maleiers, Khoi-Khoen of ander gemeenskappe wat aan die Kaap gevestig was tydens hierdie tydperk en wat ook verskillende vorme van die veranderende Nederlands gepraat het, is nie by die korpus ingesluit nie. Derdens is die oorspronklike tekste met die hand geskryf – heel dikwels met veerpenne. Daar is dus verskeie faktore, soos inksmeersels en onduidelike handskrif of lettertipes, wat die leesbaarheid van die oorspronklike tekste bemoeilik. Vierdens is die tekste geproduseer voor die standaardisering van spelling of taalkonvensies, wat aanleiding gee tot uiteenlopende variasies in spelling. Hierdie variasies in spelling is ook nie altyd voorspelbaar nie en dit is dus moontlik dat bepaalde gebruike en konstruksies nie ingesluit word in die soekstringe wat gebruik word nie. Daar moet ook gelet word op moontlike variasies in sinskonstruksies en selfs semantiese waarde wanneer met die gegewens van hierdie korpus omgegaan word. Laastens bemoeilik die afwesigheid van verwysingsbronne wat genoegsame taalkundige beskrywings van die taalgebruik van hierdie tydperk weergee, die navorsingsproses.

Ten spyte van hierdie uitdagings, is die THT-korpus van onskatbare waarde vir hierdie studie, omdat dit 'n vertrekpunt bied vir diachroniese studies oor die ontwikkeling van Afrikaans as taal. Hierdie korpus kan insiggewende data lewer oor die deurgaanse ontwikkeling van die verskille in die gebruike van die progressiewe perifrastiese konstruksies in Afrikaans en Nederlands. Die THT-korpus maak dit moontlik om te bevestig of die verskille wat tans tussen Afrikaans en Nederlandse progressiewe perifrastiese konstruksies bestaan, reeds sigbaar was in die veranderende Nederlands (oftewel die ontwikkelende Afrikaans) van die 17de en 18de eeu.

Die korpussagteware, naamlik *WordSmith 7.0*, sowel as *VivA Korpusportaal: Eksklusief (2020)*, is gebruik om geskikte resultate van die progressiewe konstruksies in die THT-korpus<sup>8</sup>

---

<sup>8</sup> 'n Vroeë .txt-weergawe van die THT-korpus is gebruik vir die *WordSmith*-analises, terwyl die weergawe van die THT-korpus wat op *VivA* se korpuserportaal beskikbaar is, gereeld bygewerk en aangepas word. Dit is dus moontlik dat daar enkele verskille (onder meer frekwensie- en voorbeeldverskille) tussen die twee weergawes van die THT-korpus kan wees.

te vind. Vanweë die moontlike variasies in spelling en skryfwyses van die drie progressiewe konstruksies, is daar van die volgende soekstringe gebruik gemaak:<sup>9</sup>

*PREP-progressief:*<sup>10</sup> *an het / an 't / an't / ant / an die / an di*  
*aan het / aan 't / aan't / aant / aan die / aan di*  
*aen het / aen 't / aen't / aent / aen die / aen di*  
*oan het / oan 't / oan't / oant / oan die / oan di*

*Besig-progressief:*<sup>11</sup> *besig met / besig en / besig te / besig om te / besig t' /*  
*besig om t'*  
*bezig met / bezig en / bezig te / bezig om te / bezig t' /*  
*bezig om t'*  
*besigh met / besigh en / besigh te / besigh om te / besigh t' / besigh om t'*  
*bezigh met / bezigh en / bezigh te / bezigh om te / bezigh t' /*  
*bezigh om t'*  
*beuzich met / beuzich en / beuzich te / beuzich om te /*  
*beuzich t' / beuzich om t'*

*CPV-progressief:*<sup>12</sup> *loop te / loop en / lop te / lop en / looped te / looped en / geloop*  
*te / geloop en / lopen te / lopen en / loopen te / loopen en*  
*sit te / sit en / zit te / zit en / zett te / zett en / zitten te /*  
*zitten en / zetten te / zetten en / zat te / zat en / zaten te /*  
*zaten<sup>13</sup> en / zitte te / zitte en /*  
*gesit te / gesit en / gezeten te / gezeten en*  
*le te / le en / lê te / lê en / liggen te / liggen en / licghen te /*  
*licghen en / lichen te / lichen en / lizze te / lizze en (niks)*  
*stan te / stan en / staan te / staan en / staen te / staen en /*  
*stean te / stean en*

Die Historiese Korpus van Standaardafrikaans (HKS-korpus) dien as aanvullende korpus vir hierdie studie. Hierdie korpus is saamgestel deur Kirsten (2019) met behulp van die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXt) en bestaan uit tekste wat verkry is vanaf Ana Deumert se “Corpus of Cape Dutch Correspondence”, en briewe wat strek vanaf 1911 tot en met 1980 wat deur die Nasionale Argief Pretoria, die Noordwes-Universiteit Argief en die Epog Argief verskaf is (Kirsten 2019:66).

<sup>9</sup> Die moontlike spelwyses is bepaal deur gebruik te maak van die aanlyn weergawe van die *Historische Woordenboeken Nederlands en Fries* (2021).

<sup>10</sup> Die alternatiewe spelling *hit* = *het* is deurgaans ook nagegaan.

<sup>11</sup> Die volgende spelvariasies vir die infinitiefpartikel en preposisies word deurgaans in elkeen van die onderstaande kombinasies getoets: *met* = *mit*; *om* = *omme/umme*; *en* = *inde/ende*.

<sup>12</sup> Elkeen van die vervoegde vorme, persoonsverbuigings en tempusverbuigings, van die Nederlandse en Afrikaanse postulerende werkwoorde word nagegaan vir elkeen van die moontlike CPV-konstruksies.

<sup>13</sup> Dit is moontlik dat daar nog ander moontlike relevante resultate van progressiewe konstruksies in die korpora te vinde kan wees wat nie deur die huidige soekstringe opgelewer is nie. Ter wille van uitvoerbaarheid is die soekstringe beperk tot hierdie gelyste variasies. Hoewel dit dus moontlik is dat die resultate nie 'n volledige opsomming van die progressiewe konstruksies in die korpus oplewer nie, kan aanvaar word dat die resultate wél voldoende is om die diachroniese ontwikkeling van die drie progressiewe konstruksies in Afrikaans te ondersoek.

Die HKS-korpus is dus 'n gestratifiseerde korpus wat uit 'n totaal van 1 032 180 woorde bestaan. Hierdie korpus strek oor vier tydsintervalle, naamlik 1911–1920, 1941–1950, 1971–1980 en 2001–2010. Hierdie tydsintervalle bevat onderskeidelik, 242 686, 263 838, 262 386 en 263 270 woorde. Die genres wat verteenwoordig word in die korpus, is: fiksie; populêre fiksie – waaronder biografiese tekste, verslaggewing, informatiewe tekste en religieuse tekste ingesluit word; akademiese tekste vanuit die geesteswetenskappe en natuurwetenskappe; en manuskripte waaronder briewe en dagboekinskrywings ingedeel is. Ten minste tien verskillende tekste van verskillende outeurs wat, sover moontlik, oor uiteenlopende temas handel, is by elk van die bogenoemde genres ingesluit (Kirsten 2019:66).

Gesamentlik bied hierdie twee korpora toegang tot taalgebruik wat oor 'n tydperk van 243 jaar strek. Daar is wel 'n leemte in die seleksie korpora, aangesien geen tekste uit die 19de eeu by een van die korpora ingesluit word nie. Ten spyte van hierdie tyds gaping in die data, kan bepaalde afleidings aangaande die ontwikkeling van die verskille tussen die Afrikaanse en Nederlandse progressiewe perifrastiese konstruksies steeds gemaak word, aangesien dit steeds 'n diachroniese beeld skep van hoe die konstruksies oor tyd ontwikkel het.

## 4.2 Data-analise

Die THT-korpus en HKS-korpus dien as taalbron. Met hierdie studie word beoog om vas te stel tot watter mate of op watter wyse die progressiewe perifrastiese konstruksies wel voorkom in die taaldata van hierdie korpora, om sodoende te kan vasstel wanneer die verskille wat tans tussen hierdie ewekniekonstruksies in Afrikaans en Nederlands waargeneem word, begin sigbaar raak het in Afrikaans (vergelyk weer tabel 2).

In hierdie afdeling word die frekwensies, gebruike en vorme van die verskillende progressiewe konstruksies in die diachroniese tydperk bekyk. Sodoende kan 'n idee gevorm word van die wyse waarop die verskillende konstruksies oor tyd deur taalgebruikers aangewend is en verandering ondergaan het. In afdeling 3 is bepaalde semantiese eienskappe en gebruike van elke progressiewe konstruksie in Afrikaans vanuit 'n sinchroniese beskouing opgesom, asook die verskille tussen die progressiewe konstruksies in Afrikaans en Hedendaagsnederlands. In hierdie gedeelte van die artikel sal na hierdie eienskappe en gebruike vanuit 'n diachroniese hoek gekyk word om te bepaal op watter stadium hierdie kenmerke in die huidige vorm van Afrikaanse progressiewe konstruksies sigbaar begin raak het.

### 4.2.1 Die PREP-progressief

Soos aangetoon, is verskeie soekstringe gebruik om moontlike resultate vir die PREP-progressief in die twee korpora te vind. Tabel 2 bied 'n opsomming van die totale frekwensies van die soekstringe, en dui die verhouding aan tussen die resultate wat as progressiewe konstruksies gereken kan word, en resultate wat ander betekenis (hoofsaaklik lokatiewe betekenis) aanbied. Alle totale frekwensies word as rou frekwensies in die tabel aangebied. Die relatiewe frekwensies van die progressiewe konstruksies (dit is die persentasie van alle resultate wat as progressiewe konstruksies gereken kan word) word ook aangebied, aangesien dit 'n aanduiding kan gee van hoe gereeld die progressiewe konstruksie, sowel as verskillende vorme van die konstruksie, voorkom oor die verskillende tydperke.

**TABEL 2:** Totale frekwensies van die PREP-konstruksies (progressief, sowel as nie-progressiewe resultate)

Vormlike variasie	THT-korpus			HKS-korpus			Totaal		
	Totale frekwensie in THT	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in THT	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie in HKS	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in HKS	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik
<i>an het</i>	20	7	35%	0	0	0%	20	7	35%
<i>an 't</i>	0	0	0%	1	0	0%	1	0	0%
<i>an't</i>	23	2	8,7%	0	0	0%	23	2	8,69%
<i>ant</i>	50	2	4%	1	0	0%	51	2	3,92%
<i>an die</i>	13	0	0%	1	0	0%	14	0	0%
<i>an di</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>aan het</i>	2097	1	0,05%	9	1	11,11%	2106	2	0,09%
<i>aan 't</i>	1437	0	0%	11	0	0	1448	0	0
<i>aan't</i>	211	43	18,5%	8	8	100%	219	51	23,28%
<i>aant</i>	59	11	18,6%	2	0	0%	61	11	18,03%
<i>aan die</i>	1575	0	0%	162	20	12,35%	1737	20	5,0%
<i>aan di</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>aen het</i>	47	8	17,02%	0	0	0%	47	8	17,02%
<i>aen 't</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>aen't</i>	3	0	0%	0	0	0%	3	0	0%
<i>aent</i>	34	0	0%	0	0	0%	34	0	0%
<i>aen die</i>	21	0	0%	0	0	0%	21	0	0%
<i>aen di</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>oan het</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>oan 't</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>oan't</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>oant</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>oan die</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>oan di</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<b>Totaal</b>	<b>5590</b>	<b>70</b>	<b>1,25%</b>	<b>188</b>	<b>31</b>	<b>16,48%</b>	<b>5778</b>	<b>96</b>	<b>1,66%</b>

Vanweë die lae frekwensies van die konstruksies en die korpora, word daar nie gepoog om die resultate te normaliseer of selfs statistiese vergelykings te tref tussen die relatiewe frekwensies van die progressiewe konstruksies nie. Die korpora is te klein vir die taalgebruik wat daarin opgeneem is om as verteenwoordigend beskou te word en dus om werklik afleidings te kan maak, onder meer, oor die mate van gegrammatikaliseerdheid van die verskillende konstruksies. Hierdie frekwensies is eerder 'n aanduiding van die verskillende vormlike variasies van die konstruksies wat oor die verskillende tydperke bestaan of ontwikkel het.

Tabel 3<sup>14</sup> dui aan watter verskillende vorme van die PREP-progressief in die verskillende tydperke van die twee korpora aangetref is.

**TABEL3:** Verspreiding van die rou frekwensies van PREP-progressiewe in die THT- en HKS-korpus oor die ondersoekperiode

	Tydperk	PREP-progressiewe konstruksie							TOTAAL
		<i>aen het</i>	<i>ant</i>	<i>an't</i>	<i>aant</i>	<i>aan het</i>	<i>aan't</i>	<i>aan die</i>	
THT	1680–1708	6	1	2	5	0	0	0	14
	1713–1779	2	1	0	6	0	4	0	13
	1780–1791	0	0	0	0	1	39	0	40
	<i>Subtotaal binne THT-korpus</i>								67
HKS	1911–1920	0	0	0	0	1	4	6	11
	1941–1950	0	0	0	0	0	2	5	7
	1971–1980	0	0	0	0	0	0	3	3
	2001–2010	0	0	0	0	0	2	6	8
	<i>Subtotaal binne HKS-korpus</i>								29
<b>Totaal</b>		<b>8</b>	<b>2</b>	<b>2</b>	<b>11</b>	<b>2</b>	<b>51</b>	<b>20</b>	<b>96</b>

Die *aant* en *aen het*-progressiewe kom gereedelik voor in die THT-korpus. Nie een van hierdie vorme is egter in die HKS-korpus aangetref nie. Die teenoorgestelde tendens kom voor by die *aan die*-progressief wat redelik voorkom in die HKS-korpus, maar nie in die THT-korpus aangetref is nie. Dit is noemenswaardig dat die *aan't*-progressiewe vorm asook 'n verskeidenheid van die spelvariasies daarvan (*ant*, *an't* en *aant*) teëgekomp is in die THT-korpus. Hierdie konstruksie is die enigste PREP-progressief wat volop in 'n verskeidenheid van vorme voorkom in die 17de en 18de-eeuse korpusinskrywings. Agt trefslae van die *aan't*-variant is opgemerk in die 20ste en 21ste-eeuse taaldata terwyl geen trefslae van die alternatiewe spelvariante in hierdie tydperk opgemerk is nie. Hierdie tendens kan dui op die standaardisering van Afrikaanse spelling tydens die 20ste eeu asook op die spesialisering van die *aan't*-konstruksie.

Die *aan het*-konstruksie blyk tydens die 17de en 18de eeu steeds hoofsaaklik lokatiewe betekenis uit te druk (sien voorbeeld (25) en (26)). Soveel as 99.90% (2 van 2106, soos aangetoon in Tabel 2) van die *aan/aen het*-trefslae druk nie-progressiewe leksikale betekenis uit. So ook toon die resultate dat die *aen het* vormlike variasie eerder progressiewe betekenis uitdruk.

(25) Lok: *Charles Marais woonende aan het breede rivier.* (THT-korpus)

(26) Prog: *...Indien als oock van alle andere over haer gestelde overheeden ende bevelhebber te arbeijden, aen het maken ende repareren, van forten, batereijen ende loopschanssen...* (THT-korpus)

Die afwesigheid van *aan die*-trefslae in die THT-korpus kan 'n aanduiding wees dat die bepaalde lidwoord *het* tydens die 17de en 18de eeu nog nie in die volksmond van die spraakgroep wat by die korpus ingesluit is, vervang is met *die* as bepaalde lidwoord nie. Alhoewel nie een van die korpora data uit die 19de eeu insluit nie, blyk die relatiewe

<sup>14</sup> Slegs vorme waarvoor resultate gevind is, word in tabelle 3, 5 en 10-13 gelys. Daar is nie resultate vir elkeen van die soekstringe gevind nie.

**TABEL 4:** Totale frekwensie van die *besig*-konstruksie (progressief, sowel as nie-progressiewe resultate)

	THT-korpus			HKS-korpus			Totaal		
	Totale frekwensie in THT	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in THT	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie in HKS	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in HKS	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik
<i>besig met</i>	25	25	100%	30	30	100%	55	55	100%
<i>besig en</i>	4	0	0%	0	0	0%	4	0	0%
<i>besig te</i>	3	2	66.66%	2	2	100%	5	4	80.0%
<i>besig om/omme te</i>	0	0	0%	86	86	100%	86	86	100%
<i>besig t'</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>besig om/omme t'</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>bezig met</i>	5	5	100%	2	1	50%	7	6	85.71%
<i>bezig en</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>bezig te</i>	5	5	100%	0	0	0%	5	5	100%
<i>bezig om/omme te</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>bezig t'</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>bezig om/omme t'</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>besigh met</i>	39	39	100%	0	0	0%	39	39	100%
<i>besigh en</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>besigh te</i>	3	3	100%	0	0	0%	3	3	100%
<i>besigh om/omme te</i>	1	1	100%	0	0	0%	1	1	0%
<i>besigh t'</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>besigh om/omme t'</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>bezych met</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>bezych en</i>	1	0	0%	0	0	0%	1	0	0%
<i>bezych te</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>bezych om/omme te</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>bezych t'</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>bezych om/omme t'</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>beuzich met</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>beuzich en</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>beuzich te</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>beuzich om/omme te</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>beuzich t'</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<i>beuzich om/omme t'</i>	0	0	0%	0	0	0%	0	0	0%
<b>Totaal</b>	<b>91</b>	<b>84</b>	<b>93,02%</b>	<b>120</b>	<b>119</b>	<b>99,16%</b>	<b>211</b>	<b>203</b>	<b>96,60%</b>

teenwoordigheid van voorbeelde van die *aan die*-progressiewe in die taaldata uit die 20ste eeu 'n aanduiding te wees van die vervanging van die *het* met *die* as bepaalde lidwoord, wat moontlik tydens die 19de eeu geskied het. Hierdie bevinding stem ooreen met die tydlyn wat Raidt (1991:208) aanbied vir die verlies van die klassestelsel in vroeë Afrikaans.

Dit is verder opvallend dat bykans al die *aan 't*-progressiewe uitsluitlik in formele tekste, hetsy formele briewe, biografiese tekste of verslaggewing voorkom in die HKS-korpus en dat die laaste trefslag van die *aan 't*-progressief in die korpusdata voor 1950 gepubliseer is.

Aangesien die resultate in die korpora so beperk is, kan geen statistiese afleidings gemaak word oor die frekwensietoenames of -afnames nie. Dit is wel opvallend dat sinchroniese studies soos dié van Breed en Brisard (2015) en Breed, Brisard en Verhoeven (2017) meld dat die algemene gebruik van progressiewe perifrastiese konstruksies in Afrikaans hoër is as in Nederlands. Hierdie sinchroniese studies skep die verwagting dat vroeë vorme van Afrikaans, soos dié wat in die THT-korpus vervat word, meer sal ooreenstem met Nederlands en dat progressiewe perifrastiese konstruksies dus algeheel minder moet voorkom in hierdie data. Die resultate van die diachroniese studie toon dat meer Nederlandse vormlike variasies soos *aen het* en *ant* wel algemeen voorkom in die THT-korpus, en dat die PREP-progressiewe algemeen voorkom in die 17de en 18de-eeuse taaldata.

#### 4.2.2 Die *besig*-progressief

Tabel 4 dui aan watter verskillende vorme van die *besig*-progressief vir die verskillende tydperke in die twee korpora aangetref is. Alle totale frekwensies word as rou frekwensies in die tabel aangebied. Net soos in Tabel 2, word die relatiewe frekwensies van die progressiewe konstruksies ook aangedui.

Tabel 5 dui die frekwensie van die verskillende vorme van die *besig*-progressief oor die verskillende tydperke aan.

**TABEL5:** Verspreiding van die rou frekwensies van *besig*-progressiewe in die THT- en HKS-korpus oor die ondersoekperiode

	Tydperk	CPV-konstruksies									Totaal
		<i>besigh met</i>	<i>Besigh omme</i>	<i>Bezig omme</i>	<i>besigh te</i>	<i>besig te</i>	<i>bezig te</i>	<i>besig met</i>	<i>bezig met</i>	<i>besig om te</i>	
THT	1680–1708	37	1	1	2	0	1	24	5	0	71
	1713–1779	2	0	0	1	0	1	1	4	0	9
	1780–1791	0	0	0	0	2	2	0	0	0	4
	<i>Subtotaal binne THT-korpus</i>										84
HKS	1911–1920	0	0	0	0	2	0	9	1	14	26
	1941–1950	0	0	0	0	0	0	6	0	30	36
	1971–1980	0	0	0	0	0	0	8	0	23	31
	2001–2010	0	0	0	0	0	0	7	0	19	26
	<i>Subtotaal binne HKS-korpus</i>										119
<b>Totaal</b>		<b>39</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>3</b>	<b>4</b>	<b>4</b>	<b>55</b>	<b>10</b>	<b>86</b>	<b>203</b>

Vormlike variasies van die *besig*-progressief kom deurgaans in die korpusdata voor.

Al die vormlike variasies behalwe die *om te*-variasie van hierdie progressiewe konstruksie kom voor in al die tydperke. Alhoewel twee trefslae met *omme* teëgekom is, word daar nie in hierdie konstruksies gebruik gemaak van die partikel *te* of voegwoord *en* nie. Die *besig om te*-konstruksie is dus 'n nuwer ontwikkeling in Afrikaans, omdat die eerste trefslae van hierdie vormlike variasie eers ná 1910 voorkom in die korpusdata.

Aanvanklik kom beide die *besig/besigh met*- en *bezig/bezigh met*-variasies dikwels voor in die 17de en 18de-eeuse data, maar slegs trefslae van die *besig met* spelwyse word aangetref in die korpusdata ná 1910. Dit is dus moontlik dat die *z*-spelwyse teen die 20ste eeu reeds in Afrikaans vervang is met die *s*-spelwyse.

Dit is opvallend dat, ten spyte daarvan dat die tekste wat in die THT-korpus vervat word die standaardisering van spelling voorafgaan, die trefslae wat gebruik maak van die *besig te*-vorm almal gepubliseer is in die tweede helfte van die 18de eeu en die sinskonstruksies is dus steeds oorheersend Nederlands van aard (sien voorbeeld (27)).

(27) ... *toekomende weeck met 'et aanvoeren van zoden (als sijnde wel 't nootsakelijcxste) ons noch **besig te** houden.* (THT-korpus)

Alhoewel die resultate wat verkry is in die korpus te min is om toeval uit te skakel en werklik beduidende afleidings te maak oor hierdie tendens, kan daar wel hipotetiese afleidings gemaak word oor die moontlikheid van 'n fonologiese verskuiwing. 'n Verlies aan die *z* in *bezig* word waargeneem in die navorsingstydperk, met slegs drie uit agt gevalle van die *bezig te*-konstruksie wat gebruik maak van die *z*. Daar kan egter nie gestel word dat hierdie vervanging van die *z* met die *s* 'n doelbewuste afwyking van die Nederlandse spelwyse is nie, maar slegs dat beide vorme teenwoordig is. Dit is wel moontlik dat hierdie afwyking in spelling aanleiding gegee het tot ander konstruksies wat eie is aan Afrikaans. Een sodanige voorbeeld is die voorsetsel *om* wat, vanuit die korpusinligting, lyk of sy oorsprong in die Nederlandse argaïese *omme* lê en grammatikaliseer tot Afrikaanse infinitiefmerker. Tog is daar nie genoegsame data verkry in die korpus om 'n definitiewe beslissing hieroor te maak nie.

Dit is wel opmerklik dat alhoewel beide die *besig/bezig*-variasies gelyktydig voorgekom het in die taaldata van 1680-1708, die *besig/besigh met*-konstruksie aansienlik meer voorkom in hierdie tydperk as enige ander *besig/bezig*-konstruksie of spelwyse.

Dit is verder opvallend dat die hoë frekwensie van die *besig om te*-progressief wat deur Breed, Brisard en Verhoeven (2017) gemerk word ('n relatiewe frekwensie van 7 992 in Afrikaans teenoor 181 in Nederlands in statisties vergelykbare korpora), nie die bevindinge van hierdie studie weerspieël nie. Dit is dus moontlik dat hierdie verskynsel in hedendaagse Afrikaans eers ná 2010 in Afrikaans werklik begin posvat het.

#### 4.2.3 Die CPV-progressief

Tabelle 6 tot 9 dui aan watter verskillende vorme van die CPV-konstruksies vir die verskillende tydperke in die korpora aangetref is. Alle totale frekwensies word as rou frekwensies in die tabel aangebied. Net soos in Tabelle 2 en 4, word die relatiewe frekwensies van die progressiewe en nie-progressiewe konstruksies aangedui.

Tabelle 10-13 dui die frekwensies van die verskillende vorme van die CPV-progressiewe oor die verskillende tydperke aan.

Die *CPV*-progressief is die progressiewe konstruksie wat mees frekvent voorkom in die 17de en 18de eeu. 'n Hele aantal *CPV*-progressiewe konstruksies met verskillende spelwyses en verbuigings vir tyd en persoon van die *staan en/te*-progressief is in die 17de en 18de-eeuse taaldata aangetref. Dit is opvallend dat die *staan-progressiewe* konstruksies in die laat 17de eeu hoofsaaklik gebruik maak van die *te* partikel, so ook is dit interessant dat beide enkelvoud- (*staan te*) en meervoudsvorme, asook verledetydsvorme (*gestaan en, gestonden te*) in hierdie tydperk van die korpusdata voorkom. Daarenteen is geen trefslae vir die *staen te* spelvariasie óf die verledetydsvorme van hierdie postulére konstruksie in die taaldata ná 1780 teëgekome nie. In die vroeë 20ste eeu word drie gevalle van die *gestaan en*-verledetydsprogressief aangetref, dit is wel opvallend dat geen voorbeelde van die *stonden* of *staen*-variasies teëgekome is nie.

Dieselfde tendens kan by die ander *CPV*-konstruksies gemerk word. Dit wil sê dat variasies in spelling (*zit, zitten, zat, lopen, leggen, en gelegen*) wat in 17de en 18de-eeuse taaldata voorgekom het, nie aangetref is in laat 20ste en vroeë 21ste-eeuse taaldata nie. Hierdie neiging kan verband hou met die standaardisering van Afrikaans in die vroeë 20ste eeu.

**TABEL 6:** Totale frekwensie van die *loop te/en*-konstruksie (progressief, sowel as nie-progressiewe resultate)

	THT-korpus			HKS-korpus			Totaal		
	Totale frekwensie in THT	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in THT	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie in HKS	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in HKS	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik
<i>loop te</i>	20	6	30.0%	1	0	0	21	6	28.57%
<i>loop en</i>	9	0	0	20	10	50%	29	10	34.48%
<i>lop te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>lop en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>looped te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>looped en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>loopen te</i>	3	0	0	0	0	0	3	0	0
<i>loopen en</i>	56	8	14.28%	0	0	0	56	8	14.28%
<i>geloop te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>geloop en</i>	2	0	0	8	1	12.5%	10	1	10.0%
<i>loop ende</i>	1	0	0	0	0	0	1	0	0
<b>TOTAAL</b>	<b>91</b>	<b>14</b>	<b>15.38%</b>	<b>29</b>	<b>11</b>	<b>37.93%</b>	<b>120</b>	<b>25</b>	<b>20.83%</b>

**TABEL 7:** Totale frekwensie van die *sit te/en*-konstruksie (progressief, sowel as nie-progressiewe resultate)

	THT-korpus			HKS-korpus			Totaal		
	Totale frekwensie in THT	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in THT	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie in HKS	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in HKS	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik
<i>sit te</i>	0	0	0	3	0	0	3	0	0
<i>sit en</i>	0	0	0	80	59	73.75%	80	59	73.75%
<i>zit te</i>	1	1	100%	0	0	0	1	1	100%
<i>zit en</i>	0	0	0	1	0	0	1	0	0
<i>zett te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>zett en</i>	1	0	0	0	0	0	1	0	0
<i>zitte te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>zitte en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>zitten te</i>	1	1	100%	0	0	0	1	1	100%
<i>zitten en</i>	9	0	0	0	0	0	9	0	0
<i>zetten te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>zetten en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>zat te</i>	1	1	100%	0	0	0	1	1	100%
<i>zat en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>zaten te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>zaten en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>gesit te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>gesit en</i>	0	0	0	28	13	46.42%	28	13	46.42%
<i>gezeten te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>gezeten en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<b>TOTAAL</b>	<b>13</b>	<b>3</b>	<b>23.07%</b>	<b>112</b>	<b>72</b>	<b>64.28%</b>	<b>125</b>	<b>75</b>	<b>60.0%</b>

**TABEL 8:** Totale frekwensie van die *lê te/en*-konstruksie (progressief, sowel as nie-progressiewe resultate)

	THT-korpus			HKS-korpus			Totaal		
	Totale frekwensie in THT	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in THT	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie in HKS	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in HKS	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik
<i>le te</i>	6	0	0	0	0	0	6	0	0
<i>le en</i>	10	0	0	1	1	100%	11	1	9.09%
<i>lê te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>lê en</i>	0	0	0	29	14	48.27%	29	14	48.27%
<i>liggen te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>liggen en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>liggen ende</i>	1	0	0	0	0	0	1	0	0
<i>licghen te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>licghen en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>lichen te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>lichen en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>leggen te</i>	21	17	80.95%	0	0	0	21	1	4.76%
<i>leggen en</i>	176	0	0	0	0	0	176	0	0
<i>lizze te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>lizze en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>gelegen te</i>	18	0	0	0	0	0	18	0	0
<i>gelegen en</i>	28	1	3.57%	0	0	0	28	1	3.57%
<i>lig te</i>	0	0	0	8	0	0	8	0	0
<i>lig en</i>	0	0	0	21	0	0	21	0	0
<i>ligt te</i>	30	0	0	0	0	0	30	0	0
<i>ligt en</i>	23	0	0	0	0	0	23	0	0
<i>ligge te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>ligge en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>lag te</i>	5	0	0	0	0	0	5	0	0
<i>lag en</i>	8	0	0	18	0	0	26	0	0
<i>lagen te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>lagen en</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>gelê te</i>	0	0	0	1	0	0	1	0	0
<i>gelê en</i>	0	0	0	11	4	36.36%	11	4	36.36%
<b>TOTAAL</b>	<b>326</b>	<b>18</b>	<b>5.52%</b>	<b>89</b>	<b>19</b>	<b>21.34%</b>	<b>414</b>	<b>37</b>	<b>8.93%</b>

**TABEL 9:** Totale frekwensie van die *staan te/en*-konstruksie (progressief, sowel as nie-progressiewe resultate)

	THT-korpus			HKS-korpus			Totaal		
	Totale frekwensie in THT	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in THT	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie in HKS	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie in HKS	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik	Totale frekwensie	Totale rou (en relatiewe) progressiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie van progressiewe gebruik
<i>stan te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>stan en/ende</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>staan te</i>	200	164	82.0%	3	3	100%	203	167	82.26%
<i>staan en/ende</i>	87	0		91	0	0	178	0	0
<i>staen te</i>	19	18	94.73%	0	0	0	19	18	94.73%
<i>staen en/ende</i>	6	0	0	0	0	0	6	0	0
<i>stean te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>stean en/ende</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>staat te</i>	988	231	23.38%	13	0	0	1001	231	23.07%
<i>staat en/ende</i>	569	0	0	14	0	0	583	0	0
<i>sta te</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>sta en/ende</i>	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<i>stonde te</i>	67	49	73.13%	0	0	0	67	49	73.13%
<i>stonde en/ende</i>	5	1	20.0%	0	0	0	5	1	20.0%
<i>gestaan te</i>	4	0	0	0	0	0	4	0	0
<i>gestaan en/ende</i>	17	2	11.76%	7	3	42.85%	24	5	20.83%
<i>staan ende</i>	5	0	0	0	0	0	5	0	0
<i>staen ende</i>	4	0	0	0	0	0	4	0	0
<b>TOTAAL</b>	<b>1971</b>	<b>465</b>	<b>23.59%</b>	<b>128</b>	<b>6</b>	<b>4.68%</b>	<b>2099</b>	<b>471</b>	<b>22.44%</b>

**TABEL 10:** Verspreiding van die rou frekwensies van *loop*-progressiewe in die THT- en HKS-korpus oor die ondersoekperiode

	Tydperk	<i>loop en/te</i> -progressiewe konstruksie				TOTAAL
		<i>loop te</i>	<i>loop en</i>	<i>loopen en</i>	<i>geloop en</i>	
THT	1680–1708	1	0	0	0	1
	1713–1779	5	0	3	0	8
	1780–1791	0	0	5	0	5
	<b>Subtotaal binne THT-korpus</b>					<b>14</b>
HKS	1911–1920	0	3	0	0	3
	1941–1950	0	1	0	1	2
	1971–1980	0	2	0	0	2
	2001–2010	0	4	0	0	4
	<b>Subtotaal binne HKS-korpus</b>					<b>11</b>
<b>Totaal</b>		<b>6</b>	<b>10</b>	<b>8</b>	<b>1</b>	<b>25</b>

**TABEL 11:** Verspreiding van die rou frekwensies van *sit*-progressiewe in die THT- en HKS-korpus oor die ondersoekperiode

	Tydperk	<i>sit en/te</i> -progressiewe konstruksie					TOTAAL
		<i>sit en</i>	<i>zit te</i>	<i>zitten te</i>	<i>zat te</i>	<i>gesit en</i>	
THT	1680–1708	0	0	0	1	0	1
	1713–1779	0	0	0	0	0	0
	1780–1791	0	1	1	0	0	2
	<b>Subtotaal binne THT-korpus</b>					<b>3</b>	
HKS	1911–1920	7	0	0	0	2	9
	1941–1950	12	0	0	0	3	15
	1971–1980	28	0	0	0	6	34
	2001–2010	12	0	0	0	2	14
	<b>Subtotaal binne HKS-korpus</b>					<b>72</b>	
<b>Totaal</b>		<b>59</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>13</b>	<b>75</b>

**TABEL 12:** Verspreiding van die rou frekwensies van *lê*-progressiewe in die THT- en HKS-korpus oor die ondersoekperiode

	Tydperk	<i>lê en/te</i> -progressiewe konstruksie					TOTAAL
		<i>le en</i>	<i>lê en</i>	<i>leggen te</i>	<i>gelegen en</i>	<i>gelê en</i>	
THT	1680–1708	0	0	9	1	0	10
	1713–1779	0	0	8	0	0	8
	1780–1791	0	0	0	0	0	0
	<b>Subtotaal binne THT-korpus</b>					<b>18</b>	
HKS	1911–1920	1	0	0	0	0	1
	1941–1950	0	7	7	7	1	8
	1971–1980	0	6	0	0	3	9
	2001–2010	0	1	0	0	0	1
	<b>Subtotaal binne HKS-korpus</b>					<b>19</b>	
<b>Totaal</b>		<b>1</b>	<b>14</b>	<b>17</b>	<b>1</b>	<b>4</b>	<b>37</b>

**TABEL 13:** Verspreiding van die rou frekwensies van *staan*-progressiewe in die THT- en HKS-korpus oor die ondersoekperiode

	Tydperk	staan en/te-progressiewe konstruksie						TOTAAL
		<i>staan te</i>	<i>staen te</i>	<i>staat te</i>	<i>stonden te</i>	<i>stonden en/ende</i>	<i>gestaan en/ende</i>	
THT	1680–1708	70	16	68	24	1	2	<b>181</b>
	1713–1779	49	2	53	25	0	0	<b>129</b>
	1780–1791	45	0	110	0	0	0	<b>155</b>
	<b>Subtotaal binne THT-korpus</b>							<b>465</b>
HKS	1911–1920	3	0	0	0	0	0	<b>3</b>
	1941–1950	0	0	0	0	0	0	<b>0</b>
	1971–1980	0	0	0	0	0	0	<b>0</b>
	2001–2010	0	0	0	0	0	0	<b>0</b>
	<b>Subtotaal binne HKS-korpus</b>							<b>3</b>
<b>Totaal</b>		<b>167</b>	<b>18</b>	<b>231</b>	<b>49</b>	<b>1</b>	<b>5</b>	<b>471</b>

Die *staan*-progressief is dan ook die vroegste progressiewe perifrastiese konstruksie wat aangetref is in die THT-korpus en kom voor in 'n dagboekinskrywing uit 1668 (sien voorbeeld (28) en (29)). Dit is egter opvallend dat hierdie konstruksies mees frekwent voorkom in skeepsverwante en militaristiese kontekste.

(28) ... en dat vee uijt des ondergets troepen stonden te soeken en weg te jaagen...  
(THT-korpus)

(29) Waerop de twee laest genoemde gevangens stil sijn gebleeven staan en haer aen de Duijtschen gevangen gegeven te hebben.  
(THT-korpus)

Hierteenoor toon die *CPV*-progressiewe in die ander voorbeelde uit die THT-korpus nog etlike ooreenkomste met hul leksikale betekenisse en hierdie gevalle word as meerduldig beskou, eerder as werklike voorbeelde van die *CPV*-progressief (sien voorbeeld (30) uit 'n dagboekinskrywing van 1786).

(30) ... sulcx binnen weijnich dagen **staat te vertrecken**.  
(THT-korpus)

Die *sit*-progressiewe variasies kom die minste algemeen voor in die korpus, met die *lê*-variasies wat die tweede meeste voorkom. Hiernaas kom die *loop*-konstruksie die tweede minste algemeen voor.

Tog strek die gebruik van hierdie progressiewe oor formele en informele genres sowel as oor die hele spektrum tydperke wat by die korpus ingesluit is. Hierdie gevalle kom dan ook voor saam met die volgende werkwoorde: *lag*, *soek*, *adverteer*, *sing*, *vreet* en *lees*. Sommige van hierdie werkwoorde word nie algemeen verwag saam met die progressiewe konstruksie nie. Die gevalle met veral *lees* en *vreet*, soos weergegee in voorbeeld (31) en (32), is meerduldig en die leksikale betekenis van *loop* is steeds prominent hier.

(31) Ja, die man kon **loop** en **lees**!  
(THT-korpus)

(32) ... terwyl die andere in die sand die sweet afrol, en partij reeds rustig **loop** en **vreet**.  
(THT-korpus)

In voorbeeld (33) kom die direkte objek in die sinsposisie tussen die *CPV*-progressief en die werkwoord waarmee hy kollokeer voor. Hierdie sinskonstruksie is nie ongrammatikaal in Afrikaans nie, maar word wel as 'n meer Nederlandse sinstruktuur beskou. Voorbeeld (34) toon die meer gebruiklike en dus die verwagte Afrikaanse sinstruktuur. Tog moet in ag geneem word dat hierdie sin uit 'n persoonlike brief kom wat in 2004 geskryf is, en die outeur kon dus doelbewus kreatief met sy taalgebruik omgaan.

(33) *Ek en my oupa loop en pad soek terwyl my broer bestuur.* (HKS-korpus)

(34) *Ek en my oupa loop en soek die pad terwyl my broer bestuur.*

Die *staan/staat te*-progressief is heelwat meer aangetref in die 17de-eeuse taaldata as die ander *CPV*-konstruksies. Hierteenoor kom die *sit*-konstruksies mees algemeen voor in die laat 20ste-eeuse taaldata. 'n Groot meerderheid van hierdie konstruksies kom dan ook voor in fiksietekste wat in die laat 20ste eeu en vroeë 21ste eeu gepubliseer is. Hierdie tendens kan moontlik daaraan toegeskryf word dat hierdie konstruksies die algemeenste postulêre posisies uitdruk waarin aksies uitgevoer kan word. Te meer bevat al die voorbeelde van *CPV*-progressiewe uit die 20ste eeu agens-subjekte. Hierdie bevinding stem ooreen met die bevindinge van Breed (2012).

#### 4.2.4 Samevattende vergelyking


Tabel 14 en Figuur 1 bied 'n opsomming van die relatiewe frekwensies van die drie progressiewe konstruksies. Die relatiewe frekwensie is bereken deur die totale frekwensie van die progressiewe konstruksies in elke korpus te deel deur die totale korpusgroottes. Hierdie vergelyking maak dit moontlik om te bepaal watter progressiewe konstruksie telkens in elke tydperk (naamlik die tydperk van die 17de en 18de eeu soos gevind in die THT-korpus, en die tydperk van die 20ste en vroeë 21ste eeu soos gevind in die HKS-korpus) mees algemeen gebruik is.

Hoewel die frekwensies van die relatiewe frekwensies van progressiewe konstruksies baie laag is in die twee korpora, wil dit wel voorkom (veral as na Figuur 1 gekyk word) of daar stelselmatige veranderinge te bespeur is in die wyse waarop taalgebruikers die progressiewe konstruksie oor die tydperk begin gebruik het.

Dit lyk asof die progressiewe perifrastiese konstruksies meer frekvent raak na die laat 18de eeu. Hierdie resultate ondersteun die bevindinge van Breed en Brisard (2015), Brisard en Verhoeven (2017), naamlik dat Afrikaanse sprekers 'n toenemende behoefte toon om progressiewe betekenis uit te druk.

**TABEL 14:** Totale frekwensies van die drie progressiewe konstruksies in die twee diachroniese tydperke

Korpus	Korpusgrootte (Totale hoeveelheid woorde)	<i>PREP</i>		<i>Besig</i>		<i>CPV</i>	
		Frekwensie	Relatiewe Frekwensie	Frekwensie	Relatiewe Frekwensie	Frekwensie	Relatiewe Frekwensie
THT-korpus	16 988 611	67	0,0005%	84	0,0005%	500	0,0029%
KHS-korpus	1 032 180	29	0,0028%	119	0,011%	573	0,0057%



**Figuur 1:** Totale frekwensies van die drie progressiewe konstruksies in die twee diachroniese tydperke

In teenstelling met die bevindinge van die sinchroniese studies, blyk die *besig*-progressiewe konstruksies nie die mees gebruiklike progressiewe konstruksie in Afrikaans te wees nie. Die hoë frekwensies van die *besig*-progressiewe wat in die sinchroniese studies gemerk word, is nie sigbaar in die 20ste en vroeë 21ste-eeuse taaldata nie. Een moontlike rede vir die verskil in die bevindinge van hierdie ondersoek en dié van Breed, Brisard en Verhoeven (2017) is die korpusgrootte. Die TK-korpus waarvan hulle gebruik maak, is aansienlik groter as die HKS-korpus en sluit nie net 'n groter versameling tekste in nie, maar ook meer resente taaldata. Die tweede moontlike rede vir hierdie verskil is die periode-afbakening van die HKS-korpus se taaldata. Dit is dus moontlik dat hierdie ontwikkeling 'n meer resente ontwikkeling in Afrikaans is as wat verwag word en dat die *besig*-progressief eers ná 2010 begin voorkeur geniet het.

So ook blyk dit dat die PREP-progressiewe en CPV-progressiewe meer voorkom in die taaldata van die HKS-korpus as wat aanvanklik verwag is. Tog, stem die vormlike variasies van die drie progressiewe konstruksies (soos getoon in tabelle 2, 4, 6, 7 en 8) in die HKS-korpus wel ooreen met die vormlike variasies wat in die sinchroniese studies gemerk is.

## 5. SLOT

Vanuit die bostaande resultate is dit duidelik dat al die progressiewe perifrastiese konstruksies nie ewe vinnig gegrammatikaliseer het nie. Die eerste progressiewe perifrastiese konstruksie wat aangetref is in die korpora, was 'n CPV-konstruksie wat bewys dat hierdie konstruksies wel gebruik is om progressiwiteit uit te druk in die laat 17de eeu. So ook is bevind dat progressiewe gebruike van *loop* so laat soos 2004 steeds in Afrikaans gebruik kon word saam met 'n direkte objek, alhoewel hierdie funksie in die taalkundeliteratuur slegs aan Nederlandse CPV-konstruksies toegeken is. Laastens is bevind dat die CPV-konstruksie algemeen voorkom in die 20ste en vroeë 21ste-eeuse taaldata, ten spyte daarvan dat daar verwag is dat die *besig*-progressief meer dikwels aangetref sou word in die HKS-korpus. Dit blyk dus dat die voorkeur

wat die *CPV*-konstruksies in Hedendaagsnederlands geniet, ook tot onlangs nog sigbaar is in die Afrikaanse diachroniese korpora.

In teenstelling met die *CPV*-konstruksies is die *besig*-konstruksie minder dikwels aangetref in die Afrikaanse diachroniese korpora. Alhoewel die sinchroniese studies die verwagting skep dat die *besig*-progressiewe konstruksies volop behoort voor te kom in die HKS-korpus, lyk dit asof die *besig*-progressiewe nie so gewild is in die 20ste en vroeë 21ste-eeuse taaldata as wat dit in die sinchroniese taaldata voorkom nie. Dit is dus moontlik dat hierdie konstruksie toegeneem het in gewildheid ná 2010.

Verskeie vormlike variasies van die *besig met*-konstruksie is aangetref in die 17de en 18de-eeuse taaldata, terwyl die *om te-variant* nie so gereedelik voorgekom het in hierdie tydperk nie. Die *besig*-konstruksie is ook die progressiewe perifrastiese konstruksie wat die grootste verspreiding het in beide korpora. Dit wil sê dat hierdie konstruksie deurgaans in al die tydperke in die grootste verskeidenheid genres gebruik word. So ook is dit die konstruksie wat die minste trefslae van nie-progressiewe gebruike gelewer het.

Laastens is die *aan 't*-konstruksie bykans uitsluitlik as 'n progressiewe konstruksie gebruik in die trefslae wat uit die 17de en 18de eeu dateer. Hierteenoor word die *aan het*-konstruksie steeds dikwels as lokatief gebruik in tekste vanuit dieselfde tydperk. In teenstelling hiermee kom *aan het* slegs een keer in tekste vanuit die 20ste en 21ste eeu voor in 'n progressiewe konstruksie, terwyl *aan die* die mees frekwente PREP-konstruksie in hierdie korpus is.

Hierdie gegewens toon dat die meerderheid van die verskille tussen die huidige Afrikaanse en Nederlandse progressiewe perifrastiese konstruksies reeds sigbaar was teen die begin van die 19de eeu. 'n Diachroniese benadering tot hierdie konstruksies het nie slegs die teenwoordigheid van hierdie konstruksies in bepaalde tydperke bevestig nie, maar ook die verstaan van hierdie konstruksies, soos dit in die sinchroniese literatuur uiteengesit word, uitgebrei deur nuwe vormlike variasies en tendense in die gebruik van hierdie progressiewe perifrastiese konstruksies aan die lig te bring.

## BIBLIOGRAFIE

- Booij, G. 2003. Constructional idioms as products of linguistic change: the *aan het* + INFINITIEF construction in Dutch. In Ackerman, Blevins, & Stump (eds). *Paradigms and periphrases*. Chicago: University of Chicago Press. pp. 79-104.
- Booij, G. 2004. De *aan het* infinitief-constructie in het Nederlands. In De Schutter, Devos & Van Keymeulen (eds). *Taeldeman man van de taal, schatbewaarder van de taal*. Gent: Academia Press, pp. 97-106.
- Booij, G. 2008. Constructional idioms as products of linguistic change: the *aan het* construction in Dutch. In Bergs & Diewald (eds). *Constructions and language change*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp. 81-106.
- Breed, A. 2012. Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: 'n Semantiese studie van perifrastiese progressiewe konstruksies. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Breed, A. 2016. Aspek in Afrikaans: 'n teoretiese beskrywing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):62-80.
- Breed, A & Brisard, F. 2015. Postulêre werkwoorde as progressiewe merkers in Afrikaans en Nederlands. *Internationale Neerlandistiek*, 53(1):3-28.
- Breed, A, Brisard, F & Verhoeven, B. 2017. Periphrastic progressive constructions in Dutch and Afrikaans: A contrastive analysis. *Journal of Germanic Linguistics*, 29(4):305-378.
- Breed, A & Van Huyssteen, G. 2014. *Aan die* en *besig* in Afrikaanse progressiwiteitskonstruksies: die ontstaan en ontwikkeling (1). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):708-725.
- Breed, A & Van Huyssteen, G. 2015. *Aan die* en *besig* in Afrikaanse progressiwiteitskonstruksies: 'n korpusondersoek (2). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(2):251-269.

- Bybee, JL, Perkins, RD & Pagliuca, W. 1994. *The evolution of grammar: tense, aspect and modality in the languages of the world*. Chicago: University of Chicago.
- Comrie, B. 1976. *Aspect: an introduction to the study of verbal aspect and related problems*. Cambridge: Cambridge.
- Deo, A. 2012. Morphology. In Binnick (ed.). *The Oxford Handbook of Tense and Aspect*. Oxford: Oxford, pp. 155-183.
- De Schryver, G & Prinsloo, DJ. 2000. The compilation of electronic corpora, with special references to the African languages. *South African Linguistics and Applied Language Studies*, 18:89-106.
- Geleyn, T. 2010. De progressiewe constructies bezig zijn en besig wees: een contrastief corpusonderzoek Nederlands – Afrikaans. Gent: Universiteit Gent.
- Geleyn, T & Colleman, T. 2014. De progressiewe constructies *besig zijn* en *besig wees*: Een contrastief corpusonderzoek Nederlands-Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(1):56-74.
- Heine, B & Reh, M. 1984. *Grammaticalization and reanalysis in African languages*. Hamburg: Helmut Buske Verlag.
- Hopper, PJ & Traugott, EC. 2003. *Grammaticalization*. 2nd ed. Cambridge: Cambridge.
- Instituut voor de Nederlandse taal. 2021. Historische woordenboeken Nederlands en Fries. <http://gtb.inl.nl/search/> [20 Maart 2021].
- Kirsten, J. 2018. Historiese korpus van Standaardafrikaans [Historical corpus of written Afrikaans] 1.1 (HKSA), Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark.
- Kirsten, J. 2019. *Written Afrikaans since Standardization. A Century of Change*. Lanham: Lexington.
- Langacker, R. 1990. *Concept, image, and symbol: The cognitive basis of grammar*. Berlin: Walter de Gruyter.
- Lemmens, M. 2005. Aspectual posture verb constructions in Dutch. *Journal of Germanic Linguistics*, 17(3):183-217.
- Lemmens, Maarten. 2008. *Een contrastiewe analyse van progressiewe constructies in het Nederlands, het Engels en het Zweeds*. Paper presented at the IVN colloquium held in Antwerp, August 27.
- Lemmens, Maarten. 2015. Zit je te denken of ben je aan het piekeren? Persistentie in het synchrone gebruik van de PREP- en POS-progressiewe constructies in het Nederlands. *Nederlandse Taalkunde*, 20:5-36.
- Liebenberg, H. 2017. Tracing History Trust korpus.
- Raidt, EH. 1991. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Tracing History Trust. 2011. Paper past to plastic present. <http://tracinghistorytrust.co.za/products.htm> [16 Augustus 2019].
- Trask, RL. ed. 1993. *A Dictionary of Grammatical Terms in Linguistics*. London: Routledge.
- Van Aardt, CA & Breed, CA. 2016. Postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans: 'n Ondersoek vanuit 'n grammatikaliseringperspektief. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 46:1-24.
- Van Pottelberge, J. 2007. Defining grammatical constructions as a linguistic sign: The case of periphrastic progressives in the Germanic languages. *Folia Linguistica*, 41(1):99-134.
- VivA. 2020. Korpusportaal. <http://korpus.viva-afrikaans.org/whitelab/search/simple> [13 April 2021].
- Zwart, J. 2017. A note on the periphrastic past in Afrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 48:1-8.

## Idiomatiese Afrikaans en skryfwyses

Baie jare gelede het prof. SPE Boshoff die unieke aard, die unieke “klank”, die idioom van verskillende tale geïllustreer deur dit te vergelyk met verskillende radio-omroepers se stemme: Sonder dat ’n mens die omroeper kan sien en sonder dat die omroeper se naam genoem word, kan jy meestal die omroeper identifiseer bloot op grond van hoe sy of haar stem klink. Dit geld dikwels ook sangers of akteurs wat bloot op grond van die unieke kwaliteit van hulle stemme geëien kan word.

Sulke unieke eienskappe onderskei tale ook van mekaar. ’n Engelssprekende bruid of bruidegom kan byvoorbeeld, op die vraag van die huweliksbevestiger, bevestigend antwoord “I do”, maar as ’n Afrikaanssprekende bruid(egom) dan sou antwoord “Ek doen”, sal dit beslis ’n vals noot wees. Net so kan ’n mens vir ’n werktuigkundige in verband met jou motor sê “Hy wil nie vat nie”, maar as jy in Engels sou sê “He doesn’t want to take”, gaan die verwarring groot wees. Jy sou iets moet sê soos “It won’t start”.

Hierdie unieke stem van Afrikaans, die idioom van Afrikaans, het oor baie dekades ontwikkel en enige verandering daarin sal ook net met verloop van tyd intree. Dit lê nie op die weg van ’n individu of selfs ’n organisasie om so ’n idiomatiese saak eensydig of doelbewus te probeer verander nie.

Met bostaande in gedagte maak ek hier onder enkele opmerkings oor taalsake op grond van twee tekste wat ek onlangs onder oë gehad het.

### 1. *Woordgeslag?*

Sommige tale, ook van ons Europese stamtale soos Nederlands en Duits, het ’n stelsel van woorde met sogenaamde woordgeslag, wat onder meer beteken dat verskillende bepaalde lidwoorde en voornaamwoorde saam met die selfstandige naamwoorde van die betrokke “geslag” gebruik moet word. Enigiemand wat al met byvoorbeeld Duits te doen gehad het, sal weet van *der*, *die* en *das*. Ook Nederlands het sulke manlike, vroulike en onsydige woorde, maar Afrikaans het genadiglik die komplikasie van woordgeslag afgeskud.

In die volgende twee Nederlandse sinne is *academie* en *regering* vroulik en daarom word ’n vroulike voornaamwoord daarmee saam gebruik:

Na de herleving der letteren had bijna elke stad in Italië **hare academie**.

De **regering** heeft **haar** besluit herzien, nadat zij hernieuwd advies had ingewonnen.

In *Die Burger* lees ek onlangs die opskrif “Herrie nadat leraar ... na God as ’n vrou verwys” – die betrokke leraar het die voornaamwoord *haar* ten opsigte van God gebruik. Ek is geensins bevoeg om my oor so ’n teologiese saak uit te spreek nie; ek kan bloot sê dat God in die Judeo-Christelike tradisie as ’n **persoon** voorgestel word en dat ’n **persoon**, hier op die ondermaanse in elk geval, manlik of vroulik kan wees. Indien iemand God dus as vroulik wil beskou, sal die voornaamwoordreks *sy*, *haar*, *hare* natuurlik idiomaties korrek wees.

Wat nielewendige dinge betref, staan sake egter anders. Engels gebruik meestal *it* vir ’n enkelvoudsvoorwerp en vir sekere vervoermiddels dikwels *she* (en die gepaardgaande ander vorme). In idiomatiese Standaardafrikaans word meestal *hy* (en die gepaardgaande ander vorme) gebruik; *dit* ook soms, maar heel dikwels word *dit* onidiomaties volgens die patroon van die Engelse *it* gebruik, byvoorbeeld in die koerantsin: “Die ondersoek het ook gewys dat

die skip ... laas op 4 Maart 2019 aangedui het dat *dit* by 'n hawe aangedoen het." Idiomaties sou "... dat *hy* 'n hawe aangedoen het" die natuurlike wees (let, terloops, op dat dit nie "**by** 'n hawe aandoen" is nie, maar slegs "'n hawe aandoen").

Om egter tale en organisasies in Afrikaans skielik vroulik te maak, druis in teen die idioom van Afrikaans. Geslagsgelykheid geld tog seker net mense, want as 'n mens dit op niemenslike sake wil begin toepas, bring jy in werklikheid woordgeslag in Afrikaans terug.

In een van die hier bo bedoelde tekste lees ek van die betrokke organisasie wat "*haar* ernstige kommer" uitspreek en van "*haar* lede". Dit is hoogs onidiomaties. Daarenteen word 'n universiteit in dieselfde teks, in Afrikaans tereg, manlik gehou, al sou dit volgens die Nederlandse stelsel ook vroulik moes wees.

Daarenteen skryf iemand anders elders: "Om te sien hoe historiese geboue op die kampus van die Universiteit van Kaapstad (UK) brand, is 'n skokkende ervaring. Kan die beelde van 'n brandende universiteit op 'n simboliese wyse gelees word? Is dit simbolies van die feit dat die universiteitswese en die idee wat **sy** oor eeue heen verteenwoordig het, besig is om af te brand?" In hierdie laaste sin kan *sy* slegs op *universiteitswese* slaan, en by so 'n abstrakte begrip is *sy* en *hy* ewe vreemd. Ek sou hier sonder twyfel die onpersoonlike *dit* gebruik het.

Dalk is die oogmerk van sulke uitinge 'n ewewigtige gebruik van manlike en vroulike voornaamwoorde, maar so 'n doel kan nie bereik word deur die taal se idioom te verwing nie.

Artikel 6 van die Interpretasiewet 33 van 1957 bepaal dat woorde (in wetgewing) wat die manlike geslag aandui, die vroulike geslag insluit, tensy die teendeel uit die konteks blyk. Daarom is daar voorheen generies slegs die manlike vorme van voornaamwoorde gebruik, argumentshalwe "'n amptenaar mag hom nie skuldig maak aan ...". By die uitleg van 'n wet of wetsvoorskrif sluit dit dus ook vroulike amptenare in.

In die huidige politieke bedeling word daar egter in wetgewing deurgaans voornaamwoorde van albei geslagte gebruik: "*hy* of *sy*", "*sy* of *haar*", "*hom* of *haar*". Geslagsgelykheid word so suksesvoller bereik as om op onidiomatiese wyse as 't ware weer woordgeslag in Afrikaans in te voer deur tale, organisasies en dergelike met vroulike voornaamwoorde te benoem. Ek waag dit om te sê dat as moedertaalsprekers van byvoorbeeld Nederlands soms sukkel met woordgeslag, pogings om dit in Afrikaans in te voer eenvoudig gedoem is; as verskillende skrywers boonop verskillende voornaamwoorde by dieselfde woord gebruik, byvoorbeeld die een maak "Afrikaans" *haar*, die ander *hy* en nog een *dit*, dan is chaos onvermydelik.

Die gebruik van die idiomatiese manlike voornaamwoorde (*hy*, *sy*, *hom*) in Afrikaans vir nielewende dinge moet myns insiens werklik as "ongemerkt t.o.v. geslagsverskil" beskou word, soos prof. Meyer de Villiers dit gestel het.<sup>1</sup>

2. **Desondanks:** In 'n vorige rubriek het ek daarop gewys dat dié woord 'in weerwil *daarvan*, ondanks *dit*' beteken en dat die *daarvan* of *dit* wesenlik belangrik vir die korrekte gebruik van die woord is. Een van die betrokke tekste bevat juis weer so 'n foutiewe gebruik van *desondanks*: "En dít *desondanks* die taalgebruiksprofiel van die universiteit se primêre voedingsgebied ...". Oorgeset synde staan hier nou "En dit ondanks *daarvan* (of: ondanks dit) die taalgebruiksprofiel van die universiteit ...", wat klaarblyklik nie deug nie. Hier moes dit eenvoudig "ondanks" gewees het: "En dit ondanks die taalgebruiksprofiel van ..."

<sup>1</sup> De Villiers, M. 1983. *Afrikaanse grammatika vir volwassenes*. Goodwood: Nasou, p. 78.

3. **Skryfwyse:** ’n Saak wat ook al meermale in hierdie rubriek bespreek is, is die feit dat samestellings in Afrikaans vas geskryf word. Soms is dit skynbaar vir Afrikaansskrywendes moeilik om te bepaal of die eerste deel van die samestelling wel vas geskryf moet word. Tipiese gevalle is *standaard-*, *reus(e)-* en *top-*, wat almal selfstandige naamwoorde is wat die volgende selfstandige naamwoord bepaal. In een van die tekste wat ek gelees het, is “top universiteite” geskryf, terwyl dit “topuniversiteite” moet wees.

’n Verbandhoudende problematiese skryfwyse in die betrokke teks was “in ‘n postpandemie, ontwikkelende land”. Omdat *postpandemie* nie ’n byvoeglike naamwoord is nie, kan hy nie los van *land* staan nie en kan daar ook nie ’n komma daarna wees nie. Al is *postpandemie* ’n sonderlinge woord wat waarskynlik nie as sodanig selfstandig gebruik kan word nie, moet hy in ’n samestelling vas aan *land* geskryf word: *postpandemieland* (wat nie juis ’n deursigtige samestelling is nie). Maar nou kom *ontwikkelende* tussenin, wat beteken ’n sogenaamde afstandskoppelteken (*AWS*, reël 12.24) moet gebruik word: *postpandemie- ontwikkelende land* (let op die spasie ná die koppelteken).

*Pandemie* kan wel afgelei word tot *pandemiese*, en dus is *postpandemiese* seker ook moontlik, maar presies wat sou *postpandemiese land* beteken? Die kombinasie maak egter deel van ’n langer sin uit – “... om hulle plek vol te staan in ’n postpandemie, ontwikkelende land met ’n wankelende ekonomie en gewelddadige samelewing, ...” – wat beteken dat ’n mens by herformulering versigtig moet wees. ’n Mens sou dit dalk soos volg kon stel: “... om ná die pandemie hulle plek vol te staan in ’n ontwikkelende land met ’n wankelende ekonomie en ’n gewelddadige samelewing ...”.

4. **Afkappingsteken:** Laastens net weer ’n herinnering dat ’n afkappingsteken óf ’n 9-vormige verhewe komma is, indien ’n mens krulaanhalingstekens (in MS Word “curly quotes”) gebruik, óf ’n regaf strepie (in MS Word “straight quotes”). Kyk in die jongste *AWS* op bladsy 7 net bo reël 2.1. Dit geld beslis ook die onbepaalde lidwoord ’n.

Dit is maklik genoeg om ’n rekenaar te stel om die foutiewe 6-vormige verhewe komma (by krulaanhalingstekens die openingsvorm) in die kombinasie (afkappingsteken + *n*) outomaties te korrigeer tot ’n, of om regaf aanhalingstekens te gebruik, want “ ‘n ’ bly ’n skryffout, soos drie keer in die *postpandemie*-sinne hier bo.

**JD (Tom) McLACHLAN**

E-pos: [tommcl@whalemail.co.za](mailto:tommcl@whalemail.co.za)

# 1 Hennie Pieterse

## WINTERREËN

17 Junie 2020

Gekrimpvarkie in koue erger as ooit  
sien ek swartryp wat opbrengste gevries stroop;  
met winters in die noorde reën dit ongeveer nooit  
wintereën spel dus tog weer nuwe hoop?

## SOMERREËN

24 Jan. – 10 Feb. 2021

Skielik pak wit wolke saam en stort neer asof dit ween,  
weer 'n ouderwetse drie agt dae geelperskereën  
wat sweep klap en die Gariëpdam en die Vaaldam laat stort oor hul walle;  
grond, gras, dier, rivier en ook mense word ryklik geseën.

## KOKERBOOM

*Aloe dichotoma*

In ons barre Suid-Afrika waar die ongenadige son alles braai,  
van Aggeneys deur dorre stof, sand en klippe tot by Alexanderbaai  
staan jy, kokerboom, onwrikbaar, ongestoord stewig in die grond gewortel  
en steeds geelblom jy, hoe swaar ook, soos ons almal, want ons is gehard taai.

## BOSVELDBOOM

(Skuilende klein bobbejaantjie Kira onder 'n boom gered – *Beeld* 31 Julie 2018)

Met my arms om 'n bobbejaantjie gevou  
kon Kira oorleef omdat sy my vertrou  
eeu op eeu na beskerm ek dier en mens  
hoe sal ék in strooptogte my bas kan red?

## KREMETART

*Adansonia digitata*

*In Limpopo staan, volgens plantkundiges, 'n 3000 jaar oue kremetartboom.*

Vir 2000 jaar al sorg jy met goeie vrugte en bas  
vir ons voorouers, en skuil dier en mens styf teen jou stam,  
hongeriges en wanhopiges hoop met vuur en vlam:  
kremetart, staan jou sorg vir ons álmal nog grondig vas?

**SPEKBOOM***Portulacaria afra*

In ons erf langs die straat staan ’n groot spekboom,  
hy asem koolstof in en blaas in ’n stroom  
suurstof uit, wat infiltrer in ons huis, terwyl  
ons nog kan asemhaal is ons vars lug skoon.

**TREURWILGER***Salix*

’n Groot groen wilgerboom staan langs ons plaasdam  
waarvan die slap takke hang asof verlam.  
Waarom sou die immergroen boom altyddeur treur?  
Sy is in haar liefde verlaat en verarm.

**KAREEPOORT**

Noord van Magaliesberg net oos van Mooinooi is die poort  
Kareepoort waar ek in koel karee gelukkig groot word  
langs strome uit die berg wat deur kareebome vloei na ’n oord;  
nou woon daar vreemdes – tog gaan hul bestaan nog deur Kareepoort.

**GRASAALWYN***Aloe minima*

Grasaalwyn, oorlewingswenner vir almal in ons land,  
veldvuur en vertrapping, hoe fel ook, maak jou nie van kant;  
tussen langer veldgras staan jy op die grond nogal klein  
en tog stoot jy jou stingel óp en blom aan die bo kant.

**SMUTSVINGERGRAS***Digitaria eriantha*

Op alle grondsoorte floreer jy, Smutsvingergras,  
selfs oorgeplant in Australië en Amerika;  
hoe jy jou ook al loswikkel, jou wortels bly Afrikaans,  
maar vir ons skrale lewensbrood is jy steeds nommerpas.

**HENNIE PIETERSE**

E-pos: pietehjc@absamail.co.za

NB “Kokerboom”, “Grasaalwyn” en “Smutsvingergras” word gepubliseer met toestemming van *LitNet* www.litnet.co.za

## 2 Pieter Verster en Pieter Lafras Verster

Vir 'n ma en ouma: Frida Cornelia Verster (Gebore: 02-06-1922; Oorlede:16-09-2020)

### PIETÀ

Haar sagte hande hou Hom  
soos die lewe vas.

Sal die liefde ooit so die dood troef?

Nou lê Ma self soos 'n kind,  
in die Here se verwonde palms  
en lééf met Hom.

**Pieter Verster** (22-10-1954)

\* \* \*

### BLOU

Fyn Venesiese glas.  
'n Reukwaterbotteltjie,  
'n leeftyd behoue  
in kristalblou.

Met my kinderdenke  
kon ek deel in die skat van oor die waters:  
van 'n matriarg.

Die aroma het oor die jare vaag geword,  
soos 'n ou vrou se denke.  
'n Herinnering  
wat dalk nie meer bestaan nie.

Met 'n sagte sug  
verenig die skakerings in die hemelse blou;  
die ewige blou.

**Pieter Lafras Verster** (04-03-1993)

### PIETER VERSTER

E-pos: versterp@ufs.ac.za

### PIETER LAFRAS VERSTER

E-pos: versterp93@gmail.com

**Titel:** *The Opportunist. The political life of Oswald Pirow, 1915–1959*  
**Outeur:** FA Mouton  
**Uitgewer:** Protea Boekhuis, Pretoria, 2020.

Mouton is ’n deurwinterde akademikus wat as professor in Geskiedenis by die Universiteit van Suid-Afrika fokus op die doseer van moderne Suid-Afrikaanse geskiedenis met ’n spesifieke liefde vir politieke geskiedenis. As gesoute biograaf het hy reeds studies oor Margaret en William Ballanger, Schalk Pienaar, FS Malan en die leiers van die amptelike parlementêre opposisie in die vorige bedeling die lig laat sien. In sy nuutste projek laat hy sy biografiese lig skyn op Oswald Pirow, ’n figuur wat as ’n historiografiese stiefkind beskou kan word en in die populêre geheue meesal slegs met beelde van die Nuwe Orde (NO) van die veertigerjare van die vorige eeu geassosieer word. Hoewel Pirow ’n staanplek gegun is in volume vyf van die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* bestaan daar benewens hierdie kort biografiese skets deur JJJ Scholtz asook Piet Meiring se biografiese skets in *Tien politieke leiers* en Noel Garson se essay in die *Oxford dictionary of national biography* geen volledige biografie van Pirow nie. Sy betrokkenheid in die Suid-Afrikaanse politiek word dus meesal gevind in biografieë oor ander politieke leiers, soos onder andere sy eie poging tot ’n biografie oor JBM Hertzog of in werke oor die nasionaal-sosialisme. Mouton erken dat hy aanvanklik na sy eerste akademiese kennismaking met Pirow as die Minister van Justisie tydens sy navorsing oor die Durbanse Biersaalonluste van 1929, asook Pirow se latere verbintenisse met die Nuwe Orde, van mening was dat laasgenoemde die historiografiese stilte oor hom verdien. ’n Onlangse navraag deur een van sy kollegas vir biografiese besonderhede oor Pirow het daartoe gelei dat hy hom toenemend as ’n fassinerende en prikkelende persoonlikheid beleef het. Hierdie Damaskus-ervaring oor Pirow het uiteindelik aanleiding gegee tot ’n biografiese studie oor sy politieke lewe. Uit Mouton se waarnemings is dit duidelik dat ’n moontlike verklaring vir die gaping in die historiografie oor Pirow die afwesigheid van ’n argief ryk aan korrespondensie en ander kerndokumentasie vir ’n biografie was. Pirow se doelbewuste pogings om nie ’n papierspoor te laat of sy gedagtes op skrif te stel nie, was grootliks hiervoor verantwoordelik. Die feit dat Mouton ten spyte hiervan deurgedruk het met ’n biografie is miskien ’n aanduiding van die Pirow-charisma en die mate waartoe dit Mouton vir ’n biografiese studie kon “kaap”.

Mouton ontsluit Pirow se politieke loopbaan in 16 kort kronologiese hoofstukke met kernagtige titels wat die essensie van die hoofstukke verwoord. Hoofstuk een, wat die periode 1890–1924 dek, belig sy Duitse herkoms en wortels en hoe hy hom as buitestander as regsgeleerde in sy beroep vestig en respek afdwing met sy talent sonder om juis geliefd te wees onder sy kollegas. Sy vroeë tree in die politieke wêreld word belig en hoe sy groeiende assosiasie en vriendskap met Tielman Roos ’n belangrike gebeurtenis in beide sy sukses in sy beroep en sy politieke lewe word. Sy verkiesing as parlamentslid vir die Nasionale Party (NP) in 1924 laat reeds die eerste opdriftsels van sy politieke styl in sy vaarwater agter – gebelgde, verbitterde opponente met ’n Pirow-appeltjie te skil.

Hoofstuk twee fokus op Pirow se periode as agterbanker in die parlement vanaf 1924 tot sy aanstelling as Minister van Justisie na die 1929-verkiesing. Hoewel Pirow sy periode as agterbanker aanvanklik met ’n knal begin wat tot voorspellings van ’n rooskleurige politieke loopbaan vir hom gelei het, het Pirow met sy rustelose aard die rol van agterbanker spoedig vervelig gevind met die gevolg dat hy meer aandag aan sy regspraktyk as sy kiesafdeling

geskenk het. Sy assosiasie met Roos as sy mentor het hom in sake soos die Vlagkwessie in botsing gebring met DF Malan en sy ondersteuningsbasis in die *Burger*, wat hom vorentoe suur sou bekom. Pirow se opportunistiese kom onder die loep met sy glyjakkals-standpunt oor republikaanse en sy versaking van Roos en omarming van Hertzog as nuwe dinamiese vir sy politieke ambisies.

In die derde hoofstuk vorm die depressie, koalisie en samesmelting en Pirow se hantering van sy ministeriële verantwoordelikhede die agtergrond van pogings om sy groeiende reputasie uit te bou en te bevorder. In die proses is hy by geleentheid as die grootste Suid-Afrikaner van sy generasie bestempel. Sy kragdadige toepassing van wet en orde veral teen swart weerstand, sy pogings tot liberalisering van drankverkope en sy benadering tot die depressie en die politieke herskikking in die vorm van koalisie het hom by geleentheid die argwaan van beide liberale en konserwatiewe rolspelers op die hals gehaal. In die geleedere van sy eie party sou sy vervreemding van persone soos JG Strijdom, NJ van der Merwe en selfs sy suster Sylvia Moerdyk (voorsitter van die NP in Transvaal) die grootste invloed op sy toekomstige politieke ambisies hê. Sy rol as teenvoeter vir Roos, sy voormalige mentor, se politieke ambisies in hierdie periode sou veral argwaan wek. Vir Pirow self sou die periode egter op 'n hoogtepunt eindig met sy aanstelling as Minister van Spoorweë en Hawens asook Verdediging in Hertzog se koalisiëkabinet.

In die periode van koalisie tot samesmelting het Hertzog toenemend op Pirow gesteun om sy beleid te implementeer veral met die deurvoer van die Statuswette om Suid-Afrika se konstitusionele onafhanklikheid van Brittanje te bevestig. Te midde hiervan het Pirow aan die werk gesprong om as Minister van Spoorweë en Hawens Suid-Afrika se vervoerstelsels te moderniseer en as Minister van Verdediging die Unieverdedigingsmag te vernuwe en uit te bou. Hoewel dit nie sonder kritiek geskied het nie, het die sukses wat hy behaal het saam met sy eie pogings om sy beeld onder veral voormalige LV's van die Suid-Afrikaanse Party te poets, hom sterk na vore laat tree as 'n potensiële opvolger vir Hertzog as eerste minister. In die proses het hy sy veelkantige persoonlikheid geplooi om sy gehoor te pas en sy politieke ambisies te verwerklik.

In die vaarwater van samesmelting het die kwessie van die Unie se posisie in 'n moontlike Europese stryd waarby Brittanje betrokke kon raak debatte oorheers te midde van Pirow se pogings om die Unieverdedigingsmag se wapentuig te vernuwe met aankope vanuit Brittanje. Sy pogings het onder andere 'n besoek aan Brittanje in 1936 ingesluit. Sy kroonprinsstatus as Hertzog se opvolger is hierdeur versterk in veral Britse kringe. In NP-geleedere het Pirow se optrede binne en buite die parlement hom egter toenemend die gramskap van die party en sy leiers op die hals gehaal.

In hoofstuk ses word Pirow as 'n "gladiator" getipeer. Terwyl hy byna obsessief poog om die Unieverdedigingsmag te moderniseer, veg hy ook in die 1938-verkiesing. Hoewel op die toppunt van sy gewildheid in die Verenigde Party (VP) moet hy hom aan verskeie kante verdedig: teen beskuldigings van die Dominion Party dat hy te veel simpatie sou hê vir die republikeinse gesindes en te pro-Duits is en vanuit NP-geleedere dat hy 'n Britse imperialist is, die vyand van Afrikaners in die SA Spoorweë en Hawens is, nie gemengde huwelike wil veroordeel nie en die ou refrain dat hy nie 'n ware Afrikaner is nie. Die genadeloosheid waarmee hy onder sy opponente inklim en hulle deur sy welsprekendheid en uitsonderlike vermoë as debatteerder tot oorgawe dwing, verhoog sy gewildheid in sy eie party, maar vermeerder ook sy geswore vyande.

In die laaste maande van 1938 onderneem Pirow 'n Europese toer onder die voorwendsel om wapenaankope met Brittanje en handel met Duitsland en Italië te bespreek. Die diplomatieke

reis neem egter die vorm van 'n vredesending aan waarin Pirow probeer bemiddel tussen hoofsaaklik Brittanje en Duitsland om die toenemende spanning in Europa te ontloot. Tydens die sending ontmoet hy onder andere vir Franco, Salazar, Leopold III, Chamberlain, Hitler en Mussolini en vorm moontlike oplossings vir die Joodse kwessie en die terughandiging van vroeëre koloniale gebiede aan Duitsland deel van sy pogings om Anglo-Duitse spanning te ontloot. Hoewel hy nie oral ewe welkom was nie en sy besoek in terme van diplomatiek weinig bereik het, het die feit dat hy deurgaans soos 'n staatshoof ontvang is, sy beeld in Suid-Afrika as 'n moontlike toekomstige eerste minister versterk. Hierdie hoofstuk bied interessante perspektiewe op hoe Pirow deur sy gashere ervaar is en Mouton dui behendig aan hoe Pirow weergawes van sy reis aangepas het in veral latere weergawes daarvan om homself in 'n positiewe lig te stel of andersins om byltjies te slyp met sy vyande.

Hoofstuk agt wat die maande in 1939 voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog dek, fokus hoofsaaklik op Pirow se terugvoering oor sy oorsese besoek en sy pogings om die Unieverdedigingsmag se gevegsgeredheid verder uit te bou beide in terme van wapentuig en mannekrag. Hoewel die opposisie die inisiatiewe vir politieke munt probeer uitbuit het, was die algemene persepsie dat Pirow as Minister van Verdediging vir 'n renaissance van die Verdedigingsmag verantwoordelik was in die periode 1933–1939. Sy ingebruikneming van die sogenaamde “bush carts” wat deur osse getrek word en vir die Afrika-terrein ontwikkel is, sou egter later deur sy opponente gebruik word om hom te kasty en hoon. Pirow se verwagting was egter steeds dat Suid-Afrika se neutraliteit in 'n moontlike Europese oorlog aanvanklik gehandhaaf sou word en dat dit ten minste ses maande sou duur nadat vyandelikhede begin het voordat Suid-Afrika 'n besluit sou neem om tot 'n oorlog teen Duitsland toe te tree.

Die fokus van hoofstuk nege is die bekende gebeure oor die breuk in die VP-kabinet oor Hertzog se neutraliteitstandpunt en die parlementêre debat wat dit tot gevolg gehad het, sowel as die daaropvolgende vorming van 'n regering deur Smuts. Pirow is platgeslaan gelaat deur die verwickelinge wat hom oornag van 'n potensiële toekomstige eerste minister tot 'n parlementêre agterbanker gereduseer het en hom gedwing het om na die Balie in Pretoria terug te keer om sy inkomste aan te vul. Die gebeure het ook Pirow se vermoë om sy seile na die wind te span, gedemonstreer toe hy oornag ontpop het in 'n vurige republikein in sy pogings om sy verbrande brûe met sy voormalige NP-kollegas te herstel. Strijdom, Verwoerd, Sauer en Van der Merwe sou egter vyande bly. Pirow as die toenemende leiersfiguur van die Hertzogvolgelingen se rol in die stigting van die Volksparty en die daaropvolgende Herenigde Nasionale Party of Volksparty word ook belig.

Hoofstuk tien handel oor Pirow se terugkeer na 'n parlement met 'n geheel en al herskikte partypolitieke voorkoms. Van sy belangrikste voormalige bondgenote en vriende was nou in Smuts se kabinet, terwyl hy homself in 'n party bevind het met sy belangrikste voormalige politieke vyande. Dit het hom kwesbaar gemaak vir aanvalle uit die regerende party, met min beskerming uit die geledere van sy partygenote. Mouton verhaal in detail hoe Pirow veral deur Smuts se aanvalle op sy tekortkominge as Minister van Verdediging omskep word van 'n gerespekteerde en gevreesde politikus tot 'n voorwerp van bespotting. Pirow se ondersteuning van neutraliteit is as 'n vertrouensbreuk en voorbeeld van sy politieke opportunistiese getipeer en hy is ook geblameer vir die onbevoegde toestand waarin die Unieverdedigingsmag verkeer het met die uitbreek van die oorlog in 1939. In die proses is Pirow se parlementêre status vernietig, is hy van sy selfvertroue gestroop en gereduseer tot 'n randfiguur in die parlement en sy eie HNP-koukus – sy pogings om homself te verdedig ten spyte. Met die lees van dié hoofstuk kon ek myself nie keer om by tye Pirow werklik jammer te kry en te dink aan die uitdrukking dat politiek 'n bloedspoor is nie.

Hoofstuk elf handel oor Pirow se stigting van die Nuwe Orde (NO) as 'n fascistiese en antisemitiese studiegroep binne die HNP, wat 'n oplossing moes bied vir die oënskynlik verbrokkelende liberaal-demokratiese kapitalistiese bedeling onder die aanslag van 'n onstuitbare Nazi Duitsland. Mouton dui oortuigend aan hoe die stigting van die NO 'n verdere voorbeeld was van Pirow se gevestigde taktiek van politieke opportuniste en die span van sy seile na heersende politieke winde. In 'n poging om vir hom 'n magsbasis binne die HNP te vestig, omarm hy die nasionaal-sosialisme en antisemitisme en verweid sy politieke toekoms op 'n militêre oorwinning deur Nazi Duitsland in Europa – 'n scenario wat in 1940 baie waarskynlik voorgekom het. Hierdie hoofstuk dui aan dat terwyl die HNP-leierskap Pirow se nuwe rigting afgekeur het en as gevaar vir die HNP beskou het sy denkrigtings onrusbarend baie ondersteuning van die breër publiek ontvang het.

Die momentum van Pirow en sy NO en die steun wat dit van die Ossewabrandwag (OB) gekry het ná Hans van Rensburg tot OB-leier verkies is, het toenemend deur die loop van 1941 die wind van voor gekry. Hoofstuk twaalf beskryf die proses waardeur eers die Afrikaanse kerke hul afkeur in nasionaal-sosialisme as heidense en volksvreemde ideologie verklaar het, gevolg deur pogings van die HNP om Pirow en sy NO-volgelingen uit leiersposisies in die party te weer. Malan se verwerping van die NO en sy beginsels in Augustus 1941 het Pirow se marginalisering binne die party voltrek.

Hoofstuk dertien behandel die totale inploffing van Pirow se politieke invloed, wêreld en sy NO. Pirow se mislukte pogings om uit die HNP geskors te word, lei tot sy onttrekking van die HNP-koukus. Die OB se distansiëring van enige affiliasie met die NO verswak verder sy posisie. In Januarie 1941 bedank die NO-parlementslede uit die HNP en word hulle parlamentslede sonder enige noemenswaardige grondvlakondersteuning. Pirow se politieke isolasie word verder voltrek met die dood van Hertzog in November 1942. In Europa draai die gety teen begin 1943 teen Duitsland en kondig die NO aan dat hulle nie aan die 1943-verkieëing gaan deelneem nie en bestaan die NO vir alle praktiese doeleindes net in naam.

In die periode 1944–1948 wat in hoofstuk veertien aan die bod kom, skets Mouton Pirow se pogings om sy regspraktyk weer op die been te bring, maar konsentreer veral op sy desperate pogings om verlore politieke aansien te herwin en homself vir 'n politieke terugkeer te posisioneer. Sy toenadering tot die HNP word egter deurlopend deur Malan geïgnoreer. Pirow neem 'n sterk antikommunistiese standpunt in en handhaaf sy anti-Joodse standpunte. Malan se ooreenkoms met Havenga en sy Afrikanerparty om in die 1948-verkieëing saam te span, vernietig egter enige hoop wat Pirow gekoester het op 'n politieke terugkeer. Sy pogings om 'n politieke terugkeer te bewerkstellig, sluit onder andere 'n inisiatief in om met Sir Oswald Mosley van Brittanje gemeenskaplike gronde te vind vir 'n kruistog teen kommunisme. Sy besoek aan Mosley in Brittanje lewer nie die resultate op waarvoor hy gehoop het nie, terwyl dit plaaslik in Suid-Afrika sy teenstanders verdere skietgoed gee om van hom 'n figuur van bespotting te maak. Die HNP se oorwinning in Mei 1948 pluk finaal die politieke mat onder sy voete uit en vernietig enige hoop om onder sy antikommunistiese vaandel 'n terugkeer tot die politiek in 'n VP-beheerde Suid-Afrika te maak.

In hoofstuk vyftien behandel Mouton die periode 1948–1956, wat aangebied word as 'n tydperk waarin Pirow se reputasie ten minste ten dele gerehabiliteer word. Hoewel hy in die openbaar aangedui het dat hy nie belangstel in 'n terugkeer na die politiek nie, het hy heimlik steeds die verwagting gekoester dat hy 'n terugkeer sou kon maak – aanvanklik binne die HNP, maar later as die leier van die konserwatiewe deel van die Suid-Afrikaanse wit Engelssprekende bevolking. Ten spyte van positiewe blootstelling in die Engelse pers, veral na aanleiding van sy voorgestelde Pan-Afrika apartheid-oplossings vir rasseverhouding in

Suid-Afrika, het die verwagtinge nie gerealiseer nie. Teen einde 1956 was dit vir Pirow duidelik dat sy drome om na die openbare lewe terug te keer nie sou realiseer nie. Gedurende hierdie tydperk sonder hy hom toenemend op sy plaas in die Graskop-omgewing af en ontpop in 'n skrywer met die publikasie van verskeie boeke met onder andere die opvattinge en gebruike van swartmense, veral Shangaans, as tema.

Volgens Mouton was al uitweg vir Pirow om steeds voort te gaan om sy reputasie te verdedig en sy plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te verseker. Hoofstuk sestien wat die jare 1957–1959 bestryk, verhaal hierdie pogings. Eerstens sy besluit om 'n biografie oor Hertzog te skryf. Sy pogings om deur die boek sy politieke optredes te regverdig en ook Hertzog in ere te herstel, lewer 'n hagiografie op wat gemengde en meesal negatiewe resensies ontlok en nie juis daartoe bydra om sy reputasie te herstel nie. Dit val ook saam met 'n mediese terugslag in die vorm van 'n beroerte. Hoewel hy ten volle herstel, laat vaar hy sy regspraktyk. Die regering se pogings om die aktiwiteite van die swart bevrydingsbewegings aan bande te lê deur die sogenaamde Hoogverraadsaak bied hom uiteindelik die geleentheid om tot die openbare verhoog terug te keer toe hy aangestel word om die Staat se vervolging van die aangeklaagdes te lei. Dit is terwyl hy met hierdie taak besig was dat hy op 1 Oktober 1959 aan 'n hartaanval sterf. Ten spyte van hierdie laaste pogings om hom as 'n goeie en ware Afrikaner te bewys, bly die Afrikaner establishment afsydig en onvergewensgesind teenoor Pirow. Sy begrafnis is deur geen Afrikaner kulturele of politieke leier bygewoon nie.

Die teks lees maklik en Mouton het daarin geslaag om 'n ingewikkelde en gekompliseerde persoonlikheid genuanseerd aan te bied sonder om self ingewikkeld te skryf. Die goue draad deur die teks is Pirow se gebrek aan beginsels wat manifesteer in 'n opportuniste waarin persone, instellings en sake (“causes”) slegs figureer as pionne om sy eie politieke ambisies te verwesenlik. Die tragiek van Pirow se lewe was dat onder hierdie opportuniste 'n uitsonderlik begaafde en veelsydige mens versluier gelê het. Ten spyte van sy persoonlike voorkeur vir 'n liberale lewensuitkyk het Mouton daarin geslaag om hom van sy eie voorkeure te ontkoppel en Pirow met sy by tye ekstreme politieke opvattinge genuanseerd en met empatie aan die leser voor te hou.

Mouton se biografie van Pirow is geanker in grondige argivale navorsing, gerugsteun deur koerant- en sekondêre bronne soos weerspieël word in sy volledige bibliografie. Weens die gebrek aan uitgebreide persoonlike korrespondensie deur Pirow, die brood en botter van die biograaf, het Mouton wyd nagevors en deur die opdiep van ander argivale bronne die gaping grootliks gevul. Die teks is keurig versorg met 'n volledige indeks en geen ooglopende tekortkominge nie.

Voor die lees van die biografie was Pirow vir my 'n “onbekende” skadufiguur in die 20ste-eeuse blanke politiek wat ek slegs met die sogenaamde Nuwe Orde geassosieer het. Mouton se biografie het dié wanopvatting reggestel waardeur hy hom weereens bewys het as een van Suid-Afrika se voorste biograwe. Leek of akademikus – die publikasie verdien om gelees te word en is 'n waardevolle en welkome toevoeging tot die Suid-Afrikaanse historio-grafie.

**ANTON EHLERS**

Departement Geskiedenis

Universiteit Stellenbosch

April 2021

E-pos: aehl@sun.ac.za

**INTERNASIONALE MEDEWERKER VAN TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE IN NEDERLAND VEREER**

**Paul van Tongeren**, emeritus hoogleraar Wysgerige Etiek aan die Radboud Universiteit Nijmegen en die KU Leuven, is onlangs vereer met die titel *Denker des Vaderlands*. Hierdie eerbewys word tweejaarliks in Nederland toegeken. Daar is geen offisiële taakomskrywing vir die Denker des Vaderlands nie. In 'n onderhoud met die dagblad *Trouw* spreek Van Tongeren sy ambisie vir die komende twee jaar uit: “Ik heb me de laatste twintig jaar ingezet om in mijn werk een brug te slaan tussen de academische filosofie en de publieksfilosofie. Die mogen niet uit elkaar groeien, ze hebben elkaar nodig.”



In dieselfde onderhoud vertel Van Tongeren dat hy as Denker des Vaderlands graag die wonder van betekenis aan die orde wil stel. Dit blyk ook uit die titel van die boek wat by die aanvang van sy termyn verskyn het: *Het wonder van betekenis. Op zoek naar geluk en wijsheid met Paul van Tongeren*, met Marc van Dijk as mede-outeur (Uitgeverij Boom, 160 ble., €15).

Van Tongeren is 'n outoriteit op die gebied van die filosofie van Nietzsche. Hierbenewens is hy 'n kenner van die Aristoteliese deug-etiek. Op basis van hierdie twee spesialismes het hy inmiddels meer as tien filosofiese boeke vir 'n breë publiek geskryf – boeke wat in verskeie tale vertaal is en waarvan sommige vele herdrukke beleef het. Met sy boek *Leven is een kunst* is hy in 2013 bekroon met die Socrates-prys vir die mees oorspronklike en prikkelende filosofieboek van daardie jaar. Dit het onlangs in Engelse vertaling verskyn onder die titel *The Art of Living Well*.

Van Tongeren is sedert die jare negentig 'n gereelde besoeker aan Suid-Afrika, onder meer aan die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch. In 2017 was hy vir drie maande 'n genoot van die Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS). Hy is ook 'n mede-oprigger en meelewende lid van die Nederlands-Afrikaanse Genootskap vir Wysbegeerte. Verskeie artikels van hom is al in Suid-Afrikaanse vaktydskrifte gepubliseer, o.a. in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* waarvan hy tewens 'n internasionale medewerker is.

**MARINUS SCHOEMAN**

E-pos: schoeman.m@mweb.co.za

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelegde manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **ver kieslik 'n elektroniese kopie** aan [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

**Figuur 3:** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

**Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.**

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

**Voorbeelde:**

**Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

**Hoofstuk in 'n boek:** Elphick, R & Malherbe, VC. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

**Internetbron:**

Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

**OF IN AFRIKAANS:**

Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

**Bronverwysings in die teks:**

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

**Bladgeld:** Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

**Kopiereg:** Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

**Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:**

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terugê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

# Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately **10-20 key terms** in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

## Table headings:

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions** of figures:

*Figure 3: Systemic interdependence.*

**Please insert the illustration in the correct position within the text.**

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

## Examples:

**Book:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Article from journal or magazine:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

**Chapter in a book:** Elphick, R & Malherbe, VC. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

## Internet source:

Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

## OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

## References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

**Page fees:** There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

**Copyright:** Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).

## Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.







# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidisiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidisiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.



Sedert Maart 2009 geïndekseer in  
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:  
Engelenburghuis: Gister en vandag